UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Aanbidding, sport en sosiale kohesie: 'n ruimtelik-liturgiese perspektief**

Deur

DALéNE SHONNIE FLYNN

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

Philosophiae Doctor

in die

FAKULTEIT TEOLOGIE

van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Departement:
Praktiese Teologie

Studieleier:
Prof. Cas Wepener

Datum van indiening:
**April 2015**

© University of Pretoria

# INHOUDSOPGAWE

INHOUDSOPGAWE II

VERKLARING VII

ERKENNING VIII

SUMMARY X

KEYWORDS XI

OPSOMMING XII

SLEUTELTERME XIII

HOOFSTUK 1 1

INLEIDING 1

1.1 AGTERGROND 1

1.2 PERSOONLIKE MOTIVERING TOT HIERDIE STUDIE 2

1.3 DOELSTELLING 7

1.4 PROBLEEMSTELLING 10

1.5 VRAAGSTELLING 10

1.6 METODOLOGIE 11

HOOFSTUK 2 18

OMSKRYWING VAN BELANGRIKSTE TERME 18

2.1 AANBIDDING (‘WORSHIP”) 18

2.2 SPORT 20

2.3 SOSIALE KOHESIE 23

2.4 RUIMTELIKHEID 26

2.5 LITURGIE 29

2.6 PERICHORESIS 32



© University of Pretoria

2.7 WÊRELDBESKOUING 35

2.8 SAMEVATTEND 37

HOOFSTUK 3 38

EMPIRIESE WAARNEMING 38

3.1 ST. ANNE'S 40

3.2 LUCAS MORIPE STADION 46

3.3 OOSKERK 53

3.4 LOFTUS VERSFELD 55

3.5 KERK SONDER MURE 63

3.6 SUPERSPORT PARK 68

3.7 CHRISTIAN REVIVAL CHURCH (CRC) 76

3.8 SILVER LAKES GHOLFBAAN 82

3.9. SAMEVATTEND 90

HOOFSTUK 4 91

ONTLEDING VAN DIE EMPIRIESE DATA 91

4.1 ST. ANNE'S 92

4.2 LUCAS MORIPE STADION 93

4.3 OOSKERK 95

4.4 LOFTUS VERSFELD 95

4.5 KERK SONDER MURE 97

4.6 SUPERSPORT PARK 98

4.7 CHRISTIAN REVIVAL CHURCH (CRC) 100

4.8 SILVER LAKES GHOLFBAAN 102

4.9 SIGBARE OOREENKOMSTE EN VERSKILLE TUSSEN DIE RUIMTES BINNE DIESELFDE GEOGRAFIESE OMGEWING 105

4.10 SAMEVATTEND 115



© University of Pretoria

HOOFSTUK 5 116

DATA INTERPRETASIE/DIEPER KYK 116

5.1 RUIMTELIKHEID 118

5.2 LIGGAAMLIKHEID (“EMBODIMENT”) 124

5.3 KULTUUR, RITUELE EN TRADISIES 127

5.3.1 Kultuur ....... 127

5.3.2 Rituele ....... 129

5.3.3 Tradisie....... 146

5.4 WÊRELDBESKOUING 150

5.4.1 Konsep van tyd....... 152

5.4.2 Konsep van plek ....... 154

5.5 SAMEVATTEND 163

HOOFSTUK 6 165

TEOLOGIESE REFLEKSIE 165

6.1 RUIMTELIKHEID 165

6.2 LIGGAAMLIKHEID (“EMBODIMENT”) 174

6.3 KULTUUR, RITUELE EN TRADISIES 180

6.3.1 Kultuur ....... 180

6.3.2 Rituele ....... 190

6.3.3 Tradisies ....... 204

6.4 GODSDIENSBESKOUING 205

6.4.1 Westerse beskouing van godsdiens ....... 205

6.4.2 Afrika beskouing van godsdiens ....... 209

6.5 SAMEVATTEND 214

HOOFSTUK 7 216

SOSIALE KOHESIE 216

7.1 BAROMETER VIR SOSIALE KOHESIE 217



© University of Pretoria

7.2 BEHOORT 220
7.3 RUIMTE VIR MEKAAR/PERICHORESIS 223
7.4 UBUNTU 225
7.5 SAMEHORIGHEID/KOHESIE 230
7.6 SAMEVATTEND 237

HOOFSTUK 8 239

AKSIE/VERBETERDE PRAXIS 239

8.1 MODEL VIR SOSIALE KOHESIE 239
8.2 VERTROUE 241
8.2.1 Omskrywing van die konsep 241
8.2.2 Vertroue binne die agt ruimtes van hierdie studie 243
8.2.3 Voorstel vir verbetering 245
8.3 SAMEWERKING 249
8.3.1 Omskrywing van die konsep 249
8.3.2 Samewerking binne die agt ruimtes van hierdie studie 252
8.3.3 Voorstel vir verbetering 252
8.4 AFFILIASIE 255
8.4.1 Omskrywing van die konsep 255
8.4.2 Affiliasie binne die agt ruimtes van hierdie studie 256
8.4.3 Voorstel vir verbetering 257
8.5 PERSOONLIKE WELSTAND 262
8.5.1 Omskrywing van die konsep 262
8.5.2 Persoonlike welstand binne die agt ruimtes van hierdie studie 264
8.5.3 Voorstel vir verbetering 264
8.6 VEILIGHEID 268
8.6.1 Omskrywing van die konsep 268
8.6.2 Veiligheid binne die agt ruimtes van hierdie studie 270
8.6.3 Voorstel vir verbetering 271



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

8.7 SAMEVATTEND 273

HOOFSTUK 9 276

FINALE RONDTE 276

BIBLIOGRAFIE 283

ADDENDUM 1 304

ADDENDUM 2 315

ADDENDUM 3 316



© University of Pretoria

# VERKLARING

Ek verklaar dat die tesis wat ek hiermee vir die graad PhD aan die Universiteit van Pretoria indien, my eie werk is en nie voorheen deur my vir ‘n graad aan hierdie of ‘n ander tersiêre instelling ingedien is nie.

**DS FLYNN** **APRIL 2015**



© University of Pretoria

# ERKENNING

My opregte dank en waardering aan:

- My man Patrick wat vir my ruimte gemaak het om in 2007 weer terug te gaan Universiteit toe. Dankie vir al die opofferings van toe tot nou. Jy het op elke moontlike manier probeer om die lewe vir my makliker te maak. Dit was 'n steil pad en jy verdien na regte ook 'n rooi jassie... Gelukkig dink die gemeentelede darem dat jy my preke skryf... Dankie vir die besoeke wat jy saam met my onderneem het en al die foto's wat jy geneem het!

- Henry – dankie vir al die koppies koffie wat jy aangedra het en rondryery wat jy vir my gedoen het. Jy is 'n ster!

- Bernardine en Charlene – dankie vir julle ondersteuning en al die kere wat julle maar verlief geneem het as julle "nee" moes hoor vir 'n kuier.

- Mischka – my dierekindjie wat van September 2008 tot 27 Maart 2015 my lewe verryk het en altyd by my voete of op die bank gelê het wanneer ek by my lessenaar gewerk het. Menige nag was een van my boeke jou kopkussing. Jou plekkie is leeg. Hierdie een is vir jou!

- Prof. Cas Wepener – vir 'n beter promotor kan niemand vra nie. Waar jy die tyd kry om 'n ingehandigde stuk werk binne 'n dag of twee terug te stuur weet net jy. Jy is 'n inspirasie tot kreatiwiteit. As ek êrens vasgehak het en nie geweet het waarheen nou nie kon ek maar net 'n gesprek met jou hê en deur met jou te gesels het die kreatiwiteit weer oor my gespoel. Dankie! Dit was 'n ontsettende voorreg om hierdie pad saam met jou te kon stap sedert 2011.

- Dr. Cornelis Verburgh – u ontsettende moeite en noukeurigheid om nou al my derde stuk werk te proeflees. Dit het ure en dae geneem. Op 88 is dit bewonderingswaardig. Dankie vir al die geselsies oor die jare heen en dat u so intens belangstel in my navorsing. U het my ook getrou by my sperdatums gehou. Baie dankie!



© University of Pretoria

- My oom dr. Willem du Plessis wat op 47 sy doktorsgraad behaal het en vir my ’n inspirasie was dat dit wel op ’n gevorderde leeftyd gedoen kan word. Hy is oorlede op 24 Mei 2015 nie lank nadat ek my tesis ingehandig het nie. Ek is so dankbaar dat ek dit met hom kon deel voor sy dood.

- Prof. Johan Buitendag – ek wil sommer net dankie sê. Soms is mens nie eers bewus daarvan dat iets wat jy doen ’n invloed op iemand anders se lewe het nie. Prof. se oorsigartikel in HTS oor *Liturgie as fontein van die lewe* het my belangstelling in ruimtelikheid geprikkel en het my hierdie ruimtelik-liturgiese rigting laat inslaan. Ek is intens dankbaar daarvoor.

- Prof. Kobus Kok – ek het gewag vir een of ander inspirasie om my tesis gepas mee af te sluit en daar lees ek jou belewenis van die Kerk en die Agora. Vir meer gepas kon ek nie vra nie. Dankie dat jy ook onbewustelik deelgeneem het aan my reis.

- Fakulteit Teologie – al die dosente en personeel. Op ’n manier kom my reis by julle nou tot ’n einde. Ek wil graag glo dat dit net tot weersiens is en dat ons nog vorentoe saam kan reis.

- Familie en vriende – vir julle volgehoue aanmoediging, ondersteuning en begrip. Dit word opreg waardeer!

- Zuna Botha – vir jou hulp en geduld met die tegniese versorging!

- Prof. Ferdi Meyer en die hele *Bureau for Food and Agricultural Policy* (BFAP) span – dis ’n groot voorreg om saam met julle te kan werk.

- NG Garsfontein – dankie aan my kollegas vir julle aanmoediging. ’n Besondere woord van dank aan die Kruisvroue Bybelstudie. Elkeen van julle wat so getrou ondersteun, gehelp en geluister het. Julle is vriendinne duisend!

- **Soli Deo gloria!**



© University of Pretoria

# SUMMARY

Grimes (2000:346) writes: “ordinary acts, when extraordinarily practised, break open, transforming human conventions and revealing what is most deeply desirable, most cosmically orienting, and most fully human.” One is not always aware of the influence of rituals on your life and your life on rituals. Rituals are in one way or another part of people’s everyday life. It enables in times when one is uncertain as to how to act or move forward. At times it can even assist to fill the existential void in people’s lives. It is the known in times of uncertainty and it provides a sense of stability and control.

In South Africa there is currently not always the sense of stability and control. The country’s statistics regarding social cohesion do not look good. Social cohesion is the way in which a community creates space for each other in order for individuals to feel that they belong and are recognized in this community as members of the community.

Sport has a great following in South Africa. Nelson Mandela said that sport has the power to inspire, to unite people and to break down racial barriers. Apart from being avid sport fans statistics show that more than 80% of the population are Christians. If the influence of sport and the power of the Gospel can be brought together in some or other way, would it not be possible to create a more effective way to create space for each other in South Africa?

This study aimed at bringing sport and worship together. Eight spaces within the geographical area of Tshwane were empirically investigated. Four of these spaces were sport spaces and four were worship spaces. The city was divided into west, north/center, south and east and in each of these areas a sport space and a worship space were identified and investigated. These spaces were compared and similarities and differences were highlighted. The spaces were investigated in respect of spatiality, embodiment, culture, rituals, tradition, worldview and view of God.

This study attempts to show that the whole of life is “holy” based on Exodus 3:5, where God says to Moses, “Do not come any closer. Take off your sandals, for the place where you are standing is holy ground.” Moses should not take off his shoes because God is



© University of Pretoria

holy, but because the place where he stands is holy. God's holiness includes place. If people's rituals within the worship service are important for us as theologians, then their rituals outside the worship space are also important. This study took this seriously. Knowledge of rituals and what takes place in sport spaces are necessary in order to get to a place where it is possible to say: "I come to you there where you are comfortable and then together we can be church." In such a way space is created for each other.

This investigation culminated in a model of social cohesion with the following components: trust, cooperation, affiliation, personal well-being and safety. Suggestions for improved praxis are done on the basis of this model.

## KEYWORDS

Worship
Sport
Social cohesion
Spatiality
Liturgy
Worldview
Embodiment
Culture
Rituals
Tradition



© University of Pretoria

# OPSOMMING

Grimes (2000:346) sê: "ordinary acts, when extraordinarily practised, break open, transforming human conventions and revealing what is most deeply desirable, most cosmically orienting, and most fully human." Dit is nie altyd op die oppervlak duidelik wat rituele aan die mens doen en wat die mens aan rituele doen nie. Dit is egter wesenlik deel van mense se alledaagse lewe. Dit help om maniere te vind om op te tree wanneer mens nie weet hoe nie en selfs by tye om die eksistensiële vakuum in mense se lewens te vul. Dit is die bekende in tye van onbekendheid en verskaf ŉ gevoel van stabiliteit en beheer.

In Suid-Afrika is daar op die oomblik nie altyd die gevoel van stabiliteit en beheer nie. Die land se statistieke ten opsigte van sosiale kohesie lyk nie goed nie. Sosiale kohesie is die wyse waarop daar binne ŉ gemeenskap ruimte gemaak word vir mekaar ten einde individue te laat voel dat hulle aan hierdie gemeenskap behoort en erken word as lede van die gemeenskap.

Sport geniet groot aanhang in Suid-Afrika. Nelson Mandela het gesê dat sport die mag het om te inspireer, om mense byeen te bring en om rasse grense te oorskry. Buiten dat Suid-Afrikaners ywerige sportliefhebbers is toon statistieke dat meer as 80% van die bevolking Christene is. As die mag van sport en die krag van die Evangelie op een of ander manier by mekaar uitgebring kan word sou daar dan nie op ŉ meer effektiewe manier ruimte gemaak kon word vir mekaar binne Suid-Afrika nie?

Hierdie studie het gepoog om sport en aanbidding bymekaar uit te bring. Agt ruimtes binne die geografiese gebied van Tshwane is empiries ondersoek. Vier van hierdie ruimtes was sport ruimtes en vier was aanbiddingsruimtes. Die stad is verdeel in die vier windrigtings wes, noord/middel, suid en oos. Hier is telkens een sportruimte en een aanbiddingsruimte geïdentifiseer en ondersoek. Hierdie ruimtes is met mekaar vergelyk en ooreenkomste en verskille is uitgewys. Die ruimtes is ondersoek ten opsigte van ruimtelikheid, liggaamlikheid, kultuur, rituele, tradisies, wêreldbeskouing en godsbeskouing.

Hierdie studie poog om uit te wys dat die hele lewe "heilig" is aan die hand van Eksodus 3:5 waar God vir Moses sê: "Moenie nóg nader kom nie. Trek jou skoene uit, want die plek



© University of Pretoria

waarop jy staan, is gewyde grond." Moses moenie sy skoene uittrek omdat God heilig is nie maar wel omdat die plek waarop hy staan heilig is. God se heiligheid sluit nie plek uit nie maar juis in. As mense se rituele binne die erediens vir ons as teoloë belangrik is, is hulle rituele buite die erediens ook belangrik. Binne hierdie studie word dit ernstig opgeneem. Kennis van die rituele en van dit wat gebeur binne sport ruimtes is nodig ten einde by 'n plek te kom waar daar gesê kan word: "Ek kom na jou toe dáár waar jy gemaklik is en dan kan ons saam kerkwees." Só word daar ruimte geskep vir mekaar.

Hierdie ondersoek het gekulmineer in 'n model vir sosiale kohesie met die volgende komponente: vertroue, samewerking, affiliasie, persoonlike welstand en veiligheid. Voorstelle vir verbeterde praxis is aan die hand van hierdie model gedoen.

## SLEUTELTERME

Aanbidding
Sport
Sosiale kohesie
Ruimtelikheid
Liturgie
Wêreldbeskouing
Liggaamlikheid
Kultuur
Rituele
Tradisie



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING

## 1.1 AGTERGROND

In ‘n dokument getiteld *Social cohesion and social justice in South Africa* wat deur die Presidensie[1] geskryf is, word sosiale kohesie as ‘n beskrywende term gesien wat verwys na die mate waarin ‘n samelewing koherent, verenig en funksioneel is. Sodanige samelewing verskaf ‘n omgewing waarbinne sy burgers kan floreer.

Dit wil lyk asof ons momente beleef waarin ons in Suid-Afrika gesonde sosiale kohesie handhaaf. Gedurende hierdie momente ry ons die golf maar sodra die golf uitgery is, verval ons weer in minder gesonde sosiale kohesie. Volgens my[2] waarneming verskaf sport dikwels aan ons hierdie momente. Ek dink hier veral aan die Rugby Wêreldbeker van 1995 en 2007, die FIFA Sokker Wêreldbeker van 2010 en die Olimpiese Spele in 2012.

Ek wil hier graag aansluit by die Trinitariese leerstelling van *perichoresis*. Dit gaan oor “ruimte maak vir...”. *Peri* – “around”/rondom en *chora* – plek of *chorein* – plek maak, weg gee. Mens sou dit ook kon vertaal met “going around and beyond one’s place”. Sosiale kohesie sou dus kon gaan oor hoe daar ruimte gemaak word vir mekaar.

As daar na die statistieke in Suid-Afrika gekyk word ten opsigte van sosiale kohesie (sien hoofstuk 7) toon dit dat daar nie op hierdie tydstip in Suid-Afrika se geskiedenis geslaag word om ruimte vir mekaar te maak nie. Twee dinge wat vir die deursnee Suid-Afrikaner baie belangrik is, is godsdiens (meer as 80% van alle Suid-Afrikaners

---

[1] The Presidency. n.d. *Social cohesion and social justice in South Africa*, viewed 16 May 2013 from http://www.thepresidency.gov.za/docs/pcsa/social/social/part1.pdf.

[2] Hier word binne ‘n kwalitatiewe paradigma gewerk. Ek is bewus van die spanning tussen afstand en betrokkenheid. Ek kies egter om nie in onpersoonlike terme te skryf nie aangesien ek betrokke is by die navorsing wat hier aangebied word.



© University of Pretoria

beskou hulself as Christene[3]) en sport. Groter resiprositeit tussen die liturgie van Sondag en die 'liturgie' van Saterdag kan mekaar wedersyds sinvol verryk ten einde die kwaliteit van die aksies wat plaasvind in beide plekke te verbeter. Beide die Christelike liturgie en sportbyeenkomste kan sosiale kohesie in Suid-Afrika dien of teëwerk afhangende van die kwaliteit van die handelinge wat in die onderskeie ruimtes plaasvind. Hierdie studie wil die ideaal van die bevordering van sosiale kohesie dien aan die hand van 'n ruimtelik-liturgiese studie.

In 'n vorige studie[4] het ek gewys hoe liturgiese momente gedurende die Sokker Wêreldbeker in 2010 ons liturgiese momente tydens die erediens kan verryk. In hierdie studie wil ek graag meer spesifiek kyk na liturgiese momente binne spesifieke liturgiese ruimtes. Dit sal onder meer deur middel van empiriese waarneming gedoen word. Deur die bepaalde dinamika van vier liturgiese ruimtes binne sport in verband te bring met die dinamika binne vier kerklike liturgiese ruimtes, binne dieselfde geografiese gebied, wil gepoog word om 'n model te konstrueer wat kan meehelp met die bevordering van sosiale kohesie in Suid-Afrika (of dan minder optimisties, ten minste in Tshwane).

## 1.2 PERSOONLIKE MOTIVERING TOT HIERDIE STUDIE

Dit is nodig dat ek hier reg aan die begin van hierdie tesis iets deel van my persoonlike reis met hierdie tema ten einde dit in perspektief te plaas. Die rede hiervoor is om hierdie navorsingsproses so deursigtig as moontlik te maak. In die woorde van Barnard et al. (2009:44) "the researcher inevitably participates in the investigated liturgical ritual and cannot take an external stand." Hulle beveel aan dat die navorser sy/haar ontologiese posisie so duidelik as moontlik stel. Vandaar die rede vir hierdie uitgebreide motivering.

---

[3] http://www.gcis.gov.za/sites/default/files/docs/resourcecentre/pocketguide/004_saspeople.pdf en volgens 'n resente artikel in *Mail & Gaurdian* het die sogenaamde "General Household Survey" van 2013 aangetoon dat 85.6% van Suid-Afrikaners met die Christelike geloof geaffilieër is (Mataboge 2014:3).

[4] Flynn, D.S., 2011, ''n Verkennend-beskrywende prakties-teologiese ondersoek na die waarde van "liturgiese" momente binne sport gemik op liturgiese inkulturasie', MDiv skripsie, Dept. Van Praktiese Teologie, Universiteit van Pretoria.



© University of Pretoria

Ek het groot geword met sport orals rondom my. Rugby, tennis en krieket is veral getrou gevolg. Op skool in die platteland het sport presteerders baie meer aandag gekry as akademiese presteerders. Ek het van kleins af 'n droom gehad om (toe was dit nog) Noord-Transvaal kleure vir een of ander sportsoort te behaal en ek kon kwyl as ek na Springbok kleure gekyk het. Ek het aan alle sportsoorte beskikbaar in ons plattelandse omgewing deelgeneem. Ek het elke moontlike span gehaal maar buiten 1ste span netbal het ek nie enige hoogtes bereik nie. Ek het erekleure vir alles behalwe sport gekry – akademie; kultuur; Voortrekkers; redenaarskompetisies, noem maar op. Sport kleure het my net eenvoudig ontwyk.

Op Universiteit het ek nie aan sport deelgeneem nie en nadat ek begin werk het ook nie. Ek het egter 'n fanatiese sport ondersteuner gebly, veral rugby, krieket en tennis. My droom het versluier geraak maar diep binne êrens het dit tog sluimerend gebly. In 2004 het ek vir die eerste keer gehoor van die Midmar myl. Dit het my gefassineer en ek het begin oefen daarvoor. In 2005 het ek my eerste Midmar myl geswem. Dit was heerlik! Ek was fiks en het al hoe meer begin oefen. Hardloop en fietsry het begin bykom. Op 'n dag het ek 'n advertensie in die gimnasium raakgesien. Hulle het 'n mini *triathlon* geadverteer. Dit was 600m swem, 20km fietsry en 5km hardloop. Dit het vir my verskriklik lekker geklink en ek het meer uitgevind hieroor. Ek het ingeskryf, 'n fiets by 'n vriendin geleen en so my eerste mini *triathlon* gedoen. Parallel aan my reis met sport is daar ook my reis met God en met Teologie en dit sal namate my verhaal ontvou beter uit die verf kom.

In 2007 het ek by Tukkies ingeskryf vir BTh. Ek moet bysê dat dit op 'n gevorderde stadion in my lewe gebeur het dat ek weer gaan studeer het. Dit gebeur toe so dat ek te hore gekom het van 'n Tuks *triathlon* oefenkamp in Januarie 2007. Ek en my man het dit gaan bywoon en ontsettend baie geniet. Hulle het my genooi om in Februarie 2007 aan die Gauteng Noord *triathlon* proewe deel te neem. 'n Standaard *triathlon* bestaan uit 1.5km swem, 40km fietsry en 10km hardloop. By hierdie proewe was ek in die top 3 van my ouderdomsgroep en het ek Gauteng Noord kleure gekry. My droom is uiteindelik bewaarheid.



© University of Pretoria

Ek het in Maart 2007 by Langebaan aan die Suid-Afrikaanse *Triathlon* gaan deelneem. Daar het ek 3de gekom maar my tyd was ongelukkig nie goed genoeg om die Suid-Afrikaanse span te haal nie. Ek het egter ook aan die SA *Aquathlon* (2.5km hardloop, 1km swem en dan weer 2.5km hardloop) deelgeneem. Hier het ek ook 'n 3de plek behaal én my tyd was goed genoeg om die Suid-Afrikaanse span te haal. Ek het in Mexico aan die Wêreld *Aquathlon* kompetisie gaan deelneem in Mei daardie jaar en het daar 'n 2de plek (silwer medalje) behaal. Wat 'n ongelooflike ervaring.

Ek was bevoorreg genoeg om in 2008 Suid-Afrika kleure vir *Duathlon* (hardloop en fietsry) te verwerf en in 2009 Suid-Afrika kleure vir *Triathlon*. Ek het ook aan verdere Wêreldspele deelgeneem. Ek het by Tukkies erekleure vir sport verwerf. So het my sport drome in vervulling gekom.

Hoekom vertel ek dit alles? Ek hoop dit kan die prentjie skets van die groot impak en invloed wat sport in ons land het. Ek self het presteer op verskillende gebiede maar dit het nie vir my veel beteken nie. **Sport** is myns insiens die “ultimate” gebied waarop mens kan presteer. Dit behoort waarskynlik nie so te wees nie maar dit is die realiteit en daarom kan ons dit nie maar net ignoreer nie.

Mense gaan moontlik so in sport op as toeskouers (soos wat ons wel in ons land aantref) omdat hulle dalk ook heimlik wou presteer op sport gebied. Dit is net 'n teorie maar daar mag dalk iets in steek. Groepsidentiteit binne sport is ook baie belangrik. Al neem mens as 'n individu deel is jy tog bewus van jou rol as deel van 'n span. Mens ervaar dit veral wanneer jy deel is van die Suid-Afrikaanse span. Wanneer jy oefen met die wete dat jy jou land moet verteenwoordig, beïnvloed dit jou. Jy gee iets ekstra. Jy ervaar iets van 'n verantwoordelikheidsin. Wanneer jy in die buiteland namens Suid-Afrika deelneem voel jy die druk, jy voel jou land se eer is op die spel en op 'n manier is die land van jou afhanklik. Dis moeilik om dit te beskryf. Op jou klere waarmee jy deelneem word jou van en jou land se naam aangebring. Jou spanmaats moedig jou aan op jou van maar die toeskouers sal iets skreeu soos: “*Go South Africa, go*!” Dit laat iets binne jou gebeur. Jy gee méér as waartoe jy in staat is.



© University of Pretoria

Dit is onbeskryflik. Ek dink nie 'n mens moet groepsidentiteit onderskat nie. Ek dink dit is 'n skat waarmee die kerk nie regtig werk en mee rekening hou nie.

Wanneer 'n mens op provinsiale of nasionale vlak deelneem spandeer jy uit die aard van die saak baie tyd daaraan om te oefen. Wat ek verder graag wil deel omdat ek dink dit relevant vir hierdie studie is, is die wyse waarop ek tydens my oefen en deelname ook die spirituele ervaar. Ek beleef groter afhanklikheid van God wanneer ek 1.5 km in 'n dam swem as op enige ander plek. Dit is 'n angswekkende ervaring wat ek nie graag alleen wil beleef nie. Wanneer ek daar uitklim en op my fiets klim om die 40km aan te durf, uiter ek 'n dankgebed en bid ek vir beskerming vir die kilometers wat voorlê. Wanneer ek teen 60+ km/h teen 'n afdraande afjaag wéét ek dat sonder Sy hand oor my ek nie kans sien vir hierdie risiko nie. Terwyl ek so alleen ry kan ek in gesprek wees met Hom. Dankie sê vir die natuur wat ek raaksien, vra vir beskerming vir my mede-atlete, bid vir krag wanneer dit moeiliker en moeiliker raak. Wanneer ek ongedeerd van my fiets af klim, uiter ek weereens 'n dankgebed. Dan moet jou moeë lyf nog 10km hardloop en weet ek dat dit net Sy genade is wat my kan help om te volhard. Dit is telkens 'n worstelstryd en vele tekste maal gewoonlik deur my kop. Opgee is 'n opsie wat wel van tyd tot tyd sy kop uitsteek maar ek kies doelbewus om vas te klou aan een of ander “volhardingsgedagte”. Dan aan die einde wanneer ek die soete oorwinning oor myself smaak bring ek 'n lofoffer, gevul met soveel onbeskryflike dankbaarheid.

Ek ervaar God in en deur my sport deelname. Ek doen ook meer voorbidding vir my gemeenskap wanneer ek in die buurt rondhardloop as wat ek ooit in my binnekamer doen. Sport is goed vir my geestelike lewe. So is daar waarskynlik vele van ons gemeentelede wat positief kan getuig oor die invloed van sport in hul lewe.

In ons land speel sport ook 'n rol om gemoedere te probeer kalmeer wanneer dinge lyk of dit wil hand uitruk. President Mandela het die waarde van sport besef en dit ook gebruik tydens die 1995 Rugby Wêreldbeker. Daar is selfs 'n boek[5] hieroor geskryf en

---

[5] Carlin, J., 2008, *Invictus: Playing the enemy: Nelson Mandela and the game that made a nation*, The Penguin Press, New York.



© University of Pretoria

ŉ film[6] vervaardig. Na ŉ gebeurtenisvolle *State of the Nation* toespraak van President Zuma op 12 Februarie 2015 kies Radio Sonder Grense (RSG)[7] die volgende oggend om tydens hulle *Praat saam* program oor sport en die saambindende faktor daarvan te praat eerder as oor die vorige aand se toespraak. Daar was natuurlik luisteraars wat baie ontsteld was hieroor maar die oorgrote meerderheid het dit waardeer en het hoop gevind in die feit dat sport tog nog aan ons die moontlikheid bied om hande te vat en vorentoe te beweeg ten spyte van die politiek wat nie altyd hoop bied nie. Dit is ook uitgelig as van die ligter en hoopvolle punte binne die president se toespraak dat hy van ons goeie sportlui vereer het.

Sport doen iets vir ons land se psige. Ek het reeds in twee vorige studies, ŉ MDiv skripsie[8] en ŉ MTh verhandeling[9] aspekte hiervan aangeraak. In hierdie studie wil ek dit graag verder neem en uitwys hoe ons dit wat sport aan ons psige doen kan gebruik en in verband bring met ons spiritualiteit en meer daarvan kan maak. Natuurlik spreek sport nie almal aan nie maar die fokus is hier op dié vir wie dit wel doen. My positiewe siening ten opsigte van sport sal natuurlik my navorsing beïnvloed en my positiewe dinge laat raaksien wat ŉ persoon wat deur ŉ minder rooskleurige bril na sport kyk, nie sal raaksien nie. As empiriese navorser benader ek hierdie studie bewus van my eie vooroordele. Dit is ook so dat my standpunt ten opsigte van sport en spiritualiteit my kan beïnvloed. Ek kan myself nie totaal hiervan distansieer nie maar is bewus hiervan en poog om ten spyte van dit so objektief as moontlik te wees. Wanneer mens ŉ bepaalde ruimte betree raak jy bewus van jou vooroordele. In jou interaksie met dit wat binne die ruimte gebeur vind daar tog binne jouself ŉ hermeneutiese verstaan plaas wat na my mening ŉ positiewe bydrae tot die praxis kan lewer.

[6] Invictus
[7] Radio sonder Grense is ‘n Suid-Afrikaanse radiostasie met ‘n luisteraarsgetal van 1.951 miljoen (volgens die jongste statistiek van Desember 2014)
[8] Flynn, D.S., 2011, ‘‘n Verkennend-beskrywende prakties-teologiese ondersoek na die waarde van “liturgiese” momente binne sport gemik op liturgiese inkulturasie’, MDiv skripsie, Dept. Van Praktiese Teologie, Universiteit van Pretoria.
[9] Flynn, D.S., 2012, ‘Liturgiese kategese deur sport ontwikkelingsprogramme: ŉ prakties-teologiese evaluering’, MTh verhandeling, Dept. Van Praktiese Teologie, Universiteit van Pretoria.



© University of Pretoria

Ek is bewus daarvan dat beide sport en aanbidding ook negatief ervaar kan word binne die Suid-Afrikaanse samelewing. Waar dit die geval is sal dit in hierdie studie uitgewys word.

## 1.3 DOELSTELLING

Ek besoek elke week een of meer aanbiddingsruimtes en so gereeld as moontlik verskillende sportruimtes. Ek is dus bekend met beide hierdie ruimtes. Wat gebeur egter wanneer mens ruimtelik-liturgies met hierdie ruimtes omgaan? Hoe beïnvloed liturgie en ruimte mekaar? Wat doen dit aan diegene wat hierdie ruimtes besoek? Wat sou ŉ mens kon waarneem as jy spesifiek binne een van hierdie ruimtes gaan sit en so onbetrokke as moontlik net alles neerskryf wat jy waarneem. Hoe word daar binne elkeen van hierdie ruimtes ruimte gemaak vir die buitestaander, die vreemdeling?

Die data vir hierdie studie is versamel deur deelnemende waarneming (cf. Wepener 2009:23-32) en ook doelbewustelik op ŉ refleksief-etnografiese wyse.[10] Dit was vir my belangrik om sover moontlik nie vooraf kennis te gee op watter dag ek die bepaalde ruimte sou besoek nie[11]. Ek wou graag sien hoe mense binne elke ruimte natuurlik met andere omgaan. Juis om reaktiwiteit (cf. Mouton 1990:78) teë te werk is daar bewustelik gekies teen die voer van gestruktureerde onderhoude. Informele gesprekke met mede *aanbidders* het by elkeen van hierdie ruimtes plaasgevind[12] en dit is by hierdie studie ingewerk. Informele gesprekke is ŉ aanvaarde praktyk binne etnografie (cf. Fetterman 2010:40). Verder is daar gereeld en deurlopend in gesprek getree met eweknieë (*peers*) en die data is met hulle te bespreek en hulle menings en sienings te verkry. Ek het ook by verskeie werkswinkels van die *Worship in Africa Research Group* my data aangebied en bespreek. Waardevolle insette is gelewer

[10] Daar word deurgans ook verwys na die eie belewenisse van die navorser tydens die doen van die veldwerk en dokumentasie van die data.
[11] Dit was moontlik by ses van die agt ruimtes. By St.Anne's en by Silver Lakes Gholfbaan moes ek vooraf reëlings tref (sien hoofstuk 3).
[12] Vir ŉ lys van persone met wie daar gesels is sien hoofstuk 3.



© University of Pretoria

wat in hierdie studie ingewerk is. Die bevindings wat vanuit die data gemaak is geverifieer met bestaande teorieë vanuit die literatuur[13].

Die waargeneemde en gedokumenteerde data is deur middel van 'n algemene induktiewe benadering ondersoek ten einde bepaalde temas en kategorieë te identifiseer. Dieselfde beginsels wat by induktiewe kodering geld is hier gebruik[14].

In die lig van my bekendheid met hierdie ruimtes sou ek 'n diachroniese snit kon maak en 'n historiese studie oor aanbiddingsruimtes en sportruimtes in die algemeen kon gedoen het. Dit kan van waarde wees in toekomstige navorsing aangesien die finale woord hieroor nog nie gespreek is nie. Vir hierdie studie is daar egter baie spesifiek gekies vir 'n sinchroniese snit binne 'n bepaalde tydperk in Suid-Afrika se geskiedenis en binne 'n bepaalde geografiese gebied. Die sinchroniese sisteem van simboliese handelinge binne elke ruimte is gedokumenteer en hierdie data is met mekaar vergelyk (cf. Grimes 2010a:loc.1256).

Binne die ruimtelike teorie word daar gepraat van fisiese ruimtes ("perceived space") en verbeelde ruimtes ("conceived space"). Cilliers (2008:2-4) onderskei tussen vier ruimtes:

- Fisiese plekke
- Verbeelde ruimte (konsepte en idees)
- Geleefde of eksistensiële ruimte
- Spirituele ruimte

'n Empiriese studie is binne vier geografiese areas gedoen. Binne hierdie vier areas is agt fisiese ruimtes gekies. Ek stel hierdie ruimtes graag as volg voor:

---

[13] Sien hoofstukke 5, 6 en 8.
[14] Sien punt 1.6 Metodologie



© University of Pretoria

**Tabel 1: Die agt fisiese ruimtes van hierdie studie**

| | Hoog liturgies | Hoofstroom | Middeweg | Charismaties |
|---|---|---|---|---|
| **Geografiese omgewing** | Atteridgeville | Arcadia/Hatfield | Centurion | Silver Lakes |
| **Kerk** | St.Anne's Catholic Church | Ooskerk (NG Kerk) | Kerksondermure | CRC Pretoria (Christian Revival Church) |
| **Stadion** | Lucas Moripe Stadion | Loftus Versfeld | Supersport Park | Silver Lakes Gholfbaan |
| **Sport** | Sokker | Rugby | Krieket | Gholf |
| **Span** | Mamelodi Sundowns en Supersport United | Vodacom Bulls (Super 12) en Blue Bulls (Currie Beker) | Nashua Titans | Individue |

Die volgende is telkens binne elke ruimte ondersoek: rituele en simbole; beweging en liggaamlikheid; ruimte maak, formele en informele liturgieë; en liturgiese ruimte.

Hierdie agt ruimtes is soos volg gekies: Ek het Tshwane as my afgebakende geografiese munisipale grens gekies waarbinne hierdie studie gedoen word. Hierna het ek gaan kyk waar is die grootste sport ruimtes binne Tshwane. Dit is Loftus Versfeld (rugby), Lucas Moripe (sokker) en Supersport Park (krieket). Dit is goed verspreid oor die stad – middel, wes en suid. Ek wou graag 'n ruimte in die ooste van Tshwane ook ondersoek. Daar is egter geen groot sport ruimte binne hierdie area nie. Ek het dit goedgedink om ook 'n individuele sport in te sluit en hier het golf uitstekend ingepas. In die ooste van Tshwane is daar 'n ruimte wat dit tot hierdie studie leen en dit is die Silver Lakes Gholfbaan. Vandaar my keuse hiervoor. Die noorde van Tshwane is nie verteenwoordig nie maar daar is geen groot sport ruimte nie en ek volstaan dus by my keuse van hierdie vier ruimtes. Die middel van Tshwane is nie geografies so ver verwyderd van die noorde dat dit hier 'n wesenlike leemte behoort te laat nie. Die vier kerklike ruimtes is voorts gekies in die nabye omgewing van die sport ruimtes en in ooreenstemming met die liturgiese vergelykbaarheid daarvan. Die liturgiese vergelykbaarheid verwys na die kategorieë hoogs liturgies, hoofstroom, middeweg en charismaties.

Hierdie keuse en indeling van die ruimtes en my werkswyse is tydens 'n navorsingsoggend van die Worship in Africa Research Group (WARG) op 16 Julie



© University of Pretoria

2013 voorgehou en getoets aan medestudente en dosente in praktiese teologie, onder andere professors Hennie Pieterse, Yolanda Dreyer, Julian Muller en Cas Wepener.

Van Rensburg & Da Costa (2008:35-36) vergelyk Afrika filosofie met Westerse filosofie. Westerse denke dui op 'n wêreldbeskouing wat gegrond is in 'n individualistiese en objektiewe raamwerk. Die waardesisteem wat dit oplewer is materiële gewin, individualisme en mag. Hierteenoor word die Afrika wêreldbeskouing gekenmerk deur die aanmoediging van solidariteit, gemeenskaplikheid, tradisionalisme en deelname. Die waardesisteem wat dit oplewer is een van *uBuntu*, gemeenskaplikheid, inklusiwiteit en deelname. Bevorder ons aanbidding- en sport ruimtes, ons liturgieë, rituele en simbole die Westerse of die Afrika wêreldbeskouing? Ons wêreldbeskouing speel uit in hoe ons ons ruimtes gebruik en hierdie onderskeie epistemologiese vertrekpunte sal deurgaans in berekening gebring word in hierdie studie. Die impak van sport en liturgie op wêreldbeskouing behoort 'n wesenlike impak te maak op sosiale kohesie in Afrika.

## 1.4 PROBLEEMSTELLING

Wat gebeur binne die liturgiese ruimte[15] van die agt geïdentifiseerde kerke en stadions ten opsigte van geloofsoortuigings, gedrag en behoort? Hoe word daar binne hierdie onderskeie ruimtes ruimte gemaak vir mekaar? My werkshipotese[16] is dat die wyse waarop daar ruimte gemaak word vir mekaar, kan meehelp om 'n model vir sosiale kohesie te konstrueer.

## 1.5 VRAAGSTELLING

Hoe sien die geloofsoortuigings/aanbidding en gedrag daar uit binne die agt gekose

[15] Liturgiese ruimte word nie net bloot as fisiese ruimte verstaan nie maar sluit ook verbeelde ruimte (konsepte en idees), geleefde of eksistensiële (dag tot dag omgewing) ruimte en spirituele ruimte in.
[16] Ek gebruik hierdie werkshipotese as 'n rigtingwyser binne kwalitatiewe navorsing en nie as 'n toetsbare hipotese soos binne kwantitiewe navorsing nie.



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ruimtes? Word daar ruimte gemaak vir mekaar en hoe? Kan die wyse hoe daar teenoor mekaar opgetree word wanneer daar **aanbid** en **sport** beoefen word ons uitbring by 'n nuwe of verbeterde vorm van behoort (**sosiale kohesie**)?

## 1.6 METODOLOGIE

Hierdie studie word binne die Praktiese teologie gedoen. As 'n dissipline begin Praktiese teologie by menslike ervaring en handelinge en poog om teologies oor hierdie ervaring te reflekteer. Pieterse (1998:177) sien Praktiese teologie binne die Suid-Afrikaanse konteks as volg: "it is a critical, contextual theology of a liberational, transformative nature; it is a theological theory of religious communicative actions that is based in a critical hermeneutical framework, works with a theory of action, and is empirically oriented; it has a specific methodology that can gather scientific knowledge of the praxis it is studying".

Die komplekse dinamika van spesifieke situasies word ondersoek ten einde 'n transformerende en insiggewende begrip te ontwikkel van wat aangaan in hierdie situasies. Waarby die Praktiese Teoloog onder andere graag wil uitkom is die vraag: *Is dit wat blyk hier aangaan in hierdie situasie wel wat aangaan*? Situasies word benader met 'n hermeneutiek van suspisie en die besef dat dit moontlik is dat wanneer die sluier weggetrek is, daar dikwels ontdek word dat dit wat ons dink ons doen of wat aangaan, wesenlik verskil van wat ons in werklikheid doen of wat werklik aangaan. Daar wil dus deur middel van kritiese refleksie by getroue praktyke en outentieke menslike belewenisse uitgekom word in die lig van die Skrif en tradisie (Swinton & Mowat 2006:loc.58).

Die subdissipline waarbinne ek werk is Liturgie. Liturgie is die sleutel tot die kerk se identiteit, etos en oriëntasie tot God en die wêreld. Dit bestaan onder meer uit drie benaderings of onderafdelings: liturgiese geskiedenis, liturgiese teologie en rituele studies. My navorsing pas in by rituele studies maar sluit nie die ander twee benaderings ten volle uit nie.



© University of Pretoria

’n Interdissiplinêre benadering is noodsaaklik aangesien geen enkele perspektief hierdie kwessies doeltreffend kan aanspreek nie. Teorieë vanuit verskillende wetenskappe sal soos nodig gebruik word ten einde tot ’n beter verstaan te kom en die kwessies te probeer verduidelik. Ek maak gebruik van kwalitatiewe navorsing omdat die epistemologie wat onderliggend is hieraan ons uitbring by drie tipes kennis wat relevant is vir prakties-teologiese navorsing:

- Kennis van die ander
- Kennis van die fenomeen
- Reflektiewe kennis

Die taak van kwalitatiewe navorsing is om situasies te beskryf op maniere wat ons in staat stel om die wêreld op ’n ander manier te verstaan en deur hierdie verskillende verstaan te kan begin om anders op te tree. Beskrywing, interpretasie en verstaan is dus sleutelterme (Swinton & Mowat 2006:loc. 691-702; 943).

Aangesien ruimtelikheid belangrik is vir hierdie studie werk ek ook met die “trialectics” van ruimtelikheid soos ons dit kry by Lefebvre en Soja (Soja 1996:74). Die eerste ruimte (“first space”) is “perceived space”. Dit is gematerialiseerde, sosiaal geproduseerde ruimte. Die fisiese ruimtes wat in hierdie studie ondersoek is sal hier inpas. Dit gaan hier oor die uitkoms van menslike aktiwiteit, gedrag en ervaring. Die tweede ruimte (“second space”) is die bergplek van epistemologiese krag. Hier gaan dit oor verstandelike ruimtes. Dit wat in hoofstukke 5 en 6 gedoen is pas hier in, met ander woorde die interpretatiewe en normatiewe interpretasie van die data. Dit is die primêre ruimte van utopiese denke en visie, gekonseptualiseerde ruimte. Die derde ruimte (“third space”) verskil van die ander twee maar sluit hulle ook in. Teenstaande/teenoorgestelde ruimtes kan hier geskep word. Dit is die ruimte van waar gepoog kan word om alle ander ruimtes te verstaan en te transformeer. Dit is die ruimte van radikale openheid, van sosiale stryd indien nodig. Werklike en denkbeeldige is hier verweef. Hierdie ruimte is lewendig, dit praat. Dit is vloeibaar en dinamies. Dit is hier waar transformerende aksie plaasvind en waar verbeterde praktyke voorgestel word.



© University of Pretoria

By die onderneming van ŉ navorsingsprojek in die Praktiese teologie is dit noodsaaklik dat die navorsing van ŉ bepaalde metodologiese model gebruik sal maak. Heyns en Pieterse (1990:38) beskryf metodologiese modelle as "modelle van ŉ metode of werkswyse om die verkeer tussen teorie en praxis te vergemaklik en te bevorder". Daar is reeds verskeie modelle ontwikkel om hierdie beweging tussen teorie en praxis te orden. Swinton en Mowat (2006:loc.1807) het 'n model ontwikkel wat gebaseer is op die pastorale siklus[17] en wat baie ooreenstem met Osmer se teoretiese model vir praktiese teologiese interpretasie[18] wat gebaseer is op Gadamer se hermeneutiese benadering tot Praktiese teologie (Pieterse 2011:733). Ek wil 'n hibridiese model gebruik deur hierdie drie modelle te kombineer. Hierdie model sal steeds ŉ hermeneutiese karakter hê.

Sien (waarneming), eerste ruimte → dieper kyk (interpretasie), tweede ruimte → teologiese refleksie (Skrif en tradisie), tweede ruimte → aksie (verbeterde praxis), derde ruimte.

Hier word konsekwent met interpretasie gewerk maar ŉ wye spektrum van kennis vanuit die praktyk word ook ingebou. Formele aandag word aan die praxis gegee deur empiriese ondersoek en dit word hier gedoen by wyse van kwalitatiewe ondersoeke wat die mees gepaste wyse van empiriese ondersoek is binne ŉ hermeneutiese benadering (cf. Pieterse 2011:733-734). Daar is reeds verduidelik dat hier binne die unieke konteks van Suid-Afrika gewerk word. Die empiriese versameling van data binne alledaagse situasies is ŉ belangrike onderbou van hierdie model. Hierdie taak help ons binne Praktiese teologie om 'n bewussyn en 'n raaksien van wat aangaan rondom ons te ontwikkel. Juis hieruit vloei die hermeneutiese proses voort en kan daar begin word om metodes van eksegese op die konteks toe te pas. So word daar beweeg van konteks na interpretasie en terug na konteks (verbeterde praxis).

---

17 Abigail Johnson Alban Institute, 2004, *Reflecting with God. Connecting Faith and Daily Life in Small Groups,* viewed 19 May 2013, from http://md.glasgow.anglican.org/wp-content/uploads/2011/02/Pastoral-Cycle-resources.pdf.

18 Osmer, R.R., 2008, *Practical theology: an introduction*, Wm B. Eerdmans, Grand Rapids, MI.



© University of Pretoria

**Sien**

Dit is wat Swinton & Mowat (2006:loc.1774) *huidige praktyk* noem. Hier word 'n praktyk of situasie geïdentifiseer wat bestudeer behoort te word. Die vraag is *wat blyk pre-reflektief hier aan te gaan*? Osmer noem dit die *deskriptiewe-empiriese taak* en sy vraag is *wat gaan aan?*

Hier wil ek my data wat ek empiries deur deelnemende waarneming en op 'n refleksief-etnografiese wyse, binne die agt verskillende ruimtes versamel het, aanbied. Soos reeds verduidelik is, is die keuse gemaak vir 'n sinchroniese snit en is elke ruimte op 'n spesifieke dag binne 'n tydperk van agt maande besoek. Verskillende aanbiddingsruimtes en verskillende sportruimtes stem grotendeels met mekaar ooreen. Daar is dus vier besoeke aan 'n aanbiddingsruimte en vier besoeke aan 'n sportruimte gebring. Die verwagting was dat verskille na vore sal tree gebaseer op verskillende faktore soos die geografiese gebied waarbinne die ruimte geleë is of die liturgiese kategorie waarbinne dit val. Die deelnemers het sover moontlik nie geweet dat daar 'n waarnemer is nie ten einde te verseker dat hulle gedrag nie beïnvloed word nie (cf. Mouton 1990:78). Breë fokus, beskrywende waarneming is gebruik ten einde 'n holistiese siening te kry van die hele ruimte en al die elemente wat bestudeer is. Hierna is daar sistematies, met behulp van dik/ryk beskrywings weergegee wat ek waargeneem het ten opsigte van die verskillende elemente. Die simboliese handelinge binne elke ruimte is gedokumenteer en met mekaar vergelyk (Grimes 2010:loc.1256). Die waarde van die volledige weergee van die data in hoofstukke drie en vier is dat daar herhaaldelik terug gekeer kan word na die data indien verdere vrae sou opduik (cf. Altheide 1987:74-76). Hierdie data is dan ook beskikbaar vir enige verdere navorsing. Uit gesprekke tydens werkswinkels waar hierdie data aangebied is, het dit telkens duidelik geword dat hierdie data steeds nie uitgeput is nie. Van my eweknieë het ander verbande raakgesien en verdere moontlike ondersoeke uitgewys. Van hierdie voorstelle is by hierdie studie ingewerk maar verdere studie en ondersoeke deur gebruikmaking van hierdie selfde data bly steeds moontlik. Die versamelde data kan dus 'n bydrae lewer tot verdere navorsing.



© University of Pretoria

Ten opsigte van die ontleding van die data is analitiese strategieë soos wat gebruik word in 'n algemene induktiewe benadering gevolg binne 'n hermeneutiese raamwerk (cf. Pieterse 1998:182; Thomas 2006:239-240). Analitiese strategieë of beginsels onderliggend aan 'n algemene induktiewe benadering behels die volgende en is hier so aangewend: die waargeneemde data is herhaaldelik deurgelees ten einde sekere temas en kategorieë te identifiseer. Hierna is die rou data opgesom om van hierdie temas en kategorieë uit te wys. Daar is gepoog om verbande raak te sien tussen die navorsingsdoelwitte (deduktief) en die opsommings (induktief) vanuit die rou data. Die beginsels van kodering is gebruik en die data is hanteer totdat daar sekere hoof temas na vore getree het wat verder ondersoek kon word. Dit is so dat 'n ander navorser dieselfde rou data kan gebruik en temas na vore bring wat nie identies aan myne is nie. Daar mag egter ook temas wees wat sal ooreenstem (cf. Thomas 2006:239-240).

My rou data wat ek in die geografiese gebiede Atteridgeville en Silver Lakes ingesamel het sowel as die opsomming van hierdie data is voorgehou aan medestudente en dosente binne die praktiese teologie by 'n Worship in Africa Research Group (WARG) byeenkoms op 14 Mei 2014. Die dosente wat teenwoordig was, is Dr. Mirella Klomp van Nederland, professors Yolanda Dreyer, Hennie Pieterse en Cas Wepener. Waardevolle insette is gelewer wat in my navorsing ingewerk is. By verskeie ander byeenkomste van WARG het ek my navorsing met medestudente bespreek, onder andere 9 Oktober 2013 waar prof. Marcel Barnard ook teenwoordig was, 22 Oktober 2013 waar prof. Sally Brown insette ten opsigte van my navorsing gegee het, 12 Februarie 2014 en 20 Maart 2015. Die insette en terugvoer wat ek ontvang het, is in my navorsing ingewerk. Revs. Peter Rapetswa[19] en Mzwandile Patrick Nyauza[20] het veral waardevolle bydraes gelewer aangesien hulle goed bekend is met Atteridgeville en sokker.

## Dieper kyk

Swinton en Mowat (2006:loc.1774-1790) noem dit die kulturele/kontekstuele fase.

---

[19] Rev. Rapetswa is verbonde aan die Evangeliese Lutherse Kerk en hy is besig met 'n PhD in Praktiese Teologie
[20] Rev. Nyawuza is verbonde aan die Uniting Presbyterian Church in Southern Africa in Atteridgeville en hy is besig met sy PhD in Praktiese Teologie



© University of Pretoria

Kwalitatiewe navorsingsmetodes word gebruik om die vraag te beantwoord *wat gaan werklik hier aan*? Osmer noem dit die interpretatiewe taak en sy vraag is *hoekom is dit aan die gang*? Ek het hier gebruik gemaak van teorieë vanuit verskillende wetenskappe om te analiseer en te probeer verduidelik hoekom ons die situasies aantref wat in die vorige fase beskryf is. Soos reeds gesê is pas Lefebvre en Soja (Soja 1996:74) se tweede ruimte ("second space") hier in. Dit is die bergplek van epistemologiese krag. Dit gaan hier oor verstandelike ruimtes. Dit is die primêre ruimte van utopiese denke en visie, gekonseptualiseerde ruimte. Hier word beweeg van die konteks na interpretasie om tot verstaan te kom (cf. Pieterse 1998:183).

**Teologiese refleksie**

Swinton en Mowat (2006:loc.1790) noem dit die teologiese fase. Hier is kritiese refleksie gedoen op die praktyke van die kerk in die lig van die Skrif en tradisie. Die vraag hier is *hoe moet ons hierdie situasie verstaan vanuit die perspektief van kritiese getrouheid*? Osmer noem dit die normatiewe taak en sy vraag is *wat behoort aan te gaan*? Ek het hier teologies gereflekteer oor die situasies wat in fase een waargeneem is. Dialoog tussen die teorieë in fase twee en teologie is hier van waarde. Lefebvre en Soja (Soja 1996:74) se tweede ruimte ("second space") is ook hier van toepassing. Hier word steeds gepoog om die konteks te verstaan maar dan vanuit 'n teologiese perspektief (cf. Pieterse 1998:182-183).

**Aksie**

Swinton en Mowat (2006:loc.1790-1806) noem dit die formulering van hersiene praktyk. Hier word hersiene vorms van getroue praktyke geformuleer. Osmer noem dit die pragmatiese taak en sy vraag is *hoe kan ons hierop reageer*? Die konteks en die teorie het met mekaar in dialoog verkeer. Dit is nodig ten einde by verbeterde praxis te kan uitkom (cf. Pieterse 1998:184-189).

Lefebvre en Soja se derde ruimte ("third space") pas hier in. Dit verskil van die ander twee maar sluit hulle ook in. Teenstaande/teenoorgestelde ruimtes kan hier geskep word. Dit is die ruimte van waar gepoog kan word om alle ander ruimtes te verstaan



© University of Pretoria

en te transformeer. Dit is die ruimte van radikale openheid, van sosiale stryd indien nodig. Werklike en denkbeeldige is hier verweef. Hierdie ruimte is lewendig, dit praat. Dit is vloeibaar en dinamies. Dit is hier waar transformerende aksie plaasvind en waar verbeterde praktyke voorgestel word. Hier is 'n model vir sosiale kohesie gekonstrueer.

Dit lyk soos 'n reglynige beweging met 'n begin en 'n eindpunt maar dit funksioneer inderwaarheid eerder as 'n hermeneutiese sirkel waar die telos weer die begin kan wees van 'n nuwe ondersoek.

Die belangrikste konsepte vir hierdie studie sal in die volgende hoofstuk bespreek word.



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 2

# OMSKRYWING VAN BELANGRIKSTE TERME

In hierdie hoofstuk sal daar aandag gegee word aan die bespreking, omskrywing en verduideliking van sleutelbegrippe wat binne hierdie tesis gebruik sal word. Die volgorde waarin hierdie begrippe verduidelik sal word geskied aan die hand van die titel van hierdie studie. Die begrippe is dan: aanbidding, sport, sosiale kohesie, ruimtelikheid en liturgie. Twee ander begrippe wat nie in die titel na vore kom nie en aandag geniet is: perichoresis en wêreldbeskouing.

## 2.1 AANBIDDING ('WORSHIP")

In sy verduideliking van wat aanbidding is, begin Smith (2009:49-52) by die mens se belewenis van die wêreld. Hy kyk na die sienings van Husserl, Heidegger en Augustinus hieroor. Volgens Husserl bestaan ervaringe uit persepsie of kognisie. Die wêreld word dus gereduseer tot 'n versameling "objekte" waaroor gedink en wat waargeneem word. Hierteenoor sê Heidegger dat daar nie maar bloot net gedink word oor 'n wêreld van objekte nie, die mens is soos 'n akteur, betrokke by die wêreld. Die wêreld is die omgewing waarin geswem word. Die mens staan nie buite die wêreld en kyk daarna as waarnemer wat na 'n prent kyk nie. Die mens is aktief betrokke, gee om. Jy dink nie jou pad deur die wêreld nie, jy voel jou pad deur. Augustinus sien die modus van intensionaliteit as *liefde*. Hierdie liefde speel uit in 'n diep begeerte of verlange. Augustinus se bekende "You have made man for Yourself and restless is the human heart until it comes to rest in You" (Gill 2003:11), is hier aan die orde. Dit is menslik om lief te hê en dit is wat jy liefhet wat bepaal wie jy is. Jou primêre liefde, dit wat jy bo alles begeer is die wesenlike van jou identiteit. Hierdie soort fundamentele liefde sou beskryf kon word as dit waartoe jy trou belowe. Jou primêre, fundamentele liefde is dit wat jy aanbid. Dit is hierdie liefde wat jou dring om op 'n bepaalde wyse op te tree, om bepaalde verhoudings na te streef, om sekere opofferings te maak en sekere dinge te geniet. Die mens ontwikkel sekere



© University of Pretoria

rituele, simbole en seremonies om aan hierdie liefde uitdrukking te gee. Hierdie liefde wat jou dring om te doen wat jy doen verskil van mens tot mens en volk tot volk en definieer mense as individue en gemeenskappe. Dit kan vir jou God, 'n godheid, 'n afgod, die self of wat ook al hierdie primêre liefde vir jou vergestalt, wees.

As jou gerigtheid, jou liefde, God is, kan jy vanuit 'n Christelike perspektief, aanbidding sien as 'n ontmoeting met God (Pecklers 2005:23). God het nie hierdie aanbidding, hierdie ontmoeting nodig nie maar die mens het. Christelike aanbidding is dialogies van aard – God neem die inisiatief en die mens reageer. Hierdie aanbidding kan op enige plek en tyd plaasvind. Verhouding is belangrik binne hierdie dialoog en aan die hart van hierdie dialogiese verhouding is die Triniteit. Dialoog is gerig *tot* die Vader, *deur* Christus, *in* die Heilige Gees. God is die oorsprong van die hele skepping. Jesus openbaar God aan die wêreld en Hy is die sakrament van jou ontmoeting met God. Hy tree vir jou in en is jou middelaar. Die Heilige Gees is jou krag en sterkte, die een wat jou bemoedig en met jou is (Pecklers 2005:23-25).

God is van die ewige hede – *Ek is*. Daarom is rituele 'n belangrike deel van aanbidding. Dit bring die verlede in die hede in en dit bevry omdat dit met hoop na die toekoms kyk – *anamnesis*. Dit help jou om God te ontmoet in die hier en nou. *Epiklesis* (van die Griekse ἐπίκλησις) is ook deel van Christelike aanbidding. Dit is die moment wanneer die Heilige Gees afgebid word en in die krag van die Gees word die brood en die wyn en die gemeenskap die liggaam en bloed van Christus. Dit wat die Gees kom doen tussen die liturgiese deelnemers lei tot *diakonia* en bediening aan mekaar. Van hier kan daar uitgegaan word en word die wêreld gedien (Pecklers 2005:25-26).

'n Gedeelte uit Pecklers (2005:30-31) som Christelike aanbidding goed op:

> Christian worship is ultimately about praising and thanking God as we recall God's mighty deeds and as we come to re-discover our own identity as Christ's body in this world.... So, worship is never about us. It is about God's work in the world and this particular community. Through this community with God and one another, worship, in fact defines the community and reminding it both of its identity and its destiny. In the words of T.S. Eliot: 'What life have you if you have not life together?



© University of Pretoria

> There is no life that is not in community, and no community not lived in praise of God'.

Dit is hierdie *in gemeenskap wees* met God en met mekaar wat 'n belangrike aspek is vir hierdie studie. Hoe word dit vergestalt binne aanbidding tydens die erediens maar ook binne *aanbidding* buite die erediens? Daar waar 'n groot aantal Suid-Afrikaners heelwat van hul tyd deurbring – op die sportveld. Verryk die een die ander of nie? Wat is die verhouding tussen ons Christelike tradisie en die situasie waarin persone in die samelewing hul elke dag en dan ook op die sportveld bevind (cf. Pieterse 1994:78)?

'n Volgende konsep wat van belang is vir hierdie studie is sport. Dit sal nou aandag geniet.

## 2.2 SPORT

Sport speel 'n baie belangrike rol in Suid-Afrika. Ek dink daar is genoegsame bewyse hiervoor as daar terug gekyk word na die Rugby wêreldbeker in 1995 en wat dit gedoen het om eenheid in die land te bewerk. Nelson Mandela wat 'n groot aandeel gehad het in die invloed wat die 1995 Rugby wêreldbeker binne die Suid-Afrikaanse konteks gehad het, het gesê: "Sport has the power to change the world. It has the power to inspire, the power to unite people that little else has... It is more powerful than governments in breaking down racial barriers" (Carlin 2008:4). Nog 'n voorbeeld is die Sokker wêreldbeker van 2010. Daar was die pessimiste wat chaos verwag het. Tog het Suid-Afrikaners oor alle grense hande gevat en word dit beskou as een van die suksesvolste wêreldbekers ooit. Ek persoonlik het elke Vrydag as deel van die oproep tot "Soccer Friday" my Bafana hemp aangetrek. Net deur dit aan te hê, het ek gesprekke gehad met mense met wie ek andersins dalk nooit sou gesels het nie. Sokker het 'n aanknopingspunt gegee om in mekaar se lewens te deel.

Hoe belangrik sport is, is nie maar net my subjektiewe mening as self 'n "sportmal" Suid-Afrikaner nie. As mens *The South African Dictionary of Sport* (Alswang 2003) oopmaak, kry jy in die Inleiding reeds die volgende: "South Africa is a nation of sports



© University of Pretoria

lovers, many of whom pride themselves on their knowledge of sport. Others enjoy following a particular code on a casual basis, but would like to know more about its rules and subtleties."

*Wörterbuch der Sportwissenschaft* (1987:716) sê dat 'n presiese definisie van sport nie moontlik is nie omdat daar 'n wye verskeidenheid betekenisse daaraan gekoppel word binne die algemene omgangstaal.

*Webster's sports dictionary* (1976:414) definieer sport as "a recreational or competitive activity which involves a degree of physical exertion or which requires skill in the playing of an object for scoring. There is a wide divergence of opinion as to what constitutes a sport". Verder word dinge soos jag, visvang, stap en seil ingesluit maar bordspeletjies en kaartspel word uitgesluit. Hieroor kan daar natuurlik verskillende menings wees.

Blanchard & Cheska (1985:59-60) sien sport as 'n komponent van kultuur en daarom beklemtoon hulle dat jy deeglik bewus moet wees van wat jy onder "kultuur" verstaan. As 'n komponent van kultuur is sport gedrag wat verband hou met ander gedrag soos werk, speel, ontspanning, speletjies, vryetydsbesteding, rituele en konflik. Hulle definieer sport dan as 'n fisies uitputtende aktiwiteit wat aggressief kompeterend is binne die beperkinge wat dit opgelê word deur spelreëls, bepalings en regulasies. As 'n onderdeel van kultuur toon dit ritueelagtige patrone, spelpatrone en bevat dit uiteenlopende hoeveelhede spel, werk en ledigheid. Dit bevat ook atletiese en nie-atletiese variasies. "Atleties" verwys na daardie aktiwiteite wat groter hoeveelhede fisiese uitputting vereis. "Nie-atletiese" aktiwiteite sou dan bordspeletjies en kaartspeletjies kon insluit.

Mense openbaar 'n sekere tipe gedrag wanneer hulle langs die sportveld is en langs die braaivleisvure oor sport gesels. Hierdie gedrag lyk anders as hul gedrag wanneer hulle die erediens bywoon. Daar is egter ook gedrag wat ooreenstem. Van die gedrag wat binne en rondom sport aangetref word vertoon ritueelagtige eienskappe. Dit het ook 'n bepaalde invloed op die vorming van ons identiteit. Identiteit het 'n saambindende faktor. Van Beek (2007:6) sê dat godsdiens en sport al hoe nader aan



© University of Pretoria

mekaar beweeg, mekaar beïnvloed, vergelykbare emosies oproep en soms selfs identiese eienskappe vertoon.

MacClancy (1996:1-2) betreur die feit dat sport nie genoegsaam akademies bestudeer word as integrale deel van sosiale, politieke en ekonomiese lewe nie. Hy wys daarop dat diegene wat sport slegs as vermaak wil beskou, ignoreer of kyk die daaglikse bewyse wat die teendeel bewys mis in hulle koerante en op hul televisieskerms. Georganiseerde sport betrek daagliks miljoene mense as toeskouers. Dit het ŉ enorme besigheid geword, dit het politieke dispute tot gevolg en dit is ook ŉ medium vir die tentoonstelling van die etiese klimaat van ŉ land. Sport is ŉ sentrale aktiwiteit binne gemeenskappe. Dit omsluit ook sosiale waardes. Soos wat daar in die koerante en op televisie opgemerk kan word dat sport in ŉ toenemende mate deel uitmaak van die sosiale, politiese en ekonomiese wêreld van die mens wil ek ook graag aan die hand van hierdie studie en insigte vanuit die veldwerk wat ek gedoen het, uitwys dat sport in ŉ toenemende mate ook deel uitmaak van die godsdienstige komponent van ons menswees. In Amerika is daar selfs menings dat sport ŉ vorm van godsdiens is. Die sosioloog George Sage het al in 1974 die volgende oor sport gesê: “Involvement in sport, either directly as a participant, or indirectly as a spectator, is almost considered a public duty by many Americans. It has been observed that if there is a religion in America, it is sport” (Blanchard & Cheska 1985:ix).

MacClancy (1996:7-8) wys daarop dat sport verskillende funksies kan vervul soos byvoorbeeld: dit definieer die reeds bestaande grense van morele en politieke gemeenskappe soveel duideliker; dit is behulpsaam in die skepping van nuwe sosiale identiteite; dit gee fisiese uitdrukking aan sekere sosiale waardes en dit is ook ŉ wyse waarop sodanige waardes gereflekteer word; dit dien as potensieel betwiste/omstrede ruimte vir opponerende groepe. MacClancy (1996:10) sê verder dat as sport kundig aangewend word dit groter dele van die bevolking kan verenig as enige ander sosiale aktiwiteit aangesien dit verskille ten opsigte van nasionaliteit, geslag, ouderdom, sosiale posisie, geografiese ligging en politieke standpunte te bowe gaan. Hierdie stelling het definitief in Suid-Afrika in vervulling gekom tydens die Rugby Wêreldbeker in 1995 en die Sokker Wêreldbeker in 2010.



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Sport maak 'n belangrike onderdeel van hierdie studie uit. Hier is gesien dat sport fisiese aktiwiteite behels waar die liggaam 'n groot rol speel maar ook nie-fisiese aktiwiteite waar dit om ander vaardighede gaan as net die fisiese aksies van die liggaam. Bordspeletjies en kaartspeletjies val in hierdie kategorie. Binne hierdie studie is gefokus op vier spesifieke sportsoorte, naamlik sokker, rugby, krieket en gholf. Dit is hier nie net die spelers wat aan hierdie sport deelneem wat van belang is nie maar ook die toeskouers wat dan nie-fisies (alhoewel nie noodwendig as sommige toeskouers se bewegings in ag geneem word nie) deelneem.

Sosiale kohesie is die volgende begrip wat aandag sal geniet.

## 2.3 SOSIALE KOHESIE

In 'n dokument wat deur die Presidensie[21] geskryf is, word sosiale kohesie as 'n beskrywende term gesien wat verwys na die mate waarin 'n samelewing koherent, verenig en funksioneel is. Sodanige samelewing verskaf 'n omgewing waarbinne sy burgers kan floreer.

Die Europese Raad definieer sosiale kohesie as “a concept that includes values and principles which aim to ensure that all citizens without discrimination and on equal footing have access to fundamental social and economic rights” (Jenson 2010:5).

Die Franse Commissariat général du Plan definieer sosiale kohesie as 'n reeks sosiale prosesse wat help om die gevoel by individue te vestig dat hulle aan dieselfde gemeenskap behoort en dat hulle erken word as lede van hierdie gemeenskap (Jenson 2010:6).

Die Verenigde Nasies se Ekonomiese Kommissie vir Latyns Amerika en die Karibiese (ECLAC) definieer sosiale kohesie as “the dialectical relationship between mechanisms of social inclusion/exclusion and people’s reactions, perceptions and

---

[21] The Presidency. n.d. *Social cohesion and social justice in South Africa*, viewed 16 May 2013 from http://www.thepresidency.gov.za/docs/pcsa/social/social/part1.pdf.



© University of Pretoria

attitudes to the ways in which these mechanisms operate in producing a sense of belonging to society" (Jenson 2010:6).

Die volgende moet in gedagte gehou word wanneer daar gekyk word na sosiale kohesie:

- Dit is die kapasiteit van 'n gemeenskap om te verseker dat daar omgesien word na die belange van al sy lede, dat verskille geminimaliseer word en dat polarisasie vermy word.

- In elke gemeenskap is daar spanning en druk wat veroorsaak word deur verdeeldheid binne die gemeenskap. 'n Samehorige gemeenskap sal egter bevredigende maniere ontwerp om hierdie spanning en druk te hanteer en om verdeeldheid te verminder en gelykheid te bevorder.

- Geen gemeenskap is ten volle samehorig nie. Sosiale kohesie is egter 'n ideaal waarnatoe gestreef behoort te word en waaraan voortdurend gewerk moet word.

- Sosiale kohesie wil nie maar net sosiale uitsluiting en armoede verminder nie. Dit wil ook solidariteit binne 'n gemeenskap skep. Dit gaan dus oor voorkoming sowel as genesing.

- Daar moet gepoog word om 'n balans te vind tussen ekonomiese groei en sosiale geregtigheid.

- Sosiale kapitaal speel 'n belangrike rol wanneer armoede en benadeling aangespreek word. Gemeenskappe wat oor sterk sosiale netwerke en verhoudings, hoë vlakke van vertroue en goeie samewerking beskik, is baie beter daaraan toe as gemeenskappe wat nie hieroor beskik nie.

(Jenson 2010:7-8,12)

Alhoewel daar nie 'n eenvoudige metode is om sosiale kohesie te meet nie, is daar drie dimensies met ses subdimensies waaraan mens aandag kan gee:



© University of Pretoria

**Tabel 2: Drie dimensies en ses subdimensies van sosiale kohesie**

| Ekonomiese | Politiese | Sosio-kulturele |
|---|---|---|
| Insluiting | Legitimiteit | Erkenning |
| Gelykheid | Deelname | Behoort |

(Jenson 2010:17)

Al drie hierdie dimensies van sosiale kohesie is belangrik en soos wat daar in hoofstuk sewe uitgewys word, sal iemand moeilik in sosiale kohesie belangstel as hulle nie oor skoon drinkwaterwater en voldoende kos beskik nie (ekonomiese dimensie). As gevolg van die geskiedenis van Suid-Afrika speel die politiese dimensie ook ’n groot rol en is daar onregte wat nog nie voldoende aangespreek is nie. Hierdie studie wil dus nie die ekonomiese en politiese dimensies ontken nie maar beide het die potensiaal om ons te laat vasval in die negatiewe en om met so ’n bril na die samelewing te kyk dat ons moeilik daar verby kan kom. Ek kies dus doelbewustelik om hier te fokus op die sosio-kulturele dimensie ten einde te poog om op ’n nuwe, vars manier na die Suid-Afrikaanse konteks te kyk en om by voorstelle vir verbeterde praxis te kan uitkom.

Een van die sosiale kohesie aanduiders wat belangrik is vir hierdie studie is *behoort*. Daar is ’n paar faktore wat Jenson (2010:20) in verband bring met behoort. Dit is:

- Multikulturalisme
- Vertroue
- Deelname
- Verwagting van mobilitieit (beweging binne sosiale groepe)
- Sosiale solidariteit

Omdat sosiale verhoudings en netwerke ’n groot rol speel in sosiale kohesie wil ek graag uitlig wat verstaan sou kon word onder sosiale netwerke. Ferlander (2007:117) maak ’n onderskeid tussen horisontale en vertikale en formele en informele netwerke. Sy deel dit as volg in:



© University of Pretoria

**Tabel 3: Sosiale netwerke**

| | Formele verbintenisse | Informele verbintenisse |
|---|---|---|
| **Horisontale verbintenisse** | Vrywillige verenigings | Gesin, familie, vriende, bure en kollegas |
| **Vertikale Verbintenisse** | Die Kerk, werk hiërargie, en netwerk verbintenisse tussen burgers en staatsamptenare | Kriminele netwerke, verhoudings binne stamverband en straatbendes |

Die veronderstelling is dat daar gelyke status en mag sal wees tussen die persone binne ’n horisontale verbintenis. Tog is dit nie altyd die geval nie. Vertikale netwerke verbind ongelyke agente in asimmetriese verhoudings waarbinne hiërargie en afhanklikheid bestaan. Dit kan waar wees in die geval van die kerk maar ook in die geval van georganiseerde misdaad (Ferlander 2007:117-118). Homogene netwerke is geneig om na binne te fokus en versterk eksklusiewe identiteit. Hierdie netwerke sal nie noodwendig bevorderlik wees vir sosiale kohesie nie. Hierteenoor is daar heterogene netwerke wat na buite gerig is en wat mense van ander sosiale groepe insluit (Ferlander 2007:118-119). Hierdie netwerke sou bevorderlik kon wees vir sosiale kohesie.

Sosiale kohesie is ’n belangrike onderdeel van hierdie studie aangesien die doel van hierdie studie is om ’n model te ontwerp vir sosiale kohesie. Verskillende verhoudings soos wat dit aangetref word binne die verskillende ruimtes van hierdie studie en ook die wyse waarop daar opgetree word teenoor vreemdelinge en buitestaanders en hoe daar ruimte gemaak word vir hulle sal deurlopend aandag geniet. Hoofstuk sewe skenk in sy geheel aandag aan sosiale kohesie en daar sal die navorser haar eie definisie van hierdie begrip weergee.

Vervolgens sal ruimtelikheid bespreek word.

## 2.4 RUIMTELIKHEID

Cilliers (2008:4) beskryf ruimtelikheid as ‘n multidimensionele begrip wat ten minste vier verskillende ruimtes sou kon insluit:



© University of Pretoria

- Fisiese ruimte – hierdie ruimtes kan gekarteer en geografies aangedui word. Dit is dus fisiese plekke soos Pretoria, Loftus Versfeld, of Ooskerk. Dit stem min of meer ooreen met wat Lefebvre (1991:38-39) "perceived space" noem.

- Verbeelde ruimte – dit is geïdealiseerde ruimte en sluit konsepte en idees in. Dit stem min of meer ooreen met wat Lefebvre (1991:38-39) "conceived space" noem.

- Geleefde of eksistensiële ruimte – dit is die dag tot dag omgewing waarbinne mense leef. Dit stem min of meer ooreen met wat Lefebvre (1991:38-39) "lived space" noem.

- Spirituele ruimte – dit sluit aan by verbeelde ruimte maar oorskry dit tog ook. Dit sluit aan by wat Foucault (1986:24) heterotopia noem. Dit is 'n "sacred" of "forbidden space". Post (2010:105) beskryf dit as plekke waar daar te midde van die alledaagse bestaan ruimte gegee word aan betowering, verbeelding en 'n pouse. Hier kan "iets" anders gebeur. Hier is ruimte vir die droom, 'n visioen en selfs transendensie.

Dit is nie altyd so eenvoudig om tussen elk van hierdie ruimtes te onderskei nie. In die literatuur word daar ook 'n onderskeid gemaak tussen *plek* ('place") en *ruimte* ("space"). Ruimte is meer abstrak as plek. Wanneer daar aan ruimte gedink word, is die neiging om te dink aan die buitenste ruimte en oneindigheid. Daarteenoor word daar aan plek gedink as 'n lokaliteit, 'n bepaalde ligging, 'n spesifieke plek. In Grieks is ruimte *chora* en plek *topos*. Chora moet egter onderskei word van *kenon* wat dui op leegheid en "non-space". Chora is nooit leeg nie, dit is 'n "place of being". Dit is egter nie so gedifferensieerd en konkreet soos topos nie (Rämö 1999:314). Topos is 'n wesenlike deel van chora, 'n spesiale tipe chora, 'n stukkie van die geheel.

Aristoteles gebruik die analogie van 'n houer om topos/plek te verduidelik. Soos 'n beker of 'n koppie hul inhoud binne hou deur dit te omring, omring plek dit wat binne in dit te vinde is. 'n Houer kan egter verskuif word maar plek nie. Daarom definieer hy



© University of Pretoria

plek as “the innermost motionless boundary of what contains” (Inge 2003:4). Topos is ‘n lokaliteit waar dinge bymekaar kom, dit is ‘n lokaliteit wat ‘n houer is vir ander dinge en dit word ook gedefinieer deur hierdie dinge. Dit is wesenlik dieselfde as chora maar dit is minder abstrak omdat dit oor die eienskap van verwantskap beskik. Dit word dus gedifferensieer deur dit wat dit bevat (Lenhart 2011:5).

*Ongedifferensieerde* ruimte/chora word plek/topos as en wanneer dit meer bekend is en waarde daaraan toegevoeg word (Inge 2003:1). Plek gee uitdrukking aan ‘n verbintenis tussen ‘n individu en ‘n spesifieke omgewing. Plek is vermeng met menslike waardes en beginsels. Plekke speel ‘n belangrike rol in die mens se lewe. Elke plek het sy eie unieke karakter. Plekke is ‘n belangrike element in die ontwikkeling en handhawing van die self en van groepsidentiteit. Verder speel dit ‘n belangrike rol in menslike gedrag en geestesgesondheid. Plekke sluit dus nie net fisiese eienskappe in nie maar ook boodskappe en betekenisse wat mense waarneem en dekodeer gebaseer op hul rolle, belewenisse, verwagtinge en motivering. Hoe iemand oor ‘n bepaalde plek voel is belangrik om die gehalte van die omgewing te handhaaf sowel as om gebruiker en plek te integreer. Dit lei tot beter gebruik, tevredenheid en verbintenis met plekke. Die geweldige groei binne hedendaagse gemeenskappe, veranderende lewensstyl en die ontwikkeling van tegnologie veroorsaak dat plekke nie meer altyd betekenis oordra nie. Dit lei daartoe dat mense ly aan ‘n gevoel van plekloosheid (“placelessness”). Omgewings ontstaan wat nie kultureel geïdentifiseer kan word nie en wat orals dieselfde lyk. Outentieke plekke gaan so verlore (Najafi & Shariff 2011:1100).

Ruimtelikheid sal voorts ook in hoofstukke vyf en ses aandag geniet vanuit verskillende teoretiese hoeke en dit sal dan toegepas word op die agt ruimtes wat in hierdie studie aandag geniet.

Die volgende konsep wat bespreek sal word, is liturgie.



© University of Pretoria

## 2.5 LITURGIE

Barnard & Vos (2001:19) maak die volgende stelling: "symbolen en rituelen vormen grondpatronen van de liturgie; net als de liturgie is ook de cultuur een geordend systeem van betekenis en symbolen". Simboolhandelinge en liturgie staan nie geïsoleerd van kultuur nie. Dit maak deel uit van kultuur en is in wisselwerking daarmee.

Liturgie is 'n lewende en lewegewende handeling. Dit het ten doel om 'n veranderende effek te hê op die lewens van hulle wie daarin betrokke is. Dit is 'n drama wat almal wat byeenkom om te aanbid, onontkombaar betrek. Dit is 'n gebeure. Dit het die bedoeling om 'n epifanie te wees. Liturgie is die storie van ons verhouding met God en met mekaar. Liturgie is 'n oop en publieke uitdrukking van waar die Kerk self staan in haar verhouding met God. 'n Christelike aanbidder se onderliggende gedagtes handel oor God. In die hart van aanbidding is intensie, behoefte en opdrag om God te ontmoet en die liturgie word gebruik om dit te doen. Liturgie is 'n pad om te volg, 'n berg om te klim, 'n brug om oor te steek maar bo alles is dit die dekor vir 'n ontmoetingsgeleentheid – 'n ontmoeting met die gans Andere. Jou "nader tot" God is die manier waarop jy Hom ontmoet. Jy laat jouself agter en konsentreer net op Hom. (Grainger 2009:vi, 1-4, 11, 17).

Liturgie gaan oor die maak van tyd vir God in jou lewe. Jy gebruik 'n periode van tyd om saam met ander te konsentreer op God. Aanbidding gebruik 'n spesiale vorm van taal wat "ritueel" genoem word. Liturgie verwys na die verlede en die toekoms van menslike lewe. Dit sien die toekoms in die konteks van die verlede en het daarom 'n veranderende effek op die hede. Liturgiese simboliek dui op twee rigtings – verlede en toekoms, sienlike en onsienlike, aarde en hemel. Liturgie simboliseer ook die ontmoeting tussen God en die mens, die verhouding tussen die mens en die goddelike. Liturgie moet nooit buite rekening laat wat aan die gebeur is in die lewens van die mense wat deelneem aan die liturgiese aktiwiteite nie. Wanneer mense herontdek wat die bedoeling van liturgie in werklikheid is, begin hulle verstaan dat dit lewegewende potensiaal het in plaas van 'n gevoel van verveeldheid wat baie daarmee assosieer (Grainger 2009:5, 6, 9-10). Burger (2009:22-23) se siening oor 'n



© University of Pretoria

mens se verwagting tydens die erediens stem hiermee ooreen. Hoe jy dink oor wat binne die erediens gebeur, of nie gebeur nie, maak 'n reuse verskil. Smit (2009:99) beklemtoon dit ook as 'n kritiese punt – hoe jy dink en glo ten opsigte van die lewende teenwoordigheid van God by jou en hoe jy dink en glo dit gebeur. Dit is van die uiterste belang as jy die lewegewende potensiaal wil ontgin en opnuut wil ontdek.

Liturgie vind plaas binne ruimte, tyd en verhoudings. Ons open onsself vir mekaar, ons laat ons privaatheid agter ten einde met mekaar te deel en so open die rite ons ook vir God. Dit gee uitdrukking aan jou diepste behoefte om deur God se Gees verander te word. Hier kan jy jouself verloor, jou selfbewustheid, jou rusteloosheid en soos Augustinus gesê het, kan jou rustelose hart rus vind in Hom (Grainger 2009:21, 37). Die meeste rituele tydens die erediens kan beskou word as versoeningsrituele aangesien almal op een of ander manier ten doel het om verhoudings te herstel – óf tussen mens en medemens óf tussen mens en God (Wepener 2009b:72).

Λειτουργεω – Die werkwoord beteken "om openbare dienste te lewer/verrig", "om te dien", dit kon ook wees "om 'n baas/eienaar te dien/bedien" en dan ook "om "godsdienstige diens te verrig" (Liddell 1996:467).

Λειτουργια - 'n Liturgie was oorspronklik "'n openbare plig/verpligting/diens". Van hier dan enige "diens" of "hulp" of "bediening" (Liddell 1996:467).

Van der Leeuw (Barnard 2009:118) gebruik liturgie as "diens van God" waar "van God" *genetivus subjectivus et objectivus* is. God is tegelykertyd die Een wat handel in die erediens en die Een aan wie 'n diens bewys word. In die liturgie kan die handelinge van God en die handelinge van die mens nie van mekaar onderskei word nie.

Long (2001:vii-ix) gebruik 'n illustrasie/beeld om liturgie te beskryf. Hy sê dat dit is soos 'n Moedersdagontbyt. Kinders wil ma se hart bly maak hierdeur. Net soos die Moedersdagontbyt is die voorbereiding van die liturgiese ontbyt altyd die werk van amateurs, kinders wat dit ter wille van die liefde doen, kinders wat in die kombuis die gebede te lank kook, die preke half gaarmaak, wat voel-voel en sukkel-sukkel



© University of Pretoria

probeer uitkom by opregte aanbidding. Tog neem kinders hierdie skinkbord met onvolmaakte ontbyt vir ma met die trots van wêreldklas kokke – 'n liturgiese ontbyt, voorberei met die grootste liefde. Soos 'n ma liefdevol hierdie ontbyt sal ontvang en dit opeet asof dit die smaaklikste kos in die hele wêreld is, wag God ook liefdevol om ons onvolmaakte liturgiese ontbyt te ontvang.

Liturgie het egter nie net te make met wat tydens die erediens gebeur nie. Van der Merwe (2001:2) sê dat "liturgie" twee gestaltes het. Enersyds is daar die samekomste van die gelowiges op afgesproke tye en plekke. Andersyds is daar die gelowiges se alledaagse lewe, wat vir die Nuwe Testament die terrein is vir die uitlewing van die gelowiges se roeping. Daar word dan ook dikwels in die NT na die lewe verwys in liturgies-klinkende terme: die kerk is die liggaam van Christus, gelowiges is 'n heilige priesterdom, die liggaam van elke gelowige is 'n tempel. Daar is dus geen skeiding tussen erediens en lewe nie. Christene bring elke dag in die erediens van die lewe 'n "lewende offer".

In die liturgie word die groot dade van God in die verlede herdenk en is daar die herinnering dat daar toekomsverwagting is. Dit is 'n toekomsdroom waaraan daar binne die liturgie herinner word. Al is die voleinding van dié droom nog nie daar nie, word die droom van die voleinding binne die liturgie lewend gehou. Die droom skep 'n dringendheid by die gelowiges om alles in die werklikheid (dus binne die liturgie van die lewe) wat nie met die droom korreleer nie met agterdog te bejeën en aktief te ondermyn. Die gelowiges is soos 'n swemmer wat in die stroom van die geskiedenis sy kop kan lig om doel en toekoms te verkry. Die erediens kan hierdie koplig-moment wees. Dit behels ook asemskep, maar die eintlike doel is en bly om die rigting van die geskiedenis-trajek en die eindbestemming weer in oog te kry (Van der Merwe 2001:6-7).

> Die liturgie is dus 'n komplekse simboliese patroon van woorde, gebare, simbole, rituele wat houdings vorm vir die lewe voor God in die wêreld. Dit bring 'n nuwe oriëntasie op die lewe, behels 'n bekering van die hart en berus op ons vermoë om ons sosiale verbeelding só te kan gebruik dat ons vir ons 'n wêreld en 'n toekoms kan inbeeld wat te rym is met die regering van God in sy Koninkryk soos dit in Jesus Christus verpersoonlik is... Die liturg se rol is hierin soos dié van 'n



© University of Pretoria

> mimiekkunstenaar. Soos wat ‘n mimiekkunstenaar mure en deure sien, waar ander niks sien nie, en dit tog só realisties kan uitbeeld dat toeskouers ‘n aanvoeling vir die voorgestelde realiteit kry, so moet die liturg sien wat nog nie gesien word nie. Dit liturg moet mense help verstaan en verbeeldend laat “sien” wat hulle nog nie gesien, gehoor én in die lewe gaan doen het nie. Dan is liturgie die kuns om God se toekoms vir die wêreld te ontvang.
>
> (Van der Merwe 2001:12-13)

Liturgie is dus ons diens aan God en aan mekaar, binne die erediens op ŉ Sondag maar ook binne die *erediens* van die lewe en in die geval van hierdie studie die *erediens* binne die sportruimte. Dit is binne liturgiese momente waar ons God beleef en ervaar, God wat deel is van elke aspek van ons lewens. Hierdie studie sal dan ook uitwys wat die waarde van vaste en bekende liturgieë is (hoofstuk ses).

Die volgende konsep kom nie in die titel van hierdie studie voor nie maar is ŉ belangrike begrip binne hierdie studie.

## 2.6 PERICHORESIS

Perichoresis is ‘n teologiese konsep wat veral binne die dogmatiek gebruik word. Dit kan praktiese teologie egter ook dien en veral hierdie studie wat juis gaan oor die diversiteit van mense wat binne die ruimtes van hierdie studie aangetref word en die wyse waarop hulle daarin slaag al dan nie om ruimte te maak vir mekaar. Dit is verder relevant binne ons Suid-Afrikaanse konteks waar ons leuse is: *!ke e:/xarra//ke*[22] wat beteken “diverse mense verenig”.

McGrath (2007:492) beskryf *perichoresis* as ‘n term wat verband hou met die Drie-eenheid. Daar word in Latyn hierna verwys as *circumincessio*. Dit gaan hier oor hoe die drie persone van die Triniteit met mekaar in verhouding staan. Die konsep van perichoresis laat toe dat elke persoon individualiteit behou terwyl hulle ook wedersyds deel in mekaar se lewens. Volgens McGrath (2007:251) is ‘n beeld wat dikwels gebruik word om uitdrukking te gee hieraan “a community of being.” Binne

[22] http://www.southafrica.info/about/history/national-symbols.htm#.VYOmLfmqqko



© University of Pretoria

hierdie "gemeenskap" word alles gedeel, verenig en wedersyds uitgeruil. Niemand is geïsoleerd of verwyderd van die handelinge van die ander nie.

Binne politieke teologie word hierdie wedersydse verhoudings tussen drie gelyk-aan-mekaar persone binne die Godheid, gesien as 'n model vir menslike verhoudings binne gemeenskappe sowel as 'n model vir Christelike politiese en sosiale teoretisering (McGrath 2007:251-252).

Moltmann (2000:113) bring die term in verband met 'n antieke konsep waar gemeenskap bestaan sonder dat daar eenvormigheid is en persoonlikheid sonder individualisme. Alle lewe is gemeenskap in kommunikasie. Moltmann verwys ook na die semantiese geskiedenis van die woord perichoresis waar die selfstandige naamwoord "dwarreling" of "rotasie" beteken en die werkwoord "om van die een na die ander te gaan", "om rond te loop", "om uit te deel", "om te omsirkel", "om te omhels" of "om te omsluit."

Die Latynse vertaling van perichoresis was oorspronklik *circumincessio* en later *circuminsessio*. Eersgenoemde term praat van 'n dinamiese deurdringing (*incedere)* en laasgenoemde term praat van 'n blywende en rustende wedersydse inwoning (*insedere)*. Dit gaan dus hier oor beweging én rus. Dieselfde word aangetref by die Griekse werkwoord vorms vir perichoresis, naamlik *perichoreo* en *perichoreuo*. Dit gaan hier ook oor die wedersydse rus in mekaar en die rond dans met mekaar. Mens sou dus kon sê dat daar by die Triniteit tegelykertyd absolute stilte en totale warrelwind aangetref kan word. Die goddelike persone is tegelykertyd inwonend en ruimte gewend. Elke persoon is uit homself in die ander. Dit is liefde wat iemand so uit hom- of haarself uittrek dat daardie persoon in die ander kan bestaan ("ek-sistence"). Deur hulle wedersydse inwoning gee die goddelike persone hulself en goddelike lewe aan mekaar in onbaatsugtige liefde. Hierdie perichoretiese gemeenskap kan ook gesien word as 'n kenotiese gemeenskap aangesien die persone hulself in mekaar leegmaak. Hulle gee hulself aan mekaar (Moltmann 2000:114-115). Op grond van hierdie perichoresis bestaan die drie goddelike persone so intiem met mekaar, vir mekaar en in mekaar dat hulle 'n enkele, unieke en volledige eenheid vorm. In hierdie eenheid word drieheid en eenheid gekombineer



© University of Pretoria

sonder om die drie te reduseer tot een of die een tot drie. Die eenheid van die Drie-enige God bestaan in die gemeenskap van die goddelike persone. Hierdie gemeenskap is oop, uitnodigend, verenigend en integrerend. As gevolg van die Drie-eenheid se liefde vir alle skepsels is daar binne hierdie gemeenskap plek en ruimte vir die verlosde mensdom en die hernieude skepping (Moltmann 2000:117-118).

Die teenwoordigheid van God in die gemeenskap met Christus, word genoem die Gees. God is die bron van lewe, Christus is die leweskeppende krag en waar die Gees is, is daar vryheid. Moltmann (2000:120-122) sê dat die Heilige Gees innerlike vrede skenk en dat die koninkryk van God 'n oop ruimte skep vir 'n lewe van vryheid. Daar kan selfs gesê word dat God die "breë plek" (broad place) is waar daar geen nood meer is nie. Die genade van Christus, die liefde van God en die gemeenskap met die Gees werk saam om mense te bevry tot die ware lewe. Ons lewe in die Triniteit en ons lewens is dus trinitariese lewens. Binne hierdie trinitariese gemeenskap is almal gelyk en belangrik – oud, jonk, mans, vroue, meesters, slawe, meesteresse, slavinne. Die Triniteit respekteer nie sosiale verskille nie maar skaf dit af. Die Kerk is deur die eenheid van die Vader, Seun en Heilige Gees 'n verenigde volk. Die Trinitariese gemeenskap is nie eksklusief nie maar 'n oop en uitnodigende gemeenskap. Hierdie selfde eienskappe word verwag by die Kerk as gemeenskap. Liefde is 'n ander woord vir hierdie gemeenskap van wedersydse inwoning. Hulle wat liefhet is nie in hulself nie maar in ander. Hulle wat liefgehê word gee ander vrye ruimte om in hulle te leef. Die Triniteit is 'n gemeenskap van diversiteit en tog is hierdie gemeenskap absoluut een in die gemeenskap van liefde. Daar is 'n konstante gee en ontvang tussen die persone van die Triniteit. Elkeen van hierdie persone is slegs wie hulle is in verhouding tot die ander persone. Jy kry nooit een persoon van die Triniteit sonder die ander nie. Hulle gee hulself ter wille van die gemeenskap en ter wille van die lewe van die skepping (Meeks 2000:23-24).

Die dogma van perichoresis dien hierdie studie deurdat dit uitlig dat dit moontlik is om te midde van diverse verhoudings elkeen se individualiteit te behou. Dit is vir ons as mens feitlik onverstaanbaar hoe God drie Persone in een Wese kan wees. Net so is dit binne ons Suid-Afrikaanse konteks amper ondenkbaar hoe ons die diversiteit in



© University of Pretoria

ons samelewings kan versoen. Tog gee perichoresis ons die hoop dat in die misterie van die Gans Andere daar ook vir ons hoop is.

Die laaste konsep wat bespreek sal word, is wêreldbeskouing.

## 2.7 WÊRELDBESKOUING

Samples (2007:1) wys daarop dat elke mens ‘n wêreldbeskouing het en dat hoe jy optree en leef hierdeur beïnvloed word. ‘n Mens sou dit kon vergelyk met ‘n bril. Jy maak sin uit die wêreld gegrond op jou visie. Jy interpreteer die lewe gebaseer op die “lens” wat jy gebruik. Hierdie lens verskaf soms duidelikheid en ander kere verdraai dit die werklikheid.

ŉ Wêreldbeskouing vorm ‘n raamwerk wat ŉ mens se basiese of uiteindelike oortuigings organiseer. Hierdie oortuigings hou verband met wat jy glo oor belangrike konsepte soos God, die kosmos, kennis, waardes, die mensdom en geskiedenis. Jou oortuigings vorm ‘n groot prentjie, ‘n algemene uitkyk, of ‘n breë perspektief op die lewe en die wêreld. Op grond van jou wêreldbeskouing bepaal jy dan jou prioriteite, verduidelik jy verhoudings en regverdig jy optredes.

Wêreldbeskouing kan egter nie losgemaak word van die kultuur waarin jy, jouself bevind nie. Binne ‘n bepaalde kultuur word “betekenisse” gesirkuleer, tipes gedrag word van een geslag na ‘n ander geslag oorgedra, sosio-politieke probleme ontstaan en word jy gekonfronteer met verskillende kunsvorms. Elke mens is deel van ‘n veel groter geheel as net die self. Dit alles beïnvloed hoe jy die wêreld sien (Aerts 2007:9-10).

Binne die groter konteks in Suid-Afrika moet jy ook nog bewus wees van twee (kontrasterende) filosofieë en denkpatrone wat jou wêreldbeskouing kan beïnvloed. Westerse denke neig na ‘n wêreldbeskouing wat gegrond is in ‘n individualistiese en objektiewe raamwerk. Verdeeldheid en beheer is hier belangrik. ‘n Waardesisteem wat gekenmerk word deur materiële gewin, individuele groei en mag spruit hieruit voort. Hierteenoor is daar Afrika denke wat gekenmerk word deur ‘n wêreldbeskouing



© University of Pretoria

wat solidariteit, gemeenskaplikheid, tradisionalisme en deelname aanmoedig (Van Rensburg & Da Costa 2008b:35). Ten einde 'n idee te vorm hoe die Afrika filosofie van die Westerse filosofie verskil die volgende:

**Tabel 4: Afrika versus Westerse filosofie**

| Afrika filosofie | | Westerse filosofie | |
|---|---|---|---|
| i) | Saam | i) | Alleen |
| ii) | Omgee | ii) | Materieel |
| iii) | Geheel | iii) | Stukke |
| iv) | Verlede | iv) | Toekoms |
| v) | Harmonie | v) | Beheer |
| vi) | Skaamte | vi) | Skuld |
| vii) | Deel | vii) | Versamel |

(Van Rensburg & Da Costa 2008b:36)

Hierdie konsepte is natuurlik nie al waaruit hierdie twee filosofieë bestaan nie. Dit is meer kompleks as dit en sal in diepte in hoofstuk vyf bespreek word waar dit dan ook in verband gebring sal word met die versamelde data.

Smith (2013:399, 414, 444) waarsku dat 'n wêreldbeskouing van jou 'n toeskouer kan maak en nie noodwendig 'n deelnemer nie. Jy kan 'n goedontwikkelde, geartikuleerde wêreldbeskouing hê en steeds strydig daarmee optree. Jou optrede en oriëntasie tot die wêreld word beheer deur gesindhede wat deur die praktyk gevorm word.

Tydens die waarnemingsfase van hierdie studie sal daar gepoog word om te sien watter wêreldbeskouing ditself waarneembaar uitspeel binne die verskillende (liturgiese) ruimtes. In die lig van Smith se waarskuwing sou dit wenslik wees om bewus te wees hiervan ten einde dit te evalueer en aan te pas, indien nodig om by 'n model uit te kom vir verbeterde sosiale kohesie.



© University of Pretoria

## 2.8 SAMEVATTEND

In hierdie hoofstuk is die belangrike terme wat binne hierdie studie gebruik word, verduidelik. Die terme kom voor binne die titel van hierdie studie en is aanbidding, sport, sosiale kohesie, ruimtelikheid en liturgie. Twee ander terme wat nie in die titel voorkom nie het ook aandag geniet aangesien dit hierdie studie dien, naamlik perichoresis en wêreldbeskouing.

In die volgende hoofstuk sal gefokus word op die eerste en tweede stappe binne empiriese navorsing, naamlik data versameling en data transkripsie. Verslag sal gedoen word oor dit wat waargeneem is tydens hierdie studie (beskrywende navorsing). Hier word gepoog om die vraag: “Wat gaan hier aan?” (Osmer 2008:4) te beantwoord.



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 3

# EMPIRIESE WAARNEMING

Hierdie studie maak gebruik van kwalitatiewe navorsing, juis omdat dit 'n metodologie is wat mense en dinge in hul natuurlike omgewing bestudeer. Hierdie tipe navorsing is ernstig oor menslike ervaring en poog om die betekenis wat mense aan fenomene en ervarings koppel te verstaan (Swinton & Mowat 2006:loc 639). Kwalitatiewe navorsing werk met ideografiese (uniek-beskrywende) eerder as nomotetiese (wetmatige) kennis. Dit maak dat hierdie tipe navorsing dinamies is en met 'n spesifieke fokus. Dit poog nie om dit wat waargeneem word te verduidelik op 'n wyse wat vir alle kulture en redelike mense op enige punt in die geskiedenis sal sin maak nie. Dit wil eerder situasies beskryf op maniere wat sal help om die wêreld op 'n ander manier te verstaan en deur hierdie verskillende verstaan te kan begin om anders op te tree (Swinton & Mowat 2006:loc 941). Die klem is hier eerder op die verstaan van die fenomeen as op die verduideliking in terme van oorsaak en gevolg.

In hierdie hoofstuk word verslag gedoen oor dit wat waargeneem is (beskrywende navorsing). Osmer (2008:4) sê dat hier gefokus word op die vraag: "Wat gaan hier aan?" Dit is gegrond in wat Osmer noem 'n "spirituality of presence" (2008:34). Deur middel hiervan kan 'n bewussyn en 'n raaksien van wat aangaan in die lewens van individue, families en gemeenskappe ontwikkel word. Die aanleer van metodes om "eksegese" aan te wend ten opsigte van die volle omvang van die sosiokulturele sy van die gemeente en dan ook van die gemeenskap is belangrik. Hier word gepoog om gemeentes en gemeenskappe te ken binne die werklikheid van hul alledaagse lewens situasies. Aandag word gegee aan dinge en andere rondom ons te midde van die teenwoordigheid van God. Dit sal nooit moontlik wees om dit perfek te kan regkry nie maar sekere dinge kan gedoen word om ons bewus wees, op informele, formele en semiformele maniere te dissiplineer en te ontwikkel (Osmer 2008:35-41).

Die empiriese proses verloop soos volg: data versameling → data transkripsie → data ontleding → interpretasie → formulering van die bevindinge (Osmer 2008:56).



© University of Pretoria

Die versameling van data vir kwalitatiewe navorsing impliseer interaksie met regte wêreld situasies en die mense binne hierdie situasies. Dit alles is deel van die veldwerk omgewing van 'n navorsingstudie. Die navorser betree hierdie wêreld as deelnemende waarnemer omdat hy/sy deel word van die omgewing deur sy/haar teenwoordigheid. Die veld-gebaseerde data in hierdie studie is ingesamel deur direkte waarneming en is refleksief-etnografies beskryf. Foto's[23] is waar moontlik geneem om later weer te bestudeer. Die twee hoof metodes van veldwerk in hierdie studie is deelnemende waarneming en die besoek van die geïdentifiseerde terrein/omgewing/ruimte (Yin 2011:109-110).

Binne die "trialectics" van ruimtelikheid word hier gewerk met eerste ruimte. As 'n empiriese teks word eerste ruimte op twee vlakke gelees. Hier gaan dit oor die eerste vlak – 'n akkurate beskrywing van dit wat op die oppervlakte waargeneem is.

Hierdie ondersoek is binne agt "liturgiese" ruimtes in Tshwane gedoen soos reeds in my doelstelling in hoofstuk een verduidelik is. Die ruimtes is:

**Tabel 5: Die agt "liturgiese" ruimtes**

| | **Hoog liturgies** | **Hoofstroom** | **Middeweg** | **Charismaties** |
|---|---|---|---|---|
| **Geografiese omgewing** | Atteridgeville | Arcadia/Hatfield | Centurion | Silver Lakes |
| **Kerk** | St.Anne's Catholic Church | Ooskerk (NG Kerk) | Kerksondermure | CRC Pretoria (Christian Revival Church) |
| **Stadion** | Lucas Moripe Stadion | Loftus Versfeld | Supersport Park | Silver Lakes Gholfbaan |
| **Sport** | Sokker | Rugby | Krieket | Gholf |
| **Span** | Mamelodi Sundowns en Supersport United | Vodacom Bulls (Super 12) en Blue Bulls (Currie Beker) | Nashua Titans | Individue |

Elke ruimte is besoek en daar is gepoog om alles moontlik neer te skryf wat die navorser kon waarneem. Die waarneming wissel tussen "dik" en "dun" beskrywings

[23] Van hierdie foto's is opgeneem in Addendum 1



© University of Pretoria

(Geertz 1973:6-30). Hier volg die beskrywings[24] in die volgorde soos hierbo uiteengesit:

## 3.1 ST. ANNE'S

(besoek op 9 Maart 2014)

Ek het 'n paar weke gelede geskakel om te hoor of ons (ek en my man Patrick) vandag die kerk mag besoek. Vader David het baie vrae gevra maar tog ingestem dat ons besoek mag aflê. Die adres is Khozastraat 1. Ons ry die hele Khozastraat deur. Daar is net een kerk. Dit is definitief nie nommer een nie. Daar is ook geen bord voor in die straat nie. Ons ry maar die gronde binne aangesien daar geen ander kerk in Khozastraat is nie. Die enigste aanduiding dat dit wel St. Anne's is, is op die asblikke wat teenaan die kerkgebou staan en wat duidelik gemerk is.

'n Vrou ontvang ons baie vriendelik by die deur. Ons gaan sit heel agter. Sy kom na ons toe en sê dat iemand ons sal gaan wys waar om te sit. 'n Ander vrou neem ons tot heel voor aan die linkerkant waar die hele gemeente ons kan sien. Ek is ongemaklik hiermee want ek sal moeilik kan notas maak sonder om steurend te wees. Na 'n rukkie kom die eerste vrou na ons toe en vra of ons sal omgee om eerder tussen die gemeentelede te gaan sit? Ons sê dat ons dit sal verkies en dat ons graag heel agter wil sit. Sy sê dat sy gedink het ons is amptelike besoekers en dat ons dan op die *VIP* plekke moet sit. Aangesien ons nie is nie moet ons asseblief tussen die gemeente sit. Ons verseker haar dat ons dit so verkies. Ek groet 'n dogtertjie in die bank voor ons. Sy waai vir my. Dan staan almal op vir die prosessie. Vyf kinders en twee liturge maak die prosessie uit. Die voorste kind (*thurifer*[25]) dra 'n goue wierookbakkie wat aan iets hang. Dan volg daar twee kinders wat elkeen 'n brandende kers dra, met 'n kind tussen hulle wat 'n kruis dra en na hulle stap nog 'n kind en die twee liturge.

Dit is 'n pragtige kerk. Daar is baie vensters en ligte dennehout banke. Dit gee aan die kerk 'n ligte gevoel. Voor is 'n groot skildery van 'n vrou wat sit met 'n dogtertjie

---

[24] Die beskrywings is in die teenwoordige tyd gehou soos wat dit op die dag van die besoek aangeteken is
[25] Dit is die akoliet wat die wierookbak dra



© University of Pretoria

wat by haar skoot staan met ‘n boek in haar hand. Bo aan die skildery is twee engeltjies wat afkyk op hulle. Onder aan die skildery staan: Ahe! Anna sesupiso sa bo: M’abana. Regs van hierdie skildery is ‘n veel kleiner skildery van Jesus. Onder aan staan: Jesus I trust you. Links van die skildery is nog ‘n skildery, dieselfde grootte as die Jesus skildery. Dit is ‘n skildery van Maria. Sy het ‘n wit rok aan met ‘n blou kleed bo-oor. Sy staan op ‘n wolk en kyk skuins af na ondertoe. Haar hande is oop langs haar sye. Onder aan die skildery staan: Maria ma Modimo.

Die priester sê iets is Sesotho. Die gemeente antwoord. Dan lees hy iets voor. Die gemeente antwoord weer. Hy doen ‘n gebed en hierna sit die gemeente.

Op die verhoog is ‘n tafel met ‘n kers aan weerskante. Twee van die kinders, wat altaar bedieners is staan aan die regterkant van die tafel en drie aan die linkerkant. Hulle is almal in rooi en wit geklee met rooi hoedjies op. Links voor is ‘n kateder. Agter die tafel is ‘n liturg in wit met ‘n pers stola en ‘n tweede liturg wat in pers geklee is. Regs voor in die kerk is ‘n beeld van Jesus wat aan die kruis hang en links voor is ‘n beeld van Maria.

‘n Dame kom vorentoe na die kateder. Sy is in wit geklee met ‘n wit hooftooisel. Sy is die voorleser (*lector*) en lees ‘n Skrifgedeelte voor. Mense koms steeds die kerk binne. Die kerk is redelik vol. Hier en daar is daar ‘n kind te siene. Aan die einde van haar voorlesing antwoord die gemeente. Die koor staan en begin sing. Agter ons sing ‘n man en vrou saam. Nie almal sing saam nie. Die voorleser lees verder. Die koor antwoord. Sy lees weer en die koor antwoord. Dit word ‘n hele paar keer herhaal. Die gemeente is baie raserig – vreeslik baie hoesery en kugtery. Links en reg binne die kerk is klein skilderytjies al langs die muur af wat die lydensweg uitbeeld. Die voorleser lees ‘n lang gedeelte. Dan staan die gemeente en almal sing saam. Twee van die kinder altaar bedieners gaan staan voor die kateder. Elkeen het ‘n kers in die hand. Die een se kers brand en die ander een se kers is dood. Mense kom steeds in.

Die liturg (diaken[26]) wat in wit en pers geklee is, kom na die kateder. Hy groet en die

[26] ‘n Diaken is ‘n priester in opleiding



© University of Pretoria

gemeente antwoord. Hy lees en/of bid. Die gemeente staan. Sommiges se oë is toe en ander se oë is oop. Aan die einde gee almal ‘n kopbuiging vorentoe en gaan sit. Die kinder altaar bedieners gaan sit daar waar hulle vantevore op die verhoog gestaan het.

Die liturg (priester) wat in pers geklee is, kom na die kateder. Hy groet in Sesotho en Engels. Die gemeente groet terug. Hy praat Engels maar dit is baie moeilik om hom te hoor en te verstaan. Dan sê hy: “God is good” en die gemeente antwoord met: “All the time”. Hy vertel iets oor God se goedheid. Dan lees hy uit Genesis. Hy verduidelik dat daar twee skeppingsverhale is. Dan sê hy dat vandag die dag van die Here is. Hy praat weer Sesotho en Engels deurmekaar en dit is moeilik om te volg. Hy beklemtoon weer dat Genesis 2:3 vir ons sê dat vandag die dag van die Here is. Hy sê dat God sy eie Gees in ons ingeblaas het. Die Gees van God is in elkeen van ons. Hy sê iets oor doop en geloofsbelydenis, lees ‘n gedeelte êrens uit die Nuwe Testament, praat oor voorspoed, sukses en mag, dan oor woestynervarings, die duiwel en engele. God help ons om ander dinge as die wêreld te soek. Die wêreld is op soek na sukses en mag. Ons moet soek na diensbaarheid en liefde. Hy sluit dan weer af met: “God is good” en die gemeente antwoord: “all the time.”

Dan staan ons. Mense kom steeds in. Almal sê of die geloofsbelydenis saam of bid iets soos die Onse Vader saam. Dan bid die diaken en daarna die priester. Die gemeente antwoord. ‘n Vrou vanuit die gemeente bid en die gemeente antwoord. ‘n Man vanuit die gemeente bid en die gemeente antwoord. Nog ‘n man bid. Mense kom steeds in. Die gemeente antwoord. Dan bid die priester weer – sy hande is deurentyd voor sy bors gevou. Die gemeente antwoord en sê dan almal saam: “Amen.” Ons gaan sit. Die koor staan en begin sing. Dan begin die gemeente saamsing. Die prosessie kom met die linkerkantse ry afgestap na agter toe. Die mense wat in die *VIP* banke sit volg die prosessie. Hulle loop in die middelste ry weer na vorentoe. Nog mense volg hulle. Dan loop hulle weer in die regterkantse ry van voor na agter. Mense van oral oor begin agter hulle aan deur die kerk loop terwyl almal sing. Ons verstaan nie lekker wat nou aangaan nie...



© University of Pretoria

Die vriendelike vrou kom na ons toe en sê dat dit gawes tyd is. Sy vra of ons iets gaan bydra? Ons sê ja en dan verduidelik sy dat ons agter haar moet aanloop. Voor in die kerk is daar verskeie bakke wat mense vashou. Elkeen is gemerk. Ek gooi my geld in 'n bak gemerk BOMME. Ek het geen idee wat dit beteken en waarvoor dit is nie. Die gemeente bly sing, in verskillende stemme. Dit is werklik mooi. (Die bring van die gawes lei die nagmaal in).

Dan word die elemente vir die nagmaal voor by die tafel reggekry. Daar is mense met sakke kos wat na die middelste ry toe loop. Die prosessie vorm weer en die mense met kos loop saam met hulle na vore. Die twee liturge neem die kos in ontvangs en gee dit aan drie van die kinder altaar bedieners. Hulle gaan sit dit neer. Die twee liturge gaan staan agter die tafel. Die pragtige sang gaan steeds voort. Dan bid die priester en die gemeente antwoord met 'n gebed. Hy bid weer en die gemeente antwoord met: "Amen". Dan vind daar verdere beurtspraak plaas. Die priester lees met sy hande sywaarts in die lug. Die koor sing en dan val die vroue in met die mans 'n rukkie daarna. Pragtige beurtsang vind plaas. Van die mense beweeg hul hande heen en weer in die lug op die sing van Hosanna. Hier en daar beweeg 'n lyf.

Dan gaan sit ons. Van die mense kniel op die knielbankies wat aan die banke vas is. Die priester gaan voor en hou die hostie in die lug. Klokkies speel. Hy hou die beker in die lug en weer is daar klokkies wat speel. Die gemeente bid hardop. Hy bid met sy hande sydelings uitgestrek. Die gemeente antwoord: "Amen." Hierna sing hulle 'n amen lied. Die gemeente steek hul hande in die lug en bid 'n gebed. Die priester bid terwyl die gemeente steeds hul hande in die lug hou. Hulle antwoord. Die priester bid verder. Die gemeente antwoord weer met : "Amen." Mense druk mekaar en sê: "The peace of the Lord be with you." Ons word ook van oral oor gegroet en hande word geskud. Die gemeente sing weer. Die priester breek 'n stukkie van die hostie in die beker in. Die gemeente sing.

Die vroue liturg en 'n man (akoliete) uit die gemeente gaan vorentoe en staan aan weerskante van die tafel. Die priester hou weer die hostie en beker in die lug. Die gemeente sing steeds. Die kinder altaar bedieners gaan van die verhoog af en gaan staan onder voor die verhoog. Een kind kom agtertoe geloop. Die priester bid en die



© University of Pretoria

gemeente antwoord. Klokkies word weer gehoor. Dan loop die kind weer vorentoe. Die priester sit die hostie in die diaken en die ander twee persone (akoliete) op die verhoog se monde. Dan gee hy aan elkeen van hulle ‘n bakkie. Hulle gaan staan op drie punte, een links voor, een in die middel en een regs voor. Dit is drie bedieningspunte en die gemeente begin op hul eie tyd vorentoe beweeg. Die vroue bedek hul hoofde soos hulle vorentoe gaan om te ontvang. As hulle by die liturg wat bedien kom hou hy die hostie wat hy uit die bakkie geneem het in die lug op en sit dit dan in die gemeentelid se mond.

Die beker met ‘n hostie waarvan daar net ‘n stukkie afgebreek is staan steeds op die tafel. Die res van die hostie is bo-op die beker geplaas. Die vriendelike vrou het vir ons kom sê dat sy aanneem ons gaan nie deelneem nie. Ons het bevestig dat sy reg is en haar bedank. Die priester en die diaken gaan staan weer agter die tafel. Die priester drink die beker leeg. Die gemeente sing deurentyd. Mense kom steeds die kerkgebou binne. Die priester ontvang die hostie bakkies terug. Nie almal het deelgeneem aan die mis nie. Voor en langs ons was mense wat nie vorentoe gegaan het nie. Die gemeente sing steeds. Die priester bid met sy hande omhoog. Die gemeente antwoord: “Amen.”

Dan gaan daar ses mense na vore. Die priester kom na die voorpunt van die verhoog. Hy strek sy hande uit na hulle toe en bid vir hulle. Een van die altaar bedieners staan langs hulle en ’n ander een staan langs die liturg op die verhoog. Die bediener op die verhoog gee vir die priester ‘n bak met water. Hy sprinkel water op die mense en dan gaan sit hulle weer. Ons het na die tyd uitgevind dat dit deel was van spesiale voorbidding wat hierdie mense versoek het.

Die priester sê iets en dan staan vier mense in die gemeente op. Hulle word verwelkom deur die mense rondom hulle. Ons word dan gevra om ook te staan en word met ‘n handeklap verwelkom. Die priester sê iets en almal lag. Hy vra dat ek weer moet opstaan. Almal lag en klap. Ek het geen benul van wat aangaan nie. Ek groet maar net almal weereens vriendelik.



© University of Pretoria

Die vriendelike vrou, met 'n blou manteltjie aan, gaan vorentoe en lees iets soos afkondigings. Sy vra moontlik ook vir voorbidding vir mense want soos sy name noem vryf iemand naby ons die vrou voor haar se rug terwyl iets gelees word. Die vrou erken dit met 'n kopknik. Dan lees die voorleser iets wat met geld te doen het. Ek herken die "rande." Die priester neem weer oor en lees uit die nuusbrief. Hy stel 'n boek "Sacrificium" bekend wat die mense vir tien rand kan koop. Dit is beskikbaar in verskillende tale.

Sewe mense word vorentoe geroep. Hulle kyk na die gemeente terwyl die priester oor hulle praat en hulle verwelkom as nuwe lidmate. Dan draai hulle vorentoe. Die priester doen vir hulle 'n gebed terwyl hy sy hande oor hulle uitstrek. Die gemeente "amen" op sekere plekke. Almal maak die teken van die kruis en sê "amen." Hierna loop die mense weer terug na hulle banke toe.

Die liturge buig by die tafel en dan vorm die prosessie. Die gemeente sing terwyl die prosessie na agter beweeg. Nadat die prosessie by die *VIP*'s verby is volg hulle die prosessie en almal beweeg agter toe en by die deur naaste aan ons uit. Die priester kom groet ons en vra of ek onderhoude met iemand wil hê. Ek verduidelik dat ek net wou waarneem. Hy is baie vriendelik. Die koor sing terwyl die res van die gemeente ook uitstap. In die kerk versamel groepe mense om dinge te bespreek. Ons neem gou 'n paar foto's.

'n Vrou kom na ons toe en stel haarself bekend as Theresa. Sy sê dat Vader David ons uitnooi vir 'n koppie tee. Voor ons die kerkgebou verlaat het sy by die deur water wat in 'n bakkie teen die muur is geneem en 'n kruis daarmee op haar voorkop gemaak. Sy het net so terloops vir ons gesê: "This is what we do." Ek besef dat ek gesien het dat van die mense wat die kerk binnegekom het dit ook gedoen het. Sy vergesel ons na sy huis wat op die kerkgronde is. Sy verskoon haarself en 'n netjies geklede man, Moses kom sit by ons en gesels. Ons sit by Vader David se eetkamertafel. Uit ons gesprek word een of twee dinge wat ons nie verstaan het nie duidelik.

Voor die diens begin het, het ons gesien mense koop blaadjies by die deur. Dit is die



© University of Pretoria

afkondigings en is te koop teen twee rand elk. Die gemeente is opgedeel in nege klein Christen gemeenskappe. Dit is amper soos ons kleingroepe of selgroepe. Hulle sien dan om na die nood in hulle eie klein gemeenskappie. Die fondse van die verkoop van die afkondigings gaan onder andere na hierdie gemeenskappies. Moses is verantwoordelik vir hierdie klein gemeenskappies.

Die kinders wat deel uitmaak van die altaar bedieners is tussen tien jaar oud en graad twaalf. Dit mag seuns en dogters wees.

Die gemeente het geen orrel of klavier nie. Buite Lydenstyd gebruik hulle blykbaar dromme maar geen musiekinstrumente tydens Lydenstyd nie. Vandag was die eerste Sondag in Lydenstyd. ‘n Mens kry die gevoel dat die liturgie deel is van die gemeente. Veral omdat daar geen woorde of liedboeke is nie en tog neem almal deel.

Ons kry tee en koffie en botterbroodjies. Vader David kom vra om verskoning dat hy so besig was en wens ons alle sukses toe. Al het ons nie veel verstaan nie verlaat ons die terrein met ‘n glimlag in die hart.

Informele gesprekke het plaasgevind met Theresa wat ons na die diens genooi het vir tee; met Moses saam met wie ons tee gedrink en geëet het na die diens; met die vroue wat aan my verduidelik het wat die onderskrif onder die skildery van St. Anna beteken; met die vrou wat ons by die deur ontvang het en regdeur die diens gehelp het; met Vader David die priester; by ‘n opvolg besoek met van die gemeentelede wat ons verwelkom het by die deur; met die vrou wat aan ons ‘n gebed vir Afrika verkoop het; en met rev. Nyauza wat ook in Atteridgeville woon en werk.

## 3.2 LUCAS MORIPE STADION

(besoek op 27 Oktober 2013)

Ek het vanoggend ‘n doopdiens in ons gemeente waargeneem. Soos gebruiklik op ‘n Sondagoggend wanneer ek ‘n diens doen, bid my man Patrick eers vir my voor ons kerk toe ry. Na kerk het ons, ons gewone Sondag rituele gevolg. Ons het ons dogter



© University of Pretoria

in Menlyn by haar praktyk besoek, lekker gaan eet, ‘n paar goedjies gekoop wat ons nodig het vir die week en toe is ons huis toe om gemakliker aan te trek vir ons besoek aan die Lucas Moripe stadion.

Ek het die hele week probeer om iemand, wat bekend is met Atteridgeville, te kry om saam met ons te gaan. Ek het op Facebook probeer, my kontakte by OM sportbediening gekontak maar alles onsuksesvol. Ons gaan dus alleen. Ons is baie onseker oor wat om te verwag. Ons trek ons 2010 sokker hempies aan, haal ons juwele af, los ons selfone by die huis. Ons vat om veiligheidsredes ook nie ‘n kamera saam nie. Ons pak wel ons vuvuzelas in. Kyk op ‘n gewone harde kopie kaart hoe om by die stadion uit te kom aangesien ons tegnologie by die huis bly. Voor ons by die huis uitgaan sê my man dat ons dalk eerder nou moet bid as soos gebruiklik voor ons kerk toe gaan. Hy bid vir ons. Ek hoop en vertrou regtig dat ons aangenaam verras sal wees.

Die wedstryd waarna ons gaan kyk is een in die Absa Premiership League. Supersport United speel teen Bloem Celtic.

Ons kom in Atteridgeville aan en kry aanwysings na die hoofhek van die stadion. By die hek sê hulle dat ons langs die stadion voor die polisiestasie moet gaan parkeer. Ons parkeer en wil by die hoofhek ingaan. Hulle stuur ons egter na hek nommer twee. Dit is heeltemal aan die anderkant van die stadion. Ons loop reg rondom die stadion en staan uit soos seer vingers. Ons groet almal vriendelik en hulle groet terug. ‘n Paar skreeu “*South Africa*” omdat ons 2010 hempies aan het. Uiteindelik kom ons by hek twee. Daar is parkering binne. Patrick vra of ons daar mag parkeer en hulle stem in. Ons loop al die pad terug om die motor te gaan haal. Op die hoek van die straat buite die stadion is ‘n stalletjie waar kaartjies verkoop word. Daar is ‘n aankondiger met ‘n klanksisteem. Hy groet ons vreeslik vriendelik oor die luidspreker toe ons verby hom loop. Hy doen dit weer toe ons die tweede keer daar verby loop. Hy verkoop kaartjies teen twintig rand per kaartjie. Ons het vyftig rand per kaartjie op die internet betaal... Orals langs die pad vra klein kindertjies vir ons kaartjies vir die wedstryd. Ons kom weer terug by hek twee. Die hekwag sê dat hy ‘n parkeer fooi sal waardeer. Ons het nie eintlik ‘n keuse nie want ons sien nie kans om weer al die pad



© University of Pretoria

terug te ry na die polisiestasie en weer om te loop nie. Ons gee hom maar wat hy wil hê.

Ons gaan deur die hekke en word ondersoek. Ons moet ons water los. Ons vind uit dat ons by die verkeerde hek is. Ons sitplekke is by die hoofhek, waar ons aanvanklik begin het. Ons moet weer reg rondom loop. Hierdie keer loop ons aan die binnekant van die stadion om. Oorverdowende musiek speel binne die stadion. Die gras is lieflik groen. Dit is ‘n pragtige skoon stadion. Orals is groepies mense wat saamsing en dans. Die ondersteuners is geklee in blou en groen.

Die twee spanne verskyn op die veld. Hulle groet mekaar en neem dan hulle plekke in. Daar word afgeskop en vuvuzelas klink oral op. Die groepies sing steeds. Die spanne speel in pers en swart. Hier is nie baie toeskouers nie. Die son is verskriklik warm. Ons is gelukkig genoeg om op die hoofpawiljoen in die koelte te sit. Die span in pers skop amper ‘n doel en ‘n deel van die skare skreeu opgewonde.

Die spelers op die veld is almal swart spelers. Tussen die reserwes sien ek ‘n paar wit spelers. Onder die afrigtingspan wat op die veld sit is ook ‘n paar wit persone. Tussen die skare sien ek vier ander wit persone buiten ons.

Die pers span skop amper ‘n doel. ‘n Deel van die skare raak baie opgewonde. Die groepies sing en dans onverpoosd. ‘n Massiewe groot advertensie van Engen in die vorm van ‘n trui word oor die skare op die oostelike pawiljoen getrek. Die skare op die westelike pawiljoen waar ons sit, is stil. Daar is ‘n groen groep op die suidelike pawiljoen en ‘n blou groep op die oostelike pawiljoen. Hulle is nie vir ‘n oomblik stil nie. Hulle sing en dans en waai vlaggies. Die Engen “trui” lê nou stil. Daar is sekuriteitsbeamptes by al die ingange na die veld. Hier is baie kinders. Hulle loop sommer so op hul eie oral rond. Mense kom nog steeds die stadion binne vyf en twintig minute nadat die wedstryd al begin het. Dit herinner my aan iets wat ek op ‘n keer van John Mbiti gelees het – in Afrika is dit belangrik om deel te wees van die gebeurtenis. Dit is nie belangrik hoe laat jy by die gebeurtenis opdaag nie.

Daar kom ewe skielik lewe onder die mense op die hoofpawiljoen as die swart span



© University of Pretoria

amper punte aanteken. Die groepies kry ook nuwe lewe, nie dat hulle al ooit stil gebly het nie. Hulle raak net by tye bietjie rustiger eerder as stil. Die blou groep op die oostelike pawiljoen vorm ‘n treintjie en loop op en af langs die veld. Swart teken weer amper ‘n doel aan. Vuvuzelas blaas, die hoofpawiljoen kry weer lewe. Drie duiwe vlieg rond in die omgewing van die hoofpawiljoen. Die blou treintjie het tot stilstand gekom. Hier is teleurstellend min mense as mens dink hoe groot die sokker aanhang in Suid-Afrika is.

‘n Speler baklei met ‘n lynregter omdat hy sê dat die bal uit is. Die gang waar die spelers in en uit kom, is heeltemal toegekamp en beveilig. Die swart span se wit afrigter is heeltyd op en af langs die veld. Hy gooi kort-kort sy arms in die lug op. Van die reserwes van die swart span begin opwarm. Ons is veertig minute in die wedstryd in. Die groen en die blou groepe is in die bloedige son maar hulle hou net nie op sing en dans nie. Die groen groep gebruik net hul stemme en liggame. Die blou groep gebruik vuvuzelas, ‘n tromboon, ‘n trompet en dromme. Ander mense wat in kleiner groepies oral oor die stadion sit, sit in stilte behalwe wanneer daar amper ‘n doel geskop word. Dit is ‘n paar minute voor halftyd. Daar verskyn meer sekuriteitsbeamptes naby die ingangshek wat die spelers moet gebruik om na die kleedkamer te gaan. Die blou en groen groepe staan en beweeg heeltyd. Die groenes het ‘n voorganger wat amper soos ‘n dirigent optree. Blou het sommer ‘n paar voorgangers. Die swart span, Bloem Celtic, teken ‘n doel aan net voor halftyd. Die groenes gaan mal! Blou is vir die eerste keer stil, sommer baie stil. Die aankondiger sê watter speler die doel aangeteken het. Die spel hervat. Groen spring nou op en af en sing ritmies, almal klap ook saam. Blou begin stadig weer sing maar baie sagter as voor die doelskop.

Die stadion is ‘n atletiekbaan ook. Dit is regtig pragtig. Nêrens op die stadion is ‘n horlosie of enige tydsaanduiding nie. Die aankondiger sê daar is nog twee minute oor voor rustyd. Die klanksisteem maak ‘n kringfluit en ek dink daaraan dat my mikrofoon vanoggend in die kerk ook so gemaak het. Dit is halftyd. Die stem kondig aan dat iemand vir ons hul nommer een lied gaan uitvoer.[27] Die stem vra of ons gereed is? ‘n

[27] Dit het vir my soos Cifo geklink maar ek kon nie so groep op die internet opspoor nie. Dit wil wel vir my lyk of dit een van Eminem se liedjies is.



© University of Pretoria

Replika van een of ander sokker trui kan gewen word. Die stem skreeu: "*How are you Atteridgeville*?" 'n Oorverdowende lawaai kom deur die klankstelsel. "*Living life in the fast lane*" speel.

Groen en blou is stil en rus 'n bietjie. Ek sien nou vir die eerste keer die twee groot vlae raak by die groen groep. Op die vlag is 'n groot sokkerbal en daar staan Sasolburg branch en Siwelele op die vlag. By die blou groep is daar ook vlae. Daar is 'n sokkerbal op elke vlag en Matsatsantsa met vier verskillende "branch" name. Dit is te ver vir my om te lees. Die blou Engen "trui" word weer oor die skare getrek. Dit moet vir hulle heerlik wees om bietjie koelte te kry. Die stem vra vir Matsatsantsa of hulle daar is? Drie van hulle lede wen elkeen 'n prys.

'n Kind staan verdwaald voor ons pawiljoen rond. Hy moes êrens heen geloop het en nou weet hy nie waarheen nie. Een van sy maatjies hardloop af om hom te gaan haal. Die *VIP* pawiljoen is net langs ons s'n. Almal daar het water en Coke. Ons kwyl behoorlik. Ons is só dors van die hitte. Hier is nêrens plek om iets te koop nie. Ek dink as ek nog een so botteltjie water op 'n afstand moet sien gaan ek omval. Party mense dra meer as een. Dit is alles gratis. As ons tog maar net aan die *VIP* kant gesit het...

Die twee spanne verskyn weer op die veld. Die pers span se reserwes begin opwarm. Dan skop hulle af. Die eerste plaasvervanger vir swart gaan op die veld. Die groen en die blou groepe is weer aan die gang. Op die hoofpawiljoen blaas niemand 'n vuvuzela nie, so ons s'n staan ook nog stil tussen ons. Dit pas nie in by die liturgie van hierdie pawiljoen nie. Die hoofpawiljoen kry 'n bietjie lewe as die swart span amper 'n doel skop. Behalwe af en toe, is die deelname aan die westekant bitter min in vergelyking met die deelname van die bloues oos en die groenes suid. 'n Tweede plaasvervanger gaan op vir die swart span. Dan volg daar twee plaasvervangers vir die pers span. Die plaasvervanger staan op die middellyn buite die veld en kan nie opgaan voor die speler wat afkom nie aan hom raak nie.

'n Klein dogtertjie voor ons gee 'n ligte blaas op 'n blou vuvuzela en waai 'n wit trui met blou sterretjies op. Sy lyk heel gelukkig en dit pla niemand nie. Groen staan



© University of Pretoria

steeds en klap maar die singery is met minder ywer. Hulle is darem al ‘n uur en ‘n half in die bloedige son aan die gang. Blou is ook nog heel luid aan die gang. Uiteindelik kom daar ‘n koeldrank verkoper by ons pawiljoen aan. Dit voel soos ‘n oase in die woestyn. Hy sê dat hy nie aan ons botteltjies mag verkoop nie. Ons het gesien hoe gooi hy die koeldrank uit ‘n botteltjie in plastiese glasies vir ander kopers en dan moes hulle gou die res van die botteltjie opdrink en aan hom terug gee. Ons vra hom uit daaroor. Hy sê die bottels word nie toegelaat nie omdat die mense mekaar na die tyd daarmee gooi. Hy sê dat hy weet ons sal dit nie doen nie en ons mag maar die bottels hou. Ons hoef nie vinnig die inhoud wat nie in die glas pas klaar te drink nie.

Dit is opvallend dat daar bitter min onderbrekings in die spel is. Daar is min beserings en geen waterdrinkery tussenin nie. Die spel behou momentum. Selfs as ‘n speler van die veld moet kom en hy beweeg te stadig skreeu die afrigter op hom. Die eerste wit speler verskyn op die veld. Hy is ‘n plaasvervanger in die pers span. Gedurende sy eerste paar minute op die veld word hy twee maal gepootjie en toe ontvang hy ‘n harde kopstamp deur ‘n ander speler. Hy word met ‘n draagbaar van die veld verwyder. Die pers span kry ‘n strafskop in hulle guns en teken ‘n punt aan. Is dit egter die moeite werd? Dit is so sleg vir sport. Sport het nie hier gewen nie. Die spel hervat weer. Die swart span se afrigter swaai sy hande en arms en skreeu nou sommer op die skeidsregter ook. Nog ‘n plaasvervanger gaan vir die swart span op. Hulle afrigter hou sy kop vas. Ekstra sekuriteit verskyn weer by die spelers se ingang na die kleedkamer. ‘n Banier word uitgedra. Speeltyd is amper verby. Die telling is een elk. Die swart span se afrigter gaan steeds tekere. Die duiwe vlieg weer hier by ons rond. Groen en blou staan steeds en beweeg rond. Die singery is nou stil, net die lywe beweeg. Hier en daar klink ‘n vuvuzela steeds op. Die son begin moontlik nou sy tol eis. Groen het al ‘n bietjie skaduwee maar blou sit nog in vol son. Vier minute ekstra tyd word gegee vir die oponthoud tydens die besering. Iemand agter ons skreeu op die skeidsregter. Ewe skielik kry groen weer lewe. Hulle sing en dans. Die swart span kry ‘n hoek en skop vir ‘n doel maar dit is mis. Van die mense skreeu op hulle, hulle afrigter ook.

Die spel is verby. Groen sing en dans steeds. Blou het reeds almal geloop. ‘n Man



© University of Pretoria

kom na ons toe. Hy praat met 'n Duitse aksent. Hy vra of ons hom dalk 'n geleentheid kan gee na die Gautrein toe. Hy lyk nogal vreemd met twee blou geswelde oë maar ons stem in. Hy vertel ons dat hy al die Premiership spanne se wedstryde volg. Hy bevestig vir ons dat die groenes Bloem Celtic ondersteuners is. Hulle sing steeds. Hul spelers is ook nog op die veld en sit en lê en strek. Oorverdowende musiek speel weer. Op pad uit loop ons die koeldrank verkoper raak. Hy groet ons soos koninklikes. Buite die stadion word aandenkings verkoop. Dit was nie daar toe ons ingekom het nie. Dit is opvallend hoe skoon die stadion is en ook rondom die stadion. Daar lê feitlik geen rommel nie.

Ons neem die Duitser, Stephan Schlei na Hatfield stasie. Hy vertel ons dat hy al die stadions in die wêreld besoek waar wêreldbeker eindstryde gespeel is sedert 1930. Hy was gister by Soccer City – die laaste wêreldbeker stadion waar hy nog nie was nie. Hy is nou 'n week in Suid-Afrika. Hy volg die sestien Premier League wedstryde in Suid-Afrika en sal vir ses weke hier wees. Die eerste wedstryd wat hy bygewoon het, was op Loftus. Na die wedstryd het twee swart mans aangebied om hom na sy gastehuis te vergesel. Hy sê dat hy na vyf en veertig minute se rondstap onrustig geraak het want die gastehuis is net twee kilometer van die stadion af. Hulle het ook al hoe meer in die donker begin loop. Hy vra hulle toe of hulle liewer meer na die groot pad se kant toe kan loop. Hulle het hom toe aangeval en geslaan en gewurg. Hy sê hy het gedink hy gaan sterf. Voor hy na Suid-Afrika toe gekom het, het hy sy testament reggekry. Hy was baie bang om hierheen te kom en stel dit al vir vier jaar uit. Op een of ander wonderbaarlike manier het hulle hom vir dood agtergelaat en met sy dagpak, kamera en geld wat hy by hom gehad het weggegaan.

Mense wat verby gekom het, het hom gelukkig gehelp en hy kon by die gastehuis uitkom. Sy oë is altwee nog blou en hy het vir ons sy padkaart gewys wat in sy baadjiesak was. Dit is nog vol bloedspatsels. Dit is so hartseer dat sulke dinge in ons pragtige land moet gebeur! Hy het vir ons sy visite kaartjie[28] gegee. Dit sê: "*Congratulations! You have just met the World Record Hitch-hiker of the Guinness Book of Records: Stephan Schlei from Germany. Best wishes*". Hy het dit geteken en sy adres is ook daarop.

---

[28] Sien Addendum 2



© University of Pretoria

Dus ‘n dag vol gebeurlikhede!

Informele gesprekke het plaasgevind met die mense by die hekke; met die koeldrankverkoper; met die Duitser wat goed bekend is met sokker; met mense wat voor en agter ons gesit het; en met rev. Rapetswa wat goed bekend is met sokker en Atteridgeville.

## 3.3 OOSKERK

(besoek op 7 Julie 2013)

Dit is ‘n miernes in die parkeer terrein. Jongmense staan orals rond. Voor die kerkdeure is groot borde wat lees *SILENCE* en *STILTE*.

Binne in die kerk is dit stil. Mens hoor egter die gegons buite. Die ligte in die kerk is effe verdof. Voor brand tien groot kerse op ‘n tafel waarop daar ook ‘n klomp onaangesteekte klein kersies (*tealights*) is. Daar is nagmaalselemente op die tafel. ‘n Oop Bybel lê op die kansel. ‘n Pragtige prent word voor teen die muur deur middel van Powerpoint vertoon. Dit is ‘n wingerd in die mis met berge in die agtergrond. 18:00 lui die kerkklok.

Die liturg kom vorentoe en lees voor in Engels. Hy spreek die seën uit in Afrikaans. Ons sing met klavierbegeleiding ses liedere:

Shout to the Lord
Laudate Dominum (in Latyn en Engels)
Loof die Here God
O Lord my God when I in awesome wonder
Jesus remember me
Bleibet hier



© University of Pretoria

Die liturg lees Jes. 5:1-7 in Engels, terwyl hy in die bank bly sit. Die prent van die wingerd wys weer. ‘n Tweede liturg lees dieselfde gedeelte in Afrikaans[29]. Sy lees êrens van agter af. Die eerste liturg gee ‘n kort oordenking in Engels. Hy sit steeds. Hy maak ‘n verbintenis tussen hierdie gedeelte uit Jesaja en die elemente van die nagmaal. Dan verskyn die volgende voor op die muur:

*Stilte / Silence*
*Watter vrug is kenmerkend aan jou lewe?*
*Do I really follow Christ and is it visible in my life?*

In hierdie tyd van stilte hoor mens ‘n koor sing in die saal langsaan. Die prent van die wingerd verskyn weer op die muur. Mense sukkel half met die stilte. Daar word keel skoon gemaak, gehoes, hier en daar hoor jy iemand rondskuif. Dit versteur die hemelse stilte effens. Daar verskyn die volgende op die muur:

*Kom neem deel aan die brood en wyn*

‘n Derde liturg kom na vore en stel die nagmaal baie kortliks in. Sy nooi ons om te kom eet en deel te wees van ‘n groter wingerd. Sy doen dit in Afrikaans. Die ongeveer sewe en dertig erediensgangers gaan elkeen op sy of haar eie tyd na vore. Die liturg hou die bord met hosties en beker met wyn vas en elkeen neem by haar ‘n stukkie hostie en doop dit in die beker met wyn. Sy sê vir elke persoon wat die elemente neem: “Die liggaam van Christus; die bloed van Christus.” Nadat jy die elemente gebruik het, gee die persoon voor jou vir jou ‘n dun brandende kersie aan waarmee jy ‘n teeliggie kan aansteek. Jy gee dan weer die dun brandende kersie aan vir die persoon agter jou in die ry.

Nadat almal weer sit, sing ons *Wait for the Lord*. Dit word drie maal herhaal. Liturg twee gee leiding met die sang. Hierna sing ons *Kom kyk, kom kyk*.

Dan verskyn die volgende op die muur:

---

[29] By opvolg dienste wat ek hier bygewoon het, is die Skrifgedeelte ook in Frans voorgelees.



© University of Pretoria

*May the Lord bless you. Bear fruit.*

*Verlaat asb. die kerk in stilte.*

*Donations at the door.*

Informele gesprekke het plaasgevind met 3 vroue en een man wat gereeld die meditatiewe dienste bywoon.

### 3.4 LOFTUS VERSFELD

(besoek op 6 Julie 2013)

Die prosessie begin by die UP parkeerterrein waar ons gelukkig genoeg is om te parkeer. Die opwinding is tasbaar in die lug. Orals langs die straat op pad Loftus toe is stalletjies – entrepreneurs met alle Bulls en Sharks ware denkbaar.

Ons betree die gronde en die "vibe" verdubbel. 'n Reuse TV skerm wys die Stormers-Kings wedstryd wat in Oos-Londen gespeel word. Rooi "puffs" is oral op die grond en jongmense lê daarop. Baie verliefdes is meer op mekaar gefokus, waar hulle saam op een "puff" lê, as op die wedstryd.

Jy ruik kos orals en daar is stalletjies op elke denkbare en ondenkbare plek. 'n Reuse verhoog lok 'n groot skare. Bok van Blerk en orkes vermaak die mense en vir 'n oomblik wonder ek of ons verdwaal het. ***Is*** ons by Loftus of by een of ander fees?

Ons beweeg verder en kom by die ingangshekke na die stadion. Daar loop ons vier lidmate raak. Ons druk mekaar en spreek ons blydskap uit om mekaar hier te sien. "Geniet die game. Skreeu vir die Bulle!" word uitgeruil. Hulle is almal goed uitgerus in hul Blou Bul klere. Ons "swipe" ons kaartjies en verkry toegang tot die stadion. 'n Paar tree verder loop ons die naweek koster raak. Ons vind uit hy is 'n Shark. Ek spreek my teleurstelling uit maar ons kom ooreen om dit nie teen mekaar te hou nie.

Ons bestyg die trappe en dan breek die groot oomblik aan – die stadion lê voor ons. Ons betree die ruimte. Blou en rooi – pragtig. Die gras is lieflik groen, die spreiligte is



© University of Pretoria

aan en mens kan skaars glo dit is aand. Ons moet verby ‘n paar jong seuns skuur om by ons sitplekke uit te kom. Ons groet mekaar vriendelik en hulle maak soveel spasie as moontlik. Orals sit mense en gesels opgewonde. ‘n Mens voel welkom.

‘n Voorwedstryd is aan maar min mense kyk regtig. Dan druk die Bulle ‘n drie en Steve Hofmeyr se Blou Bul lied speel hard. Daar kom lewe in die skare. Baie sing saam, ander gesels net harder. Orals word geëet en gedrink. Sharks sit tussen Bulls en daar is ‘n goedige geskerts. Dis Bul horings, plastiese Sharks, swart vlae, blou vlae, plakkate met “Ons bloed is blou” die hele wêreld vol.

Die voorwedstryd is klaar. Daar is so 40 minute voor die hoofwedstryd. Vrolike musiek speel hard. Mense raak verskriklik opgewonde as hulle hulself op die groot skerm sien. Bulls en Sharks agterspelers begin opwarm op die veld – natuurlik aan twee verskillende kante van die veld. Steeds moeilik om te glo dis aand. Die ligte is só helder. Mens kan selfs foto’s neem sonder ‘n flits.

Dis net soveel anders hier as om die wedstryd op televisie te sien. Dis ‘n geroesemoes van klanke, alles deurmekaar. Op die veld is beweging orals. Patrick Lambie van die Sharks skop eenkant na die pale toe, Morné Steyn van die Bulls na die anderkant se pale. Van die ander Bulls en Sharks skop die bal vir mekaar. Balle vlieg orals rond.

Kinders is op en af, op en af op die pawiljoene, niemand hoef stil te sit nie. Dit moet heerlik wees vir hulle.

Die stadion is nog baie leeg – dit is 18:45. Ek wonder of die grootste gros mense ook hier gaan instorm ‘n paar minute voor die tyd, soos dit gewoonlik in die kerk gebeur. ‘n Outjie kom by ons verby en deel ‘n A4 papier[30] aan ons uit. Op dit staan in sy eie handskrif:

[30] Sien Addendum 3



© University of Pretoria

*Please help us*

*Hello my name is Thabiso Selepe. I live in Mamelodi East Ext 6 Masha Street Address 34716. I live with my little sister Neo Selepe. She is 10 years old and me 20 years old and now we just ask some donations because we don't have parents at home. We just need help because we a still going to school. We just ask some donation for R10, food, clothes, shoes, and stationary. We just need help because my mother she pass way. Thing have to change at home, now. We just ask same donation for R10 please. To get something to eat at home please just R10 please. IN THE NAME OF JESUS.*

*GOD BLESS YOU*

Ek het nie gedink ons sal hier ook moet "kollekte" gee nie maar ons gee maar. Ek vra sy brief in ruil daarvoor. Ek sien darem dat hy nog 'n paar kopieë het.

Dis 'n baie koue dag gewees en ek het gedink ons gaan vries. Tog help al die asems en liggaamshitte rondom ons.

'n Stem verwelkom ons op Loftus. Die skare kom in beroering. Hy vra dat ons Bok van Blerk moet verwelkom. Die skare gaan mal. Hy sing *De la Rey*. Orals staan mense op en wieg heen en weer, ander sit en wieg heen en weer. Wanneer hy die refrein sing, sing die skare uit volle bors – klein en groot sing saam.

Die Sharks voorspelers maak 'n kringetjie in een hoek van die veld. Dan begin hulle verwoed teen mekaar skrum. In 'n ander hoek gooi hul agterspelers vir mekaar die bal. Bok van Blerk vra of hy nog 'n lied moet sing? Die skare skreeu: "Ja!" Hy sing *Blou Bul snor*.

Bulls agterspelers begin ook die bal rondgooi in 'n ander hoek van die veld. In die vierde hoek oefen die Bulls voorspelers 'n lynstaan en dan gaan hulle oor in 'n skrum. Mense stroom steeds in die stadion in. Dit is 19:00. Bok vra of daar tyd is vir nog 'n lied? Mense skreeu weer oorweldigend: "Ja!" Hy sê hy sing nou vir die hele SA en



© University of Pretoria

sing *Ons vir jou Suid-Afrika*. Mense orals sing saam en waai blou en swart vlae. Die stadion word al hoe voller.

Bok het klaar gesing. Hy sê: "Dankie Loftus! Mag die Bulls wen!" Die skare gaan mal. Die stem bedank Bok en kondig die Sharks span se name aan. As Mtawarira se naam genoem word skreeu die skare soos een man: "Beast!" Met die aankondiging van die Bulls span se name skreeu die skare op elke naam maar tog 'n bietjie harder vir Morné Steyn. Die Sharks verlaat die veld. 'n Rondte handeklap word gevra vir Madiba. Die skare neem gretig deel.

Mense stroom steeds in. Die stem bedank die Sharks ondersteuners vir hul teenwoordigheid. Hy herinner hulle aan die tradisie op Loftus om nie te "*boo*" as hul opponente skop nie. Hy vra dieselfde van die Sharks ondersteuners. Verder vra hy dat almal goeie sportmangees moet openbaar. Hy moedig die skare aan om almal te ondersteun wat goed speel. Hy noem dat dit 'n rookvrye area is.

Vodacom Bulls Babes word op die veld verwelkom. Die skare juig. Dis vriesend koud maar hulle is karig geklee. Die manne gaan mal. Orals flits kameras. Daar is 'n groot handeklap vir die meisies.

Die Orlando Pirates span wat die wedstryd bywoon word spesiaal verwelkom. So ook ander hooggeplaastes, soos die minister van Sport, 'n Tshwane raadslid en John Smith. Dan vra die stem dat die Sharks ondersteuners op die telling drie hul stemme moet laat hoor. Sharks ondersteuners oral skreeu. Dan vra die stem dat as jou bloed blou is, jy moet lawaai. Bulls ondersteuners spring op en dis 'n kakofonie. "Beste stadion in die land", sê die stem. Dan verduidelik hy dat die Sharks vanaand net speel vir hul trots, hulle kan nie meer die Top 6 in die kompetisie maak nie. Die Bulls is in die Top 4 en het baie om voor te speel – tuis semi en tuis finaal. Die stem sê dit gaan 'n bloederige wedstryd wees.

Dan hardloop Patrick Lambie op die veld en die stem verwelkom hom vir sy 50ste wedstryd. Hierna kom die res van die Sharks op die veld. Daar is 'n groot gejuig. Lambie het egter aan die verkeerde kant van die veld gaan staan. Sy maats staan



© University of Pretoria

nou teenoor hom. Die stem maak 'n groot grap van hom en sê dat hy maar vir die Bulls kan speel as hy graag wil.

Die Bulls kom met vuurwerke op die veld. Almal staan. Die *Blou Bul-lied* speel. Die skare klap en sing saam. Die stem vra dan vir 'n moment van stilte vir twee Blou Bul spelers wat onlangs oorlede is. Sommige mense staan en neem dit baie ernstig op, ander gesels voort.

Dan begin die wedstryd.

Die Sharks skop af. Ewe skielik is die pawiljoene vol. Hier en daar in die hoeke van die stadion is 'n paar leë sitplekke.

As Mtawarira aan die bal vat skreeu die hele stadion uit een mond: "Beast!!" Die Bulls druk eerste. Loftus gaan mal. 'n Lied van Leon Schuster speel. Die drie word nie toegeken nie. Die skare is stil. Die Sharks begin hardloop. Dit klink ewe skielik of die hele stadion Sharks is. Die Bulls kry weer die bal en die skare is op hulle voete. *Olé* word hard gespeel. ’n Meksikaanse golf wil begin maar is nie geslaagd nie. 'n Shark bly lê. Orals praat mense gelyk. Morné Steyn neem 'n strafskop waar – Sharks ondersteuners bly nié stil nie. Die skop is oor. Loftus staan.

Dan trek die Sharks pale toe. Weereens klink dit of die hele stadion Sharks is. Lambie druk. Orals sien jy net swart[31]. Lambie skop – die skare is stil. Dis mis. ‘n Deel van die skare juig. Tien minute verstreke en soveel opwinding! Die skeidsregter beslis teen die Bulls en die skare *boo.* Die atmosfeer is onbeskryflik. Mtawarira vat weer aan die bal, almal skreeu saam: “Beast!”

Die Stem adverteer *Bulls-bucks* (soos *e-bucks*) – registreer aanlyn.

‘n Sharks meisie wat langs my sit sê vir my dat ek seker ‘n verslaggewer is. Ons gesels ‘n rukkie.

---

[31] Verwysende na die Sharks ondersteuners se swart kleredrag en vlae



© University of Pretoria

'n Bul slaan aan op pad doellyn toe en die skare *boo* soos een man. Beast vat aan die bal... Strafskop vir die Bulls. Die skare gaan mal. Die stem adverteer dat daar op 14 Julie 'n sokker wedstryd op Loftus gespeel sal word. Almal word aangemoedig om kaartjies te koop. Morné skop oor – *You're simply the best* speel.

Daar is min aksie op die veld, *Hanana* speel en die Vodacom meisies vermaak die skare op die suidelike pawiljoen. Die Bulletjie gelukbringer vermaak ons op die oostelike pawiljoen. Hy moet vinnig van die veld af duik as die Sharks begin hardloop. Daar is 'n strafskop vir die Sharks. Die stem adverteer iets wat jy op Facebook en Twitter te siene kan kry. Lambie stel die bal. Die skare is nié stil nie. Die bal is oor. Alles klink weer swart.

Dan hardloop die Bulls. Die skare gaan mal. Deon Basson druk. Vuurwerke word in die lug in geskiet. Die *Blou Bul-lied* speel en die skare is onkeerbaar. Morné skop oor. Nog 'n lied speel. Ek kan nie hoor wat dit is nie want die skare gesels almal saam. Twee note van *Olé* speel en 'n Meksikaanse golf gaan deur die noordelike pawiljoen.

Die Sharks hardloop en verloor die bal vorentoe. Hulle ondersteuners kla. Die stem adverteer Manchester City se wedstryd die 14de Julie. Die Bulls hardloop en Loftus ontplof. 'n Lied speel. Die meisies dans vir die oostelike pawiljoen. Hulle kry dit reg om 'n halwe Meksikaanse golf aan die gang te kry. Morné probeer 'n ongeslaagde strafskop. Die skare *boo*. Die stem adverteer 'n *online mall*. Beast vat aan die bal...

Die kinders voor ons is op en af op hulle stoele. 'n Lied speel. Die meisies dans en swaai pom-poms. Die Sharks kry 'n strafskop. Dis baie ver – verby die middellyn. Die bal is kort – sommiges *boo* en ander juig. 'n Man 'n entjie agter ons los 'n paar knope. *Baby tjoklits* word gespeel. 'n Leë *Hard rock* brandewyn sakkie vlieg oor my kop en land naby my voete. Mens ruik hoe vloei die drank. Die sirene loei. Dis 13-8 in die guns van die Bulls.

Halftyd.



© University of Pretoria

‘n Reuse advertensie banier word op die veld gedra. Dit adverteer ‘n sms nommer vir Blue Bulls ondersteuners asook ‘n Blue Bulls klub webtuiste. ‘n Lied word gespeel – ek hoor FIFA, Loftus, braai en bier, Soweto en Blou Bulle – lekker deurmekaar lied. Mense staan en gesels met mekaar. ‘n Man ‘n paar rye voor ons sien ‘n vriend in die skare raak. Hy maak windmeule met sy arms. Groot opgewondenheid, beduie dat hulle mekaar na die wedstryd êrens moet kry.

Bulls plaasvervangers begin opwarm. Vier klein *ball boys* in rooi skop ‘n bal vir mekaar. Die Sharks kom op die veld. Die stem kondig hulle aan. Die Bulls kom ook op. Steve Hofmeyr se *Blou Bul-lied* speel Die skare is minder entoesiasties as aan die begin van die wedstryd. Vlae word darem nog orals gewaai. Die Bulls skop af. Die stem adverteer die 14de Julie se sokker. Iemand moedig die Sharks aan. ‘n Seuntjie voor ons skreeu: “Bulle!”

Die Sharks kry ‘n strafskop. Lambie lê aan pale toe. Die skare is stil. Die bal is oor. Sharks juig. Plaasvervangers kom op die veld vir die Bulls. Daar is ‘n flou handeklap. Twee note van *Olé* speel. Die meisies kom weer op die veld. Niemand skenk juis aandag aan hulle nie. ‘n Man voor ons skel iemand uit as ‘n moroon. ‘n Seuntjie steek sy *Ons bloed is blou* plakkaat op. Sy ma pluk dit af – “Nee, nie nou nie!” Daar is twee beserings op die veld. ‘n Lied speel. Die seuntjie steek weer sy plakkaat so klein bietjie op. Kinders begin verveeld raak. Mense begin loop.

Daar is ‘n strafskop vir die Sharks. Lambie skop oor. Loftus klink swart. Dit is 14-13 in die guns van die Sharks. Bulls ondersteuners is stil. ‘n Optimistiese roomysverkoper klim oor die mense en wys sy roomys – onsuksesvol. Beast hardloop op die bal af. Loftus ontplof. Nog ‘n strafskop vir die Sharks. Loftus klink swart. Lambie lê aan pale toe. ‘n Ma agter ons sê vir haar seuntjie dat hy moet duimvas hou. Dis mis. Loftus juig. Iemand skreeu: “*Match fixing*!” Nog plaasvervangers kom op die veld. ‘n Shark ondersteuner agter ons los weer ‘n klomp knope. Bulls ondersteuners jou die skeidsregter uit. Nog ‘n strafskop vir die Sharks. Hulle skop uit en gooi in. *We will, we will rock you* speel. Die Sharks druk. Loftus klink swart. Swart vlae waai orals. Die Bulls is stil. Lambie skop, die skare raas. Dis mis. Loftus juig. ‘*Match fixing*” word



© University of Pretoria

weer geskreeu. Daar is ‘n paar knope agter ons. “Lambie moet af”, word daar geskreeu. Nog plaasvervangers kom op.

19-13 vir die Sharks.

‘n Seuntjie sit sy flitsende Blou Bul horings af. Kinders waai vir die gelukbringer. Die Bulls kry ‘n lynstaan. Loftus klap. Hulle verloor die lynstaan. Almal is stil. Die Bulls kry na ‘n lang gesukkel die bal. ‘n Harde “halleluja” kom van agter af. Uiteindelik ‘n strafskop vir die Bulls. Loftus weergalm. Almal klap saam. Drie note van Olé, vier – orals lig mense hulle arms in die lug. Die Bulls maal – almal skreeu: “Maal!” Dalk is daar ‘n drie. Stil word daar gewag vir die TMO. Op die herhaling van die beweging op die reuse skerms lyk dit of die skeidsregter wou gaan druk het. In die proses het hy ‘n besering opgedoen. Hy word behandel. Die skare raak onrustig, hulle *boo* en skreeu. Die stem adverteer die sokker van die 14de Julie. Twee boeties voor ons druk mekaar.

Die Bulls kry ‘n lynstaan. Hulle verloor dit. Dit is ‘n skrum vir die Sharks. Loftus klink swart. Die Sharks gaan druk. Die skeidsregter roep hulle terug na die middellyn. “Swart” Loftus *boo*. Die Bulls het die bal. Loftus is op hul voete. Tien, twaalf fases, die skare gaan mal! Geen sukses nie... ‘n Lied speel. Die Bulls probeer weer. Beast neem die bal af. Loftus klink swart. Bulls ondersteuners kla onder mekaar. Gemoedere loop hoog. Die Sharks maak ‘n fout. Die Bulls ondersteuners laat dit klink of die Bulls ‘n drie gedruk het.

Dan druk die Bulls wel. Die hele Loftus is op hul voete. Vuurwerke skiet in die lug in. Blou vlae orals. Morné skop, Sharks *boo*. Dis oor! 20-19 vir die Bulls. Loftus lewe. Die meisies haal hul passies uit maar kry geen aftrek nie. Vir almal is dit nou weer nét rugby. ‘n Lied speel, almal klap saam. Lambie kry aandag. “Skiet die donder”, kom dit van agter ons af. ‘n Lied speel, die meisies dans.

Daar is vier minute oor. Heinings om die speelveld word opgeslaan en sekuriteitswagte in geel verskyn reg rondom die veld. *I see a bad moon rising* word gespeel. Hier en daar klap iemand saam. Die meisies dans. *I know the end is coming*



© University of Pretoria

*soon* klink dit oor die luidsprekers. Daar is 'n lynstaan vir die Bulls. Dan kry die Sharks 'n strafskop. Bulls *boo* en sit verder baie stil. Die Sharks gaan pale toe skop. Die skare *boo* onophoudelik. Dit is mis. Loftus is op hul voete. Die eind serene blaas. Loftus gaan mal!

20-19 vir die Bulls

Hulle is bo aan die *log*. "*Match fixing*" van agter af, vir oulaas...

Niemand loop nie.

Informele gesprekke het plaasgevind met die gemeentelede wat ons by Loftus raakgeloop het; met die mense wat rondom ons gesit het; en met die jongman wat geld gevra het.

## 3.5 KERK SONDER MURE

(besoek op 20 Oktober 2013)

Dit is 'n koue, nat en reënerige dag. Voor mens by die ingangsportaal kom, is daar 'n onderdak gedeelte met tafels waarop daar warm water, koffie, tee, suiker, melk en polistireen bekertjies is. Ons neem dankbaar koffie en beweeg na die ingangsportaal. Daar is stoele en 'n televisie skerm. Mense staan en sit daar, drink hulle koffie en tee en gesels in groepies. 'n Aantal spanlede met naamplaatjies verwelkom die mense. Een van hulle kom groet ons vriendelik en vra waar ons vandaan is. Ons sê van 'n ander gemeente in Pretoria en dat ons net kom besoek aflê. Die man gesels gemaklik en ongehaas met ons. In die middel van die ingangsportaal is daar 'n gebedspilaar met 'n kruis op. Verby die ingangsportaal is daar 'n ontvangsarea wat lyk soos die van 'n korporatiewe kantoor. Daar is ook 'n toonbank met inligtingspamflette. Teen die muur agter hierdie toonbank is daar 'n groot grafiek van 'n projek met 'n aanduiding daarop waar hulle inkomste daarvoor vir die jaar trek. Op 'n ander muur is daar plakkate van al die gemeente se uitreik projekte.



© University of Pretoria

Die kerk binne het helder kleurige vlaggies regoor die ruimte gespan. Op die verhoog is twee vasgebinde gordyne. Die een aan die linkerkant is groen, wit en rooi en die een aan die regterkant is geel, wit en groen. Sjinese balle in pienk, blou en geel hang bo die verhoog. Daar is slegs moderne instrumente op die verhoog, geen orrel nie. Ek sien dromme, twee klawerborde en drie kitare. Rook trek van agter af oor die verhoog. Ons woon die agt uur diens by. Johan Heystek preek. Ses groot kolligte skyn op die verhoog. Aan die raam daarvan is Sjinese balle in verskillende kleure vasgemaak. Die kerk is so driekwart vol mense. Dit is hoofsaaklik mense van dertig jaar en ouer. Ek sien net ses kinders. Die erediensgangers is oorwegend wit. Ek het een kleurling jongman opgemerk en ‘n kleurlingvrou wat ‘n spanlid met ‘n naamplaatjie is. Afkondigings word op die skerm gewys voor die diens begin. Dit is rustig en stil binne in die kerk voor die diens begin. Daar word nie veel gesels nie. Dit lyk en voel egter meer soos ‘n teater as ‘n kerk.

‘n Liturg op ‘n DVD heet ons welkom en vertel van die week se aktiwiteite. Die ligte voor op die verhoog is gedoof. Twaalf persone verskyn op die verhoog. Daar is ‘n klank en kamera span van sewe mense. Adrio König op DVD vertel van ‘n Bybelskool met die titel “Is die Bybel betroubaar?” Gebeure binne die gemeenskap word ook deur die DVD stem bekendgestel. Dit neem ongeveer tien minute. Dan verskyn ‘n liturg op die verhoog. Sy nooi ons uit om mekaar te groet. Daarna bid sy vir Johan wat die erediens gaan lei. Hy sit agter een van die klawerborde. ‘n Viool begin speel en ‘n fluit volg. Dan begin Johan op die klawerbord speel. Hy begin met ‘n Engelse aanbiddingslied. Die erediensgangers staan. Kolligte maak sterretjies en sirkeltjies wat draai teen die dak. Die res van die musikante en voorsangers voeg stadig hul instrumente en stemme by. Die tweede lied is in Afrikaans en vinniger. Daar is geen beweging onder die erediensgangers nie al leen die lied dit daartoe. Hande word egter hier en daar in die lug opgesteek.

Johan bid ‘n verwerking van die Onse Vader. Een van die voorsangers bid by tye saam. Hierdie aanbiddingstyd het tien minute geduur. Ons gaan sit en Johan verwelkom die geloofsgemeenskap. Die tema vir die oggend is “’n Lewe van lof.” Wat vra dit van ons? Wat maak lof in ons wakker? Hy sê dat hy bang was van die gemeentelede sou uitloop met die tweede vinnige lied. Hy is dankbaar dat niemand



© University of Pretoria

het nie. Hy gesels dan oor Jesus se gesprek met die Samaritaanse vrou. Sy vra: "Wat vra aanbidding van ons? Hoe moet dit wees?" Moet dit wees soos by Moreleta, Mosaïek, Rhema? Wat is die regte manier? Ons sal almal saamstem dat dit Bybels moet wees. Johan sit steeds agter die klawerbord terwyl hy praat. Dan lees hy Joh. 4:21-24 uit die Message vertaling. Daar speel dramatiese musiek in die agtergrond terwyl hy lees. 'n Prent wys op die skerm. Dit is twee hande met 'n klein mensie wat op hierdie hande staan. Die mensie se hande is opgehef. 'n Tweede prent verskyn waar hierdie klein mensie aan die groot hand (God) se pinkie vasklou. 'n Derde prent wys hoe die klein mensie op sy eie hande lê sodat sy gesig nie sigbaar is nie. Hy lê binne in God se hand. Ons moet eerlik en opreg by God wees. Een van hierdie drie maniere identifiseer jou. Ons word uitgenooi om op een van hierdie drie maniere vanoggend by God te sit.

Die ligte op die verhoog is nou af. Johan sing 'n lied en vra die Gees se suiwering. Net die viool en die fluit speel saam. Hy vra verandering van God. Daar is 'n dowwe beeld op die skerm van iemand wat kop onderstebo sit. Johan sing oor God se heiligheid. Agter die dromspeler is daar 'n kruis met 'n lap om. Dit word nou verlig. Buite hoor mens die sagte reën. Op die skerm verskyn: "Geleentheid vir bepeinsing en gebed." Hierna word dit ligter in die ouditorium. Ons sing "Here, heilige Here, U weë is hoër as myne. Laat U weë ook myne wees." Dit word 'n paar maal herhaal. Die verhoog se ligte is nou aan. Dan sing ons "Every breath that I take." Ons dien die Here nou met ons finansiële bydrae en aanbid die Here ook so. Silwer emmertjies wat uitgelê is met materiaal word gebruik.

Ons sing weer "Here, heilige Here." God is heilig. Hy dink anders as ons. 'n Lewe van lof ondersoek God se maniere. Ons kies om so te lewe. Hoe lyk 'n lewe van lof vir Kerk sonder mure, vir Mosaïek, vir ons almal? Liefde, liefde vir mekaar. God se liefde woon in ons en ons deel dit met mekaar. Kom ons bely wat die Woord sê oor liefde. Ons staan en sing saam "Praat ek mense engele tale..." Die lied word baie vinnig gespeel en almal word uitgenooi om te klap. Nie almal reageer op die uitnodiging nie. So derde van die mense klap wel. Dan sing ons "Juigend, juigend, ons vereer U." As die geklap ophou nooi Johan almal weer om te klap. Meer mense neem deel hieraan. Ons sing "Lord I give you my heart." Dit is 'n stadiger lied. Die drie prente word weer



© University of Pretoria

gewys. Die volgende lied is “Doen slegs U wil Heer.” Dit word baie stadig gesing. ‘n Wit kollig draai deur die ouditorium en daar is blou kolle teen die dak. Ek merk die panele aan weerskante van die ouditorium op. Daar is vyf panele aan elke kant met mense wat se hande opgehef is en die woorde “Prys die Here” wat oor die panele geskryf is. Die viool en fluit speel baie sag “Op U bly wag ek nederig stil.” Ons sing saggies saam. Dan kom die klawerbord weer by en daar word net musiek gespeel.

‘n Vrou sit regs op die verhoog en skets reg deur die diens. Johan sê dat dit nie goed is om alleen te wees nie. Hy gee ‘n kort oordenking hieroor terwyl die fluit en viool speel. Hy praat vanuit die perspektief van God, asof God met ons praat. Ons is in ‘n brose ruimte waar ons alles voorlê aan mekaar en voor Hom. Hy wissel tussen oordenking en God wat praat. Die musiek hou êrens tussenin op. Ek is nooit alleen nie, nooit alleen nie. Die klawerbord begin dramaties speel. Een van die voorsangers sing ‘n lied oor God wat ons omhels. Van die woorde is as volg:

> God in my slaap
> God in my rondloop
> God in my lewe
> God in my klippekou
> God in my moeggeswoeg
> God in my altyd lewende siel
> God in my vergenoeg
> God in my ...

‘n Lewe van lof sê werk in en deur my. Dit demonstreer U weë. Ek wil leef soos Jesus. Hy haal in Engels aan uit Miga. Jesus was God by ons op aarde. Gee weer ‘n kort oordenking. Wie laat ons in ons spasie toe?

Kom ons kyk na ‘n hedendaagse gelykenis. Hy wys ‘n DVD van die Britse tenoor Paul Potts wat in 2007 die eerste reeks van *Britain’s Got Talent* gewen het. Hy sing “Nessun dorma.” Die DVD begin waar Paul werk in ‘n selfoon pakhuis. Hy lyk nie baie goed nie. Hy is oorgewig en sy tande is gebreek en vertoon nie goed nie. Hy het ‘n droom om opera te sing en daarom neem hy deel aan *Britain’s Got Talent*. Die



© University of Pretoria

beoordelaars en die gehoor lyk verveeld met hom totdat hy begin sing. Dan is dit heeltemal ‘n perd van ‘n ander kleur. Hy sing oorweldigend fantasties en kry ‘n ovasie aan die einde. Johan vra hoe ons na Paul gekyk het voor hy begin sing het? Al sing hy pragtig is daar tog ‘n paar voorwaardes. Hoe kyk ons na mense? Die uiterlike, wat ons het, ensovoorts? My aanvaarding van jou is gebaseer op voorwaardes. Jesus kyk anders. ‘n Lewe van lof maak jou lewe onvoorwaardelik oop vir ‘n vreemdeling.

Ons word genooi om saam in te klim in die storie van ‘n vreemdeling. Johan sing ‘n lied wat ‘n storie vertel van iemand wat alleen en uitgeworpe is. Aanvaar Jesus se uitnodiging om in die spasie in te beweeg waar Jesus was. Beklee jouself met die liefde van die Here. Ons sing ‘n lied met die volgende woorde:

> I’m putting on the love of the Lord and I will be no stranger
> For He loves me
> Alleluia
> Undivided
> Hê mekaar lief
> Hê ander lief
> Beweeg nader aan die ander

Ons word dan genooi om te staan en onsself aan Hom te wy. Hierna sing ons “Light of the world” en dan bid ons hardop ‘n gebed in Engels, almal saam. Ons sing “Here I am to worship.” Johan bid en dan sit ons weer. Net die musiek speel. Op die skerm word die vrou op die verhoog se skets wat in wording is gewys. Mens kan sien dat ‘n gesig besig is om te verskyn. Die oë en die neus is baie duidelik. Hierdie gesig is links op die doek. Aan die regterkant van die doek is ‘n duif wat besig is om op te styg. Die mense klap hande.

Die eerste liturg kom weer op die verhoog en sy spreek die seën uit. Die diens het een uur en twintig minute geduur. Ons word vriendelik by die deur ‘n goeie dag verder toegewens deur van die spanlede.



© University of Pretoria

Informele gesprekke het plaasgevind met die gemeentelede wat ons voor die diens verwelkom het; met kollegas vanuit die Ring van Lyttelton waarbinne hierdie gemeente val; en met mense wat van tyd tot tyd die dienste daar bywoon.

**Enkele opmerkings**

Die ouditorium lyk soos ‘n teater. Daar is geen ervaring van ‘n heilige, gewyde ruimte nie. Veroorsaak dit nie “placelessness” nie? Kan dit nie wees hoekom mense so graag na sport ruimtes gaan nie? Sport ruimtes is nog gedefinieerd, jy weet wat jy daar gaan kry. Dit roep ‘n sekere ervaring binne in jou op. Bied dit ‘n teenvoeter vir “placelessness?” Kerk ruimtes raak toenemend ongedefinieerd.

Niks aan hierdie gebou herinner mens aan ‘n kerk nie. Eers as jy baie fyn kyk aan die buitekant sien jy die vorm van ‘n kruis uitgelê in die stene. ‘n Deel van die gebou aan die buitekant lyk soos ‘n fabriek.

Die ritme van die musiek het baie gewissel. Wanneer Johan gepraat het oor verandering was die ritme na aan dié van Alpha golwe, wat goed werk as jy verandering en nuwe patrone wil vestig. Dit kon bloot toevallig gewees het of hy kon dit so beplan het?

## 3.6 SUPERSPORT PARK

(besoek op 11 Desember 2013)

By die stadion word ons begelei na parkering waar ons vyftig rand moet betaal. Jy het géén ander opsie nie. Dit is net parkeer en betaal óf parkeer en betaal... Waar ons parkeer groet ek die mense in die motor langs ons en hulle groet vriendelik terug. ‘n Kleurling pa en sy klomp seuns klim uit die motor. Hulle is baie opgewonde. Ons kom kyk na ‘n wedstryd tussen Suid-Afrika en Indië. Dit is ‘n een dag internasionale wedstryd. Ons loop en soek ons hek. Ek kan hoor dat die krieket al begin het want die skare klap hande. Die mense wat nog buite die stadion is drentel egter aan, vreeslik rustig en ontspanne. By die hek is niemand haastig nie. Ons kaartjies word stadig geskandeer. By ‘n volgende punt moet ons geel armbande kry anders mag



© University of Pretoria

ons nie verder gaan nie. Daar staan 'n tou mense wat krieket kyk. Ons dog hulle staan maar net en wil verbygaan. Net om te hoor dat daar nog nie bandjies is nie en dat ons maar almal moet wag.

Uiteindelik kan ons ingaan. Ons soek na Blok A. 'n Helper kom na ons toe en wys ons waarheen. Dan kry ons nie ons ry nie. Die rye is baie dof gemerk en het al verbleik van die son. 'n Helper kom weer nader en sê dat ons sommer enige plek kan sit. Soveel vir duur bespreekte plekke!

Suid-Afrika vaar maar sleg. Die wedstryd is sewe en dertig minute oud en die telling is 28/2. Orals op die gras sit mense rond. Dit lyk nog meer feestelik as op televisie. Daar is baie Suid-Afrikaanse vlae. Veral die kinders swaai vlae rond. Nog 'n paaltjie val. 28/3. Die skare juig en ewe skielik is daar baie Indiese vlae wat hul verskyning maak. Om terug te keer tot die kinders – hier is baie. Hulle hardloop orals rond. Te lekker en niemand gee om nie. Kosreuke vul die lug. Mense sit en gesels. Dit voel meer na 'n gekuier as wat daar aandag gegee word aan die krieket. Na dae van reën geniet almal die sonskyn.

Na elke boulbeurt word die bal ontsettend gevryf. Die veldwerkers doen dit om die beurt. Die bouler staan soms en wag vir die bal om by hom uit te kom sodat hy kan boul. Die kolwer, Quinten de Kock, slaan 'n vier en die skare juig. Uiteindelik 'n bietjie aksie. Duminy was uit vir 0, Davids vir 1 en Amla vir 13. Nog 'n vier! Die skare juig. De Villiers is van die merkie af. Die paaltjiewagter staan meters agter die paaltjies. Op die televisie lyk dit altyd asof hy reg agter die paaltjies staan. Tien boulbeurte is verby wat beteken dat die kragspel ("powerplay") ook nou verby is. Die veldplasings moet verander word. Daar is 'n mooi veeghou en die skare juig. Ongelukkig is dit net een lopie wat bykom. Dan weer 'n vier en daar is groot opwinding. Dit val my op dat die span ewekansige nommers het. Nie soos in rugby waar daar vaste nommers is nie.

Langs ons is 'n Moslemvrou in haar swart klere met net haar oë wat uitsteek. Sy moet so ontsettend warm kry. Haar man hou hul babatjie besig en 'n groter seun geniet die krieket. Sy loer oor die muurtjie tussen ons na my en om een of ander rede



© University of Pretoria

voel ek half skuldig dat 'n deel van my arms uitsteek en dat ek drink aan 'n heerlike koue bier.

Nog 'n vier! Suid-Afrika is nou op 50. Die skare is opgewonde. Vlae waai. Ewe skielik is daar musiek ook. Albie Morkel klim oor die heining van die veld se kant af. Kinders sak op hom toe. Hy gee sy handtekening vir 'n klomp van hulle en klim toe weer terug. Die kinders vir wie hy geteken het hardloop vrolik weg. Die ander bly daar rondstaan in die hoop dat iemand vir hulle ook sal teken. Van die spanlede sit onder twee afdakkies reg langs die veld voor ons. Kinders bly hoopvol rondstaan. Tyd vir drankies breek na 15 boulbeurte aan. Helpers kom skraap die kolfblad. De Villiers het baie vinnig van die veld af gehardloop. Daar word geadverteer op watter sosiale media die krieket gevolg kan word. Hulle moet weer begin en De Villiers is nog nie terug nie... De Kock kyk benoud rond. Groot is die verligting toe De Villiers by die trappies van die pawiljoen afgehardloop kom.

Daar is verskillende opmerklike ruimtes rondom die veld:

Castle Corner Terrace
Momentum Family Area ('n spesiale moederskamer!)
Captain Morgan Captain's Deck (konsistorie?)
Aan die westelike kant is 'n klomp losies
Supersport winkel (=boekwinkel?)

Morkel klim weer oor die veld heining en maak 'n klomp kinderharte bly. Dit is ongelooflik hoe hulle in sekondes meer word. Langs ons sit 'n kameraman met 'n massiewe lens. Ouens wat van die Captain's Deck af kom terroriseer hom en dring aan dat hy hulle afneem. Hy is 'n interessante figuur met lang grys hare in 'n ponie. Hy bly rustig en draai net sy lens weg van hulle af. 'n Vier word geslaan en meer vlae as vantevore word geswaai. Die telling is nou 69/3 na 16 boulbeurte.

Verkopers met allerhande verversings kom gereeld verby. Hier en daar kry hulle aftrek. 'n Veldwerker mis 'n seker vangskoot. Hy word uitgejou. Hier is meer Indiese ondersteuners as wat mens besef. 'n Draaibouler hardloop 'n bitter kort afstand voor



© University of Pretoria

hy boul. Die paaltjiewagter staan nou wel dig by die paaltjies. Die veldwerkers is by tye baie ver uitmekaar as gevolg van die veldplasing. Daar is dus baie tekens wat tussen hulle gewissel word met allerhande handgebare. 'n Speler langs die veld teken krieketkolfies en skielik is daar weer baie kinders. Die stem kondig af dat daar geen alkohol verbruik mag word in die familie area nie. Die familie area is vir die genot van die families.

Die vyftig vennootskap tussen De Kock en De Villiers word aangekondig. Die skare juig. Die mense is baie gemoedelik en vriendelik en vreemdes gesels met mekaar. Twintig boulbeurte is voltooi en die telling is 80/3. Suid-Afrika het die loot gewen en gekies om eerste te kolf. De Kock behaal sy vyftig. 'n Deel van die skare staan, klap en moedig hom aan. Ander klap en sit rustig. Ander sit net. Elkeen doen wat hy wil. Die atmosfeer is baie gemaklik. Nog 'n vier! Die musiek speel en die kolwer maak 'n "dansie" rondom die bouler se voete. Honderd kom op die telbord vir Suid-Afrika. Vlae waai en almal klap. Kinders beweeg steeds orals rond. 'n Seuntjie met 'n T-hemp aan waarop daar staan "Eben Etsebeth" maak leë plastiese bierbekers bymekaar. Hy bêre dit onder sy pa se stoel. Ons bereik die halfpad merk en die telling is 107/3. 'n Totaal ontspanne atmosfeer heers. Nie almal kyk krieket nie maar almal lyk of hulle hulself geniet. Veral die kinders wat regtig maak wat hulle wil en sommer lekker vars buitelug inasem op die koop toe. Van die mense oefen hul kameras met skrikwekkende groot lense. Enorme hoeveelhede bier word verbruik. Moontlik 'n rede vir die ontspanne atmosfeer?

Weer 'n vier. Die skare klap, vlae waai en musiek speel. Die honderd vennootskap tussen De Villiers en De Kock word bereik. Die telling is 130/3 na 28 boulbeurte. 'n Nuwe bouler word aangekondig en 'n paar Indiese vlae wapper. 'n Blok sitplekke is toegemaak en 'n advertensie bord is oor dit opgerig. Van tyd tot tyd word daar 'n advertensie vertoon. Dertig boulbeurte is verby en die telling is 134/3. Die stem vra dat toeskouers asseblief hul besittings moet oppas. 'n Ses! Daar kom lewe onder die skare. Dit is die eerste ses vir die dag. Kindertjies swaai hul kolfies en maak die kolwer na.

"Lost and found" word op die telbord geadverteer. Braaivleis geure vul die lug. Die



© University of Pretoria

telling is 147/3. Die Momentum Familie Area word geadverteer. Kaartjies in die Familie Area sluit klein krieket kolfies vir die kinders in. Rokers in die ruimte regs van my maak dit bietjie onaangenaam. Maar nou ja, dit is ons almal se ruimte... Ons koop en eet springmielies in bruin papiersakke, wat 'n totaal ander ruimte by jou oproep... lekker! Nooddienste word geadverteer en waar dit in die stadion beskikbaar is.

Abe de Villiers slaan sy vyftigtal. Die skare raak nou warm en die gejuig is groot. Hy ís darem ook die kaptein. Die kameraman regs van ons maak 'n nota in 'n klein boekie wat hy uit een van sy sakke grawe. Nog 'n ses! Die skare juig! Kragspel word aangekondig deur die waai van die skeidsregter se arms. Dit sal duur van boulbeurt 36 tot 40. Dan is daar nog 'n ses! De Kock kort twee vir sy honderdtal. Die skare klap ritmies almal saam. Die opgewondenheid is tasbaar. Die honderd en vyftig vennootskap kom op die telbord. Die skare gaan mal. 'n Snelbouler word ingebring. Die paaltjiewagter staan weer ver agter die paaltjies. De Kock is amper uit. Die skare klap terwyl die bouler die volgende aflewering doen. De Kock kry sy honderdtal. Die skare is op hul voete. Almal klap, juig, waai vlae. Hy gee erkenning aan die skare met sy kolf. Nog 'n ses! Hulle breek Hansie Cronjé en Gary Kirsten se rekord (154) met hul vennootskap (171) om die vierde paaltjie. Nog 'n ses! Die skare gaan mal! De Kock is slegs die vyfde krieketspeler in die geskiedenis om drie agtereenvolgende honderdtalle aan te teken in eendag internasionale (ODI) wedstryde. Twee spelers van Pakistan en twee ander Suid-Afrikaners het dit al reg gekry.

Die spanne het ‘n breek vir drankies. Die Indiese spelers staan in 'n kringetjie en praat baie ernstig. 'n Suid-Afrikaanse speler teken vir die kinders. Hulle drom weer in hordes saam. Die spel hervat. Die telling is 193/3. Dan is hulle twee lopies weg van tweehonderd. Die skare gesels. De Kock word skoon geboul. Die skare staan vir hom en vlae waai terwyl hy van die veld afloop. David Miller kom kolf. De Kock en Miller wissel 'n vinnige woordjie.

Tweehonderd kom op die telbord. Die skare is minder entoesiasties. Die weer steek op en dit raak donker. Die veldplasing word verskuif en die kolwers gesels in die middel van die kolfblad. ‘n Vier! Die wind waai en en die skare ook. Bietjie opwinding na ‘n ruk se stilte. Die kolwers hardloop drie lopies en die laaste een is amper nie



© University of Pretoria

vinnig genoeg nie. Die skare gesels saam. Die kragspel is verby, daar bly net tien boulbeurte oor. Indië verwag nou baie grenshoue. Die veldwerkers word uitgesprei op die grens. Hulle beduie erg vir mekaar met allerhande hand- en kopgebare. Die skare probeer ‘n Meksikaanse golf. Dit slaag gedeeltelik. Dit lyk of die aanmoediging help. ‘n Ses word geslaan!

‘n Indiese familie neem ‘n familie foto op die gras, met vlag en al. Hulle het vrede met die krieket. De Villiers bereik sy honderdtal en die skare juig. Hulle is op hul voete. Miller slaan direk hierna ‘n vier. Dinge gaan goed! Dit is 233/4. Die bal peil op ons af vir nog ‘n ses. Hoe opwindend! Die dame in die swart klere het angstig opgespring. Die babatjie huil en wil nie meer by sy pa wees nie. Sy ma vou hom toe in haar arms

Die vlae op die telbord hang halfmas – natuurlik nog in eerbetoon aan Nelson Mandela[32]. Tweehonderd en vyftig kom op die telbord. Drie en veertig boulbeurte is verby. Die bouler teken appel aan. De Villiers is uit vir 109. Die skare is op hul voete. Hy en McClaren, die volgende kolwer, raak net aanmekaar as hulle bymekaar verby loop. Hulle wissel geen woord nie. Indiese helpers deel gou water uit. Indiese vlae wapper orals.

Die telling is nou 257/5 na vyf en veertig boulbeurte. Ek het gou ‘n draai gaan loop en toe ek terugkom het nog ‘n paaltjie geval. Dit is 269/6 en daar is nog vier boulbeurte oor. Ek kan nie glo hoe skoon die badkamers is nie. Het dit nog nooit by ‘n openbare stadion beleef nie. Die voëltjies geniet ook die krieket. ‘n Klomp swaeltjies speel in die lug bokant ons. ‘n Vier word geslaan, daar is musiek en die skare juig. Suid-Afrika doen soveel beter as wat aanvanklik verwag is.

Miller word amper uitgehardloop. Almal hou hoorbaar asem op. Met die volgende lopie is daar baie beter kommunikasie tussen die kolwers. Dit is so lekker om dit te sien. ‘n Ses! Die skare is op hul voete. Vlae wapper orals. Ons bure drink hul vyfde of sesde stel biere. Hulle raak al hoe vroliker. Parnell word uitgevang. Hy en Philander, die volgende kolwer, loop net verby mekaar, geen gesels, geen aanraking nie. Miller bereik sy vyftigtal met ‘n ses. Die skare juig, staan, swaai vlae, daar is egter geen

---

[32] Nelson Mandela het gesterf op 5 Desember 2013



© University of Pretoria

musiek nie. Die telling is 298/7 met nog een boulbeurt oor. Philander word uitgeboul. Hy en Tsotsobe, die volgende kolwer, raak in die verbygaan aan mekaar.

Waar die kinders telkens opgedam het vir handtekeninge is daar nou 'n lang tou volwassenes. Die ouens voor ons verbruik ten minste hul tiende stel biere. Die eindtelling is 301/8. Voor ons word daar hoë vyfs uitgedeel op ons goeie einde. Die lopie tempo is ses per boulbeurt. Aan die begin van die wedstryd was die lopie tempo maar vier. Die span het uitstekend verbeter! Die tou volwassenes blyk toe te wees om goeie foto's van die spelers te kan neem soos wat hulle van die veld af kom.

'n Pienk *Momentum One Day* banier word op die veld geplaas. Televisie onderhoude gaan daar plaasvind. Die instandhoudingspan gee aandag aan die kolfblad. Êrens agter ons hoor ek bottels val. Dit klink of hulle dit in 'n asblik gooi. 'n Man en vrou in pienk baadjies nader die plek waar die onderhoude gevoer gaan word. Dit is alles ten bate van kanker.

Ewe skielik is daar honderde kinders op die veld. Vol grootte krieket kolwe word uitgedeel. Almal wat op die veld is speel krieket. 'n Pa en sy seuntjie wat naby ons sit vra of ons hulle goed sal oppas sodat hulle ook kan gaan speel. Nou is dit chaos op die veld. Heerlik! Volwassenes is ook in honderde op die veld. Die wat nie krieket speel nie drom rondom die kolfblad saam om te kyk hoe dit lyk. Die kolfblad is afgesper met 'n tou maar die mense gaan so na as wat hulle moontlik kan. Orals op die veld swaai kolwe en trek balle. Ek kan amper nie glo wat ek sien nie.

Dan, amper net so vinnig as wat almal op die veld verskyn het, begin hulle weer afloop. Een van Suid-Afrika se boulers begin opwarm op die middel van die veld. Die Protea gelukbringer wat omring was van mense wat foto's van hom geneem het verlaat die veld byna laaste. Die stem vra dat almal asseblief die veld moet verlaat en die laaste mense gaan af. Dit gebeur alles sonder enige moeite en intervensie van die sekuriteit. Dit is ook net een keer afgekondig. Ons bure dink ons werk vir die televisie omdat ek die hele tyd notas maak.

Dan word daar seile oor die veld getrek. Dit lyk of daar reën verwag word. Die Suid-



© University of Pretoria

Afrikaanse veldwerkers warm nou almal op. Musiek speel en die skare kuier! ‘n Klein seuntjie spring van ‘n muurtjie af in sy pa se arms in. Hy spring amper ‘n man wat verby hulle gestap kom se bier uit sy hand uit. Die vernietigende kyk wat hulle kry... Hy gryp egter met sy armpies om sy pa se nek – doodgelukkig. ‘n Fisioterapeut verskyn op die veld. Sy druk ‘n speler in ‘n krul in. Van die spelers gesels, ander warm op, almal is heel rustig. Kinders hardloop steeds orals rond. ‘n Lang tou staan weer om te sien hoe die Indiese spelers op die veld kom. Die pa en seuntjie wie se goed ons opgepas het kom terug. Hulle sê dit was heerlik op die veld. Sy pa wil iets gaan koop en vra of hy wil saamgaan? Die seuntjie sê nee hy wil bly. Dit is so lekker dat die ruimte hom daartoe leen dat die kinders veilig is en dat die pa nie bang hoef te wees om sy kind alleen te los nie.

Hulle maak die seile nog digter toe. Die wolke lyk donker en onheilspellend. Nog seile word opgebring. Die voëls vlieg met harde geluide weg. Dit klink of hulle iets aankondig. Die spelers verlaat die veld. Dan gaan die sluise van die hemele oop en vlae reën sak neer. Die wedstryd word afgelas. Dit eindig onbeslis.

Later die aand toe die reën bietjie bedaar het word die pryse oorhandig. ‘n Familie is gekies uit die Momentum Family Area om die prys oorhandiging te doen aan die man van die reeks. Dit is Quintin de Kock. Die familie kry ‘n iPad en ‘n krieketkolf wat De Kock geteken het. Abe de Villiers ontvang R175 000 namens die span omdat hulle die reeks gewen het. Die kaptein is baie trots op de Kock wat maar twintig jaar oud is. Sy kalmte en selfvertroue het hom deurgedra en hulle twee gehelp om so ‘n goeie vennootskap aan te teken. Die trofee word aan De Villiers oorhandig vir die wen van die reeks.

Informele gesprekke het plaasgevind met die mense wat rondom ons gesit het; en met die pa en seun wat op die veld gaan speel het.



© University of Pretoria

## 3.7 CHRISTIAN REVIVAL CHURCH (CRC)

(besoek op 29 September 2013)

‘n Wag by die hek gee vir ons ‘n sekuriteitstoegangskaartjie. Motors kom in en uit en oral is helpers wat die verkeer reguleer. Op hierdie stadion word hul dienste in ‘n groot wit tent gehou. Hul gebou is nog in aanbou en dit behoort in 2014 voltooi te wees. Ons loop na die tent toe en langs die pad word kolwyntjies en gemmerbrood mannetjies met CRC in rooi op dit geskryf, verkoop. Daar is ook ‘n skeepsvraghouer waaruit lekkers, koeldrank, boeke en CD’s verkoop word. Orals staan mense en gesels. Jy hoor Afrikaans en Engels. Die Afrikaanse diens het net uitgekom. Ons is op pad om die Engelse diens by te woon.

Ons word by die deur verwelkom deur ‘n pragtige jong swart dame. By altwee die ingange is daar iemand wat mense by die diens verwelkom. Daar is ‘n voorhof met ‘n pragtige kandelaar wat uit die dak afhang. Daar is ook ‘n ontvangs toonbank met personeel gereed om te help. Ons betree die liturgiese ruimte. Dit lyk of ons ‘n *rock* konsert gaan bywoon. Voor op die verhoog is drie skerms. Een grootte in die middel en twee kleineres aan die kante. *Dream Week 7-12 October* word op al drie die skerms geadverteer. ‘n Musiek DVD speel baie hard. Teater kolligte in geel en rooi draai al in die rondte. Tussen die musiek deur word verskeie gebeurtenisse geadverteer. Ons beweeg na die middel van die tent om daar te sit. In die middel van die tent is ook ‘n reuse groot skerm. ‘n Helper vra ons baie beleefd om asseblief van voor af vol te maak. Ons gaan sit baie na aan voor. Daar is helpers orals. Hulle is in rooi geklee met ‘n CRC logo op hul hemde. ‘n Baie groot klankbeheer sisteem is in die middel van die tent, naby aan voor.

Dit is ‘n massiewe tent. Dit kan blykbaar 2000 mense neem as dit vol is. Ouers met babas en klein kinders sit heel agter in die tent en hierdie plekke word vir hulle gereserveer. Die aanbidders is multikultureel en die getalle is baie verteenwoordigend van die demografie van Suid-Afrika. Taal en kleur blyk glad nie ‘n probleem te wees nie. Die wag by die hek het ons in Afrikaans aangespreek, die meisie by die deur in Engels, die helper wat plekke aanwys in Afrikaans. Heelwat



© University of Pretoria

mense rondom ons praat Afrikaans. Die diens gaan in Engels wees. Die kleredrag is totaal informeel.

Die orkes verskyn op die verhoog – daar is agt lede. Mense begin hande klap en staan op. Daar verskyn meer mense op die verhoog. Die groot skerm word opgelig. Daar is nou 15 mense op die verhoog wat deel het aan of die orkes of die voorsang. Daar is baie beweging op die verhoog terwyl daar gesing word. Ons sing 'n lied wat woorde bevat soos "*come alive on God's great dance floor*". Mense orals klap en dans. Na drie liedere doen die liturg 'n gebed. Daarna word almal wat gebed nodig het uitgenooi om vorentoe te kom. Pastore bid vir die mense terwyl die sang voorgaan. Daar is 'n afstandbeheerde kamera wat deur die tent beweeg en alles afneem wat gebeur. Die kolligte in verskillende kleure bly ook al in die rondte deur die aanbidders beweeg. Die aanbidding raak rustiger. Mense orals steek hul hande in die lig. Dan klap hulle spontaan hande na 'n lied. Die meeste mense bly ritmies beweeg op die maat van die musiek.

Dan word 'n podium na vore gebring. Die groot skerm verskyn weer as agtergrond op die verhoog. 'n Reuse wêreldkaart word daarop gewys. 'n Tafeltjie word langs die podium neergesit met water en twee handdoekies of lapservette op. 'n Liturg gaan staan agter die podium terwyl almal nog sing. Die gesingery is nou baie harder. Daar word weer aan die einde van die lied hande geklap. Die liturg herhaal die koorgedeelte en almal klap nog harder. Almal word verwelkom namens die hoofpastoor At Boshoff. Alle eerste keer besoekers moet hul hande opsteek en word hartlik verwelkom. 'n Gasprediker word verwelkom. Hy is Stovall Weems van Jacksonville, Florida. Mense spring op en klap hande. Hier is ook mense van 'n gemeente in Bulawayo. Hulle het 'n konferensie in Bloemfontein bygewoon en is nou vir 'n paar dae hier by die gemeente in Pretoria. Die prediker moedig die mense aan om na die DVD's van die konferensie te kyk. Hy sê dan dat hy oor 'n onbekende, versteekte Skrifgedeelte wil praat en kondig Johannes 3:16 aan. Die mense lag. Hy lees die Skrifgedeelte en bid 'n epiklese gebed. Die mense sê saam "amen" aan die einde van sy gebed.



© University of Pretoria

Dan vra hy wat sê ons oor die Springbokke se wedstryd gisteraand? Die mense skreeu en klap. Hy praat oor die Springbokke en Wallabies se wedstryd. Hy sê dat hy gister gesê het dat die Springbokke tog asseblief moet wen anders moet hy vanoggend vir 'n depressiewe CRC preek. Hy sê dat die Suid-Afrikaanse ondersteuners net soos die Amerikaanse ondersteuners is. Hulle kla oor die slegte tweede helfte in plaas daarvan om bly te wees dat ons met twintig punte gewen het!

Hierna praat hy vir baie lank oor homself. As kind het hy net kerk toe gegaan vir Paasfees en Kersfees. Na skool gaan hy Louisiana universiteit toe. Terwyl hy daar was, het hy gewerk as 'n uitsmyter by 'n kroeg. Die mense lag. Hy sê dat hy groot was al lyk dit nou nie meer so nie. Sy droom was om van 'n uitsmyter te vorder tot 'n kroegman. Die film Cocktail waarin Tom Cruise gespeel het, het hom geïnspireer. Hy wou ook mengeldrankies maak soos Tom Cruise. Hy is baie bly dat God 'n ander droom vir hom gehad het. Hy het 'n tante gehad wat vir hom gebid het. Hy het begin besef daar dat meer in die lewe moet wees. Hy neem Christus aan. Hy ervaar Joh. 3:16 vir die eerste keer en sy lewe verander. God gebruik hom in die tyd wat hy op universiteit is. Hy praat oor eksamens en laat die mense lag. Hy maak 'n professor na en dit ontlok verdere gelag.

Hy sê dat universiteit ons voorberei het vir Twitter. Ons moes vrae beantwoord het in vyf en twintig woorde. Op Twitter moet jy wat jy wil sê in honderd en veertig karakters kan doen – vyf en twintig woorde. Hy sê dat ons hom op Twitter kan volg en dat hy ons sal terug volg, indien ons bly by Twitter etiket. Sê iets betekenisvol. Die bedoeling is nie om jou hele lewe te deel nie. As jy dit doen sal hy ophou om jou te volg.

Dan sê hy dat Joh. 3:16 presies vyf en twintig woorde is. Die mense klap hande. Johannes neem die omvang van God se plan vir die verlossing van die mens en som dit op in vyf en twintig woorde. God het reeds die beste Tweet gestuur wat jy ooit sal lees. As God vandag net een Tweet kan stuur sal dit Joh. 3:16 wees. Dit is presies honderd en veertig karakters. Twitter moes besluit wat die perfekte aantal karakters is. God het reeds geweet wat dit behoort te wees. Ons kan altyd terug gaan na God se perfekte Tweet.



© University of Pretoria

Hy vee sy voorkop af met een van die servette of handdoekies wat op die tafeltjie langs die podium lê. Hy vertel dan van 'n man wat na sport byeenkomste toe gegaan het met 'n groot bord waarop Joh. 3:16 gestaan het. Hy is nou in die tronk. Die vyand wil baie graag hierdie vers in diskrediet bring. As ons 'n CRC Kerk wil wees, moet ons 'n Joh. 3:16 kerk wees. "Wêreld" is die meervoud van die individu. Skryf jou eie naam daar. "So lief" – ons kan slegs God se liefde verstaan as ons God verstaan. God is liefde. Hoe oneindig is God se liefde? Dit is hoeveel God jou liefhet. Hy praat al hoe harder. Die mense klap hande. Niks kan jou skei van die liefde van God nie. Die vyand is die aanklaer. Hy wil nie hê dat jy Joh. 3:16 moet glo nie. God se liefde is nie afhanklik van ons prestasie nie. Die mense klap hande en skreeu. God kan nie kwaad wees vir jou nie. Hebreërs 10 dui op een offer vir alle sondes en alle tye. Weet julle dat julle gek familielede het? Mense steek hulle hande op en klap hande. God het hulle sondes ook vergewe. God het die sondes weggeneem van hulle wat nog nie gebore is nie. Alles is op Jesus geplaas. God was kwaad. Hy het sy volle toorn op sy eie Seun geplaas. Jesus het die volle toorn van God op Hom geneem. God was tweeduisend jaar gelede kwaad vir jou. Hy het sy wraak en woede op Jesus uitgehaal. God kan nou nie meer vir jou kwaad wees nie. God het net een maal aan jou sonde gedink. Nou onthou God dit nie meer nie.

Die prediker skreeu en loop rond op die verhoog. Hy vee sy gesig 'n paar maal af. Die duiwel is 'n leuenaar. God het jou so lief. Ek het 'n woord vir iemand, sê die prediker. Ek het dit nie beplan nie. God gee 'n boodskap vir iemand. God onthou nie meer jou sonde nie. Begin om te fokus op die liefde, genade en goedheid van God. Hou op om wetties te wees. Jy sal per ongeluk heilig word. Jy hoef nie meer te probeer nie.

Hy vra of daar enige voormalige klub gangers hier is? Hy sing: "No more, no more." Die mense klap en lag. Daar is geen veroordeling meer nie. "Die duiwel is 'n leuenaar", sing hy.

Dan sê hy: "Ek sluit af". God se plan is nie 'n program nie, dit is 'n persoon. Seun is reg in die middel. Daar is twaalf woorde, dan Seun en dan weer twaalf woorde.



© University of Pretoria

Twaalf dui op regering in die Woord. Jesus moet die middelpunt van jou lewe wees. Sy hart is liefde. Sy plan is sy Seun. Sy wil is sy Seun, ewige lewe. Glo sodat jy kan behoort. Geloof is gelyk aan vertroue. Sal jy saam met iemand vlieg wat nie 'n vlieglisensie het nie? As jy egter glo ek kan vlieg, kom saam met my. Jy kan glo sonder om te vertrou. Vertroue is om saam te gaan. Joh. 3:16 is 'n vertroue vers. God het jou geskape om sy liefde te ervaar.

Die prediker doen dan 'n gebed met oop oë. Hy nooi mense uit om te beweeg van geloof na vertroue. Hy vra dat hulle, hulle hande moet opsteek. Almal wat hul hande opgesteek het word uitgenooi om vorentoe te gaan. 'n Klomp mense gaan vorentoe. Mense klap hande. Die orkes en koor is op die verhoog. Hulle begin sing. Die prediker vra dat ons moet hande klap vir almal wat uitgekom het. Hy sê hy gaan sy hande op elkeen lê sodat hulle die liefde van God kan voel. Dit is waarna die hele wêreld soek. 'n Mediese studie het bevind dat die menslike hart geskep is om vreugde te ervaar. As jy nie jou vreugde in God vind nie moet jy dit êrens anders vind. Hy vra dan weer of daar nog iemand is wat wil uitkom voor hy bid? Nog mense kom uit. Mense klap hande.

Die diens is al een en 'n half uur lank. Die prediker vra dat ons sal ja sê vir Jesus se liefde in ons lewens. God is ons krag. Hy bid 'n gebed wat almal agterna moet bid. Mense steek hulle hande uit na die wat voor staan. As jy sukkel met veroordeling in jou lewe en jy sit nog in die stoele, steek jou hand op. Almal moet saam sê: "No more." As jy foute maak, staan dadelik weer op. Dank God vir elke siel. Hy gaan dan en raak aan elke persoon wat voor staan. Hy vra van die pastore om vir sekere mense te gaan bid. Hy spreek 'n woord uit oor van die mense. Hy verduidelik dat God 'n openbaring gee vir sekere mense. Dan oorhandig hy die diens aan die eerste liturg.

Die liturg nooi almal uit om vanaand terug te kom. Hy vra 'n handeklap vir die prediker. Hy vra dat die mense wat vorentoe gekom het uitgaan saam met 'n pastoor. Hy moedig die mense aan om die prediker se boeke te koop. Die afkondigings verskyn op die skerms. Die offergawes word opgeneem.



© University of Pretoria

Van die afkondigings is ‘n advertensie van ‘n Baba huis. Daar word gevra vir vrywilligers om te help. CRC is hierdie jaar twintig jaar oud. Dreamwork Konferensie op CD, DVD en MP3 en 4 word geadverteer. Almal moet dit koop. Dan verskyn dit op die skerms dat as jy gee help dit CRC om die gemeenskap te verander. Jy sal geseën word as jy nou gee. Die helpers sal op jou wag. Die deure sal gesluit word vir jou veiligheid. Die offermandjies word om gestuur. Mens kan glad nie in sien in die offermandjies in nie. ‘n Jongman sing ‘n lied terwyl die offergawes opgeneem word. Die kolligte beweeg steeds. Dit het regdeur die diens in verskillende kleure reg rondom bly draai.

Die liturg sluit af met: “Be blessed, go conquer!”

Ons stap uit. Dit gaan stadig. Mense is vriendelik met mekaar. Ons gesels met ‘n swart man wat ‘n pragtige baba dogtertjie op sy arm het. Sy gee nie om dat ons aan haar vat en koer nie. Buite staan mense in groepies en gesels. Niemand lyk haastig nie. Daar is ‘n tent buite waaruit kinders kom. Rondom hierdie tent is daar klimrame en speelplek vir die kinders. Dit lyk of daar kinderkerk gelyktydig met die diens is.

Die verkeer uit is erg maar almal is geduldig. Die sekuriteitskaartjies word weer by die hek ingehandig.

Informele gesprekke het plaasgevind met die sekuriteitsbeampte by die hek; met van die dienswerkers; met van die gemeentelede; met twee lidmate van 'n NG gemeente wie se kleinkinders daar lidmate is en wat gaan besoek af lê het; en met lidmate van my eie gemeente wie se kinders daar lidmate is.

**Enkele opmerkings**

Liturgies-teologies was die diens beslis nie gereformeerd nie. Die teologiese korrektheid van die Skrifinterpretasie kan ook bevraagteken word. Kontekstueel met ons tyd in gedagte was die diens egter “*spot on*.” Niemand wat daar was sal ooit weer op dieselfde manier na Joh. 3:16 kyk nie. As jy Tweet gaan jy daaraan dink.



© University of Pretoria

Die boodskap word opgevolg met ‘n uitnodiging. Almal wat vrae het oor wat hulle gehoor het kon uitkom. Daar is vir hulle gebid en hulle het ‘n gesprek na die tyd met iemand, een-tot-een. Daar is die potensiaal om die boodskap vas te maak in jou lewe. ‘n Preek sou dus opgevolg kon word as jy behoefte het. Normaalweg in die Gereformeerde tradisie gaan jy maar huis toe al brand die boodskap in jou. Met wie praat jy hieroor?

My verwagting om ‘n individualistiese gevoel te kry is verkeerd bewys. Daar was ‘n gevoel van *uBuntu* – al die kleure saam, almal vriendelik. Patrick (my man) kon “high five” met ‘n klein swart kindjie op haar pa se arms. Dit het werklik gevoel hoe kerk behoort te wees – almal saam, geen diskriminasie in enige rigting nie, geen veroordeling ten opsigte van kleur of taal nie. Ek kon nie help om te dink dat dit in die hemel op ‘n manier so gaan voel nie...

## 3.8 SILVER LAKES GHOLFBAAN

(besoek op 19 April 2014)

Ek het lank gesukkel om ‘n kontak te kry sodat ek toestemming kon kry om hier te mag data versamel. Uiteindelik gebeur dit toe so dat van ons gemeentelede in November ‘n gholfdag reël by Silver Lakes. So kon ek toe ‘n kontakpersoon daar kry. Die dame wat ek gekontak het, was baie vriendelik en sy het gesê dat sy al my besonderhede sal deurgee na die Pro Shop want ek sal deur hulle moet werk. Sy sê toe ook dat as ek nie van hulle hoor nie ek haar weer moet kontak. Ek het dit twee weke tyd gegee en toe laat weet ek haar per e-pos dat ek nog niks van hulle af gehoor het nie. Ek het ook aan die Pro Shop ‘n e-pos gestuur en verwys na die kontakpersoon se e-pos aan hulle. Ek het weer my ingeligte toestemmingsvorm aangeheg. Ek het aan die Pro Shop verduidelik dat as hulle my nie kan akkommodeer nie hulle my asseblief net moet laat weet. Ek sal dit dan so aanteken in my navorsing. Dit het gewerk want dieselfde dag het ‘n persoon van die Pro Shop af my geskakel!

Hy het gesê dat my versoek bitter moeilik is en dat hy nie seker is of iemand sal toestem dat ek hulle waarneem terwyl hulle speel nie. Ek het weereens aan hom



© University of Pretoria

verduidelik dat ek so onsigbaar moontlik sal wees. Baie vinnig het hy my terug geskakel en laat weet dat die klub kaptein bereid is om my saam met hulle te laat stap. Wanneer wil ek speel? Ek antwoord toe dat ‘n Woensdag of ‘n Saterdag my sal pas. Dadelik sê hy: “More oggend (Woensdag) of Saterdag oggend, net wat jy verkies.” Ek het nie verwag dat dit so vinnig sal kan gebeur nie. Heel dankbaar het ek gesê dat Saterdag my beter sal pas. “Hulle slaan 8:30 af. Kom net so rukkie voor die tyd na die Pro Shop toe dan stel ek jou aan hulle voor.”

Na maande se gesukkel hardloop alles toe sommer so glad en vinnig!

Ek daag toe vanoggend net na 8 by die Pro Shop op. Dit was ‘n hele storie om by Silver Lakes Golf Estate se hekke in te kom maar ek is hier! Ek vra om die jongman te sien wat vir my die dag gereël het. “n Baie vriendelike meisie neem my na hom toe. Hy sit by ‘n tafeltjie onder die bome voor die klubhuis. Hy groet vriendelik en gaan stel my voor aan die klubkaptein. Dié is vriendelik maar vra dadelik of ek reg is om sewe kilometer te stap? Ek antwoord dat ek reeds vroeër die oggend veertien kilometer gehardloop het. Hy is toe gerusgestel dat ek darem opgewarm is... Ek sal nie hulle spoed breek nie. Hy loop weg en skarrel rond om sy dinge reg te kry vir die spel wat voorlê.

Ek gaan sit by ‘n tafeltjie onder die boom en begin skryf. Die jongman van die Pro Shop is baie gaaf en kom vra my of ek bekend is met gholf? Ek antwoord dat ek nie is nie. Hy lig my in waar ek moet loop. Daar is blykbaar ‘n uitgelêde paadjie reg rondom die baan. Ek moet daarop bly. Hy vertel my ook dat daar baie ongeskrewe reëls in gholf is. Ek moet bewus wees daarvan dat ek nie mag praat wanneer iemand slaan nie. Almal staan ook doodstil wanneer ‘n ander speler slaan. Jy mag nooit in ‘n speler se pad kom nie. Die speler wie se bal die verste lê slaan altyd eerste. Hier is reeds ‘n goeie klompie mense. Almal is besig met iets. Vier spelers wag om af te slaan. Ek gaan ook saam met vier spelers loop. Die jongman verduidelik aan my dat die vier spelers in my groep vandag met gholfkarretjies gaan ry. Dit is net geriefliker vir hulle. Hy verseker my dat die pas wat hulle ry so is dat ek hulle gemaklik te voet sal kan volg.



© University of Pretoria

Alles is baie goed georganiseerd. Die jongman kondig af wanneer ‘n groep gereed moet maak om af te slaan. Hier en daar oefen iemand hulle set voor hulle begin speel. ‘n Seuntjie loop met ‘n mandjie propvol geel gholfballe. ‘n Swart pa kom met sy klein dogtertjie by die baan aan. Nog ‘n klein seuntjie is hier saam met sy ma. Hy het ‘n klein gholfstokkie en sê dat hy gaan oefen. Sy kleiner sussie draai om hulle ma rond.

Koffie en water word op die karretjies gelaai. Almal is baie netjies aangetrek. Gelukkig het ek my boetie wat gholf speel, gister uitgevra oor die kleredrag anders sou ek vandag heeltemal uit gewees het. Daar is blykbaar ongeskrewe reëls waarvan alle gholfspelers weet, ten opsigte van kleredrag. Denim is uit. Die twee manne in die span van vier saam met wie ek gaan loop, is netjies uitgevat in hul spierwit broeke. Dan gaan my span na die eerste bofperk. Hulle is twee mans en twee dames. Die dames is nie so netjies aangetrek soos die mans nie. Die een man staan en rook. Blykbaar is dit nie ‘n probleem om op die baan te rook nie.

Die seuntjie met die geel balle het vir homself ‘n plekkie gekry waar hy hulle slaan. Die kleiner seuntjie met die klein gholfstokkie is bietjie lastig en pla hom as hy ook wil slaan. Nog ‘n seuntjie ry op ‘n fiets rond met ‘n speelgoed geweertjie in sy hand. ‘n Pa stoot sy babatjie in ‘n stootkarretjie rond. Die span wat moet afslaan staan nog rond by putjie een. Ek is nie heeltemal seker waarvoor hulle wag nie. Hulle praat oor koeitjies en kalfies.

Dan slaan die eerste man[33] af. Na hom die tweede man[34]. Beide van hulle het eers ‘n paar oefen swaaie gegee voor hulle geslaan het. Die vroue stap ‘n ent aan. Hulle slaan nie so ver soos die manne nie. Hulle afslaan bof is ongeveer honderd meter van die manne s’n af. Die manne wag vir hulle by die twee gholfkarretjies. Hulle vra vriendelik of ek wil saamry maar ek kan duidelik sien dat daar nie plek is nie. Daar is twee sitplekke voor en twee stelle gholfstokke agterop wat die agterste twee sitplekke onsitbaar maak. Ek antwoord dat ek sal stap. Dit kan ‘n lang dag raak... As een van die vroue ‘n goeie hou slaan word sy aangemoedig met: “Beautiful!” ‘n Slegte hou kry

[33] Vir hierdie studie sal hy bekend staan as M1=Man 1
[34] Hy sal bekend staan as M2=Man 2



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

‘n uitroep: “Bunkers!” Drie van die spelers loop en soek hulle balle. Daar is skaduwees op die baan wat dit moeilik maak om die balle te sien. Hulle help mekaar soek. Dit neem ‘n goeie tien tot vyftien minute voor hulle almal hul balle gevind het. ‘n Hond hardloop op die baan rond.

M1 wat sy bal in die sandput ingeslaan het, maak die sand met ‘n hark gelyk voor hy slaan. Die vlag op die setperk word uitgehaal vir die eerste vrou[35] wat gaan set. Dit gaan nie baie goed met een van hulle nie. Nadat al vier geset het, sit hulle die vlag terug in die gaatjie. Hulle ry op die karretjies na bof twee. Hier is nou geen bome meer nie. Die baan is egter steeds pragtig. Daar is huise aan weerskante van die baan. Die vroue se bofperk is weereens so honderd en vyftig meter van die mans s’n. Na elke hou word die gholfstok terug gesit in die sak en voor elke hou word daar versigtig gekies watter stok om nou mee te slaan. Daar word nie veel met mekaar gepraat nie, net geluide geuiter wanneer ‘n hou goed of sleg was. M1 wys af en toe vir sy vroue maat (V1), hoe sy behoort te geslaan het.

Dit is so mooi hier. Dit is ‘n voorreg om hier te kan rondstap. Vanuit een van die huise kom die mooiste musiek. Op die baan self is dit stil. Mens hoor die voëltjies. “Brilliant!” en “E, ê man!”, verbreek die stilte. My vierbal haal die vierbal voor ons in. Ek wonder wat nou gaan gebeur? “’n Ou ballie soos jy kan nie so ver kyk nie.” “Baie goeie bal!”, is verdere kommentaar wat geuiter word. Op die setperk vra M1 dat die ander drie eers klaar moet set voor hy set – al lê hy die verste van die gaatjie af. Is dit ‘n verbreking van die amptelike reëls? Hy verduidelik dat dit hom sal help om meer positief te set. Hulle doen so. Al drie staan doodstil en hy slaan sowaar in. “Ses punte vir die span!” – wat dit ook al mag beteken?

By bofperk drie is hulle nie seker oor die afstand nie. M1 vra dat iemand na die merker moet gaan kyk. Dan praat hulle met mekaar oor die wind en oor hoe hard hulle nou behoort te slaan. Die manne slaan af. ‘n Helikopter vlieg met ‘n groot geraas oor ons koppe. V1 bly eers vir ‘n lang ruk in die karretjie sit, besig met haar selfoon. Dan stap sy met twee stokke na die bofperk waar die ander vrou[36] reeds

[35] Sy sal bekend staan as V1=Vrou 1
[36] Sys al bekend staan as V2=Vrou 2



© University of Pretoria

wag. Hierdie keer is hulle bofperk sowat vyftig meter van die manne s'n af. By elke putjie is daar merker bord wat die afstand en aantal houe aandui. Die vierbal wat voor ons was is skielik weer buite sig. V2 moedig die bal aan om verder te gaan – asof die bal kan hoor. V1 slaan 'n slegte hou. Die manne vertel vir haar dat sy nie haar kop af gehou het nie. Sy stry 'n bietjie. Sy slaan uit die sandput oor en verby die setperk. Dan loop sy na die karretjie om 'n ander stok te gaan haal. M2 set mis. Sy maats spreek hul simpatie uit.

By bofperk vier gee M1 aan M2 raad oor watter stok om te gebruik. Hy stem nie regtig saam nie maar neem tog die hout om mee te speel. M1 draai na my en wys my 'n plek naby die bof waar ek kan water drink. Ek bedank hom. M2 speel 'n goeie hou en M1 wens hom geluk. Die vroue gaan na hul bofperk. Hier is 'n voorbeeld van 'n merker bord, soos by putjie vier:

**Par 4**

**Stroke 12**

- **375**
- **346**

Dit is baie stiller op die baan as wat ek gedink het dit sou wees. Dit hang seker ook maar van die spelers se persoonlikhede af. Alhoewel hier vier spelers is wat saamspeel en mekaar van tyd tot tyd aanmoedig en raad gee, speel elkeen sy eie spel en die fokus is daarop, of so lyk dit in elk geval vir my. Dit lyk nie vir my of dit lekker sou gewees het om op die baan rond te stap en op jou eie te speel nie, vandaar waarskynlik die groepies. Die gesprekke gaan merendeels oor walle, houe, krag, hoe jou kop gehou moet word, wie lê waar, watter stok om te gebruik ensovoorts. Daar is nie juis ander gesprekke nie, selfs nie eers oor koeitjies en kalfies ("small talk") nie.

Die telling word noukeurig na elke putjie aangeteken. Dan praat die twee manne oor die groep voor ons wat al vier elkeen met hul eie karretjie ry. Hulle beskou dit as baie onsosiaal en dit veroorsaak ook te veel verkeer op die baan. Hulle praat ook daaroor



© University of Pretoria

dat hulle nodig het om bietjie tyd op te maak. Dit wil vir my voorkom asof daar ‘n effense tydsaspek ter sprake is en ons groep is bietjie agter. Die groep wat na ons speel is net twee. Hulle bly binne sig. Dit wil vir my voorkom asof mens, as jy sosiale gholf speel, jou eie speelmaats kan kies.

Ons is nou by putjie vyf en die vroue se bofperk is weer so vyftig meter van die manne s’n af. V1 slaan weer sleg. M1 moedig haar aan en sê dat sy weer sal opmaak. Sy slaan dan wel net daarna ‘n pragtige hou. Hul volgende hou, is oor ‘n watergat. Daar word meer oefenswaaie geslaan as vantevore. V1 slaan twee keer in die water in. Haar derde hou, is oor die water. Sy gee egter geen uiting aan hoe sy daaroor voel nie. M2 kry ‘n vier syfer op hierdie moeilike putjie. Sy maats juig hom toe. Hy sit die vlag terug in die gaatjie en sy maats bedank hom. M1 sê dat hy baie bly is dat M2 in hulle span is. M2 sê speels dat hy ook al die werk moet doen. Lyk my hulle begin bietjie ontdooi. M1 sê dat hy ‘n ses het. Sy bal was in die water en hy het geen verskoning nie. Hy weet hy het sleg geslaan.

Putjie ses – die vroue kry so vyf en twintig meter af. Die manne wag in die karretjies vir die vroue om klaar te slaan. Hulle herinner mekaar daaraan dat Jan verjaar. Op die setperk word gehurk, gemeet, gekorrel en dan eers word daar geslaan. Daar is groot teleurstelling as die bal nie reg draai nie.

Wat gholf moontlik betekenis gee is die feit dat mens in die nou is. Daar is nie veel tyd om aan iets anders te dink nie. Dit help die spelers waarskynlik om af te skakel van wat buite die baan aangaan.

Die huise waarby ek verbyloop is almal massief groot. By putjie sewe praat M1 baie en vra of hy met sy drie hout sal regkom. Dis ‘n retoriese vraag. Niemand antwoord hom in elk geval nie. Hy slaan en is tevrede. Die vroue se bofperk is so vyftig meter verder. Die jongman van die Pro Shop en ‘n ander man kom na ons toe aangery met ‘n gholfkarretjie. Hy kom hoor of alles in orde is met my. Ek dink dit is uiters gaaf van hom. Dan kom daar ‘n swart man aangery met twee koelhouers op sy gholfkarretjie. Hy gee vir die spelers bier. Ek kon nie sien of hulle dit koop of gratis kry nie.



© University of Pretoria

Ek het al gehoor dat gholf ‘n sosiale spel is. Dit wil vir my lyk of die sosiale deel eerder na die negende en agtiende putjies is. Op die baan sien ek nie veel daarvan nie. Deel van ‘n span wees help moontlik om aan jou die gevoel te gee dat jy dit nie alleen hoef te doen nie. Op die sewende setperk is ‘n speler vir die eerste keer terwyl daar geslaan word, besig met ‘n selfoon. Dit is V1 en ek kan sien dat sy teks. Sy staan selfs met haar rug na die ander spelers toe, Sy is vir ‘n ruk lank glad nie betrokke by die spel nie. Die proviand karretjie kom weer verby. Hulle stuur hom na die volgende putjie en sê dat hulle daar by hom iets te drinke sal kry. Hy het sjokolade en skyfies ook. Hierdie keer sien ek dat hulle wel betaal. ‘n Swembad se water kabbel rustig en hoorbaar agter my.

By putjie agt kry die vroue weer so vyftig meter af. M2 slaan ook van die vroue se bofperk af. Nadat hy klaar afgeslaan het vra M1: “Het julle girls nou almal gespeel?” M2 lag maar net verleë. Die spelers loop dikwels met twee of drie stokke na die setperk toe. Nadat hulle die gaatjie van alle kante af bekyk het besluit hulle dan eers wat om te doen. Daar word op die setperk weer erg met die bal gesels. “Slow down, draai, move”, ensovoorts. Agter die setperk is ‘n waterval wat rustig kabbel. Ons het nou weer ingehaal op die vierbal voor ons. Hulle gepraat verbreek die rustigheid. My groep kla dat hulle vandag sukkel met die punte.

Dan is ons by putjie nege. V1 is weer op haar selfoon. V2 het ook klaarblyklik belang by die spel verloor. Sy is nou ook met haar selfoon besig. Die klubhuis is in sig. Ek gaan nie verder loop na putjie nege nie. Dit is vir my bietjie sieldodend met min opwinding en aksie. Ek is oortuig dat ek nie veel meer sal waarneem op die volgende nege putjies nie. V1 vat ewe verveeld haar stok om te gaan afslaan. V2 sit nog op die karretjie. Sy is steeds besig met haar foon. Dit is nou weer so stil dat ek die blare kan hoor ritsel en die verskillende voëls kan hoor wat sing. Kinders kom verby gery op hulle fietse. M1 vra dat hulle net ‘n oomblikkie moet wag om seker te maak dat hulle nie raakgeslaan word nie. Nadat al vier klaar afgeslaan het, ry die kinders verby en verder. Die tweebal agter ons het ons ingehaal. M1 wissel ‘n paar woorde met hulle. Hy wens die man geluk met ‘n goeie hou wat hy hom sien speel het.



© University of Pretoria

Die paadjie gaan verby ‘n dam. ‘n Vis spring uit die water uit. Ek loop ook verby ‘n oefenbof waar ‘n hele paar mense staan en balle slaan. My vierbal gee mekaar hoë vyfs aan die einde van die negende putjie. Die spel tot hier het twee en ‘n half ure geduur. Ek groet hulle en sê baie dankie dat hulle my verduur het. M1 verseker my dat hulle nie eers geweet het dat ek daar is nie. V1 wens my ‘n geseënde Paasfees toe. Ek stap na die klubhuis toe. Die kleedkamers is keurig en toegerus met stortgeriewe. By die klubhuis is daar nou heelwat gholfjoggies wat hulle dienste aanbied. Hulle was nie vroeër daar nie. Mense kuier in groepies binne die klubhuis en ook buite onder die bome. Ek sit en drink ‘n koeldrank. Langs my by ‘n tafeltjie sit ‘n eiendomsagent wat besig om ‘n huis op die landgoed aan ‘n paartjie te probeer verkoop. Dis ‘n “leefstyl” wat hy aan hulle verkoop. Hier onder die bome waar dit so rustig is met ‘n pragtige uitsig oor die gholfbaan is dit beslis die geskikte plek om mense hiervan te oortuig.

Mense eet, musiek speel. ‘n Pa en sy seun wat gholf gespeel het of nog gaan speel stop met hulle karretjie. Die tweebal wat agter ons was, stop ook. Ek wonder weereens of die mense nie speel vir die “stop” by die klubhuis nie? Hier is baie meer lewe, gesels en opwinding as op die baan.

Dit was ‘n interessante oggend wat ek gelukkig nie gou weer hoef te beleef nie. Ek het die volgende verwelkoming op Silver Lakes se webtuiste gekry. Mag dit waar wees vir alle gholfspelers:

**Welcome to All:**

**A very warm welcome, we hope your game of golf is most enjoyable and that the ‘Golfing Gods’ smile down on you.**



© University of Pretoria

Informele gesprekke het plaasgevind met die mense wat in die winkel by die baan werk; met die gholfspelers op die dag; met ander gholfspelers wat ook van tyd tot tyd daar speel; en met van die inwoners van Silver Lakes.

## 3.9. SAMEVATTEND

In hierdie hoofstuk is die empiriese proses eers verduidelik. Die proses verloop soos volg: data versameling → data transkripsie → data ontleding → interpretasie → formulering van die bevindinge (Osmer 2008:56). Die eerste twee stappe het hier neerslag gevind, naamlik die data wat versamel is en die transkripsie van die data. Daar is ŉ doelbewuste keuse gemaak om die *thick descriptions* net so hier op te neem om sodoende te probeer om aan die leser ŉ belewenis te gee van wat binne die agt ruimtes gebeur het op die spesifieke dag wat elke ruimte besoek is. Spesifieke klem is geplaas op die handelinge wat binne elke ruimte plaasgevind het en die interaksie tussen die ruimte en die handelinge. Soos vantevore aangedui is die navorser bekend met hierdie ruimtes en was al meerder male binne hierdie ruimtes. Tydens agt spesifieke besoeke is daar op ŉ doelbewuste wyse en met gebruikmaking van die kwalitatiewe instrumentarium die ruimtes deelnemend waargeneem en beskryf. In die volgende hoofstuk sal die data ontleed en met mekaar vergelyk word sodat die interpretasie van die data hierna kan plaasvind.



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 4

# ONTLEDING VAN DIE EMPIRIESE DATA

In hierdie hoofstuk word die empiriese proses voortgesit en sal hier gekonsentreer word op die ontleding van die data wat in hoofstuk 3 uiteengesit is. Nadat die data ontleed is, kan daar voortgegaan word met die interpretasie daarvan. Binne die "trialectics"[37] van ruimtelikheid werk ons hier met eerste ruimte. As 'n empiriese teks word eerste ruimte op twee vlakke gelees. In hierdie hoofstuk word van tweede vlak lees gebruik gemaak. Dit sluit aan by die algemene induktiewe benadering. Die eerste stappe in hierdie benadering is om die data te ontleed met die navorsingsdoelwitte (deduktief) in gedagte sowel as deur die herhaalde lees en interpretasie van die rou data (induktief). Hierna word die hooftemas en prosesse uitgewys wat die navorser as belangrik beskou. Dit wat die navorser as belangrik beskou, is natuurlik gebaseer op haar aannames en ervarings. Verskillende navorsers sal temas en prosesse uitwys wat verskil maar daar sal tog ook oorvleuelings wees. Die betroubaarheid van sodanige navorsing kan beoordeel word deur die herhaalbaarheid daarvan, die vergelyking van die bevindings met vorige navorsing en teorieë en terugvoer vanaf gebruikers van die navorsingsbevindings (Thomas 2006:238-240).

Die rou data is herhaaldelik deurgelees en gefynkam vir herhalende patrone, kulturele en sosiale prosesse, gedrag en temas wat na vore getree het in die lig van die sentrale probleemstelling en kern konsepte. Dit is kortliks en puntsgewys per ruimte weergegee. Hierna is daar gekyk na ooreenkomste en verskille wat na vore getree het binne die ruimtes wat in dieselfde geografiese gebied geleë is. Uit hierdie opsomming van bevindings is die konsepte/temas uitgewys wat verder ondersoek is. Laasgenoemde stap sal in die volgende hoofstuk aandag geniet.

---

[37] Soos verduidelik in hoofstuk 2



© University of Pretoria

### 4.1 ST. ANNE'S

- Die ruimte is nie duidelik gemerk nie – daar was nie 'n duidelike aanduiding dat hierdie St. Anne's Rooms Katolieke Kerk is nie

- Gasvryheid – verwelkoming by die deur, hulp regdeur die diens en ook die tee, verversings en gesprek na die diens

- Daar is 'n ruimte vir belangrike gaste. Gewone besoekers mag nie daar sit nie

- Daar is nie 'n aparte moederskamer nie. Kinders sit binne die gemeentelike ruimte

- As altaar bedieners maak kinders deel uit van die liturgie en speel 'n belangrike rol in die prosessie

- Die ruimte binne is lig, die baie vensters en ligte meubels dra by hiertoe

- Teen die voorste muur is die groot skildery van St. Anna[38] na wie die gemeente vernoem is. Daar is twee kleiner skilderye van Jesus en Maria aan weerskante van die skildery van St. Anna. Daar is ook binne die liturgiese ruimte beelde van Jesus en Maria

- Die liturgie is deelnemend. Meer as een liturg neem deel, die gemeente is betrokke by die liturgie, so ook die koor en die altaar bedieners

- Vroue word betrek by die liturgie – 'n vroue liturg is gebruik, dogters is deel van die altaar bedieners, die vroue liturg het ook deel gehad aan die bediening van die mis, 'n vrou het ons verwelkom by die deur en sy het ook later die afkondigings gelees. Vader David het 'n vrou gestuur om die eerste kontakpunt van gasvryheid te wees en ons te nooi vir tee

[38] Volgens oorlewering was St. Anna die moeder van Maria die moeder van Jesus



© University of Pretoria

- Liturgiese kleredrag speel ‘n belangrike rol – die verskillende liturge was geklee in liturgiese drag, sowel as die altaar bedieners. Die vrou wat ons verwelkom het, het ‘n blou skouermantel aangehad

- Simboliek – die prosessie, die dra van die wierook, kruis en kerse, kerse op die tafel voor in die liturgiese ruimte, die gebruik van water by die deur om ‘n kruis op die voorkop te maak met die inkom en uitgaan uit die kerkgebou, die gebruik van klokkies tydens die instel van die tekens, die water wat oor die persone gesprinkel is wat na vore gekom het vir voorbidding, skilderye, beelde, liturgiese kleredrag, kopbuigings, die maak van die kruisteken, die wyse waarop die gawes "gebring" word, die mis, beweging tydens die sing van Hosanna, die gereelde gebruik van "amen", vroue se bedekking van hulle hoofde tydens die mis, leegdrink van die nagmaalbeker, die wyse waarop die mis gebruik word, die wyse waarop nuwe lidmate verwelkom word, "uitdeel" van die Here se vrede aan mekaar

- Vaste, bekende elemente in die liturgie. Die mis het ŉ bepaalde struktuur wat universeel gebruik word en wat opgeneem is in die *Roman Missal*[39]

- Afrika-tyd (niemand is haastig nie en regdeur die diens het mense nog die gebou binnegekom om deel te hê aan die erediens)

- Geen musiekinstrumente word gebruik nie. Die koor speel ‘n belangrike rol

## 4.2 LUCAS MORIPE STADION

- Ons vrees om alleen in Atteridgeville in te gaan

- Simbole van die 2010 Sokker Wêreldbeker wat steeds positiewe reaksie uitlok

- Die vriendelikheid van die mense in die strate teenoor vreemdelinge

---

[39] http://www.fatherboniface.org/waob/texts/roman_missal_third_edition.pdf. ŉ Handige opsomming is beskikbaar by https://www.magnificat.net/romanmissal/pdf/PewCard4pages_195x270_site.pdf



© University of Pretoria

- Kinders wat van kleins af bedel
- ‘n Guns kom nie verniet nie, iets word in ruil daarvoor verwag
- Die ruimte wat so pragtig skoon en versorg is
- Simboliek – vuvuzelas, kleur, liggaamlikheid, vlae
- Sokker blyk nie ‘n groot aanhang onder wit Suid-Afrikaners te hê nie of dit kan natuurlik ook wees dat hulle nie graag in Atteridgeville gaan sokker kyk nie
- Ondersteuners van die twee spanne wat met mekaar meeding deur sang, dans en musiek. Mans en vroue is deel van hierdie groepe
- Musiekinstrumente
- Die belangrikheid van ‘n voorganger
- Kinders is welkom en beweeg vrylik rond
- Afrika-tyd – mense kom steeds die stadion binne lank nadat die wedstryd reeds begin het
- Afwesigheid van enige sigbare tydsaanduiding – daar is geen horlosie wat die tyd aandui of aftel nie
- Die onderskeid tussen hulle wat het en hulle wat nie het nie (“haves and have nots”)
- Hier is ‘n spesiale ruimte vir belangrike persone
- Spelers het bepaalde rituele
- Taksering op die baadjie en afwyking van reëls as gevolg hiervan
- Onmin op die veld tussen swart en wit spelers
- Oorsese reisiger wat moeite doen om in Afrika te kom sokker kyk



© University of Pretoria

- Misdaad en geweld in Suid-Afrika – so naby aan een van die ander ruimtes wat in hierdie studie aandag geniet, naamlik Loftus Versfeld

## 4.3 OOSKERK

- Belangrikheid van stilte
- Simboliek – kerse, nagmaalstekens, oop Bybel, ‘n prent, kerkklok wat lui, wyse waarop die nagmaal bedien word, aangee van die aansteek kers
- Effek van beligting
- Gebruik van verskillende tale
- Herhaling van dieselfde skrifgedeelte
- Gebruikmaking van vrae
- Gebruikmaking van musiek en sang – herhaling
- Slegs ‘n klavier word gebruik vir begeleiding
- Sommige mense se oënskynlike ongemak met stilte – daar is ŉ keel skoonmakery, gevroetelry en rondskuiwery tydens die tyd van stilte
- Mistieke spiritualiteit
- Offergawes by die deur

## 4.4 LOFTUS VERSFELD

- Prosessie
- Belangrikheid van kos en saameet
- Groot moeite met vermaak voor die wedstryd



© University of Pretoria

- Voorsanger word gebruik
- Simboliek – klere, kleure, plastiese bulhorings en haaie, vlae, plakkate, “blou bloed”, blou sitplekke, pom-pom meisies, gelukbringers, vuurwerke, Blou Bul-lied, Meksikaanse golf
- Die ruimte en wat dit oordra
- Gemoedelikheid onder die toeskouers
- Gebruik van musiek en spesifieke liedere
- Toeskouers se reaksie, beweging en meelewing wanneer sekere liedere gespeel word
- Toeskouers se reaksie as hulle hulself op die televisieskerm sien
- Geen onderskeid tussen dag en nag nie
- Kinders – hulle is oral en hul beweging word glad nie ingeperk nie
- Belangrikheid van beweging
- “Kollekte” word ook hier opgeneem – onverwags
- Die koue hou nie mense weg van die wedstryd af nie
- Spelers se rituele
- Die uitwerking van ‘n speler se naam op die skare – toeskouers van beide kante reageer saam. Dit wis verskille uit
- Eer en respek word aan Madiba betoon
- Loftus tradisie word verduidelik en die belangrikheid van goeie sportmangees
- Gebruikmaking van sosiale media
- Toeskouers se gedrag wat verander as dit sleg gaan met hul span



© University of Pretoria

- Verbroukanse en spelers wat foute maak word uitgejou
- Tydsaanduiding

## 4.5 KERK SONDER MURE

- Gasvryheid – ons is vriendelik ontvang en iets te drinke aangebied
- Die wonder van koffie en tee, veral op 'n koue, reënerige dag
- Simboliek – gebedspilaar, kruis, vlaggies, veelkleurige Chinese balle, rook, Powerpoint prente – ons word genooi om ons hierby te laat intrek, ligte, panele teen die mure
- Die ruimte en wat dit oordra – ingangsportaal met kuierplek, ontvangsarea wat korporatief vertoon, liturgiese ruimte lyk soos 'n teater
- Waarde van grafika om projekvordering aan te dui
- Verskeie moderne musiekinstrumente word gebruik
- Verskillende kleure kolligte word gebruik
- Feitlik geen kinders in hierdie erediens nie
- Liturg op DVD word gebruik om die verwelkoming en afkondigings te doen in plaas van 'n liturg in lewende lywe
- Baie groot aanbiddingspan
- Afrikaanse en Engelse liedere word gesing
- Min beweging vind plaas
- Ritme van die musiek wissel
- Na 'n uitnodiging om saam met 'n lied hande te klap, reageer almal nie hierop nie



© University of Pretoria

- Tyd van stilte
- Onkonvensionele houers vir die offergawes
- Liturg gebruik verskillende style, onder andere om vanuit die perspektief van God met die gemeente te praat
- ‘n Vrou op die verhoog skets dit wat sy hoor en beleef tydens die diens
- Liturg maak gebruik van ‘n DVD om aan ons ‘n hedendaagse gelykenis (soos hy dit noem) te wys
- Liefde vir vreemdelinge word beklemtoon
- Geleentheid vir toewyding
- “Placelessness” – niks aan hierdie gebou herinner mens aan ’n kerk nie

## 4.6 SUPERSPORT PARK

- Ongasvrye ontvangs by die parkeerarea
- Toeskouers is vriendelik
- Ontspanne en feestelike atmosfeer
- Afrika-tyd
- Helpers/sitplekaanwysers is uiters behulpsaam
- Simboliek – vlae, spelers se nommers, Meksikaanse golf, vlae wat halfmas hang ter eerbetoon aan Madiba, hoë vyfs, gelukbringer
- Kinders is orals, geniet die ruimte onbevange
- Kosreuke vul die lug
- Rituele van die spelers



© University of Pretoria

- Ruimte vertoon heel anders as op televisie
- Moslemvrou in tradisionele drag
- Skuldgevoel oor Westerse kleredrag en optrede
- Gebruik van sosiale media
- Van die spelers gee gemaklik tussendeur hul handtekening vir die kinders
- Baie word gemaak van die familie. Daar is selfs 'n area net vir families. Geen alkohol mag in hierdie area verbruik word nie
- Verbroukanse word uitgejou
- Daar is 'n gemoedelikheid onder die toeskouers en vreemdes gesels met mekaar
- Daar is baie beweging onder die toeskouers
- Musiek speel 'n rol wanneer 'n vier of 'n ses geslaan word en tydens die breke in die spel
- Enorme verbruik van bier
- Besittings blyk nie veilig te wees nie
- Rokers en nie-rokers gebruik dieselfde ruimte
- Toeskouers neem liggaamlik deel
- Belangrikheid van statistiek en rekords
- Foto's van die spelers en hul handtekeninge is baie belangrik
- Kansa kry ook 'n plekkie
- Heelwat advertensies



© University of Pretoria

- Aan die einde van Suid-Afrika se kolfbeurt is daar 'n breek en in hierdie tyd is daar 'n grootskaalse spelery op die veld – volwassenes en kinders neem saam deel
- Vreemde persoon vra dat ons sy besittings oppas sodat hy en sy seun ook kan gaan speel. Ons hou later ook 'n wakende ogie oor sy seun

## 4.7 CHRISTIAN REVIVAL CHURCH (CRC)

- Gasvryheid – vriendelike ontvangs by die hek en by die deur. Hulp word ook deur helpers binne die ruimte aangebied
- Engels en Afrikaans word gebruik
- Verskillende produkte word uitgestal en verkoop
- Hulpvaardigheid
- Ruimte skep die gevoel van 'n *rock* konsert
- Groot skerms word gebruik
- Kolligte in verskillende kleure word regdeur die diens gebruik
- Harde musiek
- Baie advertensies
- Spesiale ruimte vir ouers en kinders
- Multikulturele aanbidders
- Kleredrag is totaal informeel
- Baie groot aanbiddingspan – baie beweging by hulle tydens die aanbidding. Baie beweging by die aanbidders



© University of Pretoria

- Mense wat voorbidding nodig het word vorentoe genooi en daar word deur pastore vir elkeen individueel gebid
- ‘n Kamera neem deurentyd alles wat in die diens gebeur af
- Reuse wêreldkaart word vertoon
- Besoekers word hartlik verwelkom
- Baie humor gedurende die diens
- Besoekende prediker uit Amerika gebruik rugby om aansluiting te vind by die plaaslike aanbidders
- Verbind Twitter met Johannes 3:16 en sy boodskap. Span sosiale media in om die boodskap vas te lê
- Plaas jou eie naam waar jy in Johannes 3:16 *wêreld* lees
- God het sy wraak op sy seun uitgehaal. Hy kan dus nie meer vir jou kwaad wees nie
- Prediker baie emosioneel, beweeg voortdurend rond en vee gereeld die sweet van sy gesig af
- Hy gee ‘n profetiese woord vir “iemand”
- God se plan is nie ‘n program nie maar ‘n Persoon
- Hier is heelwat rituele
- Prediker bid met oop oë
- Mense moet hulle hande opsteek as hulle ‘n oorgawe maak van geloof na vertroue. Dan moet hulle vorentoe gaan. Word aangemoedig deur ander aanbidders wat vir hulle hande klap
- Simboliek – handoplegging sodat aanbidders God se liefde kan voel, aanbidders steek hul hande uit na die vir wie gebid word, wêreldkaart



© University of Pretoria

- Menslike hart is geskep om vreugde te ervaar
- Persone wat na vore gekom het om 'n oorgawe te maak gaan na die diens saam met 'n pastoor vir 'n een tot een gesprek
- Voor die offergawes opgeneem word, word gewys wat daarmee gedoen sal word. Jy sal geseën word as jy nou gee
- Die deure word gesluit tydens die opneem van die offergawe ter wille van almal se veiligheid
- Daar kan nie in die offergawe mandjies ingesien word nie
- Niemand is haastig om huis toe te gaan nie. Daar is 'n gemoedelikheid en spontane geselsery
- Daar is 'n tent vir die kinders waar hulle kinderkerk het. Rondom die tent is klimrame en speelplek
- 'n Gevoel van *uBuntu* heers. Dit mag dalk so voel in die hemel...
- Die verkeer is erg maar almal is geduldig

## 4.8 SILVER LAKES GHOLFBAAN

- Hierdie ruimte is nie toeganklik vir almal nie
- Jy kan weggewys word
- Mens word deur sommiges vriendelik verwelkom, deur ander skepties en deur ander glad nie
- Daar is heelwat ongeskrewe reëls. Op een of ander manier moet jy dit te wete kom anders oortree jy en verontrief jy andere
- Kleredrag is belangrik



© University of Pretoria

- Deelnemers hier doen wat vir hulle gerieflik is
- Dinge is goed georganiseerd en verloop glad
- Kinders is welkom rondom die klubhuis maar nie op die baan self nie
- Daar is plekke – ook rondom die klubhuis – waar kinders balle kan slaan
- Demografies is die spelers nie verteenwoordigend van ons land se demografie nie
- Om goeie houe te slaan is baie belangrik. Jy kry erkenning as jy ‘n goeie hou speel
- ‘n Swak hou word beloon met kritiek, vernederende opmerkings van tyd tot tyd en raad wat nie altyd gevraagd is nie
- Spelers beloon hulself ook met negatiewe opmerkings wanneer hulle ‘n swak hou geslaan het
- Van tyd tot tyd help die spelers mekaar as hulle ‘n bal nie kan kry nie. Moontlik om tyd op te maak
- Die baan en die omgewing rondom die baan is pragtig. ‘n Mens kan nie help om die eksklusiwiteit tasbaar aan te voel nie. Jy ervaar dat jy bevoorreg is om hier te mag wees. Dit is nie vir almal bedoel nie
- Mans en vroue word verskillend behandel. Beide mag op die baan wees maar hulle slaan nie van dieselfde bofperk af nie
- Alhoewel vier mense saam speel is daar nie veel interaksie tussen hulle nie
- Die geluide wat op die baan hoorbaar is, is meestal natuurlike geluide wat dit baie besonders maak – die geluid van voëlsang, water wat kabbel, ‘n vis wat spring, blare wat ritsel in die wind, ‘n hond wat blaf. Af en toe is daar mense stemme hoorbaar en by een geleentheid het daar musiek vanuit ‘n huis gekom. Die helikopter was die enigste erg steurende geluid



© University of Pretoria

- Daar was heelwat beweging op die baan – gholfkarretjies wat ry, spelers wat loop, wat oefen swaaie maak, die houe self, die hurk en buk en mik na die gaatjie, die soek na balle, die hark van sand in 'n sandput, in en uitklim in die karretjies, in en uithaal van gholfstokke
- Elkeen fokus meestal op sy/haar eie spel
- Gesprekke op die baan draai hoofsaaklik rondom die spel
- Die telling is belangrik en word noukeurig aangeteken
- Ander se onsosiale gedrag word maklik raakgesien
- Jy kan kies saam met wie jy wil speel
- Tyd speel 'n rol. Jy kan nie maar so lank neem as wat jy wil nie
- Jy verkeer in die hier en nou
- Gasvryheid en besorgdheid vanaf die kant van die organiseerder
- Versnaperinge tydens die spel speel 'n belangrike rol. Dit word tot aangery
- Die spel hou nie regdeur almal se aandag nie. Selfone veroorsaak dat van die spelers hul aandag verskuif en by tye onbetrokke is
- Die bal word by tye aangespreek en vertel wat dit moet doen of nie moet doen nie
- Kinders wat verby ry se veiligheid word in ag geneem en hulle word gewaarsku om nie te ry terwyl daar geslaan word nie. Dit sal voorkom dat hulle raakgeslaan word
- Die klubhuis speel 'n belangrike rol. Voor die spel begin kuier mense daar rond. Na nege putjies word daar weer gekuier en aan die einde van die spel is dit waar die spel geëindig word met 'n verdere kuiery rondom drankies en soms kos
- Die kleedkamers is keurig en goed versorg



© University of Pretoria

- Die landgoed wat die gholfbaan insluit word verkoop as 'n "leefstyl"
- Die gholfbaan is 'n plek waar jy gelukkig moet wees en waar jy moet ervaar hoe die gholfgode vir jou glimlag

## 4.9 SIGBARE OOREENKOMSTE EN VERSKILLE TUSSEN DIE RUIMTES BINNE DIESELFDE GEOGRAFIESE OMGEWING

### 4.9.1 Atteridgeville (Weste van Pretoria)

***Ooreenkomste:***

- Gasvryheid en vriendelikheid teenoor vreemdelinge
- Spesiale ruimte vir belangrike gaste en besoekers
- Kinders is belangrik en welkom
- Ruimtes wat goed versorg en skoon is
- Deelneming aan die liturgie is belangrik. Mans, vroue en kinders mag deel hiervan uitmaak
- Liturgiese kleredrag speel 'n belangrike rol. Ook in die sokker ruimte aangesien die ondersteuners uitgeken word aan die kleur klere wat hulle dra
- Afrika-tyd
- Musiek en sang
- 'n Voorganger is in beide ruimtes baie belangrik
- Geen sigbare tydsaanduiding nie
- Rituele



© University of Pretoria

- Vaste bekende elemente in die liturgie
- Die ruimtes is nie duidelik gemerk nie
- Dit wat belangrik is by St. Anne's word uitgebeeld teen die mure. Dit wat belangrik is by die Stadion word uitgebeeld in die vlae en kleure
- By albei ruimtes word ons na die "verkeerde" sitplek gestuur
- By beide ruimtes was daar min of geen ander wit Suid-Afrikaners nie

***Verskille:***

- Geen sigbare prosessie by Stadion nie. Dit is egter moontlik dat dit gebeur het voor ons daar aangekom het
- Simboliek speel 'n groter rol by St. Anne's as by die Stadion
- Geen musiekinstrumente word by St. Anne's gebruik nie. Musiekinstrumente (waaronder vuvuzelas ook tel) is belangrik by die Stadion
- Vrees wat ons gehad het om in Atteridgeville in te gaan is besweer teen die tyd wat ons St. Anne's besoek. Ons doen dit vreesloos
- Kinders wat bedel rondom die Stadion. By St. Anne's bring almal met trots hul gawes. Die klein Christelike gemeenskappies sorg vir die wat dit moontlik sou nodig vind om te bedel
- Liggaamlikheid en beweging speel 'n baie groter rol by die Stadion as by St. Anne's
- Daar is mededinging by die Stadion terwyl daar by St. Anne's 'n eenheidsgevoel is
- Alhoewel kinders welkom is by St. Anne's kan hulle nie vrylik rondbeweeg soos by die Stadion nie



© University of Pretoria

- By die Stadion is daar ‘n duidelike onderskeid tussen hulle wat het en hulle wat nie het nie. Dieselfde is nie waar by St. Anne’s nie alhoewel daar tog ‘n spesiale ruimte is vir belangrike gaste
- Die spelers by die Stadion het bepaalde rituele. Ek kon nie spesifieke rituele by die toeskouers opmerk nie. By St. Anne’s is die hele gemeente betrokke by die rituele
- Taksering op die baadjie vind by albei ruimtes plaas. By die Stadion word die reëls vir ons gebuig. By St. Anne’s word verleentheid verkies bo die buig van reëls
- By die Stadion het mens die gevoel gekry dat ons met opset na die verkeerde hek gestuur is. By St. Anne’s was dit ‘n opregte oordeelsfout
- By die Stadion was daar die ongelukkige voorval van onmin tussen die wit en die swart speler. By St. Anne’s was daar werklik geen gevoel van onmin of onwelkomheid nie. Selfs moeilike kwessies soos die gebruik van die nagmaal word met groot takt aangespreek.

### 4.9.2 Arcadia/Hatfield (Middel/Noorde van Pretoria)

***Ooreenkomste:***

- Simboliek speel in albei gevalle ‘n belangrike rol
- Beligting is belangrik
- Verskillende tale word in beide ruimtes gebruik
- Herhaling speel by beide ‘n rol
- Vrae word in albei ruimtes gebruik



© University of Pretoria

- Musiek en sang en die herhaling daarvan. Spesifieke liedere is by beide uitgekies en dra by tot die atmosfeer en meelewing

- Saameet/saam breek van brood is belangrik

- Prosessie is inherent by Ooskerk. By Loftus is daar die duidelike gevoel van 'n prosessie

- Voorganger is by albei ruimtes aanwesig – voorsanger by Loftus en liturge by Ooskerk

- Die ruimtes dra in beide gevalle ‘n baie spesifieke boodskap oor. Geen gevoel van“placelessness” nie

- Reaksie word ontlok by die toeskouers wanneer hulle hulself op die televisieskerm sien. Reaksie word ontlok by die aanbidders wanneer hulle moet reflekteer oor dit wat hulle van hulself sien tydens die stilte

- ‘n Speler se naam het by Loftus ‘n uitwerking op die toeskouers. Dit wis verskille uit. By Ooskerk is die veronderstelling dat die naam van Jesus ook verskille sal uitwis

- Die Loftus tradisie word verduidelik. Die besoekers moet kennis neem hiervan en hoe dit werk. Wat tydens die diens by Ooskerk gebeur word op die bord verduidelik omdat almal nie bekend is met die mistieke spiritualiteit nie. Ook hier is die tradisie nie by almal bekend nie

***Verskille:***

- Vermaak is by Loftus belangrik. Vermaak speel geen rol by Ooskerk nie

- Daar is ‘n gemoedelikheid onder die toeskouers by Loftus en vreemdes gesels gemaklik met mekaar. By Ooskerk is daar stilte en geen woorde word gewissel nie

- Stilte is belangrik by Ooskerk. By Loftus is daar geen sprake van stilte nie



© University of Pretoria

- Beweging speel 'n belangrike rol by Loftus. Minimale beweging by Ooskerk
- Kinders is welkom by Loftus en hul beweging word geensins ingeperk nie. Daar was geen kinders by die diens by Ooskerk nie
- Kollekte word by die deur opgeneem by Ooskerk. Daar is nie veronderstel om kollekte opgeneem te word by Loftus nie en tog gebeur dit
- Eer en respek word aan Madiba betoon by Loftus
- Die spelers by Loftus het rituele, die toeskouers inherent waarskynlik ook. By Ooskerk is die simboliek en rituele wesenlike deel van mekaar
- Sosiale media speel 'n belangrike rol by Loftus
- Toeskouers se gedrag verander na gelang van wat op die veld gebeur. Die aanbidders by Ooskerk se gedrag bly konstant (of dit is die veronderstelling)
- Tyd speel 'n belangrike rol by Loftus. By Ooskerk speel tyd oënskynlik nie 'n rol nie alhoewel die liturg waarskynlik die diens binne 'n bepaalde tydraamwerk uitgewerk het
- By Ooskerk is 'n klavier die enigste musiekinstrument. By Loftus is 'n orkes voor die tyd gebruik maar tydens die "diens" word net CD's gebruik
- Mistieke spiritualiteit is belangrik by Ooskerk

### 4.9.3 Centurion (Suide van Pretoria)

***Ooreenkomste:***

- Ontspanne atmosfeer



© University of Pretoria

- Die helpers by Supersport Park was baie behulpsaam. Die helpers by Kerk sonder mure het vriendelik met ons gesels en ons laat welkom voel
- Drinkgoed is by beide ruimtes belangrik en skep 'n bepaalde atmosfeer
- Simboliek speel in albei ruimtes 'n rol
- Musiek speel in beide ruimtes 'n rol
- Verskeie musiekinstrumente word in beide ruimtes gebruik
- Beligting – by Kerk sonder mure speel dit deurentyd 'n rol. By Supersport Park speel dit 'n rol sodra daglig nie meer beskikbaar is nie
- Engels en Afrikaans word in beide ruimtes gebruik
- By Kerk sonder mure skets 'n vrou wat sy hoor en beleef tydens die diens. By Supersport Park berig die media oor wat hulle hoor en beleef tydens die "diens"
- By beide ruimtes is daar die gevoel dat tyd nie baie belangrik is nie
- Sosiale media speel 'n belangrike rol by Supersport Park. Die gebruik van media speel 'n belangrike rol by Kerk sonder mure
- Statistieke en rekords speel 'n belangrike rol by Supersport Park. Ons kry iets hiervan by Kerk sonder mure waar hulle grafieke gebruik om projekvordering aan te dui
- Kansa is belangrik by Supersport Park. Ander gemeenskapsprojekte is vir Kerk sonder mure belangrik
- Advertensies en afkondigings is vir beide belangrik

***Verskille:***

- Gasvryheid by Kerk sonder mure. Ongasvryheid by Supersport Park



© University of Pretoria

- ‘n Gevoel van “placelessness” word ervaar by Kerk sonder mure. By Supersport Park kry mens wat jy verwag van die ruimte en meer
- Feitlik geen kinders in die diens by Kerk sonder mure nie. By Supersport Park is die kinders orals. Gesinne is hier belangrik en daar is ‘n spesiale ruimte vir hulle. Die spelers gee spesiaal vir die kinders hulle handtekening en tydens die breek in spel speel ouers en kinders saam krieket op die veld
- By Kerk sonder mure speel die aanbiddingspan ‘n belangrike rol. By Supersport Park is daar geen voorgangers nie
- By Kerk sonder mure is beweging beperk. By Supersport Park is daar voortdurende beweging
- By Kerk sonder mure word die liefde vir vreemdelinge mondelings beklemtoon tydens die diens. By Supersport Park neem vreemdelinge saam deel aan die “diens” en gesels met mekaar
- Rituele is vir die spelers by Supersport Park belangrik. Kry nie die gevoel by Kerk sonder mure dat daar belangrike vaste rituele is nie
- Besittings blyk nie veilig te wees by Supersport Park nie en moet opgepas word. Geen sodanige gevoel word ervaar by Kerk sonder mure nie
- By Supersport Park neem rokers nie nie-rokers in ag nie
- Liggaamlike deelname speel ‘n rol by Supersport Park. Nie soseer by Kerk sonder mure nie

### 4.9.4 Silver Lakes (Pretoria Oos)

***Ooreenkomste:***

- Engels en Afrikaans word by beide ruimtes gebruik



© University of Pretoria

- Hulpvaardigheid word by beide aangetref alhoewel dit langer geneem het by die Gholfbaan om hierby uit te kom
- By beide is daar 'n ruimte waar kinders welkom is
- Baie beweging vind by albei plaas
- By beide speel tegnologie 'n rol. By CRC word tegnologie en sosiale media positief ingespan om die boodskap meer toeganklik en verstaanbaar te maak. By die Gholfbaan maak tegnologie (selfone) negatief inbreuk op die spel
- Rituele speel by albei 'n rol
- Kan nie regtig sê dat simboliek by enige een van die twee 'n groot rol speel nie
- By beide is niemand haastig om huis toe te gaan nie. Gemoedelike kuier en gesels na die diens/spel afgehandel is, is belangrik
- Dinge is by beide goed georganiseerd en verloop glad
- Gasvryheid en besorgdheid vanaf die kant van die gasheer word in beide ruimtes ervaar
- Versnaperings speel by beide 'n belangrike rol. By CRC word dit voor en na die diens verkoop. By die Gholfbaan word dit voor, tydens en na die spel verkoop
- Dit is altyd makliker om ander se foute raak te sien eerder as jou eie
- By beide word jy maklik vasgevang in die hier en nou
- By CRC word Satan aangespreek en vertel wat hy moet doen en nie moet doen nie, asof hy kan hoor en reageer. Op die Gholfbaan word die bal aangespreek en vertel wat dit moet doen en nie moet doen nie, asof dit kan hoor en reageer
- By beide word veiligheid in ag geneem



© University of Pretoria

- Die omgewing en hoe dit lyk is vir beide belangrik
- By beide is daar geduld met mekaar
- Om God te aanbid soos CRC voorskryf is 'n "leefstyl". Om op die Gholflandgoed te bly is 'n "leefstyl"
- Vir beide is dit belangrik dat God/die gode op jou glimlag

***Verskille:***

- By CRC is daar gasvryheid vandat jy by die hek inkom. By die Gholfbaan is daar voorwaardelike gasvryheid
- CRC – almal is welkom. Gholfbaan – jy kan weggewys word
- By CRC word harde musiek gebruik. By die Gholfbaan is die musiek oorwegend sag en natuurlik
- Advertensies speel geen sigbare rol by die Gholfbaan nie
- Die Gholfbaan het ongeskrewe reëls. As jy nie bewus is hiervan nie kan jy jou in vyandigheid vasloop
- By die Gholfbaan is kinders nie op die baan welkom nie maar daar is ruimtes waar hulle wel welkom is. By CRC is kinders in die diens welkom en daar is ook spesiale ruimtes vir hulle
- CRC is verteenwoordigend van die land se demografie. By die Gholfbaan is dit glad nie so nie
- By CRC is die kleredrag informeel. Op die Gholfbaan is daar definitiewe en ongeskrewe voorgeskrewe reëls ten opsigte van kleredrag
- By CRC word die gerief van almal in ag geneem. By die Gholfbaan gaan dit om die gerief van die individu



© University of Pretoria

- Wat gebeur tydens die diens by CRC is van belang en word afgeneem deur kameras. Wat op die Gholfbaan gebeur is privaat en individueel
- By CRC word besoekers hartlik verwelkom. By die Gholfbaan mag jy net op uitnodiging deelneem of as jy vooraf bespreek en goedgekeur word
- By CRC word daar gepoog om mense op te bou deur dit wat gesê word. Op die Gholfbaan word daar baie negatiewe en afbrekende opmerkings teenoor mekaar gemaak
- By CRC word die mense aangemoedig om ook positief teenoor hulself op te tree. By die Gholfbaan maak spelers teenoor hulself negatiewe opmerkings wanneer hulle ‘n hou verbrou
- By CRC is daar baie humor gedurende die diens. Op die Gholfbaan het ek nie veel humor beleef nie alhoewel die spel dit verseker daartoe leen
- Tegnologie word gebruik om aandag te behou tydens die diens. Op die Gholfbaan trek tegnologie die aandag van die spel af
- By CRC speel emosie ‘n groot rol. Op die Gholfbaan het ek nie veel emosie beleef nie alhoewel die spel dit ook daartoe leen
- By CRC kry jy die gevoel dat mans en vroue ‘n ewe belangrike rol speel. Op die Gholfbaan is vroue welkom maar daar word ‘n onderskeid getref tussen mans en vroue spelers
- By CRC hou God die telling en is Hy genadig. Op die Gholfbaan hou die spelers telling en dit moet akkuraat wees, genadig of ongenadig
- By CRC word daar gepoog om met almal vriendelik te wees. By die Gholfbaan word daar gekies saam met wie jy wil speel en dus met wie jy vriendelik wil wees
- By CRC is daar die gevoel van Afrika tyd – niemand is haastig nie. By die Gholfbaan speel Westerse tyd ‘n rol. Jy word weliswaar nie aangejaag om



© University of Pretoria

te slaan nie maar jy moet jou putjies binne 'n sekere tyd afhandel anders hou jy die groep agter jou op

- Offergawes speel 'n belangrike rol by CRC. Niks word weggegee op die Gholfbaan nie

- CRC is inklusief en vir almal. Daar heers 'n gevoel van *uBuntu*. Die Gholfbaan is eksklusief en daar heers 'n uiterste gevoel van individualisme – elkeen vir hom- of haarself

## 4.10 SAMEVATTEND

In hierdie hoofstuk is die data wat versamel is en wat voorgehou is in hoofstuk drie, aan die hand van die algemene induktiewe benadering ontleed. Herhalende patrone, kulturele en sosiale prosesse, gedrag en temas is kortliks en puntsgewys opgesom vir elke ruimte. Hierna is die data vergelyk volgens die ooreenstemmende geografiese omgewings. Ooreenkomste en verskille is puntsgewys vermeld. Dit mag voorkom asof hierdie hoofstuk lank en herhalend is. Dit is egter krities vir hierdie studie om deur middel van die induktiewe benadering by wyse van herhaling en sifting van die data by die sentrale temas uit te kom. Soos reeds verduidelik is, is dit dieselfde beginsels wat ook by kodering gebruik word. Dit verseker dat konsepte wat herhaaldelik voorkom uitgewys en gegroepeer kan word ten einde by die hoof temas uit te kom sodat dit dan verder ontleed kan word. In die volgende hoofstuk sal hierdie sentrale temas uitgewys word. Dit sal dan geïnterpreteer word aan die hand van bestaande teorieë ten einde te poog by 'n verstaan uit te kom ten opsigte van hoekom hierdie tendense aangetref word en hoekom dit aangaan.



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 5

## DATA INTERPRETASIE/DIEPER KYK

In hierdie hoofstuk word daar dieper gekyk en gepoog om die data wat uitgelig is in die vorige hoofstuk te interpreteer. Tweede ruimte[40] lees vind plaas wat dan ook ten doel het om te interpreteer. Hier word gedefinieer en georden, gekonseptualiseer en gewerk met teorieë. Verskillende teorieë binne die wetenskappe word gebruik om tot 'n beter verstaan te kom en om te probeer verduidelik hoekom hierdie patrone en dinamika gebeur of aangetref word. Is daar sekere teorieë binne die wetenskappe waarvan gebruik gemaak kan word om lig te werp op wat hier aangaan en om te help om dit beter te verstaan?

Teorieë is feilbaar en onderworpe aan heroorweging soos wat kennis verbreed. 'n Bepaalde teorie benader kennis vanuit 'n spesifieke perspektief of posisie. Geen enkele perspektief kan die volle waarheid weergee nie. Daarom is verskillende perspektiewe dikwels nodig om komplekse, multidimensionele fenomene te verstaan. Die mens het 'n diepgewortelde behoefte aan sekerheid, aan een, ware, regte antwoord. Tog weet ons al dat dit nie so eenvoudig is nie. Hoe meer ons weet hoe meer besef ons hoe min ons weet. Daar is ook altyd die spanning tussen verskillende perspektiewe. Menslike kennis is feilbaar. Die perfekte kennis behoort aan God alleen. Absolute sekerheid en een ware perspektief is dus nie iets waarby daar uitgekom kan word nie (Osmer 2008:80-84). Tog hoef daar nooit opgehou te word om te soek, waar te neem, te identifiseer, uit te lig, te oorweeg, te heroorweeg nie. Alle wysheid kom van God af. Wysheid begin met vrees/eerbied vir die Here, om Hom te ken en in verhouding met Hom te wees.

Hieruit vloei 'n gesindheid van openheid tot die wêreld voort. 'n Denkende geloof is 'n geloof wat bereid is om te leer van die intellektuele hulpbronne van die hedendaagse kultuur. Ons móét gewillig wees om te leer by moderne wetenskappe. Vanuit 'n

---

[40] Tweede ruimte is die bergplek van epistemologiese krag. Dit is die primêre ruimte van utopiese denke en visie, gekonseptualiseerde ruimte



© University of Pretoria

teologiese raamwerk kan daar in dialoog getree word met die wêreld. As dit wys hanteer word, kan die kerk die wêreld iets bied ten opsigte van die morele en wyse gebruik van menslike kennis (Osmer 2008:93-94). In hierdie hoofstuk word daar slegs na wetenskappe buite die teologie gekyk om te sien watter teorieë en perspektiewe buite die teologie gevind kan word wat meer lig werp op dit wat beskryf is in hoofstuk vier. In verdere hoofstukke sal die dialoog dan plaasvind tussen hierdie teorieë en ‘n teologiese perspektief ten einde te kyk watter bydrae die teologie tot hierdie tendense binne ons samelewing kan lewer.

Dit is nodig om net weer kortliks uit te lig hoe daar van die empiriese data beweeg word na die interpretasie van die data. Data is ingesamel binne eerste ruimte (*perceived space*). Menslike aktiwiteit, gedrag en handelinge binne hierdie bepaalde ruimtes is deur middel van deelnemende waarneming beskryf. As deel van die taak van kwalitatiewe navorsing is daar gepoog om dit wat binne elke ruimte gebeur so te beskryf dat dit gebruik kan word om tot ŉ verstaan te kom van die ander en die fenomeen. Die empiriese data is ontleed aan die hand van die algemene induktiewe benadering (cf. Thomas 2006). Deeglike en sistematiese herlees van die data laat toe dat sekere temas na vore tree. ŉ Kort opsomming is gemaak van dit wat binne elke ruimte beskryf is. Breë temas het hier reeds na vore begin tree. Dit is verder verfyn aan die hand van ŉ vergelyking tussen die beskrywings van die ruimtes binne elke geografiese gebied. Ooreenkomste en verskille is kortliks uiteengesit. Die volgende stap in die induktiewe benadering is om ŉ raamwerk daar te stel wat die belangrikste temas/kategorieë en prosesse uitlig wat verder ondersoek kan word. Die verskillende konsepte wat uit die data na vore tree word dan ingepas by hierdie temas. ŉ Bepaalde konsep kan by meer as een tema tuiskom. Hierdie benadering poog om tussen drie en agt temas/kategorieë te identifiseer. Die aanbeveling is dat daar nie meer as agt temas sal wees nie. Indien daar is, moet die proses verder verfyn word totdat daar net agt of minder temas is. Die ses temas wat vir hierdie studie geïdentifiseer is en hier ondersoek is, is: ruimtelikheid, liggaamlikheid, kultuur, rituele, tradisie en wêreldbeskouing.



© University of Pretoria

## 5.1 RUIMTELIKHEID

In *Meanings of designed spaces* skryf Vaikla-Poldma (ed. 2013:63) die volgende oor ruimtes:

> Spaces are what we make of them. We create them, or they exist when we arrive. Just as we do, they change, engage, and live, in part, as a response to our interactions. Spaces are illusory, yet real, tangible yet intangible, and ever changing depending on our point of view. Whether it is expressed in visual image, in spoken language or through text, spaces reveal qualities that manifest meanings. And yet space is also historically grounded in both philosophical constructions and multiple meanings influenced by historic contexts and philosophical arguments. Space becomes a dynamic of lived experience.

Hieruit blyk dat ruimte ’n komplekse fenomeen is wat verskillende betekenis vir verskillende individue en groepe het. Ruimte beïnvloed mense en mense beïnvloed ruimtes.

Eliade (1959:36) wys op die belangrikheid van ‘n vaste punt, ‘n *axis mundi*, waaraan die mens hom/haarself kan lokaliseer en sy/haar bestaan kan begrond. Hierdie *axis mundi* help die mens om die ruimte rondom hom/haarself te orden. Die mens het ‘n inherente behoefte om sy/haar wêreld te orden (1959:44). Sonder ‘n fundamentele ordeningsbeginsel is die mens letterlik verlore (Wilwerding 2013:67). Onbeperkte ruimte verteenwoordig chaos. Ruimte sonder ‘n ordeningsbeginsel is gelykstaande aan niks (“nothingness”). Die mens (of te wel dan binne die Westerse kultuur) is ongemaklik met “niks”. Sonder iets wat ‘n fondasie bied vir die verstaan van “niks”, daardie *axis mundi*, kan ruimte skrikwekkend wees. Die organisering van ruimte is verteenwoordigend van die verstaan van die ideale ordening van die heelal sowel as die stabiele basis waarvolgens alle ander aspekte van die lewe georden word. Uit hierdie ordening kan gesien word dat die menslike kultuur poog om ‘n ordeningsbeginsel daar te stel wat verteenwoordigend is van hul verhoudings met die natuur, met ander mense en met kulturele en politieke instellings (Wilwerding 2013:67). In die antieke tyd was die tempel die middelpunt van die wêreld, die *imago mundi.* Die mens wou egter ook hê dat sy/haar huis ‘n *imago mundi* moes wees. Die huis word dan ook die middelpunt van die wêreld, en op ‘n mikrokosmiese skaal is dit



© University of Pretoria

‘n weergawe van die heelal. Die tempel was steeds die middelpunt par excellence en dit was daar naby die mens in die stad. Die mens was verseker van kommunikasie met die wêreld van die gode bloot net deur die binnegaan van die tempel (Eliade 1959:43).

Vandag het elke mens steeds ‘n *imago mundi* wat vir hom/haar belangrik is. Vir sommige is dit die “tempel”, vir andere hul huis en vir sommiges is dit die sport stadion. Hierdie ruimtes kan selfs die *axis mundi* wees waarvolgens hy/sy die kosmos orden. Relph (1976:26) is ‘n fenomenoloog en beskryf dit as volg: “Places are the significant centers of our immediate experiences of the world.” Plek is dan volgens hom die interaksie van drie komponente, naamlik fisiese omgewing, aktiwiteit en betekenis.

Harrison & Dourish (1996:67) kyk na ruimte en plek vanuit die oogpunt van rekenaarwetenskap en informatika. Hulle beskryf ruimte as die drie dimensionele wêreld waarin die mens lewe en elke dag op mekaar reageer. Ruimte is die moontlikheid en plek die verstaande werklikheid. Plek spruit voort vanuit die spanning tussen verbintenis (inpas binne ‘n bepaalde konteks, “part of”) en onderskeiding (anders wees as die omliggende konteks, “apart from”). ‘n Plek is ‘n ruimte gevul met begrip van toepaslike gedrag, kulturele verwagtings, ensovoorts. In die alledaagse handel en wandel vloei toepaslike gedrag uit ‘n sin vir plek eerder as uit ‘n sin vir ruimte. “We are located in space but we act in place” (Harrison & Dourish 1996:69).

Plekke is ruimtes wat waardeer word. Tuan (1977:6) beskryf dit soos volg: “What begins as undifferentiated space becomes place as we get to know it better and endow it with value”. Die ruimte huis (“house”) is ‘n plek wat die wind en die reën buite hou maar die plek huis (“home”) is die tuiste waar ons lewe. Daar kan twee ruimtes wees, soos byvoorbeeld ‘n konferensiesaal en ‘n teater, wat op die oog af baie dieselfde lyk, met ruimtelike kenmerke wat ooreenstem soos beligting en oriëntasie. Dit is egter hoogs onwaarskynlik dat daar gesing en gedans sal word terwyl ‘n referaat aangebied word. Sulke optrede sal uit plek wees. Plek en nie ruimte nie bepaal dus die gepaste optrede (Harrison & Dourish 1996:69). Dieselfde ruimte,



© University of Pretoria

met geen verandering aan die ruimtelike organisasie of uitleg nie, kan as verskillende plekke funksioneer op verskillende tye.

Die ruimtes wat binne hierdie studie ondersoek is, kan hier as voorbeelde dien. Die vier aanbiddingsruimtes, alhoewel al vier ruimtes van aanbidding is, het almal anders daar uitgesien. Ooskerk lyk binne soos ‘n tradisionele plek van aanbidding, binne die gereformeerde tradisie in Suid-Afrika en die aanbiddingsvorm tydens die diens wat bygewoon is, was kontemplatief. Hierdie ruimte kan vir verskillende vorms van aanbidding gebruik word maar dit leen dit nie gemaklik tot enige ander gebruik nie. Die liturgiese ruimte binne St. Anne’s laat by mens geen twyfel dat die hoofdoel van hierdie ruimte aanbidding is nie. Die res van die gebou leen dit tot konsert- en kooruitvoerings en enige ander byeenkoms. Mens sou egter moeilik hierdie ruimte kon gebruik vir sekulêre optredes en byeenkomste, bloot uit die respek wat die liturgiese ruimte afdwing. Kerk sonder mure en CRC se ruimtes, alhoewel dit hoofsaaklik aanbiddingsruimtes is leen dit tot enige gebruik waar mense byeenkom. Dit sou sonder enige ongemak ook vir sekulêre byeenkomste gebruik kon word. Wat die vier sport ruimtes betref, lyk die drie stadions bykans dieselfde. Lucas Moripe word hoofsaaklik gebruik vir sokker. Dit sou egter gebruik kon word vir enige ander byeenkoms oor ‘n breë spektrum heen – van politiek, gemeenskapsaangeleenthede tot selfs aanbidding. Loftus Versfeld word hoofsaaklik gebruik vir rugby maar daar word ook sokker gespeel. Dieselfde geld hier as by Lucas Moripe, dit kan vir enige ander byeenkoms gebruik word. Dit is wel al in die verlede gebruik vir groot godsdienstige saamtrekke. Supersport Park word hoofsaaklik gebruik vir krieket. Hierdie stadion sou ook vir enige ander byeenkoms gebruik kon word. Silver Lakes Gholfbaan word eksklusief vir gholf gebruik. Die baan leen dit tot vele ander gebruike soos ‘n staproete, ‘n hardloop roete, fietsry roete, plek om balle rond te skop, speelplek vir kinders, ensovoorts. Die bestuur van hierdie gholfbaan en enige ander gholfbaan sal egter moeilik toestemming verleen vir die gebruik van hul baan vir enige ander aktiwiteit as gholfspeel.

Dit blyk dus dat ‘n plek meer spesifiek kan wees as ‘n ruimte. ‘n Ruimte is altyd wat dit is maar ‘n plek is hoe dit gebruik word. Ruimte bied die onderliggende moontlikheid of geleentheid en plek-maak verskaf die werklikhede of realiteite. Plek



© University of Pretoria

reflekteer kulturele en sosiale begrip. Plek kan ook oor temporele eienskappe beskik soos reeds aangedui. Dieselfde ruimte kan verskillende plekke wees op verskillende tye. Ruimte beskik oor ruimtelike organisasie – op en af, links en regs terwyl plekke beskik oor gister en more, goed en sleg. Gedrag word geassosieer met plek en nie met ruimte nie. ‘n Gemeenskapsaal kan op verskillende aande van die week gebruik word as ‘n plek waar *rock* musiek gemaak word, ‘n sport arena en ‘n plek van aanbidding. Tydens hierdie verskillende geleenthede is dit nie die struktuur van die ruimte wat sal bepaal hoe die mense optree nie maar die plek waar hulle hulself bevind. Plekke dra sosiale betekenis wat gewortel is in die praktyke en begrip van gemeenskappe. Dit ontstaan oor tyd en kan verander met tyd. Dit pas aan om in te pas binne die kultuur en wêreldbeskouing van die groep (Harrison & Dourish 1996:69-70, 73-74). Buiten die aktiewe maak van plek (“place-making”) is daar twee ander elemente wat ook belangrik is in plek-gesentreerde betekenis konstruksie en dit is: verpersoonlikte/beliggaamde (“embodied”) interaksie en rituele (Harrison & Tatar 2007:128). Dit sal later in hierdie hoofstuk aandag geniet.

Najafi & Shariff (2011:1100) kyk na die konsep en betekenis van plek vanuit die konteks van argitektuur. Volgens hulle verwys die betekenis van plek na die spesifieke ervaring van ‘n persoon binne ‘n bepaalde omgewing. Hedendaagse ontwikkeling veroorsaak dat plekke nie meer altyd betekenis oordra nie en mense ly aan plekloosheid. Wanneer plekke nie meer kultureel herkenbaar is nie verloor dit hul sin van plek. Sulke plekke is kultureel onidentifiseerbare omgewings wat orals dieselfde lyk. Byvoorbeeld ‘n kerk en ‘n teater wat presies dieselfde lyk. Wanneer jy binne die gebou is, kan jy nie onderskei of dit die een of die ander is nie. Dit vernietig die egtheid van ‘n plek en veroorsaak plekloosheid. In die ruimtes wat ondersoek is loop Kerk sonder mure en CRC die gevaar om plekloosheid te veroorsaak. Hierteenoor is die sportstadions, die gholfbaan, Ooskerk en St. Anne’s steeds outentiek en weet mens presies waar jy is wanneer jy hierdie ruimtes betree.

Die betekenis van plek is ‘n emosionele verbintenis met plek deur die verstaan van die simbole en betekenisse daarvan. Hierdie emosionele verbintenis staan bekend as *topofilia* (“liefde vir plek”). Die betekenis wat mense aan plek koppel kan selfs ‘n invloed hê op mense se bereidwilligheid om by te dra tot en deel te neem aan sosiale



© University of Pretoria

aktiwiteite (Najafi & Shariff 2011:1101). Relph (1976:26) beweer dat simbole, tradisies, mites en rituele bydra tot die versterking van die betekenis van plek. Volgens omgewingsielkundiges behoort die emosionele sowel as die funksionele kwaliteite van plekke aandag geniet. Simboliese en affektiewe kwaliteite is belangrik om meer mense na plekke toe aan te trek. Die betekenis van plek hang ook saam met die ervaring van plek. Gevoelens soos stimulasie, opgewondenheid, vreugdevolheid is voorbeelde van hierdie ervaring. Die ervaring word beleef deur al die sintuie, sien, hoor, reuk, proe en voel (Najafi & Shariff 2011:1101). As hierdie simboliese en affektiewe kwaliteite toegepas word op die ruimtes wat in hierdie studie aandag geniet is die volgende waarneembaar:

- **St. Anne's** beskik oor heelwat simboliek en mens beleef ook die affektiewe daar. Die heerlike saamsing, deelnemende liturgie, die ervaring om saam deur die gebou te stap en saam jou offergawe en ekstra kos vir hulle wat dit nodig het te bring, die reuk van die nagmaalstekens, die lui van klokkies – die geluid hou betekenis in en kondig aan wat hierna gaan gebeur, die raak aan mekaar met die "uitdeel" van die "vrede van die Here sal met jou wees", vroue wat hul hoofde bedek wanneer hulle na vore gaan om deel te neem aan die nagmaal, die sprinkeling van water op hulle wat gebed benodig, die aanraking aan iemand wat voorbidding benodig, die prosessie, kruise, kerse en gasvryheid. Beide simboliek en affektiwiteit speel waarskynlik 'n rol hier in die feit dat hierdie ruimte vol gepak is op 'n Sondag en vir mense betekenis inhou.

- **Lucas Moripe** stadion bevat geen simboliek wat aan die plek gekoppel kan word nie. Die simboliek wat wel hier aangetref word, word deur die toeskouers die ruimte ingebring. Dit gaan dus hier eerder oor die ervaring as oor die simboliek. Musiek skep 'n bepaalde atmosfeer waar die toeskouers sing en dans en geraas maak. Kleur maak 'n belangrike deel van die dag uit. Die span waarmee jy jouself identifiseer word bepaal deur die kleur wat jy dra.

- **Ooskerk** – simboliek speel 'n belangrike rol hier en dit is waarskynlik een van die redes wat die mense wat hierdie kontemplatiewe diens bywoon,



© University of Pretoria

aantrek. Ervaring speel ook 'n rol hier alhoewel dit nie die tipe ervaring is wat massas lok nie. Dit gaan hier eerder oor 'n persoonlike ervaring met die Gans Andere as oor 'n ervaring saam met ander mense.

- **Loftus Versfeld** – simboliek en ervaring speel beide hier 'n groot rol. Tog is simboliek nie 'n vaste, sigbare element gekoppel aan die plek nie. Dit is egter so dat tradisie oor jare heen se ongeskrewe simboliek in die lug hang en die affiniteit van die toeskouers koppel aan die plek. Talle simboliek word die ruimte binnegedra en maak 'n groot deel van die ervaring van plek uit – plastiese bulhorings, vlae, plakkate, "blou bloed", die blou sitplekke, die Bulle se gelukbringer, die Blou Bul lied en ander liedere wat aan bepaalde spelers gekoppel word en atmosfeer skep. Gevoelens wat sáám ervaar word skep eenheid, samehorigheid en 'n positiewe betekenis van plek. Alle sintuie het deel aan hierdie ervaring. Simboliek sowel as affektiewe kwaliteite speel beslis 'n rol hier om die massas te trek.

- **Kerk sonder mure** – simboliek speel nie hier 'n baie groot rol nie en 'n mens ervaar 'n mate van plekloosheid. Die vlaggies en Sjinese balle, alhoewel een of ander simboliese aanduiding, gee geen aanduiding dat hierdie 'n aanbiddingsruimte is nie. Die musiek, beligting, gebruik van die Powerpoint en aanmoediging van mense om saam met die musiek hande te klap, poog om 'n bepaalde ervaring te skep. Nie simboliek of ervaring skep hier vir my werklik betekenis van plek nie. Die samehorigheid voor die diens en die saam koffie drink en gesels is waarskynlik 'n groter rede waarom mense betekenis heg aan hierdie plek.

- **Supersport Park** – weereens is hier geen simboliek wat aan die plek self gekoppel kan word nie. Dit is die toeskouers wat simboliek die ruimte indra en van dit plek maak. Dit is egter hoofsaaklik affektiewe kwaliteite wat mense na hierdie plek toe aantrek. Opgewondenheid, vreugde, feestelikheid is tasbaar. Alle sintuie deel in die ervaring – kosreuke, musiek wat ingespan word, die skare wat saam juig of saam kla oor 'n bepaalde hou, kinders wat opgewonde vlae swaai en rondhardloop, springmielies,



© University of Pretoria

bier, braaivleis, saamspeel op die veld tydens die pouse voor die spanne ruil. Verseker 'n plek wat mense aantrek.

- **CRC** – hier is geen sprake van simboliek nie en op die oog af ervaar mens plekloosheid want alhoewel dit 'n aanbiddingsruimte is, kry jy geen aanduiding hiervan wanneer jy die ruimte betree nie. Hier sien en beleef mens egter hoe die ervaring massas mense trek. Affiniteit met die plek word direk gekoppel aan die ervaring – opgewondenheid, vreugde, deelname – alles wat die teorie uitspel vind mens hier. Ervaring geskied deur vier van jou vyf sintuie. Slegs reuk speel nie 'n rol nie. Beliggaamde deelname aan die aanbidding vind plaas, meelewing met die preek, hande word op die mense gelê vir wie gebid word, 'n gevoel van samehorigheid en samesyn word ervaar.

- **Silver Lakes Gholfbaan** – hier is geen sigbare simboliek nie, net baie ongeskrewe reëls waarvan alle gholfspelers deeglik bewus is. As jy jouself op hulle plek begewe en jy oortree dit (al is jy nie eers bewus daarvan nie) sal jy jouself baie misnoeë op die hals haal. Blykbaar deel gholfspelers die ervaring van die spel met mekaar wat aan hulle affiniteit met die plek besorg. Ook dit is vir my heel "onsigbaar". Die plek is sintuiglik 'n ervaring maar hier is nie 'n ervaring wat massas aantrek nie. (Dit kan natuurlik vanweë koste wees). Die ervaring met andere vind na my mening plaas in die klubhuis na die negende en agtiende putjies en nie op die gholfbaan self nie.

Ruimtelikheid en die aktiewe maak van plek ("place-making") het hier aandag geniet. Daar sal nou gekyk word na die tweede element in plek-gesentreerde betekenis konstruksie naamlik verpersoonlikte/ beliggaamde interaksie.

### 5.2 LIGGAAMLIKHEID ("EMBODIMENT")

Winston Churchill het volgens oorlewering 'n belangrike uitspraak gemaak wat vandag nog dikwels gebruik word. Hy het gesê: "We shape our buildings, and



© University of Pretoria

afterwards our buildings shape us". Wanneer plek dan geskep is beïnvloed dit menslike optrede en praktyke. Beliggaming help om die belangrike element van menslike agentskap, dus die kapasiteit om keuses te maak, in die fisiese konstruksie en sosiale produksie van plek te identifiseer en te onderstreep. Dit help ook om te begryp watter vorms van betrokkenheid daar is wat individue kan bemagtig om weerstand te bied, dinge teen te werk, te omseil en die wêreld rondom hulle te kan omskep en transformeer. Beliggaming dui ook op die handeling om deel te word van 'n liggaam. As beliggaming gesien word as 'n handeling van inlywing dan help dit om te verstaan watter kragtige ideologiese rol plek kan speel in die vorming van mense. Die ervaring van plek kan deel uitmaak van die vorming van individuele en gemeenskaplike self-identifikasie en kan ons plaas binne groter sosiale kontekste (Sen & Silverman 2014:loc. 66, 129, 230).

Iemand vir wie die konteks waarin ons leef baie belangrik was, is Heidegger. Sheehan (2005:197) sê hieroor die volgende: "the lived context or world within which things are encountered – the matrix of intelligibility structured by correlative human interests and purposes – was the source of meaning." Verder sê Sheehan (2005:197) oor Heidegger se hermeneutiese fenomenologie wat die wêreld identifiseer as die bron van alle betekenis: "the function of a world is to enworld things, the essence of a context is to contextualize things, i.e. to constitute the meaning of the things found within it, by providing the medium whereby they make sense."

Low (2003:10) definieer beliggaming as: "an indeterminate methodological field defined by perceptual experience and mode of presence and engagement in the world." Verpersoonlikte ruimte is die plek waar menslike ervaring en bewussyn materiële en ruimtelike vorm aanneem. Die ruimte wat die liggaam inneem en die persepsie en ervaring van daardie ruimte word beïnvloed deur 'n persoon se emosies, gemoedstoestand, sin van self, sosiale verhoudings en kulturele predisposisies. Die liggaam is tegelykertyd die oorspronklike instrument waarmee mense hulle wêreld vorm as die stof waaruit die wêreld gevorm word (Low 2003:12). Die liggaam is opsigself 'n bewegende, pratende, kulturele plek en 'n belangrike



© University of Pretoria

komponent van alle plek-maak aktiwiteite en sosiale skepping van ruimte (Low 2014:loc. 812-821).

'n Bepaalde ruimte, byvoorbeeld 'n aanbiddingsruimte of 'n sportstadion of sportruimtes word betree. Jy bring jou hele menswees/wie jy is saam met jou. Bepaalde aksies vind hier plaas en jy verpersoonlik die ruimte. Hierdie aksies is die begin van die vorming van 'n bepaalde kultuur, 'n hoe jy binne hierdie bepaalde ruimte optree en omgaan met andere wat hul eie ruimte beslaan maar tog ook saam met jou hierdie bepaalde ruimte verpersoonlik tot plek. Daar is 'n dialektiese spanning tussen die "daar wees" ("being there") en die "word" ("becoming") (Richardson 1982:432). In aansluiting by Richardson (1982:432-433) se waarneming as antropoloog en etnograaf sou mens ook kon sê dat hierdie twee sosiale realiteite, die aanbiddingsruimte en die sportruimte, twee segmente uitmaak van die groter geheel van Suid-Afrika. Hierdie twee ruimtes kan mekaar komplimenteer maar kan ook antagonisties wees teenoor mekaar. Hoe dit ook al sy, help die dialektiese wisselwerking tussen die twee, bewustelik of onbewustelik, om die Suid-Afrikaanse kultuur te skep. Deur daar te wees word daar gepoog om 'n "wêreld" te skep waar jy kan wees. So "word ons" en skep ons vir onsself tradisies en kultuur. Dit is natuurlik nie die enigste wyse waarop kultuur geskep word nie maar vir hierdie studie is hierdie bepaalde deel van kultuurvorming belangrik. Die mens is voortdurend besig om 'n wêreld te konstrueer sodat ons kan *wees*. Richardson (1982:434) parafraseer Sartre op 'n treffende wyse:

> "We are condemned to create. Thus, we are constantly at the job of building cultures; shaping, moulding, fitting together materials produced not only by the experience of social interaction but also from materials produced by nature. Transformed by the magic of symbols, these objects shape our lives even as we shape them; and in this manner, caged but free, driven but heroic, we *are*."

Die feit dat die mens 'n liggaam het en 'n liggaam is en veranker is in die wêreld soos almal anders, maak dat daar by mekaar geleer kan word en sodoende bydra tot die wedersydse bevordering van moontlikhede. Wanneer daar interaksie met mekaar is, word daar gedeel in alternatiewe wêreldbeskouings en alternatiewe planne van aksie. Wat daar ook al in andere gesien word, kan erken word as 'n algemene



© University of Pretoria

menslike vermoë, met ander woorde as 'n opsie wat ook tot ons beskikking is. Dit kan dus help om die wêreld op 'n totaal nuwe manier te sien en beleef. Daar is dan die opsie om jou eie standpunt en huidige perspektief te herdink en te heroorweeg. Sodoende bepaal die wêreld nie jou aksies en hoe jy skep nie maar het jy die geleentheid om die wêreld te beïnvloed en te verander deur jou eie keuse van aksies (Mensch 2009:130). Hierdie siening van Mensch maak aanbiddingsruimtes en sportruimtes des te meer belangrik. Hier kan daar nog met mekaar in interaksie getree word, kan julle mekaar leer ken en kan jy die wêreld deur mekaar se oë sien. Ander hedendaagse openbare ruimtes soos byvoorbeeld inkopiesentrums, waar mense 'n groot deel van hul tyd deurbring, leen dit nie hiertoe nie. In hierdie ander openbare ruimtes gaan dit hoofsaaklik oor private gebruik en verbruikersmentaliteit. Invloed op mekaar gaan so verlore.

Dit was dan die tweede element in plek-gesentreerde betekenis konstruksie. Die derde element is rituele. Tradisies en kultuur sluit nou aan by rituele en hier sal aan al drie aandag gegee word.

## 5.3 KULTUUR, RITUELE EN TRADISIES

Kultuur is die wydste konteks van menslike gedrag (cf. Malinowski) en sal daarom eerste aandag geniet. Hierna sal rituele en tradisies wat nou verband hou met kultuur bespreek word.

### 5.3.1 Kultuur

Volgens Malinowski (1977:5) is kultuur die wydste konteks van menslike gedrag. Ons moet versigtig wees om kultuur nie eng te verstaan nie. Kultuur word beperk as dit slegs gedefinieer word as etnisiteit, verskillende bevolkingsgroepe of godsdienstige lewe. Wyer gedefinieer is kultuur die impak wat die plaaslike en internasionale wêreld op mense het en hoe hierdie impak hul lewens affekteer. Dit sou dan ook dinge insluit soos die effek van modernisme, post modernisme, globalisering, die internet,



© University of Pretoria

en die sosiale, politieke en kontekstuele realiteit waarin ons ons bevind (Nel & Thesnaar 2006:92-93).

De Klerk (2001:62-63) beskryf kultuur soos volg: “Eenvoudig gestel, is dit die manier van lewe van mense. Dit is soos atmosfeer. Ons leef omhul daardeur, ons kan nie daarsonder nie maar ons is nie altyd bewus daarvan nie.” De Klerk (2001:62-63) sê verder:

> Kultuur is ’n komplekse werklikheid, ’n geïntegreerde, interaktiewe en integrerende dinamiese geheel. Dit bestaan uit konstituerende elemente soos wêreldbeskouing, lewensbeskouing, gemeenskaplike doelwitte en waardes wat gekondisioneer is deur gemeenskaplike omgewing en tradisies, gedrag en verhoudinge. Hierdie elemente word deur simbole gekommunikeer: taal, literatuur, tegnologie, status, ekonomiese en sosiale strukture, kleredrag, kos en huweliksgewoontes. Kultuur is ’n modus vivendi met twee belangrike aspekte: kreatiwiteit en ontvanklikheid. Daarom is daar in kultuur weerstand teen verandering (stagnasie) asook veranderingsdinamika (groei). Kultuur kan dus deur beïnvloeding transformasie ondergaan. Daar is twee manifestasies van kultuur wat onderskei moet word, naamlik die simbool en die betekenis. Die simbool is dit wat ons sien en hoor en voel. Dit is uiters belangrik om te verstaan wat die simbool beteken, want so groei kennis van aspekte van ’n sekere kultuur. ’n Simbool in kultuur mag ’n woord, ’n stemtoon, ’n handgebaar of ’n soen wees. Hierdie aksie het ’n bepaalde betekenis in ’n sekere kultuur.

Lukken (1997:136-137) dui kultuur aan as ‘n simboliese orde. Hy beskou die kultus as die hart van die kultuur. Dit is volgens hom die dinamiese en diepste element van kultuur. Op soortgelyke wyse definieer Geertz (Barnard & Vos 2001:20) kultuur as ‘n geordende sisteem van betekenis en van simbole waarin sosiale interaksie plaasvind. Barnard & Vos (2001:20) brei hierop uit en sê dat dit vir hulle duidelik is dat kultuur en ritueel nou verbonde is aan mekaar, synde dat ritueel simboolhandelinge is. Kultuur en rituele kan nie van mekaar losgemaak word nie. Kultuur, betekenis en simbole word op ‘n bepaalde manier ten opsigte van mekaar georden. Mense gee aan feite en gebeurtenisse ‘n bepaalde waarde of betekenis. Dit is nooit neutraal nie. Barnard & Vos (2001:20-22) onderskei vyf dimensies van kultuur:



© University of Pretoria

- Denke, taal, onderwysinstansies, kuns, musiek, hoe ons bly en bou, leef en eetpatrone, landbou en tuinbou, sport en ontspanning, godsdiens en godsdienstigheid, rituele en dan ook Christelike rituele behoort alles tot kultuur.

- Daar bestaan 'n wisselwerking tussen mens en kultuur. Mense skep kultuur maar kultuur vorm ook mense.

- Kultuur is veelvormig. Mens sou kon praat van 'n multikulturele samelewing en dan word hiermee nie maar net verskillende etniese kulture bedoel nie. Hier kan byvoorbeeld gedink word aan verskillende kultuurvorme wat onder die jeug aangetref word – elk met 'n eie taal-, kleredrag en musiekkode.

- Omdat kultuur deur waardes en patrone bepaal word, is dit struktureel en nie toevallig van aard nie. Dit is nié staties nie. Kultuur is voortdurend aan die beweeg, omdat waardes verskuif en patrone verander.

- Kultuur kan gebruik word om mense te manipuleer. Kultuur kan natuurlik beïnvloed maar daar is 'n dun lyn tussen beïnvloeding en manipulering. Deur rituele word daar altyd (nie altyd bewustelik nie) waardes en patrone oorgedra. Rituele en simbole kan ideologieë konsolideer en versterk.

Vervolgens sal daar aandag geskenk word aan rituele.

### 5.3.2 Rituele

Uit die voorafgaande bespreking van kultuur is gesien dat rituele en kultuur baie nou verbonde is aan mekaar. Grimes (2013:loc.1849) sê: “Like breathing, ritual fluctuates in frequency, force, and volume according to its cultural context.” Dit kom ook duidelik na vore in die volgende definisie van rituele deur Wepener (2005:113; cf. ook Wepener 2009a:36):

> Rituals are often repeated, self-evident, symbolic actions, that are always interactive and corporeal, sometimes accompanied by texts and formulas, aimed at the transfer of values



© University of Pretoria

> in the individual or the group, and of which the form and content are always culture, context and time bound, so that the involvement in the reality which is presented in the ritual remains a dynamic given.

Bell (1997:266-267) wys daarop dat rituele nie maar net is wat gemeenskappe *doen* nie, dit is ook 'n stuk hermeneutiese gereedskap om te help om kulturele praktyke te interpreteer. Rituele hou egter nie maar net altyd gemeenskapsidentiteit in stand nie. Dit kan dit ook bevraagteken, uitdaag of selfs ondermyn. Sommige rituele ontstaan spontaan en onbewustelik vanuit die dinamika van 'n groep en ander word bewustelike geskep deur individue (Curzer 2012:292).

Volgens Curzer ('n filosoof en wiskundige) is die doel van rituele om mense se denke en gevoelens te verander deur middel van simboliese handelinge. Rituele gee uitdrukking aan en versterk sekere sienings oor die wêreld en oor menslike verhoudings. Rituele leer dat daar afhanklikheid van mekaar is sowel as dat daar sekere verpligtinge teenoor mekaar is. Dit raak mens emosioneel. Dit inspireer tot die herhaling van aksies wat 'n spesiale gevoel en betekenis het. Almal verstaan en ervaar nie noodwendig altyd wat rituele poog om oor te dra nie. Curzer (2012:293-302) lig voordele en nadele verbonde aan rituele uit. Dit is 'n nuttige beoordeling. Hierdie voor en nadele sal kortliks genoem word en daarna sal alle moontlike rituele wat na vore getree het in die versamelde data uitgelig word. Hierdie rituele sal dan beoordeel word ten opsigte van hul waarde aan die hand van die riglyne van Curzer.

Van die **voordele** is:

- Dit bied die geleentheid om te midde van 'n bedrywige lewe vir 'n oomblik tot stilstand te kan kom.

- Rituele omsluit die wysheid van die verlede. Waardevolle maniere van doen en waardes kan so van geslag tot geslag oorgedra word.

- Rituele help om makliker deur moeilike oorgange in die lewe te kom en om komplekse situasies te hanteer. Omdat daar nie gedink hoef te word



© University of Pretoria

wanneer daar aan rituele deelgeneem word nie help dit in tye van verlies, stres en pyn.

- Rituele bied 'n geankerheid. Rituele is relatief tot verhoudings en help mens om gemaklik te wees met jou plek en rol binne families en die samelewing (cf. Torevell 2000:2-4).

- Rituele is nuttig vir self-verwesenliking. In die beoefening hiervan ontdek en versterk jy die sosiale komponente van jouself. Jy ontdek en verbind jouself aan die waardes inherent aan verhoudings. Rituele maak dit vir jou makliker om die persoon te word wat jy graag wil wees (cf. Torevell 2000:44; Brevers et al. 2011:4-5).

- Rituele help om te fokus op die hier en nou. Dit help om te fokus op dit wat waardevol is in die lewe.

- Rituele kan help om goeie morele gewoontes en handelinge te ontwikkel en te vestig. Dit help om die regte waardes te internaliseer en om gedrag dan in ooreenstemming te bring met hierdie waardes (cf. Birrell 1981:366-373).

- Rituele verbeter sosiale harmonie. Dit skep saambindende ervarings en omdat rituele 'n gedeelde ervaring is, skep dit 'n gemeenskapsgevoel.

- Rituele skep grense, bring orde en sekerheid voort en verminder so chaos (cf. Grün 2000:11-14, 23-24; Grainger 2009:61). Dit help om te weet wat om te verwag.

- Rituele help jou om met andere te identifiseer en verbeter so verhoudings met ander mense.

- Rituele het intrinsieke en estetiese waarde. Of jy daaraan deelneem of dit waarneem, dit voeg iets moois tot die lewe by.

Rituele is kragtig en het voordele maar iets wat so kragtig is, kan ook gevaarlik wees. Daarom moet daar ook gekyk word na die nadele van rituele.



© University of Pretoria

Van die **nadele** is:

- Rituele kan ‘n mors van tyd wees[41]. Sommige rituele neem net ‘n bietjie tyd in beslag terwyl andere baie tyd in beslag neem. Tyd is ‘n skaars kommoditeit in vandag se lewe en nie almal het tyd hiervoor nie.

- Rituele kan ‘n vermorsing van hulpbronne tot gevolg hê. Enorme hoeveelhede geld kan byvoorbeeld op ‘n begrafnis of troue uitgegee word. Sodoende word hierdie rituele ‘n las eerder as ‘n vreugde. In hierdie opsig plaas rituele veral druk op arm mense. Sosiale druk veroorsaak dat hulle wel deelneem aan hierdie rituele en dan geld uitgee wat hulle nie het nie.

- Uit die vorige punt spruit dit voort dat rituele dikwels aangemoedig word deur sosiale druk. Mense neem deel hieraan uit vrees om in die skande gesteek te word.

- Rituele neem nie altyd die individu in ag nie. Tradisionele maniere van rou vind byvoorbeeld nie by almal byval nie. Vir sommige mense is dit van groot waarde terwyl ander eerder hul eie maniere van rou wil vind (cf. Müller 2014 loc.1481-1509).

- Rituele kan “trop diere” skep. Omdat rituele aksies en passies rig om sosiaal aanvaarbaar te wees verminder dit afwykende gedagtes, gevoelens en gedrag (cf. Torevell 2000:27). Dit bring jou in ooreenstemming met sosiale norms en verminder jou eie individuele keuses en opsies.

- Rituele vestig waardes deur herhaling en passie eerder as deur middel van rede (cf. Grainger 2009:77-78). Mense word dikwels van kindsbeen af gekondisioneer hierdeur en sodoende kan rituele indoktrineer.

[41] Dit kan natuurlik ook juis positief en kontra-kultureel wees omdat hierdie “mors” van tyd ons dwing om tot stilstand te kom… Hierdie “nadeel” van rituele kan ook ‘n voordeel wees.



© University of Pretoria

- Rituele kan sosiale mobiliteit verhinder. Dit kan jou gemaklik maak in jou eie wêreldjie. “Ons mense” doen dinge so en dit word dan bevestig in en deur rituele. Jy identifiseer met hulle wat dieselfde rituele as jy uitvoer. Dit bring die gevaar mee dat daar moeilik oor hierdie grens heen beweeg word na die ander. Dit kan maklik “in” en “uit” groepe skep.

- Rituele onderdruk die motivering om te verbeter omdat dit die neiging het om mense te versoen met wat hulle het. Dit is natuurlik nie noodwendig sleg om tevrede te wees met wat mens het nie. Tog is dit dikwels ontevredenheid met die status quo wat lei tot die verbetering van dinge, omstandighede en mense.

- Die navolging van rituele kan lei tot ‘n geslotenheid in denke en die onderdrukking van bevraagtekening en kreatiwiteit.

- Rituele dra die wysheid van die verlede oor maar dikwels ook die dwaasheid (cf. Birrell 1981:366-369). Daar is sommige rituele wat problematies en manipulerend raak soos wat ‘n samelewing verander. Die samelewing beweeg vooruit terwyl die rituele onveranderd bly. So kan die rituele wat geassosieer word met ‘n tradisionele familie byvoorbeeld gebruik word deur mans om mag te bekom en te behou oor hul vroue. Rituele rondom troues en begrafnisse word uitgebuit en gemanipuleer deur verskeie verskaffers binne hierdie industrieë.

- Rituele kan bedagsaamheid en weldeurdagte optrede verhinder. ‘n Man sal byvoorbeeld die ritueel gebruik om vir sy vrou blomme te koop om daardeur omverskoning te vra vir een of ander verkeerde optrede. Sonder hierdie ritueel sou dit vir hom nodig gewees om te dink hoe hy om verskoning kon vra. Daar sou dalk ‘n beter opsie na vore kon kom. In hierdie geval is die ritueel ‘n struikelblok vir meer gepaste denke en gevoelens.

- Rituele kan onregverdig wees. ‘n Eenvoudige voorbeeld is wanneer mense saam eet in ‘n restaurant. Die ritueel is gewoonlik om die rekening te neem en die bedrag dan te deel deur die hoeveelheid mense wat geëet het en



© University of Pretoria

elkeen betaal dan ‘n gelyke deel. Hierdie gebruik is onregverdig omdat sommige mense dan te veel betaal terwyl andere te min betaal.

Daar sal nou gekyk word na die rituele wat binne die agt ruimtes voorgekom het. Nadat die rituele binne elke ruimte geïdentifiseer is sal dit positief en negatief beoordeel word aan die hand van die riglyne van Curzer (2012) wat hier bo bespreek is.

#### *5.3.2.1 Rituele by St. Anne’s*

- Die prosessie bestaande uit vyf kinders en twee liturge. Hulle is geklee in kleurryke liturgiese drag en dra ŉ wierookbakkie en ‘n groot kruis. Die prosessie vind aan die begin van die diens, tydens die diens en aan die einde van die diens plaas.

- Daar is verskeie responsoriese momente binne die liturgie.

- Kinder altaar bedieners wat elkeen met ‘n kers in die hand aan weerskante van die kateder gaan staan terwyl die liturg die gemeente groet, ‘n gedeelte lees en ‘n gebed doen.

- Die gemeente gee erkenning aan die seëngroet met ‘n kopbuiging vorentoe, voor hulle dan gaan sit.

- Die gemeente antwoord hardop saam “amen” aan die einde van ‘n gebed.

- Die offergawes (wat uit geld sowel as kos bestaan) word deur die gemeente na vore gebring. Die prosessie loop ry op en ry af deur die kerk en die gemeente volg. Wanneer jy voor kom plaas jy jou gawe in een van verskeie bakke wat deur mense voor in die kerk, vasgehou word.

- Pragtige sang en beurtsang deur die gemeente en die koor vind regdeur die diens plaas. By tye is daar liggaamlike beweging wat die sang vergesel.



© University of Pretoria

- Daar is verskeie rituele wat die instel van die nagmaal voorafgaan – sommige aanbidders kniel op die knielbankies wat aan die banke vas is, die hostie word in die lug gehou en klokkies speel, die gemeente sing ‘n “amen” lied, die “vrede van die Here” word aan mekaar uitgedeel in woord maar ook met handdrukke en drukkies.

- Tydens die instel van die nagmaal word die beker waarin ‘n stukkie hostie gebreek is en die hostie in die lug gehou, die gemeente bly sing, klokkies lui weer, ‘n kinder altaar bediener loop agtertoe en weer vorentoe, die liturg plaas ‘n hostie in elke ander liturg wat die nagmaal gaan bedien se mond, die gemeente loop dan op hul eie tyd vorentoe om hul tekens te ontvang, vroue bedek hul hoofde, die hostie wat in wyn gedoop is, word in die ontvangers se mond geplaas deur die liturge, aan die einde van die bediening drink die hoofliturg die beker leeg.

- Wanneer daar vir mense gebid word, gaan hulle na vore en die liturg steek sy hande na hulle toe uit. Hulle word ook met water besprinkel.

- Besoekers word met ‘n handeklap verwelkom.

- Nuwe lidmate gaan na vore en daar word vir hulle gebid terwyl die liturg sy hande na hulle toe uitstrek. Aan die einde van sy gebed antwoord die gemeente soos gebruiklik met “amen” maar maak ook die teken van die kruis.

- Die gebruik van water wat in ‘n bakkie teen die muur by die deure is om ‘n kruis op jou voorkop te maak voor jy in en uit die kerk gaan.

**Beoordeling:**

**a) Positief**

Die ritueel van die prosessie wat ‘n definitiewe begin en einde van die diens aandui help die aanbidders om ‘n “ander” wêreld as die alledaagse te betree. Hulle kan tot stilstand kom en fokus op die hier en nou. Heelwat van hierdie



© University of Pretoria

rituele skep saambindende ervarings en ‘n gemeenskapsgevoel – die saam bring van gawes, die saam deelneem aan die liturgie, die tasbare uitdeel van die “vrede van die Here”, die spesiale manier waarop daar vir mense gebid word en nuwe lidmate sowel as besoekers verwelkom word. Mense wil voel dat hulle aangeraak word tydens die diens, dat hulle ŉ ervaring en ŉ ontmoeting met God gehad het ((cf. Long 2001:20-21; Wepener 2014:9; Burger 2009:26; Sweet 2009:loc. 507, 519). Die ritueel om hulle met *heilige* water te besprinkel wanneer daar vir hulle voorbidding gedoen word, is ŉ ritueel wat poog om hieraan te voldoen. Die liturgie bestaan uit bekende rituele wat grense skep en orde en sekerheid voortbring. ‘n Mens ervaar die intrinsieke en estetiese waarde van hierdie rituele.

**b) Negatief**

Die meeste van hierdie rituele is bekend deur middel van herhaling. Die rede speel nie ‘n rol nie. Hierdie rituele kan mense wat van buite die tradisie kom, uitsluit omdat mens dit nie verstaan nie en ook nie weet wanneer om wat te doen nie.

### *5.3.2.2 Rituele by Lucas Moripe Stadion*

- Ondersteuners, in spesiale klere wat ooreenstem met die klere en kleure van die twee spanne wat speel, wat in groepe reg deur die wedstryd sing en dans en hul span aanmoedig. Een groep vorm by tye ‘n treintjie en beweeg op en af langs die veld.
- Blaas van vuvuzelas.
- Wanneer ‘n speler van die veld af kom raak hy aan die nuwe speler wat op die veld moet gaan. Eers na hierdie aanraking draf die nuwe speler op die veld.



© University of Pretoria

- Die ritueel van die koeldrankverkoper – hy gooi die koeldrank uit die botteltjies in plastiese glasies vir die kopers. Hulle mag nie die glasbottels hou nie.

- Baie skreeuery vind plaas – die afrigters skreeu op die spelers en die skare skreeu ook op die spelers sowel as op die skeidsregter.

**Beoordeling:**

**a) Positief**

Hierdie rituele bied waarskynlik aan die toeskouers ‘n mate van ‘n geankerheid. Hulle is gemaklik met die rituele wat hulle uitvoer en met hulle plek en rol in die aanmoediging van hul spanne. Hulle is verbind aan die spanne wat hulle ondersteun en ook aan mekaar. Die ervaring wat hulle deel skep ‘n gemeenskapsgevoel. Die spelers se rituele help hulle om te fokus en kalm te bly te midde van die stryd (cf. Flynn 2011).

**b) Negatief**

Die rituele hier skep definitiewe “in” en “uit” groepe. By ‘n wedstryd is raas en skreeu ‘n aanvaarde ritueel. Dit is egter onbedagsaam en ondeurdag al doen almal dit. Toeskouers moet deur die koeldrankverkoper se ritueel teen hulleself beskerm word. Dit is gevaarlik om glasbottels in die stadion toe te laat aangesien dit al gebeur het dat toeskouers mekaar na die wedstryd daarmee gooi.

### *5.3.2.3 Rituele by Ooskerk*

- Ritueel van stilte



© University of Pretoria

- Instel van die nagmaal waarna elke aanbidder op sy/haar eie tyd na vore gaan, die hostie ontvang, in die beker druk terwyl die liturg vir elke persoon sê: "Die liggaam van Christus, die bloed van Christus."
- Elke aanbidder ontvang 'n dun brandende kersie waarmee jy 'n teeliggie kan aansteek. Jy gee die brandende kersie weer aan na die volgende persoon.

**Beoordeling:**

**a) Positief**

Die ritueel van stilte bied die geleentheid om tot stilstand te kan kom (cf. Flynn 2011; Ratzinger 2000). Dit bied ook die geleentheid om te fokus op die hier en nou en op dit wat waardevol is in die lewe. Die gedeelde ervaring met die kerse skep 'n samehorigheidsgevoel. Die intrinsieke en estetiese waarde van hierdie rituele kan tasbaar beleef word.

**b) Negatief**

Hierdie rituele kan sosiale mobiliteit verhinder. Dit het waarde vir die handjievol aanbidders wat wel hieraan deelneem. Dit mag vir aanbidders wat nie bekend is met hierdie spiritualiteit nie van geen waarde wees nie en hulle mag uitgesluit voel.

***5.3.2.4 Rituele by Loftus Versfeld***

- Ritueel om die *Blou Bul* lied te speel, die lied *De la Rey* – met baie beweging by die toeskouers, sowel as ander liedere wat met van die spelers geassosieer word en ook van tyd tot tyd om 'n boodskap oor te dra. Die lied *Olé* gaan ook met baie beweging gepaard.
- Ritueel van geld vra.



© University of Pretoria

- Vuurwerke en blou vlae wanneer die Bulle op die veld verskyn en vuurwerke en blou vlae wanneer die Bulle 'n drie druk.
- Moment van stilte vir twee spelers wat oorlede is.
- Ritueel wanneer Mtawarira aan die bal raak.
- Ritueel om te "*boo*" wanneer opponente skop.
- Vodacom meisies en die gelukbringers.
- Meksikaanse golf.
- Baie skreeuery en uitjouing vind plaas.
- Flitsende Blou Bul horings word aan en af gesit.

**Beoordeling:**

**a) Positief**

Die rituele wat hier plaasvind help beslis om mense weg te neem uit hul alledaagse lewe en dit word met oorgawe aangegryp. Omdat daar nie gedink hoef te word tydens hierdie rituele nie help dit om te ontvlug van die stres wat meeste mense vandag beleef. Die band wat die ondersteuners bind, aangehelp deur die rituele gee 'n geankerheid. Hier is elkeen gemaklik met sy/haar plek en rol as ondersteuner van een van die twee spanne. Sosiale harmonie is hier op sy beste. Saambindende ervarings word geskep en hierdie rituele is 'n gedeelde ervaring wat 'n gemeenskapsgevoel skep. Die rituele skep grense en bring sekerheid voort. Almal (mits jy natuurlik 'n binnestaander tot hierdie ruimte is) weet presies wat om te verwag. Binne hierdie ruimte en te midde van hierdie rituele identifiseer ondersteuners met mekaar en beleef hulle goeie verhoudings, selfs met onbekendes. Iets moois word beslis hierdeur tot die lewe toegevoeg.



© University of Pretoria

**b) Negatief**

Enorme hoeveelhede geld word hier uitgegee. Hierdie geld sou binne die Suid-Afrikaanse konteks anders bestee kon word. Rituele skep hier beslis "trop diere." Uitjouery en skreeuery word as aanvaarbaar beskou want almal doen dit alhoewel dit uiters onbedagsaam en ondeurdag is. Van hierdie rituele kan sosiale mobiliteit verhinder. Van die liedere wat gespeel word maak ons deel van ons eie wêreldjie. Ons identifiseer met hulle wat hierdie selfde liedere ondersteun en dieselfde rituele as ons uitvoer. "In" en "uit" groepe word geskep. Die navolging van sommige van hierdie rituele lei tot 'n geslotenheid in denke en die onderdrukking van bevraagtekening. Dit is bloot net hoe ons dit doen en klaar. Van die rituele kan onregverdig wees byvoorbeeld om te "*boo*" wanneer die opponente skop. Daar word gevra dat dit nie gedoen moet word nie en dit gaan goed totdat die druk van wen of verloor net te groot word.

### *5.3.2.5 Rituele by Kerk sonder mure*

- Rook wat van agter oor die verhoog trek.
- Kruis wat verlig word.
- Handeklap wanneer daar gesing word – vind op versoek en geforseerd plaas
- Ritueel om te skets wat tydens die diens gebeur.
- Ritueel van gasvryheid voor en na die diens.

**Beoordeling:**

**a) Positief**

Die ritueel gasvryheid voor en na die diens was positief. Die saam koffie drink



© University of Pretoria

en kuier voor die diens is saambindend, skep 'n gemeenskapsgevoel en verbeter sosiale harmonie.

**b) Negatief**

Die meeste van die rituele is geforseerd en nie geslaagd nie. Die ritueel van handeklap terwyl daar gesing word, is hier aangemoedig deur sosiale druk. Meeste mense wat wel vir 'n rukkie hieraan deel geneem het, het dit waarskynlik gedoen uit vrees vir skaamte.

### *5.3.2.6 Rituele by Supersport Park*

- Feestelike atmosfeer en baie vlae.
- Ritueel van die boulers en veldwerkers om die bal te vryf.
- Spelers se nommers.
- Handtekeninge deur die spelers.
- Veldwerkers en boulers wat tekens met mekaar wissel deur middel van hand- en kopgebare.
- Ritueel van bier drink.
- Ritueel van vleis braai.
- Springmielies.
- Skare wat ritmies saamklap wanneer die spel hulle opgewonde maak.
- Spelers wat met mekaar 'n woordjie wissel wanneer hulle mekaar op die veld vervang
- Meksikaanse golf.
- Vlag wat halfmas hang.



© University of Pretoria

- Uitdeel van hoë vyfs.
- Foto's neem.
- Families wat tydens die breek saam op die veld gaan krieket speel.
- Gelukbringer

**Beoordeling:**

**a) Positief**

Die rituele wat hier plaasvind bied beslis die geleentheid om weg te kom uit 'n besige en stresvolle wêreld. Dit is 'n ander wêreld waar mense rustig en ontspanne is, families saam deelneem aan die rituele en kinders welkom is en hulself terdeë geniet. Rituele bied hier die geleentheid vir almal om gemaklik te wees met hul plek en rol binne hul families en die samelewing soos dit hier voorkom. Vir families wat hier saam is bied die rituele die geleentheid om te fokus op dit wat waardevol is in die lewe. Die saamkuier, saam in die toustaan en wag vir handtekeninge en foto's en die saamspeel op die veld tydens die breek help om saambindende ervarings te skep, sosiale harmonie te verbeter en 'n gemeenskapsgevoel te skep. Die meeste rituele help ons om te weet wat om te verwag. Daar is egter ook ou rituele wat vernuwe is byvoorbeeld die springmielies wat geassosieer word met 'n besoek aan die fliek. Dit kry hier nuwe betekenis. Die spelers se rituele skep ook by hulle 'n bekendheid en 'n rustigheid te midde van die spanning. Hul bereidheid om interaksie te hê met die skare en veral aan die kinders handtekeninge toe te staan dra alles by tot waarde toevoeging. Hierdie rituele laat jou met die belewenis van iets moois wat tot jou lewe toegevoeg is.

**b) Negatief**

Hier word ook enorme hoeveelhede geld op die ritueel van sport uitgegee. Die rituele van bier drink en vleis braai dra waarskynlik die meeste by tot die rustige en ontspanne atmosfeer. In die lig van Curzer (2012:293-302) se negatiewe



© University of Pretoria

beoordelings van rituele sien ons dat hierdie rituele gevestig is deur herhaling en passie en nie noodwendig deur rede nie. Kondisionering en indoktrinering dra waarskynlik hiertoe by.

### *5.3.2.7 Rituele by CRC*

- Handeklap en beweging terwyl daar gesing word.
- Mense wat gebed benodig word uitgenooi om vorentoe te gaan. Hande word op hulle gelê tydens die gebed.
- Besoekers word hartlik verwelkom.
- Hardop gesamentlike “amen” deur aanbidders aan die einde van gebed.
- Baie geklap en geskreeu tydens die preek.
- Deur middel van tegnologie word die ruimte getransendeer en word dit ‘n plek wat bekend is, veral vir die jonger mense.
- Mense word uitgenooi om van geloof na vertroue te beweeg. Die wat dit wil doen moet vorentoe kom. Die prediker bid vir hulle en die gemeente steek hul hande uit na hulle. Dan gaan die prediker na elke persoon en lê sy hande op hulle sodat hulle God se liefde kan voel. Hierdie mense gaan dan elkeen uit saam met ‘n pastoor vir verdere gesprekvoering.
- Die deure word gesluit tydens die opneem van die offergawes.

**Beoordeling:**

**a) Positief**

Die rituele is ongekompliseerd en dra by om ons tot stilstand te bring te midde van ‘n bedrywige lewe en om te vergeet van stres vir die duur van die diens. Die rituele maak dit makliker om die persoon te word wat ons graag wil wees. Geen



© University of Pretoria

druk word ervaar om deel te neem aan rituele waarmee jy nie gemaklik is nie, Daar is deurentyd iemand om jou te begelei en te help indien jy dit sou nodig hê. Hierdie rituele verbeter sosiale harmonie. Saambindende ervarings en ‘n gemeenskapsgevoel word geskep. Mense identifiseer met mekaar en verhoudings word hierdeur verbeter. Wanneer mens hier uitstap ervaar jy dat iets moois tot die lewe toegevoeg is.

**b) Negatief**

Dit is moontlik dat hierdie rituele waardes vestig deur herhaling en passie eerder as deur middel van rede. Geen ander nadele van rituele is beleef nie.

### *5.3.2.8 Rituele by Silver Lakes Gholfbaan*

- Ritueel om met die gholfkarretjies te ry.
- Die vlag op die setperk word uitgehaal en weer terug gesit.
- ‘n Gholfstok of twee word voor elke putjie uitgehaal en na die putjie weer terug gesit in die sak.
- Daar word met die bal gepraat.
- Ritueel om die telling aan te teken.
- Die ritueel waar die bal by elke putjie “begrawe” word om by die volgende putjie weer “opgewek te word (cf. Van Beek 2007:59).
- Drankies en eetgoed wat aangery word.
- Sosiale verkeer by die klubhuis na putjies nege en agtien.
- Hoë vyfs.



© University of Pretoria

**Beoordeling:**

**a) Positief**

Die rituele rondom gholf bied aan die spelers die geleentheid om te midde van hul bedrywige lewe vir 'n rukkie tot stilstand te kom. Dit help hulle om op die hier en nou te fokus en stres sodoende beter te kan hanteer. Maniere van doen word van gholfspelers na gholfspelers oorgedra. Hierdie rituele is nuttig vir self-verwesenliking. In die beoefening hiervan word sosiale komponente van die self ontdek en versterk. Die deelname aan hierdie rituele skep 'n gemeenskapsgevoel alhoewel dit gemeenskap in die kleine is. Die rituele binne gholf skep grense, bring orde en sekerheid voort en verminder so chaos. Gholfspelers weet wat om te verwag.

**b) Negatief**

Rituele kan 'n mors van tyd wees. Vir gholfspelers sal dit beslis nie wees nie. Vir my wat dit nie verstaan nie word dit ervaar as 'n mors van tyd. Enorme hoeveelhede geld en tyd kan ook hierop uitgegee word. Hierdie rituele vestig waardes deur herhaling en passie eerder as deur middel van rede. Dit kan verder sosiale mobiliteit verhinder. Gholfspelers kan gemaklik raak met hul eie wêreldjie. "Ons mense" doen dinge so en dit word dan bevestig deur ons rituele. Ons identifiseer met hulle wat dieselfde rituele uitvoer. Dit bring die gevaar mee dat ons moeilik oor hierdie grense heen beweeg na die ander. Dit kan maklik "in" en "uit" groepe skep. Die navolging van hierdie rituele kan lei tot 'n geslotenheid in denke en die onderdrukking van bevraagtekening en kreatiwiteit.

Hier is gesien dat rituele dikwels met goeie intensies begin en definitiewe waarde het maar later kan neig na die negatiewe kant. Die waarde van rituele kan egter nie ontken word nie. Daar moet dalk net weer nuut en krities gedink word hieroor en wanneer nodig ou rituele afsterf, dit verbeter, verander of denkend nuwe nuttige



© University of Pretoria

rituele skep. Van rituele word daar nou beweeg na tradisie en gaan hier kortliks aandag aan gegee word.

### 5.3.3 Tradisie

Grimes (2013:loc.1837) sê dat ritueel en tradisie nie sinonieme is nie. Rituele kan geskep word maar ook ontvang word vanuit tradisie. Osborne (2008:284-285) wys daarop dat rituele en tradisie wel baie in gemeen het. Daar word deelgeneem aan rituele met die wete dat ander voor ons reeds deel gehad het aan hierdie selfde ritueel. Tog is daar ‘n onderskeid tussen die twee. Meeste rituele is tradisioneel, tradisie sluit egter baie meer in as wat omskryf kan word as ritueel. Rituele is ook meer buigsaam as tradisie. Rituele is nie afhanklik van diegene wat die rituele oordra nie en sal ophou om te bestaan as niemand daaraan deelneem nie. Tradisies word in stand gehou deur mense wat kies om binne ‘n bepaalde tradisie te staan, dit te onderhou, en hulself daardeur te laat definieer. Bewustelike keuse is hier van belang. Tradisie is nie maar gewoontes wat onnadenkend van geslag na geslag oorgedra word nie. Individue word doelbewus hierin geskool of kies om hulself hiermee te assosieer. Verandering en transformasie kan nie plaasvind sonder die dialektiese spanning met tradisie nie. Geankerdheid in tradisie is noodsaaklik om tradisie te verbreek en ‘n nuwe tradisie tot stand te bring (Osborne 2008:285-287). Loyal (2003:108) sluit hierby aan as hy sê: “To emphasise the importance of tradition is to reaffirm the fact that social life depends upon extending previous forms of knowledge and experience as a basis for future knowledge.” Die verlede word gebruik om die toekoms te vorm.

Ons leef in ‘n globale wêreld wat ‘n invloed het op ons alledaagse bestaan. Individue het ‘n enorme hoeveelheid keuses wat daagliks uitgeoefen moet word. Hoe meer tradisie sy houvas verloor hoe groter word die druk om individuele keuses uit te oefen. Tradisie neem nie alle keuses weg nie maar dit orden en rig tog die keuses wat gemaak word. Wanneer dit wegval is die newe-effek ‘n oormag van keuses wat sonder hulp gemaak moet word, die bevraagtekening van alles, en ‘n gemeenskap



© University of Pretoria

waar daaglikse morele vrae onbeantwoord bly. Dit lei tot betekenisloosheid (Loyal 2003:115,121).

Daar is egter 'n toenemende besef dat tradisies nie noodwendig negatief is nie en dat dit geskep kan word. Nuwe rituele wat simbolies en verteenwoordigend is, kan hierin help. Bell (1992:124) sê dat rituele 'n strategiese manier kan wees om te tradisionaliseer, met ander woorde om 'n tipe tradisie te skep. Dit kan egter terselfdertyd die basis van tradisie uitdaag en heronderhandel tot die mate dat dit baie van dit wat voorheen as vasgesteld gesien is, beëindig en hertoepaslik maak. Hierdie veranderinge kan subtiel of dramaties wees.

As daar dan na die agt ruimtes van hierdie studie gekyk word, sien ons die volgende:

### *5.3.3.1 Tradisie by St. Anne's*

Hierdie gemeente staan binne die Rooms Katolieke tradisie. Dit is duidelik sigbaar in hul rituele, simboliek, liturgie en liturgiese drag. Al is invloede van 'n Afrika wêreldbeskouing sigbaar behoort enige vreemde persoon wat binne hierdie tradisie staan, gemaklik en tuis te voel as hulle hier sou besoek aflê. Dit was opvallend tydens 'n ander diens wat ek hier bygewoon het dat 'n besoekende wit priester gemaklik aan al die rituele kon deelneem. In hierdie spesifieke diens het die hele diens in Sesotho plaasgevind en is geen Engels gepraat nie. Wat verder opvallend was, is dat die kinders ook goed bekend is met die tradisie en dat selfs kleinerige kinders aktief deelneem aan die liturgie.

Volgens die Rooms Katolieke tradisie (*Catechism*, No.1400) mag Rooms Katolieke nie nagmaal deel met nie-Katolieke nie.[42] Hierdie tradisie word nie orals streng toegepas nie en ek het al nagmaal met Rooms Katolieke kollegas gedeel. Omdat ek egter bewus is hiervan en uit respek hiervoor het ek nie nagmaal by St. Anne's gebruik nie. Ek het ook waardering daarvoor dat die vrou wat ons tydens die diens van hulp en leiding voorsien het dit aan ons gestel het soos sy wel gedoen het. Sy

[42] http://www.catholiceducation.org/en/culture/catholic-contributions/should-non-catholics-receive-communion.html



© University of Pretoria

kon gesê het: "Onthou julle mag nie die mis saam met ons gebruik nie." Die wyse waarop sy dit egter gedoen het, het werklik geen aanstoot gegee nie.

### *5.3.3.2 Tradisie by Lucas Moripe Stadion*

Ek is nie bekend met die spesifieke tradisie van die stadion nie. Uit dit wat ek kon waarneem kan ek sê dat beide spanne wat hier gespeel het elk in hul eie tradisie staan en dit saam met hulle bring na die stadion. Deur die rituele wat plaasvind kan mens sien dat bepaalde tradisies gevorm is wat vir enige een wat binne die sokker wêreld staan bekend sal wees. Hier dink ek byvoorbeeld aan die ritueel wanneer plaasvervangers op die veld moet gaan. 'n Plaasvervanger gaan nie op die veld totdat die speler wat afkom nie aan hom geraak het nie. Hier kan genoem word dat dit nie deel van die spelreëls is nie. Die spelreël bepaal slegs dat 'n plaasvervanger net vanaf die middellyn op die veld mag kom, dat dit deur die skeidsregter goedgekeur moet word en dat die speler wat op die veld was eers van die veld af moet wees voor die plaasvervanger die veld mag betree. Iemand wat meer bekend is met sokker as ek sal waarskynlik nog tradisies kan uitlig.

### *5.3.3.3 Tradisie by Ooskerk*

Ooskerk staan tradisioneel in die Nederduits Gereformeerde tradisie. Die aanddiens wat hier bygewoon is reflekteer mistieke spiritualiteit wat nader aan die Rooms Katolieke tradisie is. Hier is dus 'n goeie voorbeeld van hoe 'n tradisie aangepas en toepaslik gemaak kan word om 'n bepaalde behoefte aan te spreek. Die gemeente as sodanig het nie wegbeweeg van die tradisie waarbinne hulle staan nie. Hulle het net ruimte geskep vir 'n bepaalde behoefte wat dan deur een spesifieke erediens op 'n Sondag aangespreek word. Dit word gedoen deur die skep van 'n nuwe tradisie binne die bestaande tradisie.



© University of Pretoria

### *5.3.3.4 Tradisie by Loftus Versfeld*

Die tradisie wat hier aan die orde is, is die Blou Bul tradisie. Dit is duidelik waarneembaar van die oomblik wat mens die hekke van die stadion betree. Dit kan gesien en ervaar word in die simboliek, rituele, musiek en atmosfeer. Die span wat teen die Blou Bulle speel bring natuurlik hul eie tradisie die stadion binne. Dit word grootliks onderdruk deur die groter hoeveelheid Blou Bul ondersteuners wat aanwesig is. Wanneer die teenstaanders begin wen word die borde verhang en dreig die teenstaanders se tradisie om die stadion oor te neem. Wanneer ‘n seisoen van verloor beleef word en die toeskouer getalle taan, is dit tradisie wat die wa deur die drif trek. Kritiek is dan volop maar aan die einde van dit alles bly Blou Bul ondersteuners Blou Bul ondersteuners wen of verloor ten spyt. Die spelers het hul eie tradisies wat in en deur hul rituele sigbaar is.

### *5.3.3.5 Tradisie by Kerk sonder mure*

Hierdie gemeente staan binne die Nederduits Gereformeerde (NG) tradisie. ‘n Mens kan nie op sigwaarde en op grond van die liturgie seker wees van die tradisie wat hier aangetref word nie. In alle billikheid moet ek egter sê dat geen twee NG gemeentes vandag meer liturgies dieselfde daar uitsien nie en dat dit bitter moeilik is om “gereformeerdheid”[43] raak te sien as dit nie ‘n “tradisionele” gemeente met ‘n vaste liturgie is nie. Dikwels kom daar binne gemeentes tog nog ‘n mate van “gereformeerdheid” oor tydens die prediking. Dit was egter nie hier die geval nie.

### *5.3.3.6 Tradisie by Supersport Park*

Aangesien ‘n internasionale wedstryd bygewoon is kon hier iets beleef word van die Suid-Afrikaanse ondersteuners tradisie. Suid-Afrikaanse ondersteuners is baie positief en ondersteunend terwyl hul span wen. Wanneer daar egter insinkings is of

---

[43] Dirkie Smit (2009:87-107) verduidelik dat daar verskillende sienings is rondom gereformeerde aanbidding en erediens. Baie van dit wat vandag as “gereformeerd” beskou word, is historiese, sosiale en kulturele invloede wat die kerk binnegekom en help vorm het. Waarby daar egter nie verbygekom kan word nie is dat die erediens ’n wesenlike deel uitmaak van die gereformeerde lewe.



© University of Pretoria

dit nie goed gaan nie is daar baie negatiewe kommentaar of ‘n totale gebrek aan belangstelling en word daar ander dinge gedoen as om aandag aan die wedstryd te gee. Ander Suid-Afrikaanse tradisies wat duidelik na vore kom hier is die braaivleis en bierdrink tradisie. ‘n Verdere tradisie wat hier geskep is, is die krieketspeel deur gesinne en vriende tydens die breek nadat ‘n span hul vyftig boulbeurte afgestuur het. Die spelers het ook hul eie tradisies wat in hul rituele na vore kom.

#### *5.3.3.7 Tradisie by CRC*

Hierdie gemeente staan binne die charismatiese tradisie. Dit kom duidelik na vore in die wyse hoe daar aanbid word en ook in die prediking. Verskeie rituele wat eie is aan hierdie tradisie word hier aangetref. Saampraat van gemeentelede tydens die prediking deur onder andere harde “amens” en “hallelujas”, die oplê van hande tydens gebed, die uitnodiging van mense om na vore te kom aan die einde van die prediking, ensovoorts. ‘n Mens het geen twyfel oor in watter tradisie jy jou bevind tydens hierdie erediens nie.

#### *5.3.3.8 Tradisie by Silver Lakes Gholfbaan*

Gholf het vaste en streng tradisies waarvan alle gholfspelers weet. Dit begin alreeds by hul kleredrag en word voortgesit in die wyse hoe hulle op die gholfbaan optree. As buitestaander kan ‘n mens vir jouself groot verleentheid en wrewel op die hals haal as jy hierdie ongeskrewe tradisies oortree. ‘n Ander baie sterk tradisie hier is die breek in die spel na die negende putjie en dan die saamkuier na die agtiende putjie.

Daar sal nou beweeg word van tradisie na wêreldbeskouing. Rituele en tradisies sal noodwendig ‘n invloed hê op ’n mens se wêreldbeskouing.

## 5.4 WÊRELDBESKOUING

Binne die Suid-Afrikaanse konteks sal hier aandag geskenk word aan ‘n Westerse wêreldbeskouing en ‘n Afrika wêreldbeskouing. Die kenmerke van hierdie twee



© University of Pretoria

verskillende filosofieë is in hoofstuk twee bespreek. Hier sal daar gekyk word hoe dit uitspeel binne die agt ruimtes. Dit moet egter in ag geneem word dat dit nie altyd so maklik en eenvoudig is om die twee van mekaar te skei nie. Bell (1997:255) wys daarop dat dit raar is dat ‘n gemeenskap net een wêreldbeskouing het. Sy sê: “Usually there are different cosmological orders more or less integrated with each other but capable of tense differentiation and mutual opposition.” Die konteks kan nie buite rekening gelaat word nie.

Die noodsaaklikheid om aandag te skenk aan wêreldbeskouing word pragtig verduidelik deur Aerts et al. (2007:5). Jy kan maklik die pad vind in jou eie huis. Jy weet hoeveel kamers jou huis het en hoe dit gebruik word. Omdat jy jou eie huis ken, voel jy ten volle tuis hier. Die wêreld rondom jou kan beskryf word as ’n reuse “huis” wat jy deel met ander mense, diere en plante. Jy bestaan binne hierdie wêreld en hier binne moet jy werk, jouself geniet, sosiale verhoudings ontwikkel, ’n familie grootmaak, ensovoorts. Dinge verander so vinnig dat jy nie meer tuis voel in hierdie groter “huis” nie. Nuwe vleuels en kamers word voortdurend tot die huis toegevoeg en bestaande kamers word heringerig. Jy verloor jou bekendheid met hierdie “huis”.

In Suid-Afrika is daar nie net die uitdaging om tuis te voel in ons wêreld “huis” nie, ons voel selfs nie aldag tuis in ons kleiner Suid-Afrikaanse (land) “huis” nie. Gefragmenteerdheid en ’n verlies aan struktuur en kohesie word ervaar. In hierdie “huis” wat toenemend onbekend raak verloor menige hul pad, andere konsentreer so hard daarop om te bly bou aan een kamer ter wille van die bekendheid daarvan. Dit raak toenemend belangrik om hierdie “huis” te herbou en te herrangskik. Nuwe deure moet gemaak word en ’n huis moet geskep word waarin almal tuis kan voel (Aerts et al. 2007:8).

Pluralisasie van kultuur en individualisasie van menslike gedrag is aan die orde van die dag. Daar is nie meer een uitkyk op die geheel nie. Ons is deel van ’n samelewing met verskillende kulture, subkulture en fragmente van kulture. Soos ook by tradisie gesien is, raak dit ’n toenemende uitdaging dat individue moet kies tussen ’n enorme hoeveelheid moontlikhede van hoe om te leef. ’n Sosiaal gedeelde uitkyk op die geheel kan aan ’n kultuur rigting, selfvertroue en doelgerigtheid gee (Aerts et



© University of Pretoria

al. 2007:7-8). Hierdie gedeelde uitkyk beteken nie dat daar met mekaar saamgestem sal word oor alles nie. Daar wil egter gestrewe word na simbiose, na ’n met mekaar saamleef in hierdie huis op ’n wyse waarop almal kan voel dit is ons huis en ons is almal tuis hier.

Ter verheldering kan daar net weer gekyk word na die opsomming van die twee wêreldbeskouings wat hier aan die bod kom:

**Tabel 6: Twee wêreldbeskouings**

| **Afrika filosofie** | **Westerse filosofie** |
|---|---|
| viii) Saam | viii) Alleen |
| ix) Omgee | ix) Materieel |
| x) Geheel | x) Stukke |
| xi) Verlede | xi) Toekoms |
| xii) Harmonie | xii) Beheer |
| xiii) Skaamte | xiii) Skuld |
| xiv) Deel | xiv) Versamel |

(Van Rensburg & Da Costa 2008b:36)

### 5.4.1 Konsep van tyd

Aangesien daar ‘n redelike verskil is in die siening van tyd binne die Afrika wêreldbeskouing en die Westerse wêreldbeskouing sal dit kortliks aangespreek word. John Mbiti (1989) is ‘n Afrika teoloog wat heelwat hieroor geskryf het. Hy wys daarop dat die Westerse konsep van tyd liniêr is terwyl binne die Afrika konsep van tyd, tyd ervaar moet word om sin te maak en ‘n realiteit te wees. Tyd is siklies en ritmies eerder as liniêr (Mbiti 1989:16-17, 21). Die belangrikheid van tyd is dus om deel te wees van ‘n gebeurtenis eerder as wat ‘n vasgestelde begin- en eindtyd belangrik is. Die verlede en die hede is belangrik. Die toekoms is van mindere belang en sal met die ritme van tyd vir ditself sorg. Beplanning vir die toekoms en die bou van lugkastele is onbelangrik (Mbiti 1989:23).



© University of Pretoria

Westerlinge dink baie maklik dat die Westerse konsep van tyd die realiteit is. Adjaye (2002:200) werp 'n ander siening hierop. Hy is van mening dat daar nie gesê kan word dat omdat miljoene Afrikane nie hul lewens orden volgens meganiese "stukke" nie, hulle 'n ongesofistikeerde begrip van tyd het nie. Na sy mening het die horlosie 'n godsdiens geword vir biljoene aanbidders wat dit verafgod. Hulle bekyk die gesig van hierdie "afgod" verskeie kere per dag. Dit bepaal wanneer hulle werk toe gaan, wanneer hulle huis toe gaan, eintlik wanneer hulle enige iets doen en ook hoe hulle rondjaag om die een spertyd na die ander te bereik (2002:201). Volgens Adjaye (2002:201) besef baie Westerlinge nie dat miljoene mense in ander kulture mars op die maat van 'n ander drom nie. Tyd kan op baie ander maniere beleef word as deur middel van die klok verslawing van die Weste.

Tydsbegrip is intrinsiek aan die mens en onderskei ons vorm van lewe van die van ander soogdiere. Adjaye (2002:202-203) pleit vir 'n multidimensionele verstaan van tyd eerder as net die Westerse liniêre siening van tyd. In aansluiting by Durkheim wys hy daarop dat persepsies van tyd nie net ontstaan vanuit die samelewing nie maar dat dit ook gevorm word deur die samelewing. Deur middel van biologiese ritmes woon tyd binne in elke mens. Daar moet van geboorte af aangepas word by die veranderende temporele strukture van die samelewing. Tyd word kultureel ontwikkel deur die bepaalde kultuur se konsep van tyd. Dit word deur die groep geskep vir die lewensritme van die bepaalde groep. Afrika tyd blyk meer organies te wees terwyl Westerse tyd meganies en industrieel is. Dit veroorsaak konflik tussen hierdie twee sienswyses aangesien miskonsepsies ontstaan. Afrika tyd is meer georiënteerd op die verlede as op die toekoms. Sosiale verpligtinge ten opsigte van siekte in die familie, die huwelik, dood, ensovoorts speel 'n belangrike rol. Westerse tyd is georiënteerd met die toekoms in sig. Die individu en individuele werksverpligtinge en winsbejag is belangriker as sosiale verpligtinge (Adjaye 2002:206).

Binne die Afrika wêreldbeskouing is daar interaksie tussen menslike gebeure en die lot van mense en kosmiese tyd, tussen die menslike en die heilige. Dit alles help met die skep van 'n gevoel van tydlose ewigheid. Die sinchronisasie van menslike tyd en



© University of Pretoria

kosmiese tyd verseker orde, balans en harmonie. Dit werk die bose, wanorde en chaos teë. So is sikliese tyd 'n werklikheid (Adjaye 2002:212). Tyd word gekoppel aan belangrike gebeurtenisse (kwalitatief) eerder as aan 'n abstrakte entiteit (kwantitatief). Binne die Westerse wêreldbeskouing word horlosie tyd gebruik om sosiale lewe te koördineer, te sinchroniseer en te orden. Dit skep die wyse waarop sosiale lewe bereik word maar dit kan egter nie sosiale lewe verduidelik nie. Dit is 'n middel tot 'n doel en nie die doel opsigself nie. Mense skep tyd en nie masjiene of instrumente nie (Adjaye 2002:218-219).

Ten opsigte van tyd is daar ook die verskil tussen tyd soos dit aangetref word by rituele waar tyd "stil staan", onbegrens is en nie gemeet word nie. Hierteenoor is daar tyd soos dit binne sport aantref word waar dit kort en fundamenteel beperk is. Die gemiddelde sportwedstryd duur ongeveer so lank as wat een ritueel duur. Dit is tyd buite tyd. Die gebeurtenisse tydens ŉ sportwedstryd speel teen ŉ vinnig snellende tempo af en moet binne die vasgestelde tyd afgehandel word. Binne hierdie wêreld hang alles af van die "meetlint" en die stophorlosie (Van Beek 2007:59-65).

### 5.4.2 Konsep van plek

Binne die tradisionele Afrika siening ten opsigte van fisiese plek is dit so dat plek (grond) nie aan ŉ individu behoort nie. Dit kan daarom ook nie deur een individu aan ŉ ander verkoop word nie. Die stamhoof of leier is die beskermer en bewaarder van plek (grond) en dit is ook hy/sy wat gedeeltes hiervan toewys aan individue. Wanneer hierdie plek (grond) nie meer gebruik word nie of wanneer dit na die stamhoof/leier se mening misbruik word, neem hy/sy dit terug en wys dit toe aan ŉ ander individu. Elke lid van so ŉ tradisionele gemeenskap het ŉ onvervreembare reg om te deel in die plek (grond) van hierdie gemeenskap. Tradisioneel is dit ook so dat hierdie grond in werklikheid nié aan die gemeenskap behoort nie maar aan die voorvaders. Die grafte van die voorvaders in die spesifieke grond bewys hulle reg tot hierdie plek (grond) en waarborg die reg van hul nageslag tot hierdie plek (grond). Die belangrikheid en heiligheid van ŉ bepaalde plek word direk gekoppel aan ŉ spesifieke persoon of dan voorvader wat op hierdie spesifieke plek tot rus gekom het.



© University of Pretoria

Plek (grond) kan nie individueel besit word nie, dit behoort aan die mense, dit is ŉ gratis gawe van die Skepper, net soos lewe ŉ gratis geskenk is (Pauw 1996:375; Wepener & Ter Haar 2014:101).

*Soil Atlas of Africa*[44] wys daarop dat grond vanuit ŉ tradisionele perspektief gesien word as ŉ heilige erfenis. Grond is ŉ lewendige entiteit en verteenwoordig die begin en die einde van lewe. Grond moet met respek en aandag behandel word aangesien dit aan die mens kos en water voorsien. Grond verskaf mag, krag en sekuriteit aan ŉ bepaalde gemeenskap. Binne die Afrika perspektief word daar ŉ spirituele konneksie met grond gemaak. Rituele op spesifieke plekke speel ŉ belangrike rol. Masoga en Nel (2014:71-87) verduidelik hoe ŉ bepaalde ritueel by ŉ miershoop uitgevoer word. Dit geskied in oorleg met die voorvaders. Ruimtes kan heilige ruimtes word deur die menslike interaksie daarmee en die rituele wat daar uitgevoer word. Wanneer ŉ ritueel op ŉ spesifieke plek uitgevoer moet word, oorskry dit die privaatbesit van daardie grond. Die grond waar sodanige rituele uitgevoer word, is heilig en die persone wat deelneem moet hul skoene uittrek.

Daar is gemeenskaplike plekke wat voortdurend as heilig beskou word en waar daar rituele uitgevoer word. Daar is egter ook plekke wat slegs vir die duur van die ritueel as heilig beskou word. Sodanige plekke speel ŉ belangrike rol om sin, betekenis en identiteit aan die individu te gee wat ontwortel geraak het van plek as ŉ spirituele konteks (Masoga & Nel 2014:85-86).

Daar sal nou gekyk word of daar enige van die kenmerke van hierdie spesifieke twee wêreldbeskouings aangetref word binne die agt ruimtes van hierdie ondersoek.

#### *5.4.2.1 Wêreldbeskouing by St. Anne's*

- Daar is geen duidelik gemerkte straatadres of bord voor die kerk nie. Dit is eers wanneer mens die terrein binne ry en naby die kerkgebou kom dat jy *St. Anne's* sien waar dit op die asblikke geskryf staan. Vanuit ‘n Westerse

[44] Beskikbaar by: http://eusoils.jrc.ec.europa.eu/library/maps/Africa_Atlas/download/42.pdf



© University of Pretoria

wêreldbeskouing is dit belangrik om beheer te hê oor jou omgewing deur dit duidelik te merk. Binne ‘n woonbuurt waar daar ‘n meer Westerse inslag is, is die meeste huise en geboue in ‘n straat duidelik gemerk. In hierdie woonbuurt is dit nie so belangrik nie. Die gemerkte asblikke het waarskynlik sy oorsprong uit ‘n Westerse munisipale bedeling. In ooreenstemming met die Afrika siening van plek sou daar ŉ saak voor uit te maak wees dat hierdie ruimte aan die gemeenskap behoort. Dit hoef nie gemerk te wees nie want die gemeenskap is bekend hiermee en sal dit kan vind.

- St. Anna na wie hierdie gemeente vernoem is speel ŉ bepaalde rol in die heiligheid van hierdie plek. Die slagspreuk onder die skildery van St. Anna is sprekend hiervan. Dit sê dat Anna (die moeder van Maria) ŉ voorbeeld is van ons moeders. Dit stem ooreenstem met die belangrike rol wat ŉ voorouer speel ten opsigte van ŉ spesifieke plek se heiligheid.

- Gasvryheid en omgee is aan die orde van die dag. Dit stem ooreen met ‘n Afrika wêreldbeskouing. Dit kan ook toegeskryf word aan hoe Christene teenoor mekaar behoort op te tree.

- Regdeur die diens kom mense steeds die gebou binne. Dit pas in by die Afrika konsep van tyd. Dit is belangriker om deel van die gebeurtenis te wees as wat dit is om uitgesluit te word daarvan op grond van horlosie tyd. Ek persoonlik sou nooit eers kon droom om ‘n halfuur nadat ‘n erediens begin het steeds daar in te stap, te gaan sit en te deel in die res van die diens wat oor is nie. Hier blyk almal gemaklik te wees hiermee – dié wat laat inkom sowel as dié wat reeds deel is van die erediens. In ‘n tipiese Westerse wêreldbeskouing omgewing sou daar ‘n geïrriteerdheid hiermee gewees het. Volgens bekendes met die gemeenskap van Atteridgeville kan een van die redes vir die laatkommery toegeskryf word aan die feit dat daar van die moeders verwag word om kos gereed te hê na kerk sodat die manne kan eet en dan kan gaan sokker kyk. Rooms Katolieke lidmate is bereid om die voorlesings te mis maar nie die nagmaal nie. As hulle dus betyds is daarvoor is hulle tevrede. Dit is ook so dat dit hier gaan om rituele



© University of Pretoria

en die deelname daaraan en daarom is tyd nie belangrik is nie (cf. Van Beek 2007:59).

- Die saam doen en saam deel wat 'n kenmerk is van die Afrika filosofie is ook opmerklik hier. Verskeie liturge het deel aan die liturgie en die gemeente neem hartlik en waar nodig hardop saam deel. Wat veral treffend en simbolies is, is die saam bring van die offergawe. Hier word nie net geld gegee nie maar ook kos en dit is waarskynlik na gelang van die behoeftes binne die gemeenskap. Dit sluit aan by deel wat nog 'n kenmerk is van die Afrika filosofie. Hierdie kos en die geld wat gemaak word uit die verkoop van die afkondigings by die deur word gebruik om om te sien na die nood binne die verskillende klein gemeenskappies (kleingroepe).

- Daar word spesiaal tyd gemaak om vir mense te bid wat behoefte het aan gebed. Besoekers word hartlik verwelkom en daar word ook hiervoor tyd ingeruim om dit op 'n spesiale manier te doen. Nuwe lidmate word verwelkom en daar word vir hulle gebid.

#### 5.4.2.2 *Wêreldbeskouing by Lucas Moripe Stadion*

- Daar is geen duidelike aanwysings by die stadion nie. Ons weet nie by watter hek om in te gaan nie en word van bakboord na stuurboord gestuur. Ons het die gevoel gekry dat dit met opset was. Hier is nie veel sprake van omgee nie, eerder 'n gevoel van beheer oor ons.

- Ek het aanvanklik gedink dat hier iets van 'n Westerse materialisme deurskemer. Alhoewel die parkering gratis is, moet ons die hekwag betaal om daar te mag parkeer. Ek het egter by my kollegas en medestudente in Atteridgeville verneem dat dit binne die Afrika filosofie so is dat jy 'n guns met 'n guns moet terugbetaal. Ons water word by die hek gekonfiskeer en daar word aan ons gesê dat ons binne water kan koop. Dalk is dit opportunisme maar hoe dit ook al sy stem dit eerder ooreen met 'n



© University of Pretoria

Westerse filosofie as 'n Afrika filosofie. Hier is 'n geleentheid om geld te versamel. Selfs kinders gryp die geleentheid aan om vir geld te vra.

- Hier is nie vreeslik baie toeskouers nie maar onder die toeskouers wat hier wel is, is daar 'n samehorigheidsgevoel. Daar is min mense wat soos ons as enkelinge op die pawiljoen sit. Die twee spanne se ondersteuners is as twee duidelike groepe bymekaar. Die onderskeie groepe neem ten volle deel aan die gebeure van die dag.

- Afrika tyd en Westerse tyd is hier vermeng. Daar is geen groot horlosie of enige tydsaanduiding binne die stadion nie. Tog word die wedstryd streng volgens die horlosie tyd van die Weste gespeel. Binne die spel is tyd begrens en word dit gemeet (cf. Van Beek 2007:59).

- Wit en swart is steeds nie gemaklik in mekaar se "huise" nie. Ons kry hier die ongelukkige voorval waar die enigste wit speler opsetlik beseer word binne die eerste paar minute wat hy op die veld verskyn. Dit is so sleg dat hy met 'n draagbaar van die veld af geneem word. My kollegas en medestudente wat bekend is met sokker stem nie saam met my mening nie. Hulle sê dat die ongelukkige voorval ook toegeskryf kan word aan die posisie wat die wit speler gespeel het. Dit gebeur blykbaar gereeld in sokker dat sleutelspelers van die veld af gespeel word deur opsetlike beserings. Dit kon dus 'n strategiese voorval eerder as 'n rasse voorval gewees het.

#### *5.4.2.3 Wêreldbeskouing by Ooskerk*

- 'n Gevoel van individualisme is opvallend hier. Hier is meer mense wat op hul eie alleen in die diens sit as wat hier groepies mense saam is. Individuele groei in my verhouding met God is belangrik en nie noodwendig hoe ons saam kan groei hierin nie.

- Meer as een liturg neem deel aan die liturgie maar dit gee nie die gevoel van saam nie. Daar is baie duidelik die gevoel van elkeen op sy/haar eie wat sy/haar deel van die liturgie hanteer.



© University of Pretoria

- Tog is daar tydens die erediens die geleentheid wanneer almal saam deel het aan die brood en wyn. Dit is egter heeltemal 'n ander ervaring as die saam deel hê aan die brood en wyn by St. Anne's. Dit is moeilik om dit te beskryf. Alhoewel hierdie 'n saam geleentheid is voel jy of jy dit op jou eie doen. By St. Anne's was daar tydens die saam geleentheid 'n oorweldigende saam gevoel. Ek het by St. Anne's nie eers gedeel in die brood en wyn nie en tog het ek ten volle deel gevoel van die saamwees.

- Westerse tyd is hier aan die orde aangesien die diens net 30 minute lank is. Die liturge moet dus die horlosie streng dophou. Tyd is begrens en word gemeet soos by sport (cf. Van Beek 2007:59). Tog kry mens geen gevoel van haas nie en 'n element van Afrika tyd is hier teenwoordig.

#### *5.4.2.4 Wêreldbeskouing by Loftus Versfeld*

- Westerse materialisme is aan die orde van die dag. Orals langs die straat op pad na die stadion probeer mense hul ware verkoop en geld maak. Binne die stadion is hordes stalletjies en ook hier is geld maak aan die orde.

- Afrika en Westerse filosofieë is vermeng ten opsigte van saamwees en individualisme. 'n Mens ervaar 'n samehorigheidsgevoel en selfs vreemde mense is deel van die groepsgevoel. Hierdie is ons almal se plek. Tog neem mens iets waar van die individualisme en eie ek as jy sien hoe opgewonde mense raak om hulself op die groot skerm te sien. Ek dink dat veral die kinders die kommunale gees van die Afrika filosofie hier ervaar. Hulle kan net wees en daar is geen beperkings op hulle nie. Geen sit stil en wees soet nie.

- Die gemeenskaplikheid hier is rugby en by tye wen rugby selfs teenoor die vyandigheid wat daar tussen die twee spanne se ondersteuners behoort te wees. Dit gebeur byvoorbeeld wanneer 'n gewilde speler soos Mtawarira aan die bal raak. Daar het 'n tradisie ontstaan dat wanneer hy aan die bal raak almal saam (vriend en vyand gelyk) uitroep: "*Beast*!" Wanneer sekere



© University of Pretoria

liedere speel sing almal saam en wanneer die Meksikaanse golf uitgevoer word, is daar geen onderskeid in die span wat jy ondersteun nie, jy neem saam deel. Die Vodacom meisies en die verskillende gelukbringers veroorsaak plesier by almal ongeag die span wat ondersteun word.

- Westerse tyd is aan die orde van die dag. Groot tydsaanduidings is duidelik sigbaar op 'n paar plekke binne die stadion. Dit is baie duidelik dat alles aan die hand van die horlosie gebeur.

- Westerse elektronika is baie belangrik en word gedurende die wedstryd ingespan wanneer die televisie skeidsregter 'n beslissing moet maak. Dit word ook tydens halftyd gebruik om sms nommers en webtuistes te adverteer sodat die Blou Bulle se geldkas aangevul kan word.

#### *5.4.2.5 Wêreldbeskouing by Kerk sonder mure*

- Met die eerste intrapslag is daar gasvryheid wat 'n gevoel van gemeenskaplikheid en hartlikheid oordra. Mense kuier harmonieus saam rondom koffie en tee. Hier is 'n vermenging tussen die Afrika en Westerse filosofie. Die eerste indrukke pas in by die Afrika filosofie. Ons is almal welkom en kan deel in hierdie plek wat aan ons almal behoort. Sodra 'n mens aan beweeg binne die ruimte van hierdie gebou tree die kenmerke van die Westerse filosofie na vore. 'n Ontvangsarea wat lyk soos die van 'n korporatiewe kantoor en 'n groot grafiek wat inkomste aandui. Plakkate dui egter ook aan dat die gemeente omgee en uitreik binne die gemeenskap deur middel van hul projekte.

- Die liturgiese ruimte skep dadelik die indruk dat ons vermaak gaan word eerder as dat ons gaan deelneem. Dit lyk of ons gekom het om na 'n konsert te kyk te oordeel aan al die instrumente op die verhoog, die kolligte, die rook wat van die verhoog af trek. Individualisme straal uit eerder as deelname. Daar is tog 'n vorm van deelname as een van die liturge ons vra om mekaar te groet.



© University of Pretoria

- Die grootste deel van die prediking, die Powerpoint prente, die aanbiddingsliedere is alles op die individu gefokus. Ek en my verhouding met die Here. Hier kom die Westerse filosofie en ŉ bepaalde teologie baie duidelik na vore. Op ‘n stadion gedurende die erediens moedig die liturg ons egter tog aan om God se liefde vir ons met mekaar te deel. Simbolies word ons almal uitgenooi om saam te klap met ‘n lied wat direk hierna gesing word.

#### *5.4.2.6 Wêreldbeskouing by Supersport Park*

- Westerse materialisme begroet jou wanneer jy die parkeerarea betree. Jy moet dadelik vyftig rand betaal net om te mag parkeer. Dit kan egter ook deel van die Afrika filosofie wees waar jy ŉ guns met ŉ guns moet begroet.

- Hier is ‘n gevoel van Afrika tyd. Niemand is haastig nie en toeskouers kom op hul eie tyd by die stadion aan. Die wedstryd gaan baie ure duur en dit is nie vir almal belangrik om van begin tot einde daar te wees nie. Hier is dit belangriker om deel van die gebeurtenis te wees.

- Die mense wat by die stadion werk is stadig maar hulpvaardig. Daar is ‘n algehele gevoel van gemoedelikheid en gemeenskaplikheid. Mense sit orals op die gras saam en kuier en gesels. Harmonie en deelname is aan die orde. Wat veral opvallend is, is dat hier baie kinders is en dat dit almal se kinders is. Hulle is onbevange en orals. Tydens die breek in spel is feitlik die helfte van die skare saam op die veld waar almal saam speel en baljaar. Die ruimte wat aan die spelers “behoort” het word meteens ons almal se plek. Kenmerke van die Afrika filosofie oorheers totaal en al.

- Die Westerse filosofie is egter nie geheel en al afwesig nie. Hier is baie verskillende stalletjies en verkopers wat kyk hoeveel geld hulle kan maak. Waar moontlik word die geleentheid benut om advertensies te vertoon.



© University of Pretoria

#### *5.4.2.7 Wêreldbeskouing by CRC*

- Westerse materialisme ontmoet jou kort nadat jy parkeer het. Op pad na die tent toe waar die dienste gehou word, word verskeie produkte verkoop. Van dit is 'n vorm van advertensie want CRC is duidelik daarop geskryf.
- Daar is 'n ervaring van gasvryheid vandat 'n mens by die hek inkom. Die sekuriteitswag by die hek is vriendelik, die dame by die deur, die helpers binne die tent.
- Westerse tegnologie is oorweldigend binne die liturgiese ruimte. Hier is ook dadelik die gevoel dat jy vermaak gaan word. Groot skerms, kolligte, harde musiek.
- Wanneer die erediensgangers egter die ruimte betree verander die gevoel van individualisme na samesyn, samehorigheid en gemeenskaplikheid. Daar is 'n kommunale gees. Die liturgie is deelnemend van begin tot einde. Moeite word gedoen om almal te betrek en wanneer daar behoefte aan gebed is, word daar tyd gemaak hiervoor en kry hierdie mense individuele aandag.
- Tyd blyk nie 'n faktor te wees nie. Die diens is so lank nodig. Hierdie spesifieke diens was langer as een en 'n half uur.
- Hier word dus 'n goeie mengsel van Afrika en Westerse filosofieë aangetref.

#### *5.4.2.8 Wêreldbeskouing by Silver Lakes Gholfbaan*

- Individue se gerief en gemak is hier baie belangrik. As waarnemer is dit van die uiterste belang dat jy niemand verontrief nie. Die baan is geleë binne een van die spog woonbuurte in Pretoria. Op die oog af is hier geen gebrek aan geld nie. Westerse materialisme drup hier. Van al die ruimtes wat ek



© University of Pretoria

besoek het, was ek hier die meeste bewus daarvan dat ek 'n buitestaander is. Kleredrag, gholf karretjies, toerusting, alles is van die beste.

- Die spel is individualisties en elkeen speel vir homself. Daar is wel 'n groep wat saamspeel maar 'n groepsgevoel kom nie duidelik na vore nie. Jy is alleen te midde van die groep. Elkeen poog hard om mag en beheer oor hulself en die balletjie uit te oefen.

- Die Westerse horlosie is in beheer want die spel moet binne 'n sekere tyd afgehandel wees. Jy speel vir ontspanning maar in jou agterkop moet jy in gedagte hou dat jy jouself tog maar moet haas. Dit is weereens eie aan die hantering van tyd binne sport.

- Hier is die eerste ruimte waar ek ervaar dat daar 'n onderskeid tussen mans en vroue gemaak word. Die vroue slaan van 'n ander bofperk af as die mans.

- Tegnologie belemmer die oënskynlike samesyn. Die vroue is dikwels besig met hul selfone eerder as om op hul maats en die spel te fokus.

- Die enigste plek waar gemeenskaplikheid en deelname sigbaar aangetref word, is by die klubhuis.

- Die meeste van die kenmerke van die Westerse filosofie speel dit hier uit. Bitter min, indien enige kenmerke van die Afrika filosofie word hier aangetref.

## 5.5 SAMEVATTEND

Die belangrikste konsepte/temas is in hierdie hoofstuk geïnterpreteer aan die hand van verskillende teorieë. In die eerste plek is ruimtelikheid bestudeer deur middel van teorieë vanuit die antropologie, fenomenologie, rekenaarwetenskap, informatika en argitektuur. Die verskillende bevindings ten opsigte van ruimte en plek is toegepas op die agt ruimtes van hierdie studie. Die betekenis van plek hang saam met die



© University of Pretoria

ervaring van plek. Simboliese en affektiewe kwaliteite speel 'n rol in hoe plek ervaar word. Vervolgens is liggaamlikheid bespreek en die rol wat dit speel tydens aanbidding en sport. Die liggaam is 'n belangrike komponent van alle plek-maak aktiwiteite en sosiale skepping van ruimte. Ruimtes word betree met ons hele menswees. Hierbinne word gepoog om 'n "wêreld" te skep waar ons kan wees. Hier word met mekaar in interaksie getree, mekaar leer ken en die wêreld word deur mekaar se oë gesien.

Rituele is die derde element in plek-gesentreerde betekenis konstruksie. Tradisie en kultuur sluit nou aan by rituele en al drie is bespreek. Kultuur is die wydste konteks van menslike gedrag. Rituele vloei voort vanuit kultuur. Die voordele en nadele van rituele is voorgehou. Die verskillende rituele binne elkeen van die agt ruimtes is uitgelig. Hierdie rituele is positief en negatief beoordeel aan die hand van Curzer se raamwerk. Rituele kan geskep maar ook ontvang word vanuit tradisie. Tradisies word in stand gehou deur mense wat kies om binne 'n bepaalde tradisie te staan, dit te onderhou en hulself daardeur te laat definieer. Bewustelike keuse is hier van belang.

Rituele en tradisies het 'n invloed op ons wêreldbeskouing. Hier is aandag geskenk aan 'n Westerse sowel as 'n Afrika wêreldbeskouing. Die siening van tyd verskil wesenlik binne hierdie twee wêreldbeskouings. Westerlinge dink maklik dat die Westerse konsep van tyd die realiteit is. In die Afrika konsep van tyd regeer meganiese stukke (horlosies) nie mense se lewens nie. Die beskouing van plek (grond) verskil ook van mekaar. Binne die tradisionele Afrika beskouing kan grond nie deur 'n individu besit word nie. Dit is gemeenskapsbesit. Grond moet ook met baie respek bejeën word. Binne die verskillende ruimtes van hierdie studie speel hierdie twee wêreldbeskouings en tydsbegrip redelik duidelik uit.

In die volgende hoofstuk sal daar teologies gereflekteer word oor dieselfde konsepte/temas wat in hierdie hoofstuk geïnterpreteer is vanuit verskillende wetenskappe buite die teologie.



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 6

# TEOLOGIESE REFLEKSIE

In hierdie hoofstuk word aandag geskenk aan die teologiese dimensies van dit wat in die vorige hoofstukke waargeneem is. Hoe kan daar vanuit ‘n teologiese basis in gesprek getree word met teorieë vanuit die ander wetenskappe wat moontlike redes bied vir dit wat binne die waargeneemde ruimtes aangaan? Osmer (2008:130-132) stel drie maniere voor waarop hierdie taak benader kan word:

- Teologiese konsepte word gebruik om episodes, situasies en kontekste te interpreteer.

- Etiese norms word gebruik om oor gewoontes, gebruike en gebeure te reflekteer en om rigting daaraan te gee.

- Wat is goeie gebruike of gewoontes? Hier behoort van die wysheid van andere gebruik gemaak te word. Tradisie en wat daaruit geleer kan word sal ook hier ’n rol speel.

Die teologiese/normatiewe perspektief het nie ten doel om uit te spel hoe om sekere doelwitte te bereik nie. Dit wil wel help om te bepaal wat ons behoort te poog om te bereik (Osmer 2008:131-132).

## 6.1 RUIMTELIKHEID

John Inge (2003:ix) skryf vanuit ’n teologiese perspektief oor plek en hy sê die volgende: “Our existence as embodied beings means that place is as necessary to us as the air we breathe but, more than that, it seems to me that our human experience is shaped by place.” Plek speel ‘n belangrike rol in die Bybel. Tog wil dit lyk of die hedendaagse mens ’n verlies aan plek, ’n plekloosheid ervaar. Dit is veral globalisasie wat mense se geankerheid (“rootedness”) en ervaring van plek



© University of Pretoria

verminder. Dit lei daartoe dat mense ongebonde, ongeankerde lewens lei wat gevul is met eindelose keuses en geen verbintenis nie.

As daar terug gegaan word in tyd en kortliks gekyk word na plek in die Bybel word daar gesien dat dit van die begin af belangrik was. God is God in gemeenskap, Vader, Seun en Heilige Gees. Die Bybel begin met die perfekte plek, Eden, waar God kies om in vertikale gemeenskap met die mens te wees en waar die mens in horisontale gemeenskap met mekaar kan wees (McGowan 2009:2). Die Ou Testament spreek duidelik van ’n definitiewe verhouding tussen God, mense en plek. ’n Groot deel van die Ou Testament sentreer rondom ’n volk wat op reis is na ’n plek wat aan Abraham beloof is, die beloofde land. Hoop en geloof word gebaseer op hierdie belofte van plek. Op reis is daar tye in die wildernis, ’n plek van verlatenheid, sonder hoop. Daar is ’n voortdurende spanning tussen plek en plekloosheid.

Reg deur die Ou Testament openbaar God homself aan die mense op verskillende maniere en op verskillende plekke, selfs op die plekke van verlatenheid. Wanneer God op die agtergrond geskuif word, volg ballingskap – ’n verlies aan plek. Daar vind egter positiewe dinge plaas binne die slegte belewenis van ballingskap. Die verlies aan ’n sentrale plek van aanbidding, die tempel, veroorsaak dat ander plekke van aanbidding belangrik raak. So ontstaan sinagoges en gewone huise word weer belangrik as plekke waar daar saam gebid en byeengekom word. In die Ou Testament word daar dikwels gesien dat ‘n plek betekenis het as gevolg van dit wat daar gebeur het. Net so kry bepaalde stories gesag op grond daarvan dat dit gekoppel kan word aan ’n plek (Inge 2003:33-51, 54). “Places are the seat of relations and of meeting and activity between God and the world” (Inge 2003:68).

Lathrop (2009:loc.33, 97) wys op die belangrikheid en selfs heiligheid van plek soos dit aangetref word in Eksodus 3:5 waar God vir Moses sê: “Moenie nóg nader kom nie. Trek jou skoene uit, want die plek waarop jy staan, is gewyde grond.” Moses moenie sy skoene uittrek omdat God heilig is nie maar wel omdat die plek waarop hy staan heilig is. God se heiligheid sluit nie plek uit nie maar juis in.



© University of Pretoria

In die Nuwe Testament kry plek 'n hele nuwe dimensie as God mens word en onder ons kom woon. Torrance (1969:75) sê hieroor die volgende:

> "This relation established between God and man in Jesus Christ constitutes Him as *the place* in all space and time where God meets with man in the actualities of human existence, and man meets with God and knows Him in His own divine Being. That is the place where the vertical and horizontal dimensionalities intersect, the place where human being is opened out to a transcendent ground in God and where the infinite Being of God penetrates into our existence and creates room for Himself within the horizontal dimentions of finite being in space and time. It is penetration of the horizontal by the vertical that gives man his true place, for it relates place in space and time to its ultimate ontological ground so that it is not submerged in the endless relativities of what is merely horizontal. Without this vertical relation to God man has no authentic place on the earth, no meaning and no purpose, but with this vertical relation to God his place is given meaning and purpose".

In Christus is God se teenwoordigheid nie meer die Ark van die Verbond nie, is God se woonplek nie meer die tempel nie. God se ware teenwoordigheid is nou die gekruisigde Christus en Hyself is nou die geestelike tempel, die nuwe woonplek van God (Inge 2003:55). In Christus maak God vir Homself ruimte te midde van ons menslike bestaan en as die plek waar die aardse mens en die hemelse Vader met mekaar gemeenskap kan hê (Torrance 1969:24).

Volgens Schmemann (Inge 2003:64) (en in ooreenstemming met die Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 2) verkondig die Christendom dat dit moontlik is om alles in die wêreld te sien as die openbaring van God, as 'n teken van sy teenwoordigheid, sy koms, sy uitnodiging tot gemeenskap met Hom. Die wêreld is die instrument en simbool waardeur God sy natuur uitdruk aan almal wat kies om dit te sien. God se openbaring in en deur hierdie natuurlike dinge kry nuwe betekenis wanneer dit in verband gebring word met Jesus, die een wat se lewe ten volle een was met God (Inge 2003:66).

Inge (2003:78) vra die vraag: "Has God made the world so that some places naturally evoke a sense of divine presence?" D.H. Lawrence (1995:16) skryf die volgende hieroor: "every continent has its own great spirit of place... Different places on the face of the earth have different vital effluence, different vibration, different chemical



© University of Pretoria

exhalation, different polarity with different stars: call it what you like. But the spirit of place is a great reality." Die Keltiese Christendom het 'n sterk ingesteldheid vir plekke waar daar 'n raakpunt is tussen die fisiese wêreld en die geestelike wêreld. Hulle noem dit "thin places". Wills (2011:loc.131) beskryf dit as momente in ons lewens waar die geestelike en die natuurlike wêrelde mekaar kruis en vernou tot 'n dun plek, 'n plek waar jy 'n skielike en kortstondige bewustheid ervaar van God se teenwoordigheid en nabyheid. In 'n boek met die titel *Thin times and thin places: life lessons from the Labyrinth* deur Joel W. Kreger beskryf die outeur sy ervarings terwyl hy die verskillende labirinte op sy plaas gestap het. Sy verduideliking van die labirint as 'n dun plek is waardevol om ander dun plekke te kan identifiseer:

> Labyrinths...are where the fabric between the material world and the spiritual world is "thin". As I walk into the labyrinth I take my humanity with me, and I am allowed to touch the depths of my soul. They let me delve to the core of who I am, what I am doing, why I am doing it. They help me see and understand myself more clearly as I walk deeper into the labyrinth. There I experience my humanity. But something else begins to happen. As I walk deeper into the labyrinth, I also experience the divine. I feel as though I touch the very face of God as I walk this path set in the beauty of creation. The depths of my humanity touching the face of God. Thin place indeed.
>
> (Kreger 2013:loc.38)

Inge (2003:79) wys daarop dat dit die Gees van God is wat dit moontlik maak vir die gelowige om bewus te word van 'n plek as gevul met goddelike teenwoordigheid. Die verhoudingsaspek is hier belangrik. Op hierdie plekke waar die mens 'n besonderse ervaring of belewenis van die goddelike het, is dit weereens God, die mens of mense en plek. Ervaring van die goddelike op 'n bepaalde plek gaan nie van veel betekenis wees as jy nie in verhouding staan met God nie. Dit is egter ook so dat so 'n ervaring op 'n spesifieke plek die oorsaak was dat mense tot 'n nuwe of veranderde verhouding met God gekom het. Hier kan byvoorbeeld gedink word aan Paulus se Damaskus ervaring, Moses se ontmoeting met God by die doringbos, Keiser Konstantyn se ervaring naby die Milviaanse brug buite Rome en Augustinus se bekering in die tuin in Milaan.

Post en Molendijk (2010:2) vertel van die hedendaagse gebruik in die Westerse wêreld om ruimtes te skep waarbinne nadenke kan plaasvind. Dit word "rooms of



© University of Pretoria

silence", *stilcentra* (in Nederland) en *Räume der Stille* (in Duitsland) genoem. Daar is ook wêreldwyd die tendens om plekke van herinnering op te rig. Wepener (2011:264-265) merk hierdie toenemende tendens in Suid-Afrika op. Kruise, blomme of bordjies word op plekke langs die pad opgerig waar mense in 'n noodlottige ongeluk gesterf het. Kruise word ook opgerig waar 'n groter ramp plaasgevind het. In die Limpopo provinsie, noord van Polokwane, is die Witkruismonument. Dit is in die buitelug, langs die pad met aanvanklik 1200 staalkruise opgerig. Dit is opgerig ter nagedagtenis aan boere in Suid-Afrika wat in plaasmoorde omgekom het. Selfs op die internet word gedenkruimtes geskep waar mense hul afgestorwe geliefdes, vriende en diere kan vereer en in herinnering kan roep (Barnard, Cilliers en Wepener 2014:20-22).

Barnard, Cilliers en Wepener (2014:303) haal vir Ricoeur aan wat sê dat: "Modern persons no longer have a sacred space, a center, a templum, a holy mountain, or an axis mundi. Their existence is decentered, eccentric, a-centered." Volgens hom is heilige plekke oorbodig en nie langer van waarde nie. Barnard, Cilliers en Wepener argumenteer dan vir die teendeel – dat ons juis geestelike ruimtes orals rondom ons kry, soos ook hier bo uitgewys. Om die waarheid te sê die hele lewe is heilig. Dit sluit aan by Eksodus 3:5 wat reeds vroeër vermeld is. Juis omdat plek heilig, 'n geestelike ruimte is moes Moses sy skoene uittrek. God is orals teenwoordig, sy teenwoordigheid is egter nie altyd openbaar, ontbloot nie en soms bly God versteek (Wepener 2011:204).

Mel McGowan (2009:8) skryf oor die teologie van plek en wys daarop dat die God van plek nie leer dat ware spiritualiteit handel oor die uiteindelike ontsnapping uit hierdie wêreld uit na 'n ander plek in die lug waar jy vir ewig sal lewe nie. As Christene moet daar geantisipeer word om "vir ewig" op aarde te spandeer in 'n nuwe hemelse stad wat gaan neerdaal na 'n nuutgemaakte aarde. Rob Bell (2005:loc.2098) druk dit as volg uit:

> Jesus wants his followers to bring heaven, not hell, to earth. This has been God's intention for people since the beginning...The entire movement of the Bible is of a God who wants to be here, with his people. The church is described later as being the temple of God. And how does the Bible end? With God "coming down" and taking up residence here on earth...The goal isn't escaping this world but making this world the kind of place



© University of Pretoria

> God can come to. And God is remaking us into the kind of people who can do this kind of work.

In die lig hiervan sou daar dalk herdink moet word hoe hier op aarde geleef word. McGowan (2009:9) roep in herinnering hoe gemeenskappe oorspronklik daar uitgesien het. Alle dorpe is rondom die sentrale dorpsplein gebou. Dit was bekend as die Griekse agora, die Romeinse forum en die Italiaanse piazza. Eie aan hierdie dorpspleine was heilige en burgerlike ruimtes. Daar was gewoonlik ’n kerk en ’n regeringsgebou op die plein. Die dorpsplein was die hart van die stad en die algemene bymekaarkom plek vir al die burgers. Die grootte van die dorp is bepaal deur hoe ver ’n mens kon loop en die hoogte van geboue is beperk deur die aantal trappe wat ’n mens gemaklik kon klim. Mense het binne stapafstand van hul huise gewerk en hulle kon ook kerk toe, skool toe, winkel toe en na ontspanninggeriewe toe stap. Met die ontwikkeling van die motor het alles verander. Mense het begin om te werk waar hulle die meeste geld verdien en kon nou daarheen ry. Baie vinnig het alles nie meer om die hart van die dorp, die plein gedraai nie. Kerke, skole en ontspanningsgeriewe is nie meer noodwendig binne loopafstand van waar mense bly nie. Baie tyd word per dag in motors en op pad spandeer. Mense ry werk toe, skool toe, kerk toe en selfs om net brood en melk te koop.

Dit wil egter lyk of daar besig is om ’n verandering in te tree as mens kyk na die hedendaagse landgoed wat aan die buitewyke van stede gebou word. Dit word weer rondom ’n bepaalde middelpunt gebou. Hierdie keer is dit egter nie die plein met sy kerk en regeringsgebou nie maar wel die gholfbaan. Daar word toenemend skole, winkels en kerke naby of selfs binne so landgoed gebou. Weens gemaksug gaan die hedendaagse mens (wat hierdie leefstyl kan bekostig) nie noodwendig soontoe stap nie, al is dit naby genoeg. Dit is egter so dat dit darem kosbare tyd bespaar omdat dit naby die huis is. Die moontlikheid begin weer bestaan dat mense mekaar binne hierdie komplekse leer ken en nader aan mekaar beweeg. Sekuriteit is oor die algemeen goed en kinders kan weer speel en meer belangrik, sáám speel op gemeenskaplike grond. Kerke sou hul rol kon heroorweeg om as geestelike gemeenskappe toe te tree tot hierdie nuwe ruimtes. Die kerk is nie meer fisies naby die middelpunt, die hart van die gemeenskap nie maar sy sou dalk weer op ’n ander manier deel kan word van die hart van die gemeenskap. McGowan (2009:12-13)



© University of Pretoria

doen ’n beroep op kerke om verskeie baie praktiese strategieë wat hy voorstel te oorweeg. Hy maak hierdie oproep vanuit sy ervaring om geloofsgemeenskappe weer te integreer binne die struktuur van die kern van gemeenskappe in wat hy noem Postmoderne Agoras. Sy voorstelle is hoofsaaklik daarop gemik om kerke daar te stel wat meer as een doel dien binne die gemeenskap.

In teenstelling hiermee wys Bierma (2009:36) daarop dat daar ’n toenemende behoefte onder nie-kerklike jongmense is aan ’n evangelie met meer historiese wortels. Tradisionele kerk geboue skrik hulle dus nie noodwendig af nie. Beide het meriete en dit bly steeds mense wat mense bereik en nie geboue nie. Tog speel plek en die verskillende assosiasies daarmee ’n belangrike rol. Bierma (2009:37) maak ’n geldige punt as hy sê dat as daar gesê word dat God ’n god van skoonheid is en dat die mens die kroon van die skepping is, dan moet ons aanbiddingsruimtes tog iets hiervan weerspieël, op welke wyse ookal.

Die teologiese perspektief van ruimtes kan dan nou toegepas word op die agt ruimtes van hierdie studie:

- **St. Anne’s** – Dit wil lyk of hierdie plek belangrik is in die gemeenskap. Omdat ons gesoek het na die kerk het ons die lang Khozastraat twee maal op en af gery. Van orals af was mense aan die stap na die kerk toe. Daar was twee geleenthede tydens die diens wat ek as “thin place” momente sou kon beskryf. Die een was waar ek net bewus geword het van die hemelse sang. Ek kon nie die woorde verstaan nie maar dit het my met ’n goddelike warmte omvou – die pragtige mense stemme sonder enige instrumentele begeleiding. Die tweede was tydens ons beweging van agter na die liturgiese ruimte voor, om ons offergawes fisies te bring. Die trots van die mense in hul “opgaan” om te gee het my klein en nietig laat voel te midde van hierdie plek. Ek kon iets beleef van “trek jou skoene uit want hierdie is heilige grond.”

- **Lucas Moripe stadion** – Ek het hier geen spirituele moment beleef nie, selfs al soek ek hard na een. Daar was wel ’n gemeenskapsgevoel onder



© University of Pretoria

die toeskouers. Op hierdie spesifieke dag was hier nie baie mense nie. Dit was as gevolg van die twee spanne wat teen mekaar gespeel het. Wanneer gewilde spanne teen mekaar speel is die stadion vol gepak deur toeskouers. Die ongelukkige gebeurtenis tussen die swart en die wit speler was 'n ervaring waar hemel en aarde baie ver van mekaar gevoel het. Hier is egter pragtige groen gras en 'n goedversorgde atletiekbaan, wat esteties besonder mooi vertoon. Ons weet dat God enige plek kan opdaag (mooi of lelik). Self sou ek God maklik kon ervaar in die mooi van hierdie groen gras en die baan.

- **Ooskerk** – Hier is baie moeite gedoen met die inrigting van die liturgiese ruimte. Dit sou beskryf kon word as 'n "plek van stilte" en leen dit tot 'n ruimte waar mense kan kom sit en 'n ontmoeting met God kan hê. Mens kan sien dat hierdie kerk gebou is in die tyd toe die kerk nog die middelpunt van die gemeenskap was. Dit is binne stapafstand van 'n ou gevestigde buurt, skole, winkels en ontspanningsgeriewe.

- **Loftus Versfeld** – Ek het met ewe veel rugby as godsdiensonderrig groot geword en ek moet erken dat dit nie vir my moeilik is om iets groters as myself te ervaar wanneer ek die Loftus ruimte betree nie. Dit is alreeds 'n geestelike ervaring wanneer mens saam met 'n skare ander geesdriftiges optrek op die pelgrimstog na Loftus. As 'n mens deur die laaste hekke is, die trappe bestyg het tot waar jy jou "opening" kry om die stadion finaal binne te gaan is daar 'n fladdering van opgewondenheid in jou maag. Dan is sy skielik in al haar glorie oop voor jou... Die pragtige stadion met haar groener as groen gras, die spreiligte wat soos groot helder vriendelike oë op jou afkyk, die pawiljoene wat blou vertoon as gevolg van die tipiese Loftus blou stoele en die ongekende wete wat op jou kom lê van almal wat al voor jou hier was. Dit is 'n grootse belewenis en vir my, hoe onverklaarbaar en onspiritueel dit ookal vir andere mag wees, verseker 'n dun plek.

- **Kerk sonder mure** – Hierdie gebou leen dit daartoe om te voldoen aan een



© University of Pretoria

van die strategieë wat McGowan (2009:13) as deel van sy "theology of place" voorstel, naamlik om geloofsgemeenskappe weer terug te bring in die struktuur van gemeenskappe. Sy voorstel is dat kerkgeboue 'n dubbele doel sal dien en so ingerig word dat dit ook as ruimtes vir byvoorbeeld uitvoerende kunste kan dien. Die verhoog, die beligting en die klankstelsel is uiters geskik hiervoor. Die gebou opsigself lyk met die eerste oogopslag geensins soos 'n plek wat "dun" kan word nie. Tog weet ons dat die kunste 'n ontmoetingsplek met God kan word. Hier is dus verseker moontlikhede. Die ingangsportaal leen dit daartoe en word ook gebruik as 'n horisontale ontmoetingsplek vir die geloofsgemeenskap. Dit sou uitgebrei kan word om die hele gemeenskap in te sluit.

- **Supersport Park** – Die stadion het 'n dun plek geword toe groot en klein tydens die breek op die veld gehardloop het en een in spel geword het. Dit was werklik iets spesiaals om te beleef. In hierdie kort tydjie van absolute gemeenskap tussen mense het die "park" 'n plek geword waarheen God sou kon kom (in Rob Bell se woorde) en in my eie woorde, 'n plek waar God welkom sou voel en kon tuiskom.

- **CRC** – Net soos Kerk sonder mure leen hierdie ruimte dit tot 'n dubbele doel en sou ook gebruik kan word deur die algemene gemeenskap as ruimte vir die uitvoerende kunste. Die groot skerms reg deur die gebou/tent, die verhoog, die uitstekende beligting en klank maak dit uiters geskik. Ek het hier 'n dun oomblik beleef toe my man aan die klein swart dogtertjie op haar pa se arm geraak het en 'n gesprek met die pa hierna ontstaan het. Swart en wit se gemeenskap binne hierdie ruimte maak dit 'n plek waar hemel en aarde saggies aanmekaar raak.

- **Silver Lakes Gholfbaan** – Hier is die gholfbaan geleë in die hart van die gemeenskap, soos wat die kerk eens was. Die hele baan op sy eie leen dit tot 'n ruimte van stilte. Dit het vir my 'n dun plek geword toe pragtige musiek op 'n stadion na my aangesweef gekom het te midde van al die groenigheid en die water wat ek saggies kon hoor kabbel. John Updike is 'n gholfspeler



© University of Pretoria

wat deur Van Beek (2007:59) aangehaal word en hy sê die volgende oor die ruimtes binne gholf: "*It is of all games the most mysterious, the least earthbound, the one wherein the wall between us and the supernatural is rubbed thinnest".* Dit is dan ook waar van hierdie spesifieke ruimte wat dit leen tot 'n dubbele doel binne die gemeenskap. 'n Mens sou maklik groot dele van die baan kaalvoet kon betreë omdat die plek heilig is. Mense wat op hierdie landgoed bly sou enige dag van die week hier kon kom stap en vind dat dit 'n plek van aanbidding word.

## 6.2 LIGGAAMLIKHEID ("EMBODIMENT")

Liggaam en plek kan nie losgemaak word van mekaar nie. Plek is daar wanneer ons as mense iets ervaar en beleef. Net so is ons liggaamlik daar waar ons plek ervaar en beleef. Deur 'n liggaam aan te neem het God vir homself ruimte gemaak binne ons fisiese bestaan. Hy was ten volle teenwoordig in die liggaam maar ook steeds ten volle teenwoordig op alle ander onbeliggaamde plekke. Hy het mens geword maar terselfdertyd was Hy steeds God, ten volle teenwoordig by ons in ruimte en tyd maar ook steeds teenwoordig by die Vader (Torrance 1969:13-14).

Binne die Christelike geloof speel liggaamlike teenwoordigheid 'n belangrike rol. Met moderne tegnologie en die belangrike plek wat die internet toenemend speel gaan iets hiervan verlore. Gemeenskappe kom "byeen" op die internet en "ken" mekaar maar was dikwels nog nooit in mekaar se fisiese teenwoordigheid nie. Dit is vir sommige individue baie bevrydend om fisies anoniem te wees. Jacobsen (2003:68) waarsku teen die ontstaan van 'n dualisme waar liggaamlike bestaan geskei word van persoonlike identiteit. Regdeur die (Westerse) geskiedenis is daar die geneigdheid tot dualisme maar die teenmiddel hierteen word juis gevind in die inkarnasie en die opstanding. Die Evangelie van Johannes begin deur daarop te wys dat die Woord vlees geword het en onder ons kom woon het en sluit af met die opgestane Christus wat Tomas uitnooi om aan sy wonde te vat en wat vir die dissipels ontbyt maak. Die belangrikheid van die liggaam kan nie ontken word nie. Die Bybel wys telkens daarop dat elke aspek van menswees belangrik is, liggaam, siel, gees, emosies, ensovoorts.



© University of Pretoria

Jacobsen (2003:69) bring liggaam en plek weer met mekaar in verband as hy daarop wys dat net soos wat ons weet dat die individuele konteks van ons verlosde bestaan die opgestane liggaam is, kan ons weet dat die opgestane, uit die hemel neergedaalde, hernude stad ons gemeenskaplike konteks gaan wees. Ons kan nie ons liggame of ons gemeenskappe (waar ons fisies bly, leef, werk) ignoreer nie.

Barnard, Cilliers en Wepener (2014:213) wys daarop dat binne die Gereformeerde tradisie geloof hoofsaaklik gekommunikeer word deur die woord. Daar is ’n negatiewe konnotasie aan die liggaam, as iets wat beheer moet word en nie as die plek waar God aangetref kan word nie. Dit is stadig maar seker besig om te verander. Binne die Rooms Katolieke tradisie het dit al begin verander sedert Pous Johannes Paulus II. Hy het ’n hele teologie van die liggaam tot stand gebring, deur sy onderrig oor die mens en menslike seksualiteit tydens sy Woensdag kategese op St. Petrus Plein. Hierdie spesifieke Woensdag kategese het plaasgevind vanaf 5 September 1979 tot 28 November 1984. Volgens Pous Johannes Paulus II (2005:151) kan daar ’n antropologie gekonstrueer word wat gebaseer is op die Bybel. Hierdie antropologie kan ‘n teologie van die liggaam genoem word. Dit is tegelykertyd teologie en pedagogie. Hy sê verder die volgende en ek haal aan:

> ...the Creator has assigned as a task to man his body, his masculinity and femininity; and that in masculinity and femininity he, in a way, assigned to him as a task his humanity, the dignity of the person, and also the clear sign of the interpersonal communion in which man fulfils himself through the authentic gift of himself. Setting before man the requirements conforming to the tasks entrusted to him, at the same time the Creator points out to man, male and female, the ways that lead to assuming and discharging them...This theology of the body is the basis of the most suitable method of the pedagogy of the body, that is, the education (the self-education) of man...Theology, understood as a method of the pedagogy of the body, prepares us also for further reflections on the sacramentality of human life and especially married life...The theology of the body is not merely a theory, but rather a specific, evangelical, Christian pedagogy of the body. This derives from the character of the Bible, and especially of the Gospel. As the message of salvation, it reveals man’s true good, for the purpose of modelling...man’s earthly life in the perspective of the hope of the future world.
>
> (2005:151,154,301)



© University of Pretoria

’n Integrale siening van die mens is nodig. Liggaam en gees kan nie van mekaar geskei word nie. Teologiese hermeneutiek moet die objektiewe realiteit van die liggaam sowel as die subjektiewe ervaring van die liggaam in ag neem. Die liggaam is ’n objektiewe realiteit te midde van die persoonlike subjektiwiteit van die mens. Volgens Pous Johannes Paulus II (2005:154) hou feitlik alle probleme met die etos van die liggaam verband met die ontologiese identifikasie as die liggaam van die persoon. Dit gaan dus oor die “wees” van ’n liggaam sowel as die “ervaring” van ’n liggaam. Verder is dit nie net ’n persoon se ervaring van sy/haar eie liggaam wat verreken moet word nie maar ook interpersoonlike verhoudings tussen liggame. Kultuur speel hierin ’n belangrike rol. Die liggaam is persoonlik maar ook gemeenskaplik. Barnard, Cilliers en Wepener (2014:215) wys daarop dat die liggaam die basiese struktuur is van menslike bestaan. Menslike bestaan en kulturele waardes bestaan nie onafhanklik van die liggaam nie. In hulle woorde: “existence and culture are embodied”.

Die liggaam is nodig om die lewe ten volle te ervaar en so ook om liturgiese rituele te interpreteer. Dit kan nie net met die verstand gedoen word nie (Barnard, Cilliers en Wepener 2014:231). Dit is nodig om die liggaam te verstaan as ’n definisie van die woord sakrament. Pous Johannes Paulus II (2005:225) beskryf dit op ’n besonderse wyse en ek haal hom graag weer aan:

> The sacrament or the sacramentality – in the more general sense of this term – meets with the body and presupposes the theology of the body. According to the generally known meaning, the sacrament is a visible sign. The body also signifies that which is visible. It signifies the visibility of the world and of man. Therefore, in some way, even if in the most general way, the body enters the definition of sacrament, being “a visible sign of an invisible reality,” that is, of the spiritual, transcendent, divine reality. In this sign – and through this sign – God gives himself to man in his transcendent truth and in his love. The sacrament is a sign of grace, and it is an efficacious sign. Not only does the sacrament indicate grace and express it in a visible way, but it also produces it. The sacrament effectively contributes to having grace become part of man, and to realizing and fulfilling in him the work of salvation, the work begun by God from all eternity and fully revealed in Jesus Christ.



© University of Pretoria

Juis as die liggaam verstaan word as sakrament kan daar begin word om iets te verstaan van weggee ter wille van andere, gebrokenheid ter wille van die genesing van ander, insluiting en omarming van hulle wat gebroke, siek, gestremd, misbruik, verwond, arm, anders is. Die gemeenskaplike liggaam in plaas van die intense gefokusheid op die perfekte, versorgde persoonlike liggaam (Barnard, Cilliers en Wepener 2014:234-235).

Hoe sien die teologie van die liggaam daar uit binne die agt ruimtes van hierdie studie:

- **St. Anne's** – Die liggaam speel 'n belangrike rol hier en vorm deel van die aanbidding. Die prosessie bestaan uit 'n deel van die liggaam wat beweeg. Beliggaamde beelde van Jesus en Maria is prominent in die liturgiese ruimte. Die gemeente maak 'n kopbuiging in die rigting van die liturg as erkenning van sy Skriflesing en gebed, voor hulle gaan sit. Gawes word liggaamlik deur die gemeente gebring. Daar word nie net passief gesit en geld in kollektebordjies gegooi nie. Daar word beweeg en dit word dan simbolies (sakramenteel?) gebring. Die gawes is nie net geld nie maar ook kos. Die teenwoordige liggaam deel in die fisiese behoeftes van die res van die liggaam. Wanneer Hosanna gesing word neem die gemeente liggaamlik deel. Tydens sommige gebede word daar gekniel en tydens ander gebede word hande in die lug uitgesteek. Die gemeente deel met fisiese gebare en aanraking die "vrede van die Here" met mekaar. Die nagmaal word nie passief in die banke ontvang nie. Die gemeente beweeg vorentoe en ontvang die hostie gedoop in die beker van die liturge. Persone vir wie voorbidding gedoen word, gaan liggaamlik na voor. Daar word vir hulle gebid en dan word hulle met water besprinkel waarna hulle weer gaan sit. Besoekers moet staan en word deur die gemeente in die algemeen verwelkom en ook fisies deur die mense wat naaste aan hulle sit. Nuwe lidmate gaan na voor en word spesiaal met 'n gebed en die teken van die kruis verwelkom. Tydens Palmsondag (wat ek op 'n ander geleentheid bygewoon het) loop die hele prosessie op en af deur die mense en die



© University of Pretoria

priester besprinkel almal met water. Daar word dan gepoog om almal liggaamlik aan te raak.

- **Lucas Moripe Stadion** – Liggaamlikheid speel 'n belangrike rol hier. Hier word gesing en gedans en musiek gemaak met die hele liggaam. Die spelers van die twee spanne groet mekaar fisies voor hulle begin speel. Opwinding oor die spel word liggaamlik sowel as in klank uitgedruk. Die afrigters beweeg op en af langs die veld en toon hul gevoelens (veral hul misnoeë) met hul hele liggaam. 'n Speler gebruik sy liggaam om 'n ander speler ernstig te beseer. Die toeris wat ons hier ontmoet het toon aan sy liggaam die tekens van 'n land waar daar nie altyd sakramenteel met mekaar omgegaan word nie.

- **Ooskerk** – Daar word liggaamlik na vore beweeg om die ingestelde tekens te ontvang. Elkeen neem 'n hostie by die liturg en doop dit self in die beker voor dit geëet word. 'n Brandende kersie word van persoon na persoon aangegee. Elkeen steek op sy/haar beurt 'n teeliggie hiermee aan.

- **Loftus Versfeld** – Liggaamlikheid speel 'n belangrike rol. Mense neem liggaamlik deel aan die prosessie na die stadion. Selfs voor mens die stadion binne gaan is daar 'n sanger en orkes wat musiek maak en talle mense neem liggaamlik deel aan hierdie musiek. Binne die stadion druk 'n groot deel van die *gemeente* hul samehorigheidsgevoel uit deur die versiering van hul liggame met Bulle of Sharks tekens wat geverf is op hul gesigte, Bul horings op hul koppe en identifiseerbare klere en kleure. Bekende musiek word gespeel en die *gemeente* neem met liggaam en stem deel. Dieselfde entoesiastiese deelname vind plaas wanneer die spelers se name aangekondig word, 'n rondte applous vir Madiba gevra word, die Vodacom Bulls Babes op die veld verskyn, die Orlando Pirates sokkerspan en ander bekendes verwelkom word, die spelers op die veld verskyn, punte aangeteken word, *Beast* aan die bal raak, Olé gespeel word, 'n geslaagde Meksikaanse golf deur die skare spoel en vuurwerke die lug ingeskiet word wanneer die Bulle punte aanteken. Die liggaamlike deelname neem af wanneer die Bulle begin verloor. Daar is dadelik weer



© University of Pretoria

liggaamlike deelname en lewe die oomblik wanneer die Bulle weer punte aanteken en voorloop. Die liturgie is skielik weer passievol en inspirerend.

- **Kerk sonder mure** – die liggaam deel ’n warm drankie en geselskap op ’n reënerige dag, voor die erediens begin. Daar is ’n gemoedelike, vriendelike en verwelkomende atmosfeer. Die gemeente word uitgenooi om mekaar fisies te groet aan die begin van die erediens. Dit is egter nie baie geslaagd nie. Daar word nie werklik liggaamlik deelgeneem aan die aanbidding nie, alhoewel daar ’n uitnodiging hiertoe was deur die liturg. Die prente wat tydens die erediens gewys word fokus baie op liggaamlike aanbidding, moontlik in ’n poging om die erediensgangers liggaamlik in te trek. Ook hierdie poging is nie geslaagd nie en ’n teologie van die liggaam het moontlik nog nie hier ’n tuiste gevind nie.

- **Supersport Park** – liggaamlike deelname deur die kinders is hier baie opmerklik. Hulle neem ten volle deel aan die liturgie. Dele van die liggaam en hier hoofsaaklik die hande en bobene word deur die boulers en veldwerkers gebruik in ’n poging om hul span te bevoordeel. Een kant van die bal word op elke moontlike geleentheid blink gevryf. Hand- en kopgebare word deur die spelers gebruik om tekens aan mekaar te gee. ’n Speler wat sy vyftigtal behaal maak ’n dansie met sy liggaam om sy vreugde uit te druk. Liggaamlike deelname deur die skare neem toe in intensiteit elke keer wanneer daar punte aangeteken word. Die skeidsregter gebruik sy liggaam en dan veral sy arms om sekere aankondigings en oordele te maak. Aan die einde van Suid-Afrika se kolfbeurt is daar ’n breek in die spel voor Indië se span begin kolf. Tydens hierdie breek vind daar ’n merkwaardige gebeurtenis plaas. Die *gemeente* neem die liturgiese ruimte oor en oud en jonk neem liggaamlik deel. Daar word geboul en gekolf en dit is net balle en kolwe waar jy kyk.

- **CRC** – ’n Groot deel van die gemeente neem liggaamlik deel aan die aanbidding. Hier word gesing en gedans en geklap op maat van die musiek. Mense word na voor genooi vir gebed. Hulle word hande opgelê deur die



© University of Pretoria

pastore. Wanneer die aanbidding rustiger word en daar nie meer geklap en gedans word nie, beweeg liggame nog op maat van die musiek en mense steek hulle hande in die lug. Eerste keer besoekers moet hulle hande in die lug steek. Hulle word hartlik verwelkom deur die mense naaste aan hulle en deur ’n handeklap van die res van die gemeente. Wanneer die gasprediker aangekondig en verwelkom word, spring ’n groot deel van die gemeente op en word hy deur ’n luide handeklap verwelkom. Wanneer hy iets sê oor die rugbywedstryd tussen die Springbokke en die Wallabies wat die vorige aand plaasgevind het, klap en skreeu die gemeente uit volle bors. Gedurende sy preek is daar ook tye waar die gemeente entoesiasties handeklap. Die prediker neem liggaamlik deel aan sy preek – hy beweeg baie rond, sweet, vee sy voorkop en gesig by tye af, beduie met sy hande. Aan die einde van sy preek doen hy ’n gebed waartydens hy vra dat mense hulle hande sal opsteek as hulle die gebed agter hom aangebid het. Hy nooi hulle na vore en lê vir hulle hande op.

- **Silver Lakes Gholfbaan** – jou liggaam is deel van hierdie spel. Hoe jy swaai en hoe jy jou liggaam gebruik terwyl jy die bal slaan is bepalend van hoe die bal trek. Plek, plek loop die spelers ente op die baan. Tydens die hou van ’n ander speler moet jy doodstil staan. By tye is dit nodig om die sand te hark voor en nadat jy slaan – as jy ongelukkig genoeg was om in ’n sandput te beland. Die vlag moet in en uit die gaatjie gehaal word wanneer jy set. Gholfstokke word voor elke hou uit die gholfsak gehaal en na elke hou weer terug gesit. Met die liggaam word gehurk, gemeet en gekorrel voor ’n sethou geslaan word. Sonder die liggaam is hier nie sprake van *aanbidding* nie.

## 6.3 KULTUUR, RITUELE EN TRADISIES

### 6.3.1 Kultuur

Die mens beskik nie outomaties oor ’n werklikheidsoriëntasie nie. Dit moet ontwikkel word. Die mens skep self ’n teoretiese model van die werklikheid.



© University of Pretoria

Werklikheidskonstruksie is kultuurbou. Die mens is ŉ sosiale wese en daarom is hierdie werklikheidskonstruksie ook ŉ sosiale aktiwiteit. Dit is ŉ deurlopende proses omdat die mens voortdurend op soek is na sin in die lewe. Betekenisraamwerke word gekonstrueer. Dit word dan weer verstaansraamwerke vir waarheid en nuwe kennis. Dit legitimeer waardes, beginsels en reëls. Kultuur verleen dus sin en betekenis en dui terselfdertyd ook grense aan. Omdat hierdie werklikheid gekonstrueer is en ŉ kunsmatige werklikheid is, kom dit natuurlik onder druk wanneer die mens gekonfronteer word met alternatiewe werklikheidservarings of krisiservarings (Van der Merwe 1996:676).

Kultuur is ŉ komplekse saak en die woord self word beskou as een van die mees ingewikkelde woorde wat daar is (Muonwe 2014:loc.288). Daar word toenemend vrae gevra oor die relevansie van die Christelike geloof in die aanspreek van die uitdagings van die lewe wat mense in verskillende kulture in die gesig staar. Daar was ŉ tyd in die geskiedenis van die kerk toe Westerse kultuur en Christenskap feitlik sinoniem was. Om gekultiveerd te wees moes jy voldoen het aan die Westerse norm vir beskawing. Kolonisasie en kerstening het die Westerse kultuur afgedwing op nie-Westerlinge. Die Christelike geloof het onbevraagtekende gesag en normatiwiteit gehad. Moderniteit en sekularisasie het pluralisasie bevorder en die tradisies van die Westerse samelewing het begin kwyn. Die Christelike geloof word al hoe meer uitgedaag om plooibaarheid en geloofwaardigheid te toon binne opkomende en ontluikende kulture (Muonwe 2014:loc.129, 356).

Michael Muonwe (2014:loc.148-157) vertel van ŉ ontmoeting wat hy gehad het met twee Nigeriese priesters van die Igbo tradisionele godsdiens. Hulle het hulle bekeer tot die Christendom maar het mettertyd besef dat hulle moes terugkeer tot hulle tradisionele godsdiens omdat die Christelike geloof nie aan hulle antwoorde kon bied op hul vrae nie. Die Christelike God was nie tuis in hul omgewing nie. Hulle het hom ervaar as ŉ vreemde (Westerse) God. Dit was vir hom moeilik om hulle te verstaan wanneer hulle met hom gepraat en tot hom gebid het. Hulle eie Igbo opperwese daarteenoor ken hul diepste wese. Hy verstaan hulle versugtinge nog voor hulle dit selfs in woorde uitdruk. Die plaaslike Christelike geloofsgemeenskap het nie daarin geslaag om die kultuur waarin sy haarself bevind te verstaan nie. Sy is ŉ



© University of Pretoria

"vreemdeling" binne hierdie kultuur en dra God oor as ŉ "vreemde", Westerse God. Om deel te wees van hierdie Christelike geloofsgemeenskap sou beteken om vervreemd te raak van hul kulturele wortels. Hierdie geloof spreek Westerse sake aan en nie die vrae en probleme wat relevant is tot die situasie waarin hulle hulself bevind nie.

Dit het ongelukkig dikwels in die verlede gebeur dat die Christelike waarheid aangebied is as universeel, tydloos en onveranderlik. Hier kan geleer word by die rabbi's en hoe hulle geloof benader het. Die skrif was nie 'n geslote boek en openbaring 'n veraf historiese gebeurtenis nie. "The rabbis called scripture *miqra*: it was a 'summons to action'. No exegesis was complete until the interpreter had found a practical new ruling that would answer the immediate needs of his community." (Armstrong 2010:84). Hier was geensins sprake van ŉ krampagtige vasklou aan 'n vaste, onveranderlike, selfverduidelikende waarheid nie. *Midrash* het van die rabbi's verwag om die skrifte voortdurend te ondersoek en te soek na nuwe insigte. Christelike leerstellings sou dan ook gesien kon word as ŉ *miqra* wat net sin kan maak as dit vertaal word in 'n ritueel, of 'n meditatiewe of etiese program (Armstrong 2010:84, 88).

Vandag bevind die meerderheid Christene hulle buite die Westerse wêreld. Volgens Philip Jenkins (2011: loc.159-182), wat gebruik maak van statistieke van die Center for the Study of Global Christianity[45], was daar in 1900 ongeveer tien miljoen Christene in Afrika. Teen 2010 was daar vierhonderd drie en negentig miljoen en volgens statistieke blyk dit dat dit teen 2025 kan styg tot ongeveer seshonderd vyf en negentig miljoen. Volgens hierdie selfde beramings behoort daar teen 2025 seshonderd en tien miljoen Christene in Latyns-Amerika te wees en vierhonderd en tagtig miljoen in Asië. Europa behoort teen dan vyfhonderd vier en sewentig miljoen Christene te hê. Selfs al is hierdie statistieke nie geheel en al korrek nie blyk dit steeds dat die oorgrote meerderheid Christene hulself vandag bevind in Afrika, Asië en Latyns-Amerika. Waar die tipiese Christen nog in die 1970's gesien is as "un-black, un-poor, un-young" is die tipiese Christen vandag ŉ vrou wat in ŉ klein dorpie in Nigerië of in ŉ agterbuurt in Brasilië bly. Waar die belangrikste sentrums van die

[45] http://www.gordonconwell.edu/resources/Center-for-the-Study-of-Global-Christianity.cfm



© University of Pretoria

kerk Genève, Rome, Athene, Parys, Londen en New York was, is dit nou Kinshasa, Buenos Aires, Addis Abeba en Manila. Teen 2050 behoort slegs een vyfde van die wêreld se 3.2 biljoen Christene nie-Spaanse blankes te wees. Die term “wit Christen” mag dan vreemd op die oor val.

Europa het die geloof wat aan hulle oorgedra is vanuit ŉ Joodse en Hellenistiese konteks herinterpreteer om aan te pas by hulle eie konsepte van sosiale en geslagsverhoudings. Hierdie kultuur spesifieke sintese het vir hulle die Christelike waarheid geword. Soos wat die Christendom nou suid beweeg sal daar weereens herinterpretasie plaasvind en die kultuur van hierdie gelowiges sal neerslag vind in hoe hulle glo. Bevryding en verlossing is byvoorbeeld twee konsepte wat vir Christene van die suide gemaklik saam gaan terwyl dit vir Europese en Noord-Amerikaanse Christene ongemak veroorsaak (Jenkins 2011:loc.262-285).

Die grootste groei vind op die oomblik plaas binne nie-tradisionele denominasies waar die Christelike geloof aanpas by die plaaslike kultuur en tradisies. ‘n Voorbeeld hiervan is binne die inheemse Afrika kerke. Vir hulle is profesie, geloofsgenesing, duiweluitdrywing, drome en visioene deel van hul leefwêreld en pas dit alles gemaklik binne hul geloofswêreld in. Die Westerse Christendom stoei met vraagstukke soos sekularisasie, “*Why Christianity must change or die”*, die aanbied van geloof op ŉ geloofwaardige wyse, die beroep op kerke om afstand te doen van die onverstaanbare en onglobare, die Christendom wat gefaal het en tradisionele godsdiens wat besig is om uit te sterf. Hierteenoor groei en gedy die nuwe opkomende Christendom. Hulle grootste bekommernis is hoe hulle groot genoeg fasiliteite kan oprig om hul lidmate wat net meer word te akkommodeer. Hulle nuwe bekeerlinge is nie gryskoppe nie maar tieners en jong volwassenes. Vir hulle bestaan daar nie eers die moontlikheid dat die Christendom gaan uitsterf nie (Jenkins 2011:loc.355-366).

Twee sinvolle opmerkings kan hier voorgehou word in die lig van bogenoemde veranderings wat binne die Christendom na vore kom. Dit is natuurlik vanuit ‘n verwysingsraamwerk as “Westerse” Christen. Die eerste een is van Van der Merwe (1996:682) wat Paulus in ŉ ander verband aanhaal en sê: “die taal, begrippe, idees



© University of Pretoria

en strukture waarmee die evangelie ontvang is, gedra en oorgedra word, is maar erdekruike wat maklik breek. Dit gaan om die inhoud en nie soseer om die houer nie." Die tweede is van Hans Küng: "Following the example of Paul, the church became Greek with the Greek world and barbarian with the European barbarian world. However, it has not become Arabic with the Arabs, black with the blacks, Indian with the Indians, or Chinese with the Chinese. Viewed as a whole, the Church of Jesus Christ has remained a European-American affair" (Tesfai 1995:7). Westerse teologiese tradisies en uitdrukkings van geloof is na alle dele van die wêreld geneem waarnatoe sendelinge gegaan het. Die kerke wat geplant is moes lyk soos die Westerse tuiskerk. Ander kulture moes noodgedwonge aanpas by Westerse norms. Julius Nyerere wat die eerste president van Tanzanië was, het hieroor die volgende gesê: "Of all crimes of colonialism there is none worse than the attempt to make us believe we had no indigenous culture of our own, or that what we have was worthless – something of which we should be ashamed, instead of a source of pride" (Muonwe 2014:loc.366). Ongelukkig is dit nie net kolonialisme wat skuld het hieraan nie maar ook Westerse sendelinge. Aloysius Pieris, 'n Sri Lankaanse teoloog sê dat die Christendom Westers geword het deur hul kontak met Griekeland en dit het Europa binnegekom deur Rome. Rome was die setel van die wet en regering. Die Christelike geloof het versprei soos wat die Romeinse ryk versprei het. Sy mening is dat die kerk haar vermoë om te inkarneer verloor het as gevolg van haar outoritarisme. Hy vergelyk die kerk met 'n boom "rooted in the centre of the Roman empire, its branches spreading all over Europe and swallowing up the weeds of primitive cultures" (Ih-ren 2012:73).

As daar net terug gekeer kan word na die "houer" of vorm waarin die boodskap verpak word. Smith (2013:loc.3581-3738) waarsku dat vorm wel saak maak wanneer dit kom by liturgie en aanbidding. Die boodskap van die evangelie word baie maklik gegiet in 'n "mall container" of 'n "coffee shop container" of 'n "rock concert container" of 'n "rave container". Daar is die geloof dat dit jou relevant maak en dat dit neutrale houers of "erdekruike" is. Dit is egter nie so nie want hierdie "houers" bevat reeds hul eie teleologiese oriëntasie en is gelaai met hul eie komplekse rituele en praktyke. Op hierdie wyse word geloof gelyk gestel aan enige ander kommoditeit en pas dit in by die verbruikerskultuur. Hóé daar aanbid word, vertel en dra juis die Storie oor.



© University of Pretoria

Aanbidding is nie maar net iets wat ons doen nie, dit doen ook iets aan ons. Terwyl daar aanbid word, word ons aangegryp op maniere wat ons denke oorskry. Smith (2013:loc.3719-3729) sê hieroor die volgende:

> On a macrolevel, the overall narrative arc of Christian worship – gathering, confessing, listening, submitting, communing, sending – tells a story in the background by its very structure and organization, a rhythm and cadence that become part of our background such as this Story governs our perception of the world in ways we won't realize... We absorb Christian faith as a mode of "practical sense," not primarily by the didactic dissemination of content, but rather through our immersion in an ethos and an environment, where the Story is in the air we breathe and the water in which we swim, operative in the background in ways we might not always realize. There is a kind of grand poetry about the shape of intentional, historic Christian worship that shows rather than tells. And such a narrative "showing" resonates with our imagination in ways that elude our intellectual grasp. This is also why the form of worship "works" on us at microlevel. If historic Christian worship and ancient spiritual disciplines carry the Story that seeps into our social imaginary, this is no small part because liturgical practices are also intentionally aesthetic and tap into our imaginative core... In these and countless other ways, the inherited treasury of formative disciplines has been characterized by an allusivity and metaphoricity that means more than we can say. There is a reason to our rhymes – a logic carried in the meter of our hymns and the shape of our gestures. Worship innovations that are inattentive to this may end up adopting forms that forfeit precisely those aspects of worship that sanctify perception by forming the imagination.

Hoe ons glo is nou verweef met ons kultuur. Daar kan moeilik hiervan ontsnap word maar 'n bewustheid hiervan sou ons tog kon dien. Brueggemann (1991:95) wys daarop dat daar so gewoond geraak is aan Euro-Amerikaanse oorheersing dat enige ander uitdrukking van die Christelike geloof ongemaklik en vreemd is. Kulturele oorheersing kan egter nie verwar word met die evangelie en die moontlikhede waarop dit uitdrukking kan kry in verskeie ander kulture nie. Dit sou hartseer wees om nou maar net weer te beweeg na 'n ander vorm van kulturele oorheersing en uitdrukking van geloof. Daar sou gestreef kon word na wat Rahner (1979:717-718) noem 'n wêreld kerk, wat verskillende kulture kan omhels. Kritzinger en Niemand (2007:494) gee 'n paar riglyne ten opsigte van suksesvolle omhelsing van ander kulture (inkulturasie). Een van hierdie riglyne wat uitstaan is om te verstaan dat God



© University of Pretoria

werksaam is in die lewe van mense en kulture. As die Skrif as bril gebruik word sien ons God se liefde vir alle mense binne alle kulture raak.

Die Lutheran World Federation (LWF) (1996:1-3) sê dat aanbidding op ten minste vier maniere verwant is aan kultuur:

- Transkultureel – dit is dieselfde vir almal oral. Daar is een Here, een geloof, een doop en een nagmaal. Spesifieke elemente van die liturgie is ook transkultureel, byvoorbeeld Skriflesing en die Onse Vader. ŉ Liturgiese struktuur en mense wat saamkom om te aanbid is ook transkultureel.

- Kontekstueel – Jesus se inkarnasie het binne ŉ spesifieke kultuur in die wêreld gebeur. God word binne verskillende kulture in die wêreld aangetref. Aanbidding moet heruitgedruk word as komponente binne die plaaslike kultuur wat ooreenstem in betekenis, waarde en funksie van die oorspronklike liturgiese *ordo*.

- Kontra-kultureel – sekere komponente van die kultuur het evaluering en verandering nodig. Onderdrukking en sosiale ongeregtigheid moet aangespreek word waar dit ook al in die wêreld voorkom. Ons moenie aan die wêreld gelykvormig word nie maar die wêreld verander (Rom. 12:2).

- Kruis-kultureel – daar is een Kerk en daarom behoort daar ekumenies en kruis-kultureel met mekaar gedeel te word. Dit kan tot verryking van Kerk en as getuienis van eenheid geskied. Daar moet net seker gemaak word dat die elemente van ŉ ander kultuur wat met mekaar gedeel word, begryp word en met respek gebruik word.

Daar kan nou gekyk word na hoe kultuur uitspeel binne die agt ruimtes van hierdie studie.

- **St. Anne's** – ŉ Westerse liturgie word gebruik en tog is hier elemente tydens die erediens wat aansluiting sou kon vind by dit wat bespreek is ten opsigte van die Afrika kultuur. Hier dink ek aan die sprinkeling van water



© University of Pretoria

tydens die gebed vir hulle wat spesiale voorbidding nodig het, die ongejaagde gebruikmaking van tyd en die liggaamlike deelname aan die bring van die offergawes. Vanuit 'n teologiese perspektief sou mens ook soek na Bybelse kultuurelemente. Die gasvryheid wat hier aangetref word sou een so element wees. Hier is ook 'n vaste tradisionele liturgie soos Smith dit bepleit. Die Storie wat ons onbewustelik omspoel sonder dat dit vertel hoef te word. In die lig van die LWF se indeling tref mens hier transkulturele, kontekstuele en kontra-kulturele interaksie tussen aanbidding en kultuur aan. Ons as besoekers vanuit 'n ander tradisie bring hier dan ook die element van kruis-kulturele interaksie in hierdie ruimte in.

- **Lucas Moripe Stadion** – Eie aan 'n Afrika spiritualiteit is liggaamlike beweging en musiek baie belangrik. Tydens die hele "diens" word daar gesing en beweeg op maat van die musiek. Sokker is een van die gewildste sportsoorte in beide Afrika en Latyns-Amerika. Beide Afrika en Latyns-Amerika is deel van die nuwe opkomende Christendom. Alhoewel ek nie op die dag veel hiervan gesien het nie is sokker bekend vir baie rituele en simbole. Van die simbole wat van tyd tot tyd binne die Afrika konteks gebruik word, is die volgende: van die klubs het 'n persoon wat soos 'n priester aantrek – simbolies dui dit dan daarop dat hy sal bid vir sy span om te wen; sommige klubs bring 'n doodskis saam – simbolies dui dit daarop dat "ons gaan julle vandag begrawe"; sommige klubs bring koolkoppe saam – wanneer hulle span begin wen eet die ondersteuners die kool as simbool dat "ons gaan julle vandag opeet". Simbole word van een konteks in 'n ander een ingedra. Sokker rituele en simbole mag dalk goed inpas by Afrika en Latyns-Amerikaanse spiritualiteit. Transkultureel word sokker orals dieselfde gespeel, kontekstueel (by hierdie spesifieke geleentheid) is die spelers en toeskouers oorwegend swart, kontra-kultureel behoort "onderdrukking" en "sosiale ongeregtigheid" wat teenoor die wit speler gepleeg is aangespreek te word. In dieselfde lig sou die koeldrankverkoper se optrede moontlik ook aangespreek kon word. Verskillende kulture wat hier saam deelneem aan die gebeure bring die kruis-kulturele element na vore.



© University of Pretoria

- **Ooskerk** – Die meditatiewe liturgie wat hier gevolg word, is nie die tipiese liturgie wat tydens 'n Gereformeerde erediens gevolg word nie. Westerse Christelike meditasie vloei voort vanuit die Rooms katolieke tradisie en is beoefen deur monnike en nonne. Meditasie is ook nie onbekend in die kultuur van Asië wat deel is van die nuwe opkomende Christendom nie. Al vier beginsels ten opsigte van aanbidding en kultuur geld hier.

- **Loftus Versfeld** – Die kultuur wat hier aangetref word, is baie kenmerkend en eie aan die Westerse kultuur. Rugby is ŉ sportsoort wat nog nie in dieselfde mate as sokker gevestig en gewild geraak het in Afrika, Asië en Latyns-Amerika nie. Die verbuikerskultuur is baie opmerklik en spanne word goed ondersteun solank hulle wen. Hier word geëet en gedrink en gemors. Van armoede en opoffering is hier nie veel sprake nie. Hier is egter duidelik sprake van ŉ vaste tradisionele *liturgie*. Die storie van rugby en die Bulle wat mens onbewustelik omvou sonder dat iets daaroor gesê hoef te word. Die twee spanne se ondersteuners “aanbid” dieselfde god, Ruggaboes maar vanuit twee verskillende kulture – die Sharks kultuur en die Blou Bul kultuur. Hierdie twee kulture sal nie maklik met mekaar vermeng nie maar hulle het raakpunte en kan tog redelik vreedsaam saam “aanbid”. Hier geld die beginsels transkultureel, kontekstueel en kruis-kultureel. Kontra-kultureel is hier steeds verandering nodig ten opsigte van “onderdrukking” en “sosiale ongeregtigheid” wat van tyd tot tyd teenoor spelers plaasvind.

- **Kerk sonder mure** – Bybelse gasvryheid word met die intrapslag ervaar. Die aanbied van koffie en tee wanneer mens by hierdie ruimte arriveer is iets wat mens moontlik ook binne die Afrika kultuur sou kon verwag. Wat die erediens betref is dit gegiet in ŉ vorm waarteen Smith juis waarsku, ŉ vorm wat hopelik in pas sal wees met moderne tendense. Niks tradisioneel nie, van die musiek, liturgie tot die beligting. Alles nuut en vars, afhangende natuurlik van hoe jy daarna kyk. Niks bekends om jou te omspoel en sonder woorde met jou te praat nie. Daar is moontlik ŉ poging tot inkulturasie van die evangelie wanneer die liturg ons na ŉ hedendaagse gelykenis laat kyk. Hy maak egter van ŉ Britse voorbeeld gebruik en kom nie na genoeg aan



© University of Pretoria

ons eie leefwêreld nie. Die beginsels wat hier geld is transkultureel, kontekstueel – probeer in pas wees met moderne tendense en kruis-kultureel – probeer om 'n vorm van aanbidding wat nie ten volle eie is aan die gereformeerde tradisie nie hier te laat tuiskom. Kontra-kultureel het die liturg die belangrikheid aangespreek van hoe ons met vreemdelinge omgaan en teenoor hulle optree.

- **Supersport Park** – Westerse entrepreneuriese kultuur begroet jou dadelik wanneer jy by die stadion aankom. Jy moet betaal voor jy nog uit jou kar uit kan klim. Soos reeds gesê is, kan dit egter ook inpas by die Afrika kultuur wat verwag dat elke guns met 'n guns terugbetaal moet word. Net na die parkering neem die Afrika kultuur oor wanneer niemand haastig is nie. 'n Ent verder is daar hulpvaardigheid wat mens graag sou wou koppel aan 'n Christelike kultuur. Verskillende kulture en geloofsoortuiginge "aanbid" saam. Dit het moontlik te doen met die twee spanne wat teen mekaar speel – Suid-Afrika en Indië, asook die feit dat die Suid-Afrikaanse span bestaan uit Christene en Moslems. Die *liturgie* is tradisioneel en bekend en die verskillende kulture word hierdeur aan mekaar verbind. Vir 'n tydjie is kulture heeltemal op die agtergrond geskuif toe almal tydens die breek saam op die veld gaan baljaar het. 'n Gemeenskaplikheid – speel – het almal tydelik verenig. Al vier beginsels van LWF geld hier.

- **CRC** – Christelike gasvryheid is ook hier aan die orde. Die liturgiese ruimte is geïnkultureer met die hedendaagse moderne (Westerse) kultuur – reuse skerms, reuse klankstelsel en oorweldigende spreiligte. Verskillende kultuurgroepe aanbid saam en blyk verenig te wees in geloof. Tydens die diens sien mens tekens van Westerse aanbidding, wat 'n mens dalk eerder Amerikaanse charismatiese aanbidding moet noem maar daar is ook tekens van Afrika aanbidding (as 'n mens dit so sou kon benoem). Die liturgie is aangepas by dit wat (Westerse?) mense van behoort te hou, die musiek is modern, die ligte en skerms gee die gevoel van by 'n rock konsert te wees. Ritmiese, liggaamlike beweging gee 'n Afrika gevoel. Tyd is nie 'n



© University of Pretoria

faktor nie en ook dit pas in met die Afrika kultuur. Al vier die LWF beginsels geld hier.

- **Silver Lakes Gholfbaan** – Na my mening oorheers die Westerse kultuur hier en is heelwat geld nodig voor jy kan dink om deel te neem. Vaste reëls geld en dit is baie belangrik om daarby te hou. Deelnemers aan hierdie "liturgie" is egter bekend en gemaklik met die reëls. Mens sou kon sê dat dit die spelers sonder woorde omspoel en die storie vertel. Hier geld net die beginsels transkultureel en kontekstueel. Gelykvormigheid aan die materiële wêreld is hier baie duidelik en kontra-kultuur is afwesig. Die kultuur van gholf is te sterk gevestig om elemente van 'n ander kultuur geleentheid te gun om hier aanwesig te wees.

Rituele, wat voortvloei uit kultuur sal nou aandag geniet.

### 6.3.2 Rituele

Rituele vanuit 'n teologiese perspektief is nie iets ongewoons nie. In die Ou Testament sowel as in die Nuwe Testament speel die erediens 'n belangrike rol. In die Ou Testament het die erediens 'n sentrale plek ingeneem in die Here se verhouding met sy volk. Die erediens en die reëlings (rituele) hier rondom neem 'n groot deel van die Ou Testamentiese geskrif in beslag. In die Nuwe Testament het die erediens van die begin af 'n sentrale rol gespeel in die lewe van die kerk (Burger 2009:17-18). Ook hier het bepaalde rituele 'n belangrike rol gespeel. Sommige rituele wat in die Ou Testament aangetref word, is voortgesit terwyl ander rituele rondom die persoon van Christus en die geloofsgemeenskap ontstaan het.

Daar is duidelike voorskrifte in die Ou Testament oor hoe en waar God aanbid moes word. 'n Voorbeeld hiervan is Deuteronomium 12:4-9:

> Julle mag nie die Here julle God dien op die manier waarop ander nasies hulle gode dien nie. Julle moet na die wil van God gaan vra op die plek wat die Here julle God sal kies uit al julle stamgebiede om sy Naam daar te vestig en daar te woon. Daarheen moet julle gaan en julle brandoffers en ander offers bring, ook julle tiendes en ander bydraes, julle



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> gelofteoffers en vrywillige offers, die eerstelinge van julle groot- en kleinvee. Daar in die teenwoordigheid van die Here julle God moet julle en julle families saam eet en bly wees oor alles wat julle reggekry het deurdat die Here julle God julle voorspoedig gemaak het. Moenie doen soos ons nou hier doen deurdat elkeen aanbid waar hy wil nie, want julle het nog nie gekom by die rusplek, die besitting wat die Here julle God vir julle sal gee nie.[46]

'n Belangrike deel van Joodse aanbidding (en rituele) het in die huis plaasgevind. Die viering van Joodse feeste, soos Purim, Pasga, Sjavuot (Pinkster), Roosj Hasjana (Nuwejaar) en die weeklikse Sjabbat was belangrik. Vaste rituele was en is deel van hierdie feesvierings. Dit het die funksie van herdenking, herinnering, verduideliking, bemoediging, toewyding, danksegging (Wessels 2009:31-33). In die Nuwe Testament het Jesus onder andere die nagmaal ingestel, wat vir gelowiges 'n belangrike ritueel is.

Vaste elemente (rituele) was deel van die sinagoge-diens. Elemente wat met redelike sekerheid in die sinagoge-diens teenwoordig was, is die voorlesing uit die Ou Testament en die uitleg daarvan; die *sj'ma* (Deut. 6:4-9) wat as 'n lofgebed en geloofsbelydenis opgesê is; die *amida*, die "staande gebed" wat bestaan het uit drie seënbedes as 'n geloofsbelydenis oor God, twaalf gebede as voorbiddingsgebede en weer drie seënbedes as 'n danksegging aan God; die *berakot*, seënbedes wat vir bykans elke denkbare geleentheid uitgespreek is; die lees van die *Tien Gebooie*; die sing van die *hallel-psalms* en die *kaddisj*-gebed (Wessels 2009:34-38).

Vaste elemente (rituele) wat deel was van die vroeë Christene se byeenkomste, is die lees en verklaring van die *Ou Testament*; die *sj'ma* (Deut. 6:4-9); die *doop* (wat 'n voortsetting en uitbreiding was van die Ou Testamentiese besnydenis); die *nagmaal* (wat 'n voortsetting en uitbreiding was van die Pasga); die sing van *psalms*; die *amida* (staande gebed) en die *berakot* (seënbedes). Die eerste Christene was Jode en het voortgegaan met hul Joodse feeste en rituele. Al verskil was dat hulle in Jesus as die Messias geglo het en Hom nagevolg het. Daar het eers veranderinge ingetree

---

[46] *Die Bybel Nuwe Vertaling*. 1998, c1983. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.



© University of Pretoria

namate meer nie-Jode deel geword het van die Messiaanse beweging (Wessels 2009:38-40).

Rituele is onder andere belangrik omdat dit vaste handelinge is. Dit bly ongeveer dieselfde, al word dit dikwels herhaal. Die krag van ‘n ritueel lê juis hierin. Rituele kommunikeer dieper as net op ‘n kognitiewe vlak. Dit spreek ook die sintuie en die emosies aan. Rituele hou in stand. So hou die erediens die geloofsgemeenskap al millenniums in stand. Rituele inkorporeer. Al neem jy nie fisies deel aan die ritueel nie, trek dit jou in. Daarom moet rituele bekend en konstant bly. Jy word in die handeling en viering ingetrek en jy neem vanselfsprekend deel (Wessels 2009:45-47). Rituele help mens in tye van risiko, onsekerheid, stres en vrees. Dit is die bekende in tye van onbekendheid. Dit verskaf ŉ gevoel van stabiliteit en beheer. Vaste rituele gaan ook gepaard met ŉ bepaalde vorm van gedissiplineerdheid. Selfdissipline is ŉ deug waaraan die moderne mens moontlik nie genoegsame aandag skenk nie. Die hedendaagse oombliklike bevrediging (“instant gratification”) mentaliteit veroorsaak dat daar gewoond geraak is daaraan om alles vinnig te bekom. Wanneer iets dan nié vinnig en maklik bekom word nie, word belangstelling daarin vinnig verloor. Om dinge maklik en vinnig te bekom laat egter nie altyd ‘n gevoel van genoegdoening nie. Dit is dikwels eerder die dinge wat moeilik, met moeite, deur harde werk en opofferings, met selfdissipline bekom word wat ŉ gevoel van bevrediging laat. Selfdissipline is nie iets wat sommer vanself kom nie. Dit moet gekweek word. Dit kan net gekweek word deur vaste roetines wat oor en oor herhaal word, rituele wat vas is en gereeld herhaal word. ŉ Atleet sal byvoorbeeld niks bereik sonder vaste oefentye nie – roetines en rituele wat dag na dag herhaal word. Die geheim is om nie ongereeld baie te doen nie maar gereeld, daagliks ŉ bietjie. Dít kweek selfdissipline en roetine.

Dinge in die wêreld verander voortdurend. Rituele bied vastigheid en stabiliteit. Die geloofsgemeenskap het iets om te bied deur middel van geloofsrituele – vastigheid te midde van voortdurende verandering. Selfdissipline, vaste roetine, gebede, Bybelstudie, tye van stil meditasie en refleksie kan ŉ kontra-kultuur bied op die huidige verbruikerskultuur (“instant gratification” mentaliteit). Deur selfdissipline te beoefen dra ek ook by tot die welstand van andere. Dit mag lyk soos self fokus maar



© University of Pretoria

kan juis geskied tot voordeel van diegene rondom jou. Jy kan nie omgee vir andere en goed na hulle kyk as jy nie eers vir jouself kan omgee en vir jouself goed kan wees nie. Jesus het geleer dat jy jou naaste moet liefhê soos jouself (Matteus 19:19; Matteus 22:39). Rituele het ŉ sosiale dimensie. Dit maak 'n bepaalde kollektiwiteit wakker tussen mense (Wepener en Van der Merwe 2009:208).

Wepener en Van der Merwe (2009:195-196) noem dat postmoderne mense 'n hunkering beleef na die meer misterieuse kant, die mistieke kant, die nie-rasionele en simboliese kant van die lewe. Hier speel rituele 'n belangrike rol. Gemeentes gaan terug op ou vorms van die erediens en nuwe rituele word ontwerp rondom die groot oorgange in die lewe. Mense het 'n toenemende behoefte om nie net kognitief aangespreek te word en deel te neem aan aanbidding nie. ŉ Klemverskuiwing vanaf ŉ rasionele godsbelewing na ŉ behoefte aan 'n belewing deur middel van alle sintuie word aangetref. Rituele betrek die hele mens in sy of haar volle sintuiglikheid (Wepener en Van der Merwe 2009: 204).

Soos reeds gesien is, is rituele deel van die Joods-Christelike identiteit en tradisie. Dit help om Christus se heilswerk vir jou toe te eien en jou aan Hom te verbind. Voorbeelde van rituele wat vir die geloofsgemeenskap belangrik is, is die doop en nagmaal. Rituele het die vermoë om gewone dinge besonders te maak. Binne die ritueel van die doop word gewone water *doopwater*. Tydens die nagmaal kry gewone brood en wyn spesiale betekenis (Wepener en Van der Merwe 2009:203-204).

Daar is in hoofstuk vyf breedvoerig aandag gegee aan die rituele wat binne die agt ruimtes van hierdie studie voorkom. Dit gaan nie hier weer aandag geniet nie. Ek sal egter tog graag wil kyk hoe die liturgieë (λειτουργία – diens aan mekaar en aan God) verloop by die agt verskillende ruimtes.

**St. Anne's**

- Prosessie kom die gebou binne terwyl die gemeente staan
- Aanvangswoord
- Gemeente antwoord



© University of Pretoria

- Gebed
- Verskeie voorlesings
- Gemeente antwoord
- Koorsang
- Seëngroet
- Gemeente antwoord
- Skriflesing
- Prediking
- Geloofsbelydenis/Onse Vader
- Gebed
- Gemeente antwoord
- Verskillende lidmate bid
- Gemeente antwoord telkens na elke lidmaat se gebed
- Gebed
- Gemeente antwoord: “Amen”
- Koorsang
- Gemeentesang
- Offergawe
- Gemeentesang
- Gebed
- Gemeente antwoord: “Amen”
- Voorlesing
- Koorsang
- Beurtsang
- Instelling van die nagmaal
- Gebed
- Gemeente antwoord: “Amen”
- Amen lied
- Gemeente bid hardop met hande in die lug
- Gebed
- Gemeente antwoord: “Amen”
- Die vrede van die Here word aan mekaar uitgedeel
- Gemeentesang



© University of Pretoria

- Liturg breek 'n stukkie hostie in die beker in
- Gemeentesang
- Gebed
- Gemeente antwoord
- Bediening van die nagmaalselemente aan die liturge
- Lidmate gaan vorentoe om die nagmaalselemente te ontvang
- Liturg ledig die beker
- Gemeentesang
- Gebed
- Gemeente antwoord: "Amen"
- Spesiale voorbidding vir ses mense
- Hulle word besprinkel met water
- Verwelkoming van besoekers
- Afkondigings
- Sewe nuwe lidmate word voorgestel, verwelkom en voor gebid
- Gemeente maak die teken van die kruis en antwoord: "Amen"
- Gemeentesang
- Prosessie verlaat die gebou
- Koorsang

**Lucas Moripe Stadion**

- Elke liggaam en besittings word deursoek en 'n "offergawe" word geneem van dit wat ongeoorloof is
- Harde musiek speel
- *Gemeente* sing en dans
- Twee spanne verskyn op die veld en groet mekaar
- Afskop
- Vuvuzelas speel
- *Gemeente*sang
- Doel word amper aangeteken
- *Gemeente* skreeu
- *Gemeente* sing en dans



© University of Pretoria

- Van die *gemeentelede* loop in die vorm van 'n treintjie
- Doel word amper aangeteken
- Vuvuzelas blaas
- Afrigter hardloop op en af en swaai sy arms
- *Gemeente* sing en dans
- Orkes speel
- Voorgangers dirigeer
- Bloem Celtic teken 'n doel aan
- Een helfte van die *gemeente* antwoord
- Ander helfte van die *gemeente* is stil, baie stil
- *Liturg* kondig die naam van die doelskopper aan
- *Gemeentesang*
- *Liturg* kondig twee minute voor rustyd aan
- Halftyd
- *Liturg* kondig 'n spesiale lied aan
- Lied word oorverdowend gespeel
- Drie pryse word uitgedeel
- Spanne verskyn op die veld
- Afskop vir die tweede helfte
- Plaasvervangers gaan op die veld
- *Gemeentesang*
- Speler word beseer en van die veld af geneem met 'n draagbaar
- Supersport United teken met 'n strafskop 'n doel aan
- Afrigter swaai sy hande en arms en skreeu op die skeidsregter
- *Gemeente* beweeg hul lywe heen en weer
- Hier en daar klink 'n vuvuzela
- *Gemeentesang*
- Spel is verby
- *Gemeente* sing en dans
- Oorverdowende musiek begelei die *gemeente* die stadion uit



© University of Pretoria

**Ooskerk**

- Voorlesing
- Seëngroet
- Gemeentesang met klavierbegeleiding
- Skriflesing
- Oordenking
- Tyd van stilte
- Instel van die nagmaal
- Gemeente gaan na vore om die nagmaalselemente te ontvang
- Geleentheid om 'n teeliggie aan te steek
- Gemeentesang
- Gemeente verlaat die gebou in stilte
- Offergawes by die deur

**Loftus Versfeld**

- Prosessie beweeg na die stadion
- Musiek begroet *gemeente* in die "voorhof"
- *Gemeentelede* groet mekaar
- Blou Bul lied speel hard, *gemeente* sing saam – *geloofsbelydenis*?
- Musiek speel
- Spelers warm op
- Baie beweging vind plaas
- "Kollekte" word gevra
- *Liturg* verwelkom die *gemeente*
- Voorsanger sing en *gemeente* antwoord
- Voorsanger sing en *gemeente* val in, liggame beweeg
- Voorsanger gee erkenning aan die *gemeente*
- *Liturg* kondig spelers se name aan
- *Gemeente* antwoord op sommige name
- *Liturg* heet besoekende Sharks welkom
- *Liturg* hou reëls voor aan die *gemeente* – die wet van Loftus?



© University of Pretoria

- Voordansers verskyn op die veld
- Spesiale gaste word verwelkom
- *Liturg* vra dat die deel van die *gemeente* wat Sharks is hulle stemme moet laat hoor – hulle antwoord
- *Liturg* vra dat die deel van die gemeente wie se bloed Blou is, moet lawaai – kakofonie breek los
- Spelers kom op die veld
- Blou Bul lied speel weer
- *Gemeente* sing en klap
- Moment van stilte ter eerbetoon aan afgestorwe spelers
- Afskop
- Spel vind plaas en *gemeente* antwoord: "Beast"
- Bulle druk
- *Gemeente* in beroering
- Lied speel
- Die drie word nie toegeken nie
- *Gemeente* is stil
- Bulle kry strafskop
- Sharks oortree die wet en raas terwyl daar geskop word
- Bulle teken punte aan
- Blou deel van die *gemeente* staan
- Sharks teken punte aan
- Swart deel van die *gemeente* juig
- Sharks skop pale toe
- Hele *gemeente* hou by die wet en is stil
- Skop is oor
- Swart deel van die *gemeente* juig
- Speler vat aan die bal en *gemeente* antwoord: "Beast"
- *Liturg* adverteer
- Strafskop vir Bulle
- Punte word aangeteken
- Lied speel
- Voordansers dans



© University of Pretoria

- Gelukbringer vermaak die *gemeente*
- Strafskop vir die Sharks
- Bulle oortree die wet en bly nie stil nie
- Sharks teken punte aan
- Swart deel van die *gemeente* antwoord
- Bulle druk 'n drie
- Vuurwerke word die lug ingeskiet, Blou Bul lied speel en Blou deel van die *gemeente* antwoord
- Drie word verdoel
- Lied speel
- *Gemeente* antwoord
- Olé en Meksikaanse golf gaan deur die *gemeente*
- *Liturg* adverteer
- Lied speel
- Voordansers dans
- Speler vat aan die bal en gemeente antwoord: "Beast"
- Lied speel
- Halftyd
- *Liturg* adverteer
- *Gemeente* gesels
- Plaasvervangers warm op
- *Liturg* kondig die spanne aan wat weer op die veld kom
- Blou Bul lied speel
- Strafskop vir die Sharks
- *Gemeente* hou by die wet
- Skop is oor
- Swart deel van die *gemeente* antwoord
- Lied speel
- Nog 'n strafskop vir die Sharks
- Swart deel van die *gemeente* antwoord
- Speler hardloop na die bal en *gemeente* antwoord: "Beast"
- Sharks teken 'n doel aan
- Swart deel van die *gemeente* antwoord luidrugtig



© University of Pretoria

- Sharks skop pale toe
- *Gemeente* verbreek die wet
- Skop is mis
- *Gemeente* raas en skreeu en juig
- Lied speel
- Bulle druk 'n drie
- Vuurwerke word die lug ingeskiet, *gemeente* is op hul voete
- Bulle skop pale toe
- Swart deel van die *gemeente* verbreek die wet
- Skop is oor
- Loftus lewe en die *gemeente* antwoord
- Lied speel, die *gemeente* klap saam en die voordansers dans
- Sharks kry 'n strafskop
- Bulle oortree die wet
- Skop is mis
- Die *gemeente* antwoord
- Eindfluitjie blaas
- Loftus gaan mal!
- Die *gemeente* gaan op hul eie tyd

**Kerk sonder mure**

- Verwelkoming deur liturg op DVD
- Advertensie van Bybelskool deur liturg op DVD
- Gebeure binne die gemeenskap word bekendgestel deur stem op DVD
- Liturg verwelkom die gemeente
- Liturg doen 'n gebed vir die besoekende prediker
- Hy neem die diens oor
- Viool en fluitspel
- Gemeentesang
- Gebed
- Geloofsgemeenskap word verwelkom
- Skriflesing terwyl musiek speel en drie prente op die skerm wys



© University of Pretoria

- Gemeente word uitgenooi om God te aanbid op een van hierdie drie maniere
- Liturg sing 'n lied en die Gees se suiwering word gevra
- Viool en fluit speel
- God se verandering word gevra
- Tyd vir bepeinsing en gebed
- Gemeentesang
- Offergawes
- Gemeentesang
- Gemeente word uitgenooi om te klap
- Stadiger lied word gesing
- Drie prente wys weer op die skerm
- Viool en fluit speel en gemeente sing saggies
- Oordenking
- Voorsanger sing 'n lied
- Hedendaagse gelykenis word op DVD gewys
- Liturg sing 'n lied
- Gemeentesang
- Gebed
- Seënbede

**Supersport Park**

- *Gemeente* gesels ontspanne
- Wanneer lopies aangeteken word of 'n paaltjie val antwoord die *gemeente*
- Musiek
- Spesiale kindertyd
- *Liturg* adverteer
- Tekens word tussen spelers gewissel
- *Liturg* beklemtoon die belangrikheid van families
- Vyftig vennootskap word aangekondig
- *Gemeente* antwoord
- *Liturg* waarsku die *gemeente* om hul besittings op te pas



© University of Pretoria

- Twee kolwers breek ŉ rekord en hulle ontvang erkenning van die *gemeente*
- ŉ Gedeelte van die *gemeente* neem liggaamlik deel deur ŉ Meksikaanse golf
- Spesiale tyd en advertensie word tydens die diens afgestaan ten bate van kanker
- Spesiale familietyd word ingeruim waar almal saam speel
- Musiek speel wanneer die spelers opwarm
- Aan die einde van die diens word pryse oorhandig aan spelers en *gemeentelede*

**CRC**

- Spesiale dienste word op die skerms geadverteer
- Musiek DVD speel hard
- Gemeentesang
- Gemeente klap en dans
- Gebed
- Uitnodiging om na vore te kom vir gebed
- Hande word op gemeentelede gelê tydens die gebed
- Gemeentesang
- Liturg verwelkom die gemeente en in besonder besoekers
- Gasprediker word verwelkom
- Skriflesing
- Epiklese gebed
- Gemeente antwoord: “Amen”
- Prediking
- Gebed
- Gemeente word genooi om te beweeg van geloof na vertroue
- Uitnodiging om na vore te kom
- Koorsang
- Gemeente klap vir hulle wat na vore gekom het
- Gasprediker lê hande op hulle sodat hulle die Here se liefde kan voel
- Meer mense kom na vore



© University of Pretoria

- Pastore word gevra om vir van die mense te bid. 'n Woord word oor sekere mense uitgespreek
- Diens word oorhandig aan die eerste liturg
- Offergawes
- Afkondigings
- Seëngroet

**Silver Lakes Gholfbaan**

- Reëls word verduidelik aan besoekers – gholf wet?
- *Gemeentelede* ken die wet
- *Liturg* kondig afslaantyd aan
- Speler slaan en *gemeente* antwoord
- *Gemeente* dien mekaar (λειτουργια) en help mekaar om hul balle te vind
- *Gemeentelede* kry om die beurt kans om deel te neem
- Mans en vroue is nie gelyk nie
- Die wet word by tye verbreek
- *Skriflesing* vind voor elke putjie plaas – die *skrifgedeelte* is op 'n bord voor elke putjie
- Aantekeninge word tydens die *diens* gemaak van elke *gemeentelid* se vordering
- *Gemeentelede* is ook predikers. By elke putjie word daar om die beurt gepreek en hulp en raad gegee na goeddunke
- Daar is geleentheid vir stilte en refleksie wanneer daar van een putjie (stasie) na die ander beweeg word

Rituele is vanuit 'n teologiese perspektief bekyk. Binne die erediens vind rituele neerslag in liturgieë. Hierdie liturgieë soos dit aangetref word binne die agt ruimtes het hier aandag geniet. Binne elke liturgie is daar definitiewe elemente wat herhaal word. As dit beoordeel word aan die hand van die bespreking ten opsigte van die doel en waarde van rituele dan blyk dit duidelik dat hierdie herhaling aan mense vastigheid en geborgenheid bied te midde van 'n wêreld waar alles voortdurend verander. Hierdie bekendheid wat jou omvou sonder dat jy eers altyd daarvan bewus



© University of Pretoria

is. Selfs mense wat krities en uitgesproke is ten opsigte van geloof, tradisie en vaste rituele binne die erediens neem verlief met die vaste rituele binne die sportruimtes. Hulle is waarskynlik nie eers altyd bewus daarvan nie. Tog doen hulle gemaklik en geredelik mee aan hierdie rituele. Dit is nie die doel van hierdie studie nie maar daar sou in verdere studie gekyk kon word na die mate waarin dit die rede is vir mense se opgaan in sport, hierdie geborgenheid, bekendheid en vastigheid wat die sportrituele bied. Hierdie vaste rituele help met identiteitsvorming en skep 'n ruimte waarbinne hulle wat aan dieselfde rituele deelneem, met mekaar in "bekende" interaksie kan verkeer. Die behoefte aan 'n geïntegreerde lewe waar daar liggaamlik deelgeneem kan word aan rituele, aan sang, musiek en die polsing van die lewe word hier bevredig. Hulle wat om een of ander rede geen sweempie van beweging binne 'n kerklike aanbiddingsruimte sal waag nie, neem die vrymoedigheid om dit wel te doen binne hierdie sport aanbiddingsruimte. Skielik kan hy/sy volkome mens wees in hul "aanbidding" en vervaag die dualistiese skeiding tussen gees en liggaam. Op 'n "vreemde" wyse is die sekulêre en die heilige nie meer geskei nie en kom dit bymekaar uit.

Vervolgens sal aandag gegee word aan tradisies vanuit ŉ teologiese perspektief.

### 6.3.3 Tradisies

Wepener (2008:313-314) sê dat liturgie en tradisie hand aan hand gaan. Liturgie is afhanklik van tradisie maar net so is tradisie tot ŉ groot mate die produk van liturgie. Rituele, liturgie en tradisie help mee om identiteit te vorm. Dit sal die lewe ontsettend bemoeilik as daar telkens van vooraf maniere gevind moet word om met mekaar en met God interaksie te hê. Rituele en liturgieë vergemaklik hierdie interaksie en op grond van die herhaling hiervan sluit dit aan by die verlede en sodoende by tradisies. Dit skep ŉ gemaksone wat roep tot versigtigheid. Daar kan maklik vasgehaak word by "dit is wie ons is en hoe ons dit doen" en klaar.

Om gereformeerd te wees beteken om voortdurend te reformeer. Hierdie verandering is egter nie maar bloot ter wille van verandering nie. Dit moet juis sinvol en weldeurdag geskied. Vos (2005:175) wys daarop dat die Ou en Nuwe Testament nie



© University of Pretoria

ʼn vaste vorm bied waarin die liturgie deur die eeue gegiet kan word nie. Ons staan binne ʼn lewende Christelike tradisie wat gevoed word vanuit die oerbronne van die Ou en Nuwe Testament sowel as latere kerklike tradisies. In die woorde van Vos (2005:175) moet elke tyd "die oerbronne en kerklike tradisies nuut en opnuut... interpreteer sonder om ontrou te wees aan die tradisies waarbinne ʼn bepaalde liturgie leef". Die liturgie is ʼn skeppingsproses, ʼn kunswerk gebaseer op die tradisies van die verlede maar ook met inagneming van die behoeftes van die huidige geloofsgemeenskap. Hierin is simbole en rituele nuttige hulpmiddels (Vos 2005:176). Simbole word deur rites gedra. "Rites weef ʼn patroon waarvolgens die simbole se skoonheid, waarde en betekenis na vore kom... ʼn Liturgie waartydens rituele en simbole lewenseg voorkom, is ʼn liturgie vir die lewe" (Vos 2005:179, 184).

Hierdie skeppingsproses met gepaardgaande interpretasie en herinterpretasie noem Wepener (2008:316) inkulturasie. Daar is by 6.3.1 gesien dat inkulturasie ook ʼn belangrike rol speel by kultuur en geloof en die oordra daarvan. Die doel is om voortdurend te vernuwe sonder om die oog van die verlede en tradisies af te haal. Dit maak dit ʼn baie verantwoordelike proses.

Hoe daar geglo word spruit voort uit jou bepaalde godsdiensbeskouing. Dit sal nou aandag geniet.

## 6.4 GODSDIENSBESKOUING

In hoofstuk vyf is daar aandag gegee aan wêreldbeskouing vanuit ʼn Westerse en ʼn Afrika perspektief. Hier sal nou aandag geskenk word aan godsdiensbeskouing vanuit ʼn Westerse sowel as ʼn Afrika perspektief.

### 6.4.1 Westerse beskouing van godsdiens

In die Westerse wêreld is daar toenemend ʼn tendens dat mense hulself beskryf as geestelik ("spiritual") eerder as godsdienstig ("religious"). Streib & Hood (2013:141-147) wys twee opmerklike veranderinge en ʼn derde tendens uit:



© University of Pretoria

- Die eerste is ŉ verskuiwing weg van die eksklusiewe verstaan van godsdiens as gerig op die hemel of ŉ wêreld daarbo, met ander woorde ŉ vertikale gerigtheid. Daar is ŉ nuwe openheid tot die moontlikheid dat godsdiens gerig kan wees op dinge, oorsake en aangeleenthede binne en deel van hierdie wêreld, met ander woorde ŉ horisontale gerigtheid. Dit kan ook eksplisiete en implisiete godsdiens genoem word. Vertikale, eksplisiete verstaan van godsdiens kan dan gekoppel word aan mense wat hulself beskou as godsdienstig en horisontale, implisiete verstaan van godsdiens aan mense wat hulself beskou as geestelik eerder as godsdienstig.

- Die tweede is ŉ proses van de-institusionalisering van godsdiens. Die moderne godsdienstige kultuur in die Westerse samelewing word gekenmerk deur individualisasie. Ervarings, oortuigings en praktyke wat vir eeue heen ingesluit is in, bemiddel is en beheer is deur godsdienstige instellings word nou toenemend die privaat aangeleentheid van individue. Godsdiens het nie verdwyn nie maar dit is net nie meer so sigbaar binne erkende godsdienstige instellings nie. Hier kan gedink word aan die afname in lidmaatgetalle by hoofstroomkerke. Afhanklikheid van die instituut en georganiseerde godsdiens het plek gemaak vir individuele outonomie en individuele voorkeur. Godsdiens word so op ŉ manier "onsigbaar". Hier word ook gesien dat ŉ fenomeen wat al eeue bestaan weer na vore tree – mistieke spiritualiteit. Mistiek is die gerigtheid na binne en ŉ ervaring van die hier en nou. Dit is ŉ individuele spiritualiteit maar kan natuurlik binne of buite georganiseerde godsdiens plaasvind. Wat hier gebeur is meer die mistieke spiritualiteit buite georganiseerde godsdiens.

- Die derde tendens staan tussen georganiseerde godsdiens en die individu en dit kan benoem word as charismaties. Mediasie vind hier plaas deur ŉ profetiese of ŉ charismatiese persoon.

Volgens Pieris (Ih-ren 2012:74) beleef die wêreld ŉ spieëlbeeld van wat gebeur het met die aanvang van die Christelike geloof. Die keiser-gesentreerde godsdiens in Rome was aan die afneem en al hoe meer Romeinse burgers het na die nuwe geloof



© University of Pretoria

gedraai. Deur inkulturasie het die kerk daarin geslaag om te verhoed dat die Grieks-Romeinse kultuur uitsterf. Vandag is die "keiserlike" godsdiens wat in gevaar is, die koloniale Christendom en is dit die sogenaamde heidense ("pagan") godsdienste wat momentum verkry en wat versprei deur die post-Christelike Weste.

In Europa is daar voordurende kulturele en sosiale verandering. Ten opsigte van godsdiens word daar oor die hele godsdienstige spektrum beleef dat daar kragte is wat teen mekaar meeding, hierdie kragte is: vordering en reaksie, assimilasie en separatisme, sekularisme en fundamentalisme, verdraagsaamheid en geweld. Sekularisasie is egter die sterkste krag waarby beide die Christelike geloof en Islam moet aanpas (Jenkins 2007:loc.127). Buiten sekularisasie word die Christelike geloof in Europa bedreig deur Islam. Vooruitskattings dui daarop dat die grootste deel van die Europese bevolking binne die volgende dertig tot veertig jaar Moslem sal wees (Jenkins 2007:loc.184). Volgens Jenkins (2007:loc.244) sien Muammar Qaddafi[47] van Libië die tekens dat Allah aan Islam die oorwinning oor Europa sal gee sonder swaarde, gewere of gevegte. Die vyf miljoen Moslems van Europa sal dit binne dekades verander in 'n Moslem kontinent. Die Westerse baken van die Christelike geloof is dus vinnig aan die verander.

Weigel (Jenkins 2007:loc.256) waarsku dat dit wat in Europa gebeur aantoon hoe die Christelike geloof sterf en wat die effek is van sekularisasie. 'n Samelewing gekenmerk deur toleransie, geen veroordeling, maar ook geen verbintenis tot geloof, die gesin en familie nie, morele standaarde wat verval en dalende geboortesyfers. Plesier en bevrediging van die individu se begeertes en behoeftes is die enigste maatstaf vir hoe jy optree. 'n Verlies aan kohesie maak 'n samelewing kwesbaar vir die mense van buite wat steeds omgee vir familiebande en geloof om uit te brei (Jenkins 2007:loc.290). Godsdienstige en kulturele identiteit gaan verlore wanneer sekularisasie die godsdiens van die dag word.

Daar kan nou gekyk word hoe hierdie Westerse beskouing van godsdiens uitspeel binne die agt ruimtes van hierdie studie:

---

[47] Oorlede 20 Oktober 2011



© University of Pretoria

- **St. Anne's** – hier is georganiseerde godsdiens definitief nog belangrik. 'n Vertikale, eksplisiete verstaan van geloof gemedieer deur die priester en ander geestelikes is hier duidelik sigbaar.

- **Lucas Moripe stadion** – georganiseerdheid is hier belangrik. Leiers speel 'n belangrike rol en na my mening neig dit na die navolging van 'n charismatiese leier.

- **Ooskerk** – hier sien ons definitief die beweging na die mistieke. Dit gebeur wel nog binne die georganiseerde godsdiens. Afhangende van die individu sou ons hier 'n implisiete, horisontale verstaan van geloof of 'n eksplisiete vertikale verstaan kon kry.

- **Loftus Versfeld** – georganiseerdheid is hier definitief belangrik en ek sou sê dat dit neig tot die charismatiese.

- **Kerk sonder mure** – op die oog af lyk dit of georganiseerdheid belangrik is maar hier is ander tekens ook. Die prediker het by tye gepoog om iets charismaties van die grond af te kry. Dan was daar weer tye wat die fokus baie sterk op die individu was.

- **Supersport Park** – georganiseerdheid is hier belangrik en die fokus is op die gesin en families (mens sou kon sê op die liggaam). Hier is geen fokus op spesifieke leiers nie. Die "gemeente" het aktief saam deelgeneem. Hierdie is die enigste ruimte waar daar sigbaar Moslems teenwoordig was.

- **CRC** – georganiseerde godsdiens is hier belangrik en word aangevuur deur 'n charismatiese leier wat oorheers. Die profetiese is belangrik. 'n Duidelike vertikale, eksplisiete verstaan van geloof kom hier na vore.

- **Silver Lakes gholfbaan** – die individu speel 'n belangrike rol. 'n Mens kan nie namens elke individu praat nie maar op die oog af sou mens hier 'n saak



© University of Pretoria

kan uitmaak vir ŉ horisontale, implisiete verstaan van geloof. Die mistiek kom na vore in die sin dat die fokus baie sterk op die hier en nou is.

### 6.4.2 Afrika beskouing van godsdiens

In Afrika is daar geensins ŉ afname in geloof nie, inteendeel dit wat nog altyd daar was, is net aan die toeneem. Waar godsdiens vir baie Westerse Christene verteenwoordigend is van ŉ filosofie wat soek na die sin van menslike bestaan, is dit vir Afrika Christene ŉ lewenswyse. Hierdie lewenswyse erken die bestaan van ŉ onsigbare wêreld waar geestelike kragte werksaam is. Hierdie kragte het ŉ invloed op mense in die sigbare wêreld se lewens. Die geesteswêreld kan onderskei word van die sigbare wêreld maar dit is nie apart daarvan nie. Dit is nie die een wêreld of die ander nie maar beide. Die onsigbare wêreld is ŉ verlenging van die sigbare wêreld en so ook van mense se sosiale verhoudings. Dit is dus belangrik om ŉ goeie verhouding te handhaaf met die geesteswêreld. Hierdie verhoudings verg soos enige ander menslike verhoudings baie aandag. Wanneer daar goeie verhoudings is, is die geeste tevrede en kalm maar waar hierdie verhoudings nie genoegsame aandag geniet nie poog die geeste om aandag te trek en veroorsaak hulle groot probleme. Westerlinge beskou hierdie siening van die geesteswêreld maklik as bygeloof. Vir Afrika gelowiges is dit egter ŉ realiteit wat deel is van hul godsdiensbeskouing. (Ter Haar 2009:19, 21, 34-35).

Van Niekerk (1996:3) beskryf Afrika met die beeld van ŉ sirkel. Hy sê:

> (dit) spreek van die hunkering om binne een groot kosmiese orde tuis te wees, om alle teenstrydighede daarbinne te versoen – nie om dit te beheer nie. Sy ritme is die sirkelgang van die seisoene, sy sterkste gewaarwording wat Es'kia Mphahlele noem "the interconnectedness of all things" – ŉ naatlose geheel van die verlede, hede, toekoms, van die lewendes en die dooies.

Teologie en godsdiens vind uitdrukking in die nasleep van kultuur. Barnard, Cilliers en Wepener (2014:44) sê: "culture forms the bed in which the streams of religion and faith flows". Ter Haar (2009:3) wys daarop dat Afrika ŉ plek is waar baie kulturele invloede bymekaar kom, onder andere ook die Christelike invloed. Kultuur is alles



© University of Pretoria

wat ŉ mens aanleer as ŉ lid van die gemeenskap. Dit is nie net gedrag nie maar ook idees. Sowel gedrag as idees verander met tyd en dit gebeur ook in Afrika. Mense van Afrika het tradisioneel die geesteswêreld as neutraal gesien. Geeste wat ontevrede en kwaad geraak het oor verhoudings wat nie reg was nie se guns kon terug gewen word deur iets goeds vir hulle te doen. Deur middel van hierdie tipe versoening kon neutraliteit bewerk word. As gevolg van die invloed van die Christelike godsdiens is die tradisionele geesteswêreld gedemoniseer en het neutrale geeste nou "bose" geeste geword. Dit is nie meer genoeg om te versoen met die geeste deur iets goeds vir hulle te doen nie. Hierdie geeste moet uitgedryf of besweer word aangesien hulle boos is.

Godsdienstige genesing speel ŉ sentrale rol in die meeste godsdiens tradisies in Afrika. Hierdie genesing is gerig op die hele mens – fisies en geestelik. Dit het ten doel om enige stoornisse uit die weg te ruim wat verhinder dat ŉ persoon ten volle mens kan wees. Dit moet ook wanbalanse herstel wat ŉ invloed op die individu sowel as die gemeenskap kan hê. Siekte word veroorsaak deur ŉ gebrek aan algehele harmonie. Genesing is nodig om harmonie met die krag van lewe te herstel. Die hele persoon geniet aandag – die siek liggaam sowel as die gees wat onder die invloed is van negatiewe geestelike kragte. Hierdie kragte is dinge soos toordery, heksery, besetting deur bose geeste, ongehoorsaamheid aan voorouers, die gemeenskap of aan God. "Behandeling" kan geskied deur eksorsisme, gebed, oproeping van die Gees en verskeie ander rituele wat dikwels te make het met "heilige" water as die bron van lewensgewende krag. Harmonieuse verbintenis met die gemeenskap, voorouers en geeste is die hooffokus van genesing (Ter Haar 2009:4-5; Wepener & Müller 2013:259).

Grimes (2000:342-343) verduidelik dat daar ŉ verskil is tussen siekte (*sickness*) wat die biologiese realiteit is en siekte (*illness*) as die sosiale realiteit, met ander woorde dit wat die sieke en diegene rondom hom/haar met die siekte maak. Op dieselfde wyse moet daar ŉ onderskeid gemaak word tussen fisiese/biologiese genesing (*cured*) en genesing op ŉ geestelike/sosiale vlak (*healed*). By laasgenoemde genesing kan dit wees dat die biologiese siekte nog nie die wyk geneem het nie maar die sieke se houding daarteenoor het verander. Grimes sê: "Cured, you are fixed;



© University of Pretoria

healed you are reconnected". Dit sou dus kon gebeur dat jy nie medies genees word nie maar wel geestelike herstel beleef in jou verbondenheid met die geesteswêreld en jou verhoudinge in die sigbare wêreld. Rituele is meer effektief ten opsigte van geestelike/sosiale genesing as biologiese genesing.

Van Niekerk (1996:32) wys daarop dat wanneer Westerlinge skryf oor godsdiens en gesondheid sal hulle fokus op dinge soos "die gebruik van die Bybel en gebed by die siekbed; die persoonlike probleme van die pasiënt; die versorging van die pasiënt met kanker of met velprobleme; die persoon wat beroerte gehad het; die kind in die hospitaal." Dit gaan oor die individu met sy gevoelens en gedagtes. "Ek dink, daarom is ek". Wanneer daar vanuit 'n Afrika perspektief oor godsdiens en gesondheid geskryf word, is die fokus op dinge soos: "onvrugbaarheid wat deur gebed en ritueel genees kan word, die uitdryf van bose geeste, die genesende effek van inisiasie in die groep, siekte en drome, die vraag na wie die siekte veroorsaak het, die stryd tussen die God van die Bybel en demone" (Van Niekerk 1996:32). Van Niekerk (1996:32) sê: "Die isolasie van die individu is hier juis die teenoorgestelde van gesond wees. Dit is 'n miskenning van "Ek behoort, daarom is ek." As 'n mens nie sinvol by die groot geheel ingeskakel is nie, word hy siek. Hier gaan dit oor die groep, en oor die verhouding met die geestelike wêreld en al sy magte."

Binne veral die Afrika Onafhanklike Kerke speel die doop 'n belangrike rol as deel van genesing en die afweer van bose geeste. Deur die doop ontvang die dopeling genesing, seën, herstel, krag en ook die Gees ten einde bose geeste en kragte te oorwin. Kinders word gedoop om deel te hê aan God se verbond met hul ouers maar ook om hierdie lewenskrag te bekom en om die bose geeste weg te hou. Die doop simboliseer dat die sondige lewe en die ryk van die bose verbreek is. Die "heilige" water wat tydens die doop gebruik word, het reinigende en genesende krag (Wepener & Müller 2013:264-265).

Afrika denke is meer sinteties en nie so analities soos Westerse denke nie. Daar word nie 'n onderskeid gemaak tussen liturgie en lewe en tussen die sekulêre en die heilige nie. Alle aspekte van die alledaagse lewe kom onder die invloed van godsdienstige rituele. In Afrika is ritme en klank, liggaamlikheid, dans en musiek 'n



© University of Pretoria

wesenlike deel van identiteitsvorming. Dit speel ŉ rol in die handhawing van die individu en die gemeenskap en die verhouding met die wêreld of die heelal. Daarom speel ritme en klank, liggaamlikheid, dans en musiek ook ŉ belangrike rol in Afrika Christene se aanbidding. Klank is ŉ lewenskrag en menslike deelname daarin help om die teenstrydighede van die lewe, soos byvoorbeeld lewe en dood, bestaan (wees) en nie-bestaan, tyd en ewigheid, te hanteer. Liturgiese ritme maak liturgie geïnkarneerde liturgie (Barnard, Cilliers & Wepener 2014:220-222). Deur ritme, wat as ŉ patroon van inskakeling beskryf kan word, word die aanbidder opgeneem in Christus en kry hy/sy deel aan die geïnkarneerde Woord of soos Barnard, Cilliers & Wepener dit beskryf, die Ritme van die kosmos (2014:222). Verder skakel ritme jou in tot die self, die ander en die heelal. Wanneer daar binne die liturgie gedans word, word God die teenswoordige.

Binne Afrika aanbidding verkry die individu nie net deel aan Christus nie maar ook deel aan mekaar en kom die Afrika spiritualiteit van samehorigheid *uBuntu* tot sy reg (2014:222, 278). Wanneer iemand siek is, word daar soms deur die nag gesing en gedans vir genesing. Van Niekerk (1996:33) haal ŉ vrou aan wat vertel hoe hulle dit regkry: "In die kerk word ons vervul met krag. Ek sal jou die geheim vertel, ek sal nie vir jou jok nie. Voordat ons begin dans, word ons almal met heilige water besprinkel. Dit gee ons krag."

Die sikliese tydsbegrip van Afrika kom sterk tot uitdrukking by ŉ begrafnis. Talle rituele en simbole word gebruik om uitdrukking te gee aan die hereniging met moederaarde, ŉ hereniging wat tot ŉ nuwe geboorte lei. Dood en lewe is altwee in die sirkelgang opgeneem en daarom is dié wat heengegaan het nog steeds wesenlik by die lewendes teenwoordig. Volgens Van Niekerk (1996:8-9) bied ŉ bewustheid van hierdie groot sirkelgang ŉ teenvoeter vir die Westerse gejaag na verowering en verbruik, ekonomiese groei, prestasie en die stres wat dit meebring. Hierdie sirkelgang bied troos te midde van siektes, geweld en armoede en gee sin aan lyding. Die lewe bestaan uit ŉ ewewig en opeenvolging van teenstrydige magte. Dit gee mense moed omdat hulle weet die slegte kan nie vir ewig voortduur nie, die goeie moet weer aanbreek. Van Niekerk (1996:9) waarsku egter dat hierdie geloof in die sirkelgang van vernietiging en regenerasie ook gevaarlik kan wees. Vernietiging



© University of Pretoria

kan gesien word as ŉ voorvereiste vir herlewing, om te bou moet ek eers afbreek. Dit het al noodlottige gevolge gehad in Afrika en ook in Suid-Afrika.

Daar is reeds aangetoon dat die samehorigheidsgevoel *uBuntu*, wat groot klem lê op die groep baie belangrik is. Dit kan positief of negatief wees. Die positiewe sy is dat swakkes, gestremdes en afhanklikes deel kan wees van die gemeenskap. Die negatiewe sy is die siening dat die groep vir my moet sorg. As lid van die groep is ek geregtig op alles. Die staat of die kerk of die gemeenskap moet vir my sorg soos wat die stamhoof van ouds vir die groep moes gesorg het toe hy die oppergesag was. Dit bring mee dat individuele verantwoordelikheid verdwyn (Van Niekerk 1996:10-11).

Daar kan nou gekyk word hoe die Afrika godsdiensbeskouing na vore kom binne die agt ruimtes van hierdie studie:

- **St. Anne's** – ritme is beslis hier teenwoordig in die sang en musiek. ŉ Samehorigheidsgevoel is aanwesig en hier word vir hulle wat deel van hierdie geloofsgemeenskap is gesorg. Water is gesprinkel op hulle wat spesiale voorbidding nodig gehad het.

- **Lucas Moripe stadion** – ook hier speel ritme, klank, musiek en liggaamlike deelname ŉ belangrike rol. Samehorigheid en groepsbelang kom duidelik tot uitdrukking.

- **Ooskerk** – hier is geen sigbare aanwesigheid van die Afrika godsdiensbeskouing nie.

- **Loftus Versfeld** – musiek en sang speel hier ŉ rol alhoewel die tipiese Afrika ritme nie noodwendig tot uitdrukking kom nie. ŉ Samehorigheidsgevoel is beslis aanwesig. Die voorvadergeeste van rugby is steeds belangrik.

- **Kerk sonder mure** – Hier is ŉ saamhorigheidsgevoel wanneer mens arriveer. Dit verdwyn egter sodra mens die liturgiese ruimte betree. Sang en



© University of Pretoria

musiek speel 'n belangrike rol tydens die erediens. Dit het egter 'n individualistiese fokus.

- **Supersport Park** – samehorigheid en groepsbelang kom op 'n vreemde manier na vore. Verskillende groepies neem deel aan die spel maar tog lei dit tot 'n algehele gevoel van samehorigheid.
- **CRC** – ritme en 'n gevoel van *uBuntu* is in die lug vandat mens by die hek inkom. "Heilige" water word nie op hulle wat gebed nodig het gesprinkel nie maar hulle word tog hande opgelê. Of die groep belangriker as die individu is, kan egter nie op sigwaarde bepaal word nie.
- **Silver Lakes gholfbaan** – die "golfing gods" kry aandag op hulle webtuiste. Op die baan self is geen aanduiding en ervaring van die Afrika godsdiensbeskouing nie.

## 6.5 SAMEVATTEND

In hierdie hoofstuk is daar vanuit 'n teologiese perspektief gekyk na ruimtelikheid, liggaamlikheid, kultuur, rituele, tradisie en godsdiensbeskouing vanuit 'n Westerse en 'n Afrika perspektief. Daar is ook telkens gekyk hoe hierdie konsepte aanwesig is binne die agt ruimtes van hierdie studie.

Plek speel 'n belangrike rol in die Bybel. Vandag ervaar mense steeds plekke waar jy skielik en kortstondig bewus word van God se teenwoordigheid en nabyheid. Mense skep ook ruimtes waarbinne nadenke kan plaasvind. Dit is egter nodig om tot die besef te kom dat die hele lewe heilig is en dat God orals teenwoordig is, soms bly Hy egter versteek. Net soos die hele lewe heilig en belangrik is, is die liggaam ook belangrik. Liggaam en plek kan nie losgemaak word van mekaar nie. Regdeur die geskiedenis is daar die geneigdheid tot dualisme waar liggaam en gees geskei word en die liggaam as ondergeskik aan die gees beskou word.



© University of Pretoria

Daar was 'n tyd in die geskiedenis van die kerk toe Westerse kultuur en Christenskap feitlik sinoniem was. Die Christelike geloof word toenemend uitgedaag om plooibaarheid en geloofwaardigheid te toon binne opkomende en ontluikende kulture. Die oorgrote meerderheid Christene bevind hulself vandag in Afrika, Asië en Latyns-Amerika. Die grootste groei vind plaas waar die Christelike geloof aanpas by die plaaslike kultuur en tradisies.

Rituele het 'n belangrike rol gespeel in die Ou Testament sowel as in die Nuwe Testament. Rituele speel vandag steeds 'n belangrike rol omdat dit vaste handelinge is. Dit kommunikeer dieper as net op 'n kognitiewe vlak. Dit betrek die mens in sy/haar volle sintuiglikheid. Rituele is die bekende in tye van onbekendheid en verandering. Dit verskaf 'n gevoel van stabiliteit en beheer. Die verskillende liturgieë, wat die neerslag van rituele is, binne die agt ruimtes het vervolgens aandag geniet. Daar is gesien dat die herhaling hier vastigheid en geborgenheid bied. Dit help ook mee om die sekulêre en die heilige by mekaar uit te bring.

Saam met rituele en liturgie help tradisie om identiteit te vorm. Om gereformeerd te wees beteken om voortdurend te reformeer. Ons staan binne 'n lewende Christelike tradisie. Ons kan voortdurend vernuwe sonder om ons oog van die verlede en tradisies af te haal.

Laastens is daar gekyk na die verskil tussen 'n Westerse en 'n Afrika godsdiensbeskouing. In die Westerse wêreld is daar 'n toenemende tendens dat mense hulself beskryf as geestelik eerder as godsdienstig. Daar is ook 'n afname in geloof. In Afrika is daar geensins 'n afname in geloof nie, dit neem toe. Godsdiens is vir Afrika Christene 'n lewenswyse. Daar word nie 'n onderskeid gemaak tussen liturgie en lewe en tussen sekulêre en die heilige nie. Ritme en klank, liggaamlikheid, dans en musiek is 'n wesenlike deel van identiteitsvorming. Binne Afrika aanbidding verkry die individu nie net deel aan Christus nie maar ook deel aan mekaar.

In die volgende hoofstuk sal sosiale kohesie, as 'n belangrike konsep vir hierdie studie, aandag geniet. Daar sal veral gekyk word na hoe sosiale kohesie daar uitsien binne die Suid-Afrikaanse konteks.



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 7

# SOSIALE KOHESIE

In hierdie hoofstuk word aandag geskenk aan sosiale kohesie en waar moontlik hoe dit daar uitsien binne die Suid-Afrikaanse konteks. As ‘n belangrike konsep binne hierdie studie dien hierdie hoofstuk as ‘n oorgang tussen die interpretatiewe en normatiewe take (wat in hoofstukke vyf en ses aandag geniet het) en die voorstelle vir verbeterde praxis (die pragmatiese taak) in die volgende hoofstuk. Sedert 2012 het die regering al hoe meer bewus geraak en aandag begin skenk aan die rasse spanning wat in Suid-Afrika heers. Die term *sosiale kohesie* het toenemend opgeklink in debatte oor ontwikkeling, beplanningsdokumente van die regering, by akademiese panele, media debatte en parlementêre verhore. Die betekenis wat aan die term gekoppel word, is solidariteit en ’n veiliger gemeenskap wat meer vir mekaar omgee, meer gelyk is en waar daar groter harmonie heers. In 2013 is daar fondse bewillig aan die Human Sciences Research Council (HSRC) om aandag te gee aan die ontwikkeling van ’n multidimensionele hulpmiddel om sosiale kohesie beter te kan verstaan en te kan meet.[48] Die veronderstelling is dat as sosiale kohesie gemeet en verstaan kan word daar iets daadwerkliks gedoen kan word om dit te verbeter. Die verslag van die HSRC (Struwig *et al.* 2013) en dit wat relevant is tot hierdie studie sal aandag geniet. Hier sal ook gekyk word na hoe die term *sosiale kohesie* inskakel by die term *behoort.* Dit sal dan verder in verband gebring word met liturgie en aanbidding. Om ruimte te skep vir mekaar is ’n verdere wyse waarop sosiale kohesie verbeter kan word. Ruimte skep vir mekaar en *perichoresis* sal vervolgens aandag geniet. *uBuntu* is ’n bekende term in Suid-Afrika. Die beginsels van *uBuntu* kan van waarde wees binne ’n samelewing wat streef na sosiale kohesie en die term sal bespreek word. Ten slotte sal daar gekyk word na kohesie en die rol wat dit binne die samelewing speel.

---

[48] http://www.hsrc.ac.za/en/research-outputs/view/6302



© University of Pretoria

## 7.1 BAROMETER VIR SOSIALE KOHESIE

Die HSRC het die 2009/2010 vraelyste gebruik van die South African Social Attitudes Survey (SASAS)[49] en het hul inligting daaruit onttrek. Hulle was dus beperk tot die tipe vrae wat deur hierdie vraelyste gestel is. Drie dimensies vir sosiale kohesie is vasgestel: ekonomiese dimensie, sosio-kulturele dimensie en burgerlike dimensie. Vir die doel van hierdie studie is die fokus op die sosio-kulturele dimensie.

Die voorgestelde aanwysers om sosiale kohesie te meet is:

- sosiale netwerke – dit behels sosiale interaksie en verbondenheid aan sosiale netwerke maar ook die sosiale ondersteuning wat daar binne gemeenskappe te vinde is. Hierdie ondersteuning behels byvoorbeeld of daar iemand is om ’n persoon te help wat ’n dokter moet gaan sien of na ’n kliniek geneem moet word.

- Die Persoonlike Welstand Indeks – hierdie indeks gee ’n aanduiding van ’n persoon se tevredenheid met sy of haar lewe. Hierdie tevredenheid is ten opsigte van dinge soos byvoorbeeld finansiële sekuriteit, dit wat jy in die lewe bereik het, veiligheid, lewensstandaard, deelwees van ’n gemeenskap, gesondheid, persoonlike verhoudings en godsdiens.

- Diskriminasie en verdraagsaamheid – hier word gedink in terme van rasseverdraagsaamheid, verdraagsaamheid teenoor dieselfde geslag verhoudings en verdraagsaamheid teenoor buitelanders.

- Misdaad – die vrees vir misdaad het ŉ geweldige groot invloed op sosiale kohesie.

- Veelrassige kontak – ŉ erkende wyse om vyandigheid tussen rassegroepe te oorkom is gereelde interaksie met mekaar. Daarom het hierdie

[49] file:///C:/Users/User/Downloads/ddi-documentation-english-490.pdf



© University of Pretoria

ondersoek ook kontak tussen verskillende rassegroepe en met vreemdelinge/buitelanders as maatstaf ingesluit.

(Struwig *et al.* 2013:12)

Die bevindinge was as volg:

- Kontak en verdraagsaamheid – ten opsigte hiervan is daar bevind dat jonger mense (16-19 jaar oud) meer verdraagsaam is teenoor immigrante en homoseksuele persone en dat hulle meer interaksie het met ander rassegroepe as ouer persone (20-69 jaar oud). Wit respondente is minder verdraagsaam teenoor immigrante en homoseksuele persone as swart respondente. Wit respondente het ook minder interaksie met ander rassegroepe as swart respondente. Kwalifikasies speel ook ŉ rol. Persone met graad agt en hoër is meer verdraagsaam en het meer veelrassige kontak as persone met laer onderrig. Persone vanuit tradisionele landelike gebiede is minder verdraagsaam as persone vanuit stedelike gebiede. Hulle is ook minder geneig om kontak te hê met ander rassegroepe. Persone vanuit die Weskaap, KwaZulu-Natal, Limpopo en die Vrystaat is meer verdraagsaam en het meer veelrassige kontak as persone vanuit die Ooskaap.

- Lewenskwaliteit – hierdie studie het bevind dat jonger mense (16-19 jaar oud) minder bang is vir misdaad en meer tevrede is met hul lewens as ouer persone. Vroue is oor die algemeen banger vir misdaad en minder tevrede met hul lewens as mans. Mense in informele nedersettings en op plase in landelike gebiede is meer tevrede met hul lewens en minder bang vir misdaad as mense in stedelike gebiede.

- Diskriminasie en verdraagsaamheid – hierdie studie het bevind dat jonger mense (16-19 jaar oud) minder geneig is om te voel daar word teenoor hulle gediskrimineer as ouer persone (20-69 jaar oud). Jonger persone is ook meer verdraagsaam teenoor ander rassegroepe as ouer persone. Mans is meer geneig om te voel daar word teenoor hulle gediskrimineer as



© University of Pretoria

vroue en hulle is ook minder verdraagsaam teenoor ander rassegroepe as vroue. Persone met 'n hoër lewensstandaard voel dat daar teenoor hulle gediskrimineer word en hulle is minder verdraagsaam teenoor ander rassegroepe as persone met 'n laer lewensstandaard. Persone van die Noordkaap en Noordwes voel dat daar vanuit 'n rasse-oogpunt teenoor hulle gediskrimineer word. Persone vanuit Gauteng en KwaZulu-Natal beleef minder rassediskriminasie.

- Sosio-kulturele kohesie indeks – jonger persone (16-19 jaar oud) vertoon beter op hierdie indeks as ouer persone. Hulle is meer liberaal, verdraagsaam, rasse geïntegreerd en tevrede met hul lewens. Wit respondente is minder sosio-kultureel kohesief as swart respondente.

As daar na die algehele sosiale kohesie barometer gekyk word, is die gemiddelde Suid-Afrikaanse tellings ten opsigte van burgerlike kohesie ongeveer 53%, ekonomiese kohesie 44% en sosio-kulturele kohesie 40%. As daar gekyk word na Gauteng waarbinne hierdie studie val lyk dit soos volg: burgerlike kohesie 57%, ekonomiese kohesie 44% en sosio-kulturele kohesie 39%.

Hierdie barometer sluit in baie opsigte aan by die bekende hiërargie van menslike behoeftes van Maslow (1943:location 54-88). Dit lyk soos volg:

**Figuur 1: Maslow se hiërargie van menslike behoeftes**






© University of Pretoria

Sosiale netwerke sou in verband gebring kan word met affiliasiebehoeftes, die Persoonlike Welstand Indeks met selfverwesenliking en erkenning-behoeftes, die vrees vir misdaad met veiligheidsbehoeftes. As mens hierna kyk kan jy verstaan dat sosiale kohesie nie aandag kan geniet voor die fisiologiese behoeftes, wat die mees basiese behoeftes van die mens is, aandag geniet nie. Van alles gestroop is die mens se mees basiese fisiologiese behoeftes dié aan kos en water. In ʼn land waar daar steeds mense is wat op ʼn gereelde basis honger is en ʼn gebrek het aan skoon drinkwater is die besef duidelik dat sosiale kohesie nie altyd ʼn prioriteit is nie.

In hoofstuk twee is daar gesien dat een van die sosiale kohesie aanduiders *behoort* is. Dit is ʼn konsep wat Kreider (1999:xv-xvi) gebruik en wat nou nader verduidelik sal word.

## 7.2 BEHOORT

Kreider (1999:xv-xvi) het die volgende patroon en kategorieë raakgesien by die vroeë Christene: "belief", "belonging" en "behavior". Die Christelike leefwyse was gebaseer op 'n totale her-vorming van 'n persoon wat hom/haar bekeer het tot die Christendom. So 'n persoon se algehele lewenswyse en waardesisteme moes verander word om aan te pas en in te pas by die leefwyse wat die Christelike gemeenskappe gehandhaaf het. Die Christelike geloof ("belief") het vir die mense vryheid gebring. Hierdie vryheid het tot gevolg gehad dat hulle op 'n ander manier begin leef het. Dit het dus gelei tot 'n verandering in hul optrede en leefwyse ("behavior"). Hulle moes met hul lewens wys dat hulle leef volgens die lering en voorbeeld van Jesus. Dit alles het gelei tot 'n unieke belewenis van behoort ("belonging"). Die Christelike gemeenskap het nou verbonde aan mekaar geleef en saam gesoek na maniere waarop hulle die uitdagings van hul tyd te bowe kon kom. Dit moes egter altyd aanpasbaar wees met dit wat Jesus hulle geleer het. Hulle wat 'n gemeenskaplike geloof en manier van lewe in Christus gedeel het kon tasbaar voel en weet dat hulle behoort. Hulle kon dit ervaar in hul mededeelsaamheid en daar wees vir mekaar. Verder was hulle inklusief en is diverse Christene binne



© University of Pretoria

hierdie groepe aangetref – vry, slaaf, mans, vroue, Kappadosiërs, Frigiërs, Romeine ensovoorts (Kreider 1999:5-7; cf. Flynn 2012). Hier is dus ruimte gemaak vir mekaar.

Vandag se individualistiese kultuur bemoeilik ware gemeenskap. Mense het egter (al besef hulle dit nie eers altyd nie), ʼn behoefte aan saamwees en om te behoort. Dit is deel van die affiliasiebehoefte van die mens. Volgens Hirsch (2009:34) wil die mens binne groepverband deel hê aan ʼn missie buite hulself.

Liturgie en lewe kan nie van mekaar geskei word nie. Daar behoort nie ‘n onderskeid te wees tussen die heilige (gewyde) en die sekulêre nie. Aanbidding gebeur op alle terreine van die lewe, nie net vir ‘n paar ure per week binne ‘n kerkgebou nie. ʼn Mens se hele lewe behoort aan God en ware aanbidding beteken dat elke aspek van ʼn mens se lewe aan Hom gewy is (Hirsch 2009:47-52). Wanneer ʼn mens dit kan verstaan sal die besef deurdring dat God net so aanbid word op die rugbyveld, binne die sportstadion, by die werk as binne die erediens. ʼn Mens bring wie jy is, jou hele menswees en kultuur saam met jou waar jy ook al aanbid, dit is deel van jou menswees.

Aanbidding behoort ‘n leefstyl te wees en nie ‘n gebeurtenis nie (Romeine 12:1). Viola & Barna (2008:254) wys daarop dat aanbidding in die Ou Testament en reg deur die Nuwe Testamentiese era ʼn korporatiewe, ‘n gemeenskaplike aangeleentheid was. In die Israeliete se geval was dit juis die feit dat hulle Jahwe saam aanbid het, wat hulle saamgebind het en hulle beskerm het daarvan om geabsorbeer te word deur die Kanaänitiese kultuur wat hulle omring het. Hulle aanbidding as ‘n gemeenskap het hul self-identiteit bepaal.

Die rabbi’s het iets hiervan verstaan. Hulle het gevind dat as twee of meer van hulle die Torah saam bestudeer hulle bewus kon word van die Shekinah in hulle midde. Studie van die Torah het dus nie in stilte en isolasie geskied soos in die hedendaagse biblioteek nie. Studieplekke was ‘n plek van gemeenskaplike bymekaarkom en dit het behoorlik gegons. Sáám het hulle Sy teenwoordigheid ervaar (Armstrong 2010:84, 94).



© University of Pretoria

Die profete[50] het hul male sonder tal uitgespreek daaroor dat aanbidding 'n bespotting is en niks beteken het as daar nie vir medegelowiges omgegee word nie. Sosiale geregtigheid binne hul gemeenskappe was van die uiterste belang. Aanbidding was net 'n verlengstuk van hul lewe as gemeenskap, in die teenwoordigheid van Jahwe. Ware aanbidding was slegs moontlik waar werklik onderlinge gemeenskap bestaan het (Cooke 1966:339-342).

Aanbidding was nie die domein van die individu nie. Vandag word mense aangemoedig om Jesus aan te neem as hul *persoonlike Verlosser*, wat 'n hoogs individualistiese Christelike godsdiens versterk. Die Nuwe Testament ken nie iets soos 'n "net-ek-en-Jesus" nie. Die Christelike geloof is uitgeleef as 'n liggaam van gelowiges wat Christus gesamentlik geken het as Heer en Verlosser (Viola & Barna 2008:191). Jesus het 'n *gemeenskap* van twaalf manne en 'n klompie vroue bemagtig en geleer hoe om vir God te leef. Hierdie gemeenskap het uitgebrei tot gemeenskappe reg oor die Romeinse wêreld (Viola & Barna 2008:256).

Gemeenskappe was dus aan die hart van die Christelike geloof. Burger (2009:19) sê ook iets hieroor as hy daarop wys dat van die eerste boek van die Bybel tot die laaste daar gesê word dat jy nie jou verhouding met God kan losmaak van jou verhouding met ander nie. Die Bybel handel nie oor individue wat op hul eie kan leef nie. Newbigin (1982:33) het gesê dat Jesus nie 'n boek geskryf of agtergelaat het nie. Wat Hy wel gedoen het, was om 'n gemeenskap te vorm wat na sy dood kon groei en voortgaan met sy boodskap.

In sy boek *Jesus Today – A Spirituality of Radical Freedom* meen Albert Nolan[51] dat Westerlinge aan 'n sterk individualisme ly. Dit bemoeilik egte gemeenskap, maar versterk ook die behoefte om te kan behoort. Selfs daaglikse aanbidding vind in isolasie plaas. Dit was nie altyd so nie. Smith (2009:211) wys daarop dat in die monastieke tradisies en in voormoderne konfigurasies van die samelewing daaglikse aanbidding plaasgevind het as gemeenskaplike en sakramentele vierings.

---

[50] Voorbeelde hiervan kan gevind word in Amos 5 en 8; Jesaja 10:1-2; Sagaria 7:9-14

[51] Artikel in Beeld van 10/6/2011 – geen outeur nie. Titel van artikel: "Ons almal is van een Gees." Beskikbaar by: http://www.beeld.com/Opinie/HoofArtikels/Ons-almal-is-van-een-Gees-20110610



© University of Pretoria

Aanbidding was holisties en het die verbeelding geaktiveer deur liggaamlike deelname. Gesamentlike aanbidding hóéf nie net op ‘n Sondag te gebeur nie. Dietrich Bonhoeffer (Smith 2009:211) het dit beskryf as “life together”. Sulke gemeenskaplike praktyke, liturgieë van die lewe, kan op soveel verskillende plekke in die alledaagse lewe gebeur: rondom die etenstafel, by die huis, in ander eetplekke, op die sportveld, by die werkplek, in die koshuis, waar daar uitgereik word binne gemeenskappe, die moontlikhede is legio.

## 7.3 RUIMTE VIR MEKAAR/PERICHORESIS

Op grond van die verskillende omskrywings van die term sosiale kohesie in hoofstuk twee sal ek graag my eie definisie daarvan soos volg wou formuleer: sosiale kohesie is die wyse waarop daar binne ŉ gemeenskap ruimte geskep word vir mekaar ten einde individue te laat voel dat hulle aan hierdie gemeenskap behoort en erken word as lede van die gemeenskap.

Ek wil hier graag terug verwys na die term *perichoresis* wat in hoofstuk twee aandag geniet het en dit in verband bring met ruimte skep vir mekaar. Die konsep van perichoresis laat toe dat elke persoon individualiteit behou terwyl hulle wedersyds deel in mekaar se lewens. Binne sodanige gemeenskap kan daar gedeel, verenig en wedersyds uitgeruil word. Niemand is geïsoleerd of verwyderd van mekaar nie. Dit beteken nie dat alles en almal eenvormig hoef te wees nie. Die fokus is egter weg van individualisme en kommunikasie binne die gemeenskap is van die uiterste belang. So ŉ gemeenskap is oop, uitnodigend, verenigend en integrerend. Binne hierdie gemeenskap is almal gelyk en belangrik. Diversiteit bestaan steeds maar elkeen word die vrye ruimte gegun om hulself uit te leef, nie ten koste van mekaar nie maar juis ter wille van mekaar.

In ŉ artikel van Adrian Snodgrass (2004) oor ruimte in Japannese argitektuur bespreek hy die verskillende konnotasies wat aan ruimte en vorm geheg word deur na die etimologie van die woorde te kyk. Hy gaan terug na die Chinese karakters vir hierdie woorde en bespreek dit vanuit verskillende hoeke. Dit verskil wesenlik van die



© University of Pretoria

Westerse konnotasies aan hierdie selfde begrippe. Ek gaan nie hier die verskil in konnotasies bespreek nie. Ek dink egter dat van hierdie konnotasies wat geheg word aan fisiese ruimte handig te pas kan kom in die proses om ruimte te maak vir mekaar. Een komponent/karakter in die Chinese woord vir ruimte (*ma)* 間 dui op die spasie tussen twee voorwerpe. Letterlik beeld dit die son uit tussen die blare van 'n twee blaar hek. Dit kan ook interval, gaping, pouse of tussentyd beteken. Om die woord as ŉ neologisme uit te druk sou mens kon sê dat dit "betweenness" beteken (Snodgrass 2004:65). Dieselfde karakter kom voor in die woord wat "mens" beteken. Die implikasie hiervan is dat om ŉ mens te wees, is, om tussen ander mense te wees. Gemeenskap/samelewing (letterlik *ma* van die wêreld) dui op die tussen-in ruimte-tyd van die wêreld waarin mense in interaksie verkeer.

ŉ Ander belangrike aspek is die Chinese verstaan van wat ŉ houer is. Hier gaan dit nie oor dit wat die ruimte fisies omsluit nie maar oor die ruimte self. Binne hierdie ruimte *woon* dit wat daarin gedra moet word. Dieselfde woord word gebruik vir *houer* en *vorm.* Die vorm van ŉ voorwerp is nie dit wat gedefinieer is deur sy eksterne kontoere nie maar die tussen-ruimte wat vervat is binne hierdie gedefinieerde kontoere. Vorm is nie solied nie maar hol, nie dit wat omring nie maar die omringde, nie die uiterlike of materiële teenwoordigheid nie maar die innerlike ruimte en onliggaamlike afwesigheid. Vorms is dus nie vaste stowwe wat geposisioneer is in ruimte nie maar ruimtes binne ruimtes. Dit wat is, word benut maar terselfdertyd word daar erkenning gegee aan die nut van dit wat nie is nie. L*eegheid*, hou nou verband met houer en vorm. Dit is entiteite wat nie noodwendig in Afrikaans bymekaar uitgebring word nie. Ruimte in hierdie drie manifestasies – in leegheid, in houers, in vorms – is ŉ innerlike ruimte, ŉ tussen ruimte, die ruimte van *ma* "tusseninheid". Ruimte word ook geïdentifiseer met lig, op grond van die ideogram vir *ma* wat ŉ son deur is. Die blare van die hek waardeur die son skyn kan dan dui op pare teenoorgesteldes. Hier staan leegheid dan teenoor die tydelike bestaan van fenomene. Die middel versoen die teenoorgesteldes deurdat die werklikheid van dinge geleë is in ŉ mid-ruimte. Hierdie ruimte is waar hulle gelyktydig by mekaar aansluit en tog uitmekaar gehou word, waar hulle saamsmelt en tog nog hul identiteit behou. Hier word verenig maar terselfdertyd afsonderlik gehou. Dit word ook beskryf as die weg van die middel. Die blare van die hek is dan leegheid en vorm as



© University of Pretoria

teenoorgesteldes en die lig tussen die blare is die middel waarheid wat hierdie teenoorgesteldes tegelykertyd laat saamsmelt maar ook skei. Die hek van *ma* word dan die limen, drumpel, grens, lyn, pouse tussen bestaan en nie-bestaan. Die lig van die middel skyn deur hierdie gaping waar teenoorgesteldes saamsmelt en uitmekaar beweeg. Hier is duidelike vloeibaarheid en beweging (Snodgrass 2004:67-68, 70-72, 78).

Hierdie etimologiese kyk na die woord *ruimte* in 'n taal wat vir sommige lesers vreemd is, is sprekend daarvan dat daar moontlik ook op 'n ander manier gekyk kan word na hoe daar ruimte gemaak kan word vir mekaar. Daar word dikwels vasgekyk in verskille en gedink dat die verskille eers opgelos behoort te word voor daar werklik in mekaar se lewens gedeel kan word. Tog is daar dan ook die moontlikheid dat teenoorgesteldes met mekaar versoen kan word deur die middeweg, die Lig van die werklikheid, sonder dat enige party hul identiteit hoef te verloor. Daar kan heen en weer beweeg word oor die limen waar daar saamgesmelt maar ook uit mekaar beweeg kan word, sonder enige bedreiging. In tusseninheid kan ons mekaar vind.

## 7.4 UBUNTU

Broodryk (2006:2) omskryf *uBuntu* soos volg: "uBuntu is an ancient African worldview based on the primary values of intense humanness, caring, sharing, respect, compassion and associated values, ensuring a happy and qualitative human community life in the spirit of family." 'n Persoon wat oor die deugde van *uBuntu* beskik sal bedagsaam, vrygewig, vriendelik, beskeie, hulpvaardig, nederig en gelukkig wees en sal in harmonie met andere leef. Volgens Justus Tsungu (Broodryk 2008:xi) is die hoof les van *uBuntu*: "if you do a mean, dishonest or harmful act, then you break the laws of life – and some day it will come back to you. You'll reap what you sow."



© University of Pretoria

Aartsbiskop Desmund Tutu (2009)[52] sê dat ŉ persoon wat met *uBuntu* leef, ŉ gesindheid sal hê wat oop is teenoor ander persone. So ŉ persoon moedig andere aan en voel nie bedreig wanneer dit met ander goed gaan en hulle suksesvol is nie. So ŉ persoon is selfversekerd omdat hy/sy weet hulle behoort aan ŉ groter geheel. Wanneer ander egter verneder, onderdruk, verkleineer of mishandel word, deel hierdie persoon in die pyn en verleentheid, as deel van die groter geheel. Hier is dus ŉ baie nou verweefdheid van mense aan mekaar. Dit gaan ten diepste daaroor dat ek slegs ŉ mens kan wees deur ander mense, met ander woorde wanneer ek in gemeenskap leef met ander mense. Ander se pyn is ook my pyn, ander se rykdom is ook my rykdom en ander se redding is ook my redding.

Dit is ŉ algemene beginsel binne die biologiese wetenskappe dat enige verandering binne ŉ organisme al die dele daarvan beïnvloed. Dit geld ook binne die sisteemteorie in die sosiale en geesteswetenskappe. Geen aspek van ŉ struktuur kan verander word sonder dat dit die hele struktuur sal affekteer nie. Elke geheel bevat al die dele en is self ook deel van die groter geheel. Die geheel is altyd meer as die som van die dele omdat dit die wyse verskaf waarop dele bymekaar gehou word (Forster 2010:4-5). Mudimbe (1985:189-190) kyk na die etimologie van *om te wees* (*ntu*) as uitdrukking van Afrika ontologie en som dit as volg op:

> In sum, the *ntu* is somehow a sign of universal similitude. Its presence in beings brings them to life and attests to both their individual value and to the measure of their integration and dialectic of vital energy. *Ntu* is both a uniting and a differentiating vital norm which explains the powers of vital inequality in terms of difference between beings. It is a sign that God, father of all beings... has put a stamp on the universe, thus making it transparent in a hierarchy of sympathy. Upwards one would read the vitality which, from minerals through vegetables, animals and humans, links stones to the departed and God himself. Downwards, it is a genealogical filiation of forms of beings, engendering or relating to one another, all of them witnessing to the original source that made them possible.

Binne die leefwêreld van *uBuntu* is daar ‘n essensiële eenheid tussen die self en andere, sowel as tussen die self en die hele kosmos. Alles is geïntegreerd en nou

---

[52] Beskikbaar by: http://a4id.org/sites/default/files/user/Transcript%20of%20Speech%20%20by%20Desmond%20Tutu.pdf



© University of Pretoria

verweef. Om te wees, is multidimensioneel en 'n dinamiese proses. Die geheel is belangrik en daar moet 'n harmonieuse verhouding wees tussen geskape en ongeskape, tussen dit wat gesien kan word en dit wat onsigbaar is. Dit sluit alle vorms van lewe in, sowel as die geestelike wêreld wat beide God, die voorvaders en ander geestelike wesens insluit. Geen onderskeid word getref tussen geestelik en nie-geestelik nie. Daar is 'n eenheid met alles in die heelal. Die lewe is 'n dinamiese ruimte vir holistiese verhoudings. Elke individu moet bydra daartoe dat daar vrede, harmonie en ewewig binne die gemeenskap behoue bly (Forster 2010:6-7; Cilliers 2007:9, 11).

Diversiteit en individualisme gaan nie verlore nie. Dit is nie asof die gemeenskap bloot net die individu insluk nie. Die gemeenskap gee egter aan die individu die geleentheid om uniek te wees maar dit te midde van 'n gedeelde lewe (Forster 2010:9). Ramose (Forster 2010:10) sê dat ware sin en betekenis voortvloei uit wedersydse onderlinge verhoudings, die *tusseninheid*[53] van die individu en die gemeenskap. Die individu verryk en ontwikkel die gemeenskap, bou dit op en hou dit in stand. Aan die ander kant verryk en ontwikkel die gemeenskap die individu, bou dit op en hou dit in stand. Die geheel en die deel is voortdurend in wisselwerking met mekaar. Wat ook al met die individu gebeur beïnvloed die gemeenskap en anders om.

'n Leefstyl van *uBuntu* is ontspanne en poog om stresverwante faktore op 'n afstand te hou. Hierdie informele en ontspanne wyse van lewe en praat vind uitdrukking in sang, dans, lag, verf en beeldhouwerk. Baie Afrikane beskou hierdie gelukkiger leefstyl as uniek en eiesoortig aan Afrika (Broodryk 2006:4). Dit sluit nou aan by die tradisionele siening van tyd in Afrika. Hierdie tydsbegrip skakel in by die sirkelgang van die natuur se ritmes, son, maan en seisoene, lewe en dood, vernietiging en regenerasie. Werktyd begin met sonsopkoms en eindig wanneer die son sak. Eksakte tyd veroorsaak stres en daarom is daar nie 'n oordrewe sin vir stiptelikheid nie. Die Westerse siening dat tyd geld is, vind nie weerklank binne die leefwêreld van *uBuntu* nie. Omdat tyd nie van dringende belang is nie, is daar geen mededingende en rigiede benadering om dinge die eerste keer reg te doen nie. Dit is nie nodig om

---

[53] "Tusseninheid" soos in punt 7.3 hierbo bespreek.



© University of Pretoria

stres op te bou as gevolg van eerste keer mislukkings nie. Foute moet verskoon word en daar moet gepoog word om dit nie in die toekoms te herhaal nie. Dieselfde geld byvoorbeeld vir kinders wat druip op skool. Dit is nie iets om oor te stres nie. Selfdood as gevolg van swak skooluitslae is ongekend. So ŉ kind gaan bloot terug skool toe en doen die jaar oor (Broodryk 2008:51, 92, 98; Van Niekerk 1996:8).

Broodryk (2006:5,6) deel die voorbeeld van Sir Richard Branson, ŉ internasionale entrepreneur wat die beginsel van *uBuntu* volg alhoewel hy nie ŉ Afrikaan is nie. Hy het ŉ nuwe menslike bestuursfilosofie bekendgestel waar geluk en pret en ŉ familie atmosfeer in die werkplek aangemoedig word. Dit druis in teen die rigiede denke van outokrate wat werk sien as iets ernstigs en dit beslis nie assosieer met geluk en pret nie. So ŉ ontspanne *uBuntu* atmosfeer binne die werkplek skep ŉ gevoel van *umoja* (samesyn, kohesie). Hierdie gemaklike wyse van samewerking is bevorderlik vir eindresultate. Wanneer besluite gesamentlik geneem word, werk almal saam omdat hulle eienaarskap neem daarvan. Dit is nie *ek* wat die gewenste resultate behaal nie maar *ons*. Daar is nie die gebruiklike wedywering wat dikwels binne ŉ Westerse werkomgewing aangetref word nie. Dit gaan hier eerder oor *shosholoza* (werk as een, spanwerk) (Cilliers 2007:5). In Afrika is die groep belangrik en die lede van ŉ groep sal saamwerk om as kollektief die probleme van individue op te los. Afrikane beskryf demokrasie as: “sitting under a tree and talk until everybody (more or less) agrees”. (Broodryk 2006:13). Almal kry dus ŉ gelyke kans om hul menings te lug en om te luister en te debatteer totdat ŉ ooreenkoms bereik is. Louw (1997:2) waarsku dat hierdie groepsbewustheid ook ŉ donker kant kan hê wanneer die begeerte na konsensus lei tot onderdrukkende ooreenstemming en gedwonge lojaliteit aan die groep. Xenofobiese geweld is ŉ voorbeeld waar groepslojaliteit skeefloop.

ŉ Gelukkige mens volgens die waardes van *uBuntu* is ŉ persoon wat bereid is om wat hy/sy ook al het met andere te deel. Dit gebeur dus dikwels dat ŉ persoon wat werk het, sy/haar inkomste deel met hul uitgebreide familie. Tydens sosiale geleenthede sal ekstra kos saamgeneem word huis toe om met die res van die gesin, die familie of die gemeenskap te gaan deel. Kos mag nooit gemors word nie. ŉ Gees van interafhanklikheid skep die gevoel van “ons” wat bevorderlik is vir samehorigheid en kohesie. Die “ons” gevoel moedig mense aan om met mekaar te identifiseer. Dit



© University of Pretoria

bevorder die gevoel van behoort, sekuriteit en sekerheid en skep kameraderie. Daar is die bewustheid dat ŉ mens as individu nie sterk is nie. ŉ Groep mense vorm egter ŉ eenheid en versterk mekaar. Solidariteit is belangrik (Broodryk 2008:102, 108, 114).

Daar is waarde in die omarming van die waardes van *uBuntu* en Broodryk (2008:116) beskryf dit baie mooi in ŉ Afrika wysheidsidioom:

> One finds that in the forests, when the branches quarrel, the roots of the tree embrace the quarrel. The branches are described as the words of life, the flowers as formation of humankind and the roots as the origin of life. The roots are the sources that feel, investigate, unite and give sense to diversity. Returning to roots indicate a return to old values to reap benefits for the human being.

Die woord *uBuntu* is wyd bekend in Suid-Afrika en het ook neerslag gevind binne die grondwet. As hierdie waardes wel uitgeleef word en nie net op geduldige papier staan nie sal sosiale kohesie 'n groot hupstoot kry. Die *uBuntu* beginsel maak juis ruimte vir andere en is gerig op mekaar eerder as op die eie ek en selfbelang. Dit sluit nou aan by twee Bybelse beginsels naamlik: doen aan ander soos jy aan jouself gedoen wil hê[54] en jy moet ander liefhê soos jouself.[55]

Steve Biko (1978:47) het gesê: "The great powers of the world may have done wonders in giving the world an industrial and military look, but the great gift still has to come from Africa, giving the world a more human face."

Groter dialoog binne gemeenskappe en ook in die werksplek is nodig om die gees van *uBuntu* te laat realiseer. Selfs die grootste ideale wat al gerealiseer het, het by een persoon begin wat geglo het hy/sy kan ŉ verskil maak. Daar is ŉ Chinese spreekwoord wat sê:

> When a man is at peace with himself, he will be at peace with his family. When the families are at peace there will be peace in the villages. When the villages are at peace

[54] Matt. 7:12 "Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen. Dit is tog waarop dit neerkom in die wet en die profete."
[55] Matt. 22:39 "En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."



© University of Pretoria

> there will be peace in the country. When all the countries are at peace there will be peace in the world. Then man can be at peace.
>
> (Chaplin 2006:3)

In die lig hiervan en in die gees van *uBuntu* is dit tot niemand se voordeel om verdeeldheid te bly bevorder in Suid-Afrika nie. Verdere faktore wat *uBuntu* en kohesie teenwerk is ŉ gees van kompetisie eerder as samewerking, individualisme eerder as medewerking, verkryging eerder as mededeelsaamheid, uitbuiting eerder as bewaring, voordeel eerder as deernis, skaarsheid eerder as oorvloed, verskille eerder as ooreenkomste, status eerder as behoort/deel wees en vrees eerder as liefde.

Broodryk (2006:28) som die geheim van ŉ leefstyl van *uBuntu* as volg op:

> **"Have fun.**
> **Just be happy.**
> **Be."**

## 7.5 SAMEHORIGHEID/KOHESIE

Samehorigheid (kohesie) sluit baie nou aan by al die terme wat reeds bespreek is. Ek gaan dit tog onder ŉ aparte punt bespreek aangesien dit vir my die voorafgaande saamvat en vergelyk sou kon word met die gom wat ŉ samelewing byeen hou. Hercock (2009:loc.106) haal Koestler aan wat die volgende sê:

> The more differentiated and specialized the parts, the more elaborate co-ordination are needed to create a well-balanced whole. The ultimate criterion of the value of a functional whole is the degree of its internal harmony or integratedness, whether the "functional whole" is a biological species or a civilization or an individual. A whole is defined by the patterns of relations between its parts, not by the sum of its parts; and a civilization is not defined by the sum of its science, technology, art and social organization, but by the total pattern which they form, and the degree of harmonious integration in that pattern.



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Leon Ferreira[56] sing 'n liedjie wat hierby aansluit en wat volgens my uitdrukking gee daaraan dat ons almal baie nouer verweef is as wat ons dalk altyd dink. Die woorde is soos volg:

> Dis dieselfde son wat oor ons almal skyn
> Dis hoe Hy gee wat my verbaas
> Dieselfde water wat uit my swembad verdwyn
> Reën more op jou plaas
> Dis dieselfde wind wat deur ons drome waai
> Hy's gisteraand deur die Drakensberg
> Dieselfde Hand wat ons wêreld laat draai
> Wys vir jou en my die weg

Hoe gemeenskappe en 'n samelewing in Suid-Afrika optree is die resultaat van verskeie besluite wat elke oomblik gemaak word deur elke individu binne hierdie gemeenskappe. Die hele sisteem is voortdurend in 'n staat van verandering. Dit is nooit staties nie. Enige gemeenskap benodig 'n mate van homogeniteit om 'n gemeenskaplike konteks en vertroue te skep tussen individue. Daar moet egter ook 'n invloei wees van nuwe idees, kennis, gene en sosiale diversiteit om stagnasie te voorkom en ineenstorting teen te werk (Hercock 2009:loc.147, 240). In sy boek oor kohesie het Hercock gekyk na die beginsels onderliggend aan die ontwikkeling, stabiliteit en groei van komplekse sosiale sisteme. Wanneer ekonomieë, state en gemeenskappe hul samehorigheid/kohesie verloor ly die mense. Vertroue, konsultasie en samewerking is noodsaaklik om samehorige gemeenskappe en organisasies te bou (2009:loc.34-44).

Hercock (2009) het 'n studie gemaak van verskillende beskawings, onder andere die antieke Egiptiese, Romeinse, Chinese, die Britse Ryk en hedendaagse Verenigde State van Amerika. Die bevinding wat hy gemaak het, is die belangrikheid van vertroue en betroubaarheid op alle vlakke – polities, sosiaal en ekonomies – om 'n samelewing saam te bind. Vertroue is die dinamiese bindmiddel wat komplekse sosiale of organisatoriese netwerke saambind. Wanneer die oortuigings en vertroue wat daar was verwyder word verloor die wyse waarop hulle hulself definieer en die

[56] Hy is 'n Suid-Afrikaanse gospelsanger



© University of Pretoria

reëls waarvolgens hulle leef betekenis. Binne elke beskawing is daar ŉ sekere punt en tyd waar die samelewing nie langer ŉ genoegsame balans kan handhaaf tussen kohesiewe en ontwrigtende kragte nie. Dit loop dan uit op revolusies. Hierdie wanbalans is nie te wyte aan faktore van buite nie. Dit is te wyte aan ŉ spontane interne reorganisasie wat hierdie wanbalans veroorsaak (Hercock 2009:loc.1147, 1252, 1273, 1760; Ball 2012:6).

Die Egiptiese ryk was hiërargies gestruktureerd wat dit stabiel gemaak het bloot omdat daar nie ruimte was vir siviele geskille nie. Binne die Romeinse ryk het ŉ sosiale middelklas ŉ baie belangrike rol gespeel en gedien as ŉ sosiaal saambindende faktor. In beide hierdie samelewings het vroue ŉ openbare en aktiewe rol gespeel. Burokrasie is ŉ uitstaande kenmerk van die Chinese ryk. Die Chinese filosoof Confucius het ŉ groot invloed binne die Chinese kultuur gehad. Hy het ŉ filosofie uiteengesit vir die praktyk van die lewe en etiek wat daarop gemik is om sosiale eenheid en kohesie te bevorder. Rites en rituele is hier rondom ontwikkel wat die Chinese samelewing gevorm het. Die hoof doel hiervan was om interne waardes te vestig, ŉ persoonlike filosofie, wat die mense sou begelei in hoe hulle optree. Wat die Britse ryk betref, hulle het feitlik elke ander land in die wêreld beveg of probeer oorheers. Hulle suksesse was te wyte aan die feit dat hulle sedert 1651 redelike sosiale stabiliteit en kulturele homogeniteit geniet het. Dit tesame met aansienlike ekonomiese hulpbronne het meegehelp aan ŉ hoogs kohesiewe kulturele en sosiale orde. Amerika is ŉ wêreldmoondheid. Hulle gaan egter gebuk onder die uitdaging van fiskale wanbalans. Skuld is besig om astronomies te vermeerder. Die Romeinse ryk het onder andere geval as gevolg van morele waardes wat agteruit gegaan het, te lank durende militêre ingrepe in ander lande en fiskale onverantwoordelikheid.

Hercock (2009:loc. 1527) waarsku dat Amerika dieselfde tekens toon en dalk moet leer uit die geskiedenis voor dit te laat is. Leierskap, soos in baie ander lande in die wêreld, is ŉ groot uitdaging. Volgens *Time* (11 Augustus 2008) is daar in die afgelope dertig jaar onder-investeer in die infrastruktuur in Amerika en dit veroorsaak dat dinge soos biblioteke, paaie en brûe in ŉ swak toestand is en dringend aandag nodig het wat triljoene gaan kos. Dit alles bedreig sosiale en fisiese kohesie. Wat egter tot Amerika se voordeel is, is die feit dat hulle inherent divers, aanpasbaar en



© University of Pretoria

toekomsgerig is. Goeie kollektiewe besluite spruit dikwels voort uit diversiteit en onafhanklikheid. Onenigheid en stryd bring soms beter besluite na vore as konsensus en kompromie. Diversiteit sluit nou aan by die Amerikaanse leuse *E Pluribus Unum* wat beteken *uit baie een*. Die feit dat alle Amerikaners trou sweer aan die vlag het saambindende waarde. In 'n pragtige gedig *By Blue Ontario's Shore* van Walt Whitman[57] sê hy die volgende: "To hold men together by paper and seal or by compulsion is no account, that only holds men together which aggregates all in a living principle" (Hercock 2009:loc.1357-1368, 1399-1410, 1452-1462, 1524-1544, 1555-1566, 3433).

Die hedendaagse sosiale netwerke bied die geleentheid aan navorsers om 'n magdom inligting te bekom aangaande groepsgedrag wat vantevore nie so geredelik beskikbaar was nie. Een so studie het gekyk na wie met wie vriende is en watter beginsels geld ten opsigte van groepsvorming binne 'n bepaalde kollege. 'n Belangrike faktor wat raakgesien is, is saam-woon binne koshuisverband. Verskeie kolleges het reeds begin met so 'n *geleentheid skep* struktuur waar hulle studente van verskillende agtergronde – ras, sosio-ekonomies ensovoorts – meng binne koshuise. Dit help ontsettend baie om bande te bind en te versterk oor hierdie grense heen (Hercock 2009:loc.1021). Dit stem ooreen met wat Kevin Chaplin (2006:10) vertel oor wat hulle bevind het in hul werksaamhede by die Amie Biehl Foundation in Suid-Afrika waar hulle met kinders werk uit verskillende agtergronde, kleur en kultuur. In 2009 het 'n besigheidsman geld beskikbaar gestel om 16 meisies vanuit die woonbuurte van Manenberg en Guguletu na Noord-Ierland te stuur om daar te gaan hokkie speel en ook om die land te sien. Die agt gekleurde en agt swart meisies wou nie saam op hierdie toer gaan nie. Die Amie Biehl Foundation het egter daarop aangedring dat hulle wel saam moet gaan. Dit was uiters voordelig vir die meisies se groei en ontwikkeling en aan die einde van die week saam was hulle almal groot vriende. Chaplin (2006:10) sê dat mense vanuit verskillende agtergronde, kleur en kultuur net 'n katalisator nodig het om die bestaande grense af te breek en om hulle te help om mekaar te aanvaar. Dit is die onbekende wat mense op 'n afstand hou van mekaar.

---

[57] Beskikbaar by http://classiclit.about.com/library/bl-etexts/wwhitman/bl-ww-byblue.htm



© University of Pretoria

Mense het ‘n behoefte aan groepskohesie. Die verlies aan gesonde familiestrukture maak hierdie behoefte selfs nóg groter. Waar sekere tipes kohesie afneem, byvoorbeeld kerk bywoning neem ander vorms van groepsvorming toe, byvoorbeeld virtuele gemeenskappe, musiekgroepe, omgewingsgroepe, sport bywoning ensovoorts. Hierdie groepe kan vorm onder homogene groepe of oor sosiale groepsgrense heen. Diverse groepe wat vorm hou groot waarde in vir die skep van ŉ nuwe, wyer sin van “ons” (Hercock 2009:loc.1803-1834).

Hercock (2009:loc.1929-1940) meen dat daar geen kohesie binne gemeenskappe kan wees sonder reëls nie. Om egter buigsaam en kreatief met mekaar in interaksie te tree, is hoë vlakke van vertroue nodig. Daar is ŉ fyn balans tussen orde en chaos. Klein variasies in reëls kan orde verander in chaos. Dit is ook nie wenslik om maar net meer reëls te skep nie. Meer reëls skep meer kriminele. Die ideaal is morele en spirituele opvoeding sodat individue die waarde daarvan kan insien om te voldoen aan sosiale norms. Sosiale stabiliteit word bewerk deur die geloofstelsels wat in mense se harte en gedagtes leef. Sterk geloofstelsels bevorder norms, wat weer persoonlike waardes en sosiale verantwoordelikheid kweek (Hercock 2009:loc.3971-3981).

In die geskiedenis het godsdiens ŉ groot rol gespeel om geloof en vertroue in te skerp binne gemeenskappe. Dit het vandag steeds ŉ rol te speel. Alle godsdienste kan ŉ rol speel as katalisator om vertroue tussen mense teweeg te bring en om ŉ positiewe invloed te bewerk binne gemeenskappe. Vertroue sluit aan by ander konsepte soos afhanklikheid, sorg en hoop. ŉ Gemeenskap wat hulself beywer tot voordeel van mekaar is baie meer doeltreffend as ŉ gemeenskap wat met wantroue teenoor mekaar leef. ŉ Sosiale norm wat gewoonlik deur godsdiens ingeskerp word by individue en wat tot voordeel van die hele gemeenskap is, is betroubaarheid. Wanneer individue binne ŉ gemeenskap met mekaar interaksie het, is dit belangrik om te weet tot watter mate elke individu vertrou kan word (Hercock 2009:loc.1951, 2024, 2092). Axelrod en Cohen soos aangehaal deur Hercock (2009:loc.2024) druk die belangrikheid van vertroue treffend uit: “trust lubricates social life.” Dit is belangrik om te onthou dat wantroue ditself versterk terwyl vertroue binne ŉ oogwink vernietig kan word. Vertroue moet voortdurend geskep en herskep word. Gemeenskappe val



© University of Pretoria

uitmekaar wanneer sosiale kohesie en integriteit ineenstort. ŉ Direkte antitese van vertroue is korrupsie. Dit lei tot die praktyk van omkoopgeld wat 'n groot negatiewe impak op gemeenskappe het (Hercock 2009:loc.2043-2045, 2113, 4054).

In sy boek *The evolution of cooperation* verduidelik Axelrod (2006) die beginsels van samewerking tussen individue en gemeenskappe. Samewerking is tot almal se voordeel en kan van stapel gestuur word deur ŉ handjie vol mense binne ŉ gemeenskap wat hulself hiertoe verbind. Die basis van hierdie samewerking hoef nie noodwendig vertroue of vriendskap te wees nie. Wat meer belangrik is, is die duursaamheid van die verhouding. Almal wat aan hierdie samewerking deelneem weet dat hulle op die langtermyn weer en weer met mekaar te doen gaan hê. Enige poging om mekaar uit te buit sal dus tot niemand se voordeel wees nie. Op die lang duur word almal bevoordeel deur wederkerige samewerking. Wanneer iemand afwyk van hierdie samewerking is dit die beste om dadelik te reageer sodat ŉ persoon nie dink dat afwyking kan werk en aanhou daarmee nie. As ŉ negatiewe patroon eers neerslag vind is dit moeilik om te verbreek. As die gemeenskap dus dadelik hierop reageer hou dit samewerking sterk.

Axelrod (2006:189) sê: “There is a lesson in the fact that simple reciprocity succeeds without doing better than anyone with whom it interacts. It succeeds by eliciting cooperation from others, not by defeating them.” Daar hoef nie net een wenner te wees nie. Wedersydse samewerking lewer beter resultate op vir alle partye as wedersydse dislojaliteit. By wedersydse samewerking speel dade ŉ belangriker rol as woorde. Binne ŉ langtermyn verbintenis ontlok positiewe dade wederkerige positiewe dade. Die teorie vir samewerking is gebaseer op vier reëls naamlik om gaaf/mooi te wees met mekaar, uitdaging, vergifnis en duidelikheid. Gaafheid beteken dat jy nooit die eerste sal wees om te rebelleer of in opstand te kom nie. Vergelding ontmoedig die ander party om te rebelleer. Uitdaging/rebellie moet so gou as moontlik raakgesien word en dan vergeld word. Vergelding wat so vinnig as moontlik geskied wys aan die ander party dat dit van geen waarde gaan wees om te rebelleer nie. Vergifnis help om wedersydse samewerking te herstel en in stand te hou. Duidelikheid vergemaklik die herkenning van gedragspatrone (Axelrod 2006:173-185).



© University of Pretoria

ʼn Voorbeeld ter illustrasie hiervan is ʼn bofbal skeidsregter wat sy spelers oor tyd so goed leer ken het dat hy sekere vangers genoeg vertrou het om hulle te laat skeidsregters speel wanneer hy ʼn slegte dag beleef het. Al die spelers het nie hiervan geweet nie, net die vertroueling wat dan ingelig is wat om te doen. Die speler sou dan die spel dophou en aan die skeidsregter seine gee sodat die skeidsregter dan net die beslissing kan gee sonder dat hy te veel inspanning hoef te hê om die spel fyn dop te hou. Die vanger sou byvoorbeeld sy handskoen in die lug hou of die bal dadelik terug gooi om ʼn beslissing te sein. Dit het goed gewerk omdat hierdie skeidsregter geweet het dat as hy enigsins vermoed die speler buit hom uit hy vorentoe genoeg geleentheid het om hom in ʼn ander wedstryd te vergeld. Hierdie skeidsregter sê dat geen vertroueling ooit misbruik gemaak het van hierdie situasie nie en geen ander speler het ooit agter gekom wat aangaan nie. Die beslissings was altyd regverdig (Axelrod 2006:177-178).

Hieruit blyk dan duidelik dat die wederkerigheid en die duursaamheid van die verhouding samewerking bevorder. Binne ʼn openbare samelewing is ʼn voorbeeld dat daar wette is om landsburgers te verplig om hul belasting te betaal, om nie te steel nie en om kontrakte met vreemdelinge te respekteer. Geen burger wil werklik belasting betaal nie. Tog is dit tot almal se voordeel as almal moet betaal ten einde te deel in die voordele van skole, paaie en ander kollektiewe voordele. As jy rebelleer en weier om te betaal is daar konsekwensies. Hierdie konsekwensies veroorsaak dat dit op die ou einde beter is om liewer nie te kies teen betaling nie maar vir samewerking met die res van die burgers van die land en wel maar te betaal en gesamentlik te deel in die voordele. Gemeenskappe wat vir mekaar omgee kom makliker tot samewerking as gemeenskappe wat net op hulself ingestel is (Axelrod 2006:133-134).

Hercock (2009:loc.4099, 4478) wys daarop dat ʼn mens mense kan vra om te verander en dat jy soveel welsynsprogramme kan hê as moontlik maar dat dit niks gaan help as mense nie ʼn interne waardesisteem het wat positiewe norms vir optrede daarstel nie. ʼn Holistiese benadering waarin geloof ʼn belangrike rol speel is noodsaaklik. Mense wat in ʼn positiewe gesindheid saamwerk kan enige iets regkry.



© University of Pretoria

## 7.6 SAMEVATTEND

In hierdie hoofstuk het sosiale kohesie aandag geniet. In die eerste plek is daar gekyk na die sosiale kohesie barometer wat deur die HSRC saamgestel is. Dit toon duidelik dat sosiale kohesie binne Suid-Afrika nie na wense is nie. In Gauteng is dit maar 39%. Hierdie barometer sluit in baie opsigte aan by Maslow se hiërargie van menslike behoeftes.

Een van die sosiale kohesie aanduiders is *behoort.* Dit is vervolgens bespreek. Hier is weereens gesien dat liturgie en lewe nie van mekaar geskei kan word nie. Aanbidding gebeur op alle terreine van die lewe en nie net binne ŉ kerkgebou nie. Ware aanbidding is slegs moontlik as daar vir andere omgegee word. Gemeenskap is belangrik. Mense wil behoort.

Binne gemeenskappe behoort daar ruimte gemaak te word vir mekaar (*perichoresis*). Diversiteit bestaan steeds maar elkeen word die vrye ruimte gegun om hulself uit te leef, nie ten koste van mekaar nie maar juis ter wille van mekaar. Tusseninheid kan hier tot hulp wees. Daar word dikwels vasgekyk in verskille en gedink dat die verskille eers opgelos behoort te word voor daar werklik in mekaar se lewens gedeel kan word. Tog is daar dan ook die moontlikheid dat teenoorgesteldes met mekaar versoen kan word deur die middeweg, die Lig van die werklikheid, sonder dat enige party hul identiteit hoef te verloor. Daar kan heen en weer beweeg word oor die limen waar daar saamgesmelt maar ook uit mekaar beweeg kan word, sonder enige bedreiging. In tusseninheid kan ons mekaar vind.

Die begrip *uBuntu* en die invloed hiervan binne Suid-Afrika is onder die loep geneem. ŉ Persoon wat met *uBuntu* leef sal ŉ gesindheid hê wat oop is teenoor ander persone. Ware sin en betekenis vloei voort uit wedersydse onderlinge verhoudings. Die individu verryk en ontwikkel die gemeenskap en die gemeenskap verryk en ontwikkel die individu. Saam hou hulle mekaar in stand. Mededeelsaamheid is ŉ konsep eie aan *uBuntu* maar ook aan die Christelike geloof. ŉ Gees van interafhanklikheid is bevorderlik vir samehorigheid en kohesie.



© University of Pretoria

Kohesie is die gom wat ŉ samelewing byeen hou. Vertroue en betroubaarheid is noodsaaklik om ŉ samelewing te bind. Onbekendheid hou mense op ŉ afstand van mekaar. Godsdiens het ŉ rol te speel om geloof en vertroue in te skerp. Vertroue sluit aan by ander konsepte soos afhanklikheid, sorg en hoop. Dade speel ŉ belangriker rol as woorde. Samewerking is tot almal se voordeel en kan van stapel gestuur word deur ŉ handjievol mense binne ŉ gemeenskap wat hulself hiertoe verbind.

In die volgende hoofstuk sal daar gekyk word hoe hierdie hoofstuk en al die voorafgaande kan meehelp tot verbeterde praxis.



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 8

# AKSIE/VERBETERDE PRAXIS

In hierdie hoofstuk geniet die vraag "Hoe kan ons reageer?" aandag. Binne die "trialectics" van ruimtelikheid word hier gewerk met derde ruimte ("third space"). Dit verskil van die ander twee ruimtes maar sluit hulle ook in. Teenstaande/teenoorgestelde ruimtes kan hier geskep word. Dit is die ruimte van waar daar gepoog kan word om alle ander ruimtes te verstaan en te transformeer. Dit is die ruimte van radikale openheid, van sosiale stryd indien nodig. Werklike en denkbeeldige ruimtes is hier verweef. Hierdie ruimte is lewendig, dit praat. Dit is vloeibaar en dinamies. Osmer (2008) noem dit die pragmatiese taak. Dit gaan hier oor praktiese strategieë en aksies ten einde situasies of kwessies op gewenste wyses te beïnvloed. Hoe kan die empiries waargeneemde data binne die agt ruimtes van hierdie studie, die lig wat vanuit die verskillende wetenskappe hierop gewerp is en die teologiese refleksie hieroor byeengebring en benut word? Hier word 'n model vir sosiale kohesie ontwikkel en dan voorgestel om te reageer aan die hand van die konsepte van hierdie model.

## 8.1 MODEL VIR SOSIALE KOHESIE

Die gedagte hier is om 'n konseptuele raamwerk saam te stel wat riglyne verskaf om op 'n gestruktureerde wyse aandag te gee aan die praktyke wat van belang is as daar gepoog wil word om sosiale kohesie binne Suid-Afrika te bevorder. Soos in hoofstuk sewe bespreek is, kan sosiale kohesie soos volg gedefinieer word: dit is die wyse waarop daar binne 'n gemeenskap ruimte geskep word vir mekaar ten einde individue te laat voel dat hulle aan hierdie gemeenskap behoort en erken word as lede van die gemeenskap. Konsepte van belang binne hierdie model is:

- **Affiliasie** – behoort, sosiale netwerke, sosiale insluiting, gelyke geleenthede, emosionele ondersteuning, rasse- en geslagsverdraagsaamheid



© University of Pretoria

- **Persoonlike welstand** – tevredenheid met die lewe, finansiële sekuriteit, erkenning, gesondheid, persoonlike verhoudings, spiritualiteit, onderrig, opleiding

- **Veiligheid** – fisiese en emosionele sekuriteit

Dit alles vloei voort vanuit 'n basis van **Vertroue** en **Samewerking**. Die model kan visueel as volg voorgestel word:

**Figuur 2: Model vir sosiale kohesie**




Daar is reeds in hoofstuk sewe erkenning gegee aan die feit dat algehele sosiale kohesie in Suid-Afrika bemoeilik word deur die feit dat daar binne baie gemeenskappe steeds onvoldoende voorsiening gemaak word vir basiese fisiologiese behoeftes. Sonder kos en water vervaag alle ander behoeftes. Sosiale kohesie is van geen belang vir iemand wat dag na dag moet sukkel om skoon water in die hande te kry nie. Dit is ook van geen belang vir iemand wat honger is en nie elke dag kos het om te eet nie. Basiese fisiologiese behoeftes val egter onder die



© University of Pretoria

ekonomiese dimensie van sosiale kohesie en nie onder die sosio-kulturele dimensie wat hier aangespreek word nie.

Vervolgens sal gekyk word na die bydrae wat hierdie studie kan maak binne die konseptuele raamwerk van die voorgestelde model. Ten einde dit te kan doen sal die verskillende konsepte aandag geniet.

## 8.2 VERTROUE

### 8.2.1 Omskrywing van die konsep

Lewicki en Tomlinson (2003:1) beskryf vertroue as 'n individu se geloof in die woorde, dade en besluite van ander en die gewilligheid om op grond hiervan te handel. Dit is ook nodig om te besef dat mense interafhanklik is en mekaar nodig het om te oorleef. Ward, Mamerow & Meyer (2014:1) beskryf vertroue as 'n noodsaaklike komponent binne 'n samelewing of gemeenskap om dinge glad te laat verloop. Dit is die gom wat die gemeenskap bymekaar hou. Samewerking en vertroue loop hand aan hand en die een kan nie sonder die ander nie (Stolle & Harell 2013:43). In 'n studie wat Fukuyama (Ward, Mamerow & Meyer 2014:3) gedoen het oor sosiale netwerke en sosiale kapitaal, het hy gevind dat gemeenskappe en families wat sterk bande na binne het nie sulke sterk bande na buite het nie.[58] Dit bemoeilik dit vir enige iemand buite hierdie gemeenskap of groep om deel te word van die groep as gevolg van die sterk bande en vertroue wat binne hierdie groep geld. Ward, Mamerow & Meyer (2014) het 'n studie oor vertroue gedoen in ses[59] verskillende lande. Die resultate toon dat in al ses die verskillende lande die hoogste mate van vertroue wat mense toon teenoor familie is. Die gemiddelde persentasie is 98.2%. Die volgende groep wat 'n hoë gemiddeld behaal het, is bure. Hulle word gemiddeld 81.6% vertrou. Persone van 'n ander godsdienstige groep word 50.2% vertrou, buitelanders 43.6% en vreemdelinge 25% (2014:2).

In 'n studie wat Stolle en Harell (2013) gedoen het oor rasse diversiteit en vertroue

---

[58] Ek verwys ook terug na hoofstuk twee van hierdie studie (2.3)
[59] Die ses lande is: Taiwan, Hong Kong, Suid Korea, Japan, Australië en Thailand



© University of Pretoria

bevestig hulle dat rasse en etniese diversiteit vertroue bemoeilik. Kontak en interaksie tussen rasse en diverse groepe kan help om positiewe gevoelens te verhoog en vertroue te verbeter. Die studie het bevind dat jonger mense wat binne hulle sosiale netwerke meer gereeld in kontak is met ander rasse en diverse persone, 'n groter vlak van vertroue openbaar teenoor mense in die algemeen. Jonger mense blyk minder bevooroordeeld te wees teenoor mense van ander rasse en etniese agtergronde as hul eie. Hulle leef ook minder vanuit vooropgestelde idees as ouer persone. Wanneer diversiteit genormaliseer word binne die alledaagse leefwêreld verbeter hierdie kontak algemene vertroue (2013:43, 45). Die barometer vir sosiale kohesie in Suid-Afrika (vergelyk hoofstuk 7.1) dui daarop dat hierdie bevindings ook in Suid-Afrika geld.

Stephen Covey (2009:2) sê dat vertroue uit twee dimensies bestaan: karakter en bevoegdheid. Karakter behels integriteit, motiewe en voornemens in jou interaksie met mense. Bevoegdheid behels vermoëns, vaardighede, resultate en prestasies van die verlede. 'n Persoon mag opreg en eerlik wees maar as hy/sy geen resultate behaal nie sal dit moeilik wees om so 'n persoon te vertrou. Die omgekeerde is egter ook waar. 'n Persoon met goeie vaardighede, resultate en geskiedenis maar wat nie eerlik is nie, sal moeilik vertrou word.

In hoofstuk sewe (7.5) het vertroue aandag geniet en is daar gesê "trust lubricates social life." Vertroue is een van die boustene vir sosiale kohesie. Korrupsie is egter een van die vernietigers van vertroue. In Suid-Afrika waar korrupsie aan die orde van die dag is, bemoeilik dit vertroue. Korrupsie val buite die norms van *uBuntu* sowel as die Christelike geloof waarvan ongeveer 80% van die bevolking deel uitmaak.[60]

Vervolgens word gekyk hoe vertroue daar uitgesien het binne die agt ruimtes van hierdie studie.

---

[60] http://www.gcis.gov.za/sites/default/files/docs/resourcecentre/pocketguide/004_saspeople.pdf



© University of Pretoria

### 8.2.2 Vertroue binne die agt ruimtes van hierdie studie

- **St. Anne's** – Hier was nie aanvanklik enige wantroue teenoor ons as buitestaanders nie. Daar is aangeneem dat ons belangrike besoekers is en ons is na die sitplekke van die eregaste geneem. Toe dit egter aan die lig kom dat ons nie eregaste (en Rooms Katolieke) is nie het integriteit en eerlikheid geseëvier en is die situasie aangespreek en reggestel. Na my mening is dit norms wat meehelp tot vertroue. Dieselfde kan ongelukkig nie gesê word van my as die buitestaander en waarnemer nie. Ek was skepties en wantrouerig. Ek het byvoorbeeld nie kans gesien om my beursie en selfoon in die bank te los toe ek vorentoe gegaan het tydens die offergawe nie.

- **Lucas Moripe stadion** – hier het wantroue sowel as vertroue 'n rol gespeel. Die feit dat almal by die hekke deursoek word en dat selfs iets basies soos water van jou afgeneem word dui op wantroue. Dit is egter tot almal se voordeel en veiligheid dat hierdie ondersoeke gedoen word al lei dit tot erge ongerief. 'n Gebrek aan vertroue het waarskynlik 'n groot rol gespeel in die onderonsie tussen die swart en wit speler tydens die wedstryd. Die koeldrank verkoper het ons genoeg vertrou om toe te laat dat ons die koeldrank bottels hou. Daar is nie van ons verwag om dit uit te gooi in glase en dan die leë bottels terug te gee, soos wat hy met die res van die skare gedoen het nie. Die wantroue wat hy oor die algemeen openbaar is gebaseer op vorige swak gedrag by toeskouers. Die toeskouers wat in groepe bymekaar is, het 'n interafhanklikheid om sáám ondersteuning aan hul span te bied. Die Duitser wat ons na die wedstryd genader het vir 'n geleentheid na Hatfield stasie het ons op sigwaarde vertrou. Ek as waarnemer het ook hierdie ruimte met 'n groot gebrek aan vertroue betree.

- **Ooskerk** – hier is geen sigbare uitdrukking van vertroue of wantroue nie. Onderliggend aan hierdie meditatiewe diens sou mens tog sekere moontlike afleidings kon maak. Meditatiewe dienste is nog iets wat haar voete stadig



© University of Pretoria

binne die gereformeerde omgewing vind. ’n Kerkraad wat dit toelaat wys na my mening vertroue in die liturg wat hierdie dienste fasiliteer.

- **Loftus Versfeld** – dieselfde tipe wantroue wat ons by Lucas Moripe aangetref het geld ook hier. By die hekke word almal deursoek. Dit is egter tot beskerming van almal. Binne hierdie ruimte word daar verskeie kere wantroue ten opsigte van die skeidsregter uitgespreek. Hier blyk ’n interafhanklikheid te wees tussen toeskouers wat dieselfde span ondersteun om sáám hul span aan te moedig.

- **Kerk sonder mure** – ek kan nie binne hierdie ruimte iets uitlig wat ek ten opsigte van vertroue of wantroue waargeneem het nie.

- **Supersport Park** – hier het ek ’n groot stuk vertroue beleef. Kinders het die wêreld vol gehardloop en gespeel. Dit was nie net binne die familie area nie. In die breek in spel nadat Suid-Afrika al hul boulbeurte getrotseer het, het hordes mense (volwassenes en kinders) op die veld gaan krieket speel. Hulle het nie al hulle besittings met hul saamgeneem nie. Vertroue het hier geseëvier. Van hierdie mense het moontlik familie en vriende gehad wat hul besittings vir hul opgepas het. Daar was egter ook ander soos die vreemdeling wat vir ons gevra het om ’n ogie oor sy besittings te hou sodat hy en sy seun kon gaan speel.

- **CRC** – die oënskynlike goeie samewerking, verdraagsaamheid en gemoedelikheid wat mens hier ervaar straal vertroue uit. Swart en wit aanbid saam en taal blyk nie ’n probleem te wees nie. Engels en Afrikaans is gebesig al was hierdie ’n Engelse diens. Hier wil dit voorkom asof die besef homself gevestig het dat almal interafhanklik is en mekaar nodig het.

- **Silver Lakes Gholfbaan** – vertroue speel nie regtig hier ’n rol nie behalwe miskien ten opsigte van die byhou van die telling.



© University of Pretoria

### 8.2.3 Voorstel vir verbetering

Die statistieke in die studie wat voorgehou is in 8.2.1 toon dat buitelanders en vreemdelinge moeilik vertrou word. In Suid-Afrika waar verskeie verskillende gemeenskappe vreemdelinge vir mekaar is blyk dit uiters noodsaaklik te wees om maniere te vind om mekaar te bevriend sodat vreemdelinge bekendes kan word en minder van ŉ bedreiging inhou. Hier kan aanbidding en sport ŉ positiewe rol speel. Stolle en Harell (2013:44) toon dat direkte kontak meehelp om grense tussen diverse mense te skuif en dat mense van verskillende groepe ŉ oorkoepelende identiteit kan ontwikkel. So word buitestaanders en vreemdelinge ook ingesluit.

Buitestaanders en vreemdelinge sal natuurlik skepties wees wanneer hulle genader word deur mense wat hulle glad nie ken nie. Juis daarom bied aanbidding- en sportruimtes die ideale geleentheid om hierdie skeptisisme te oorbrug. Volgens die sosiale identiteit teorie[61] het mense ŉ intense behoefte om te behoort aan ŉ groep en om ŉ gevoel van eenheid met die groep te ervaar. Gemeenskaplike identiteit word versterk wanneer mense as lede van ŉ groep deel aan gemeenskaplike doelwitte, waardes en oortuigings. Selfs al is die lede van hierdie groep interpersoonlike vreemdelinge ervaar hulle gemeenskap, sosiale samehorigheid en solidariteit met mekaar.

Van die ruimtes in hierdie studie bied die ideale geleentheid om met vreemdelinge in interaksie te tree omdat hulle wat hierdie ruimtes betree dieselfde doelwitte, waardes en oortuigings deel. Van hierdie ruimtes beskik ook oor die moontlikheid om met mekaar in interaksie te tree tot verryking van die groeplede daarvan. Vervolgens word aandag geskenk aan die moontlikhede:

- **St. Anne's** – binne hierdie gemeenskap het ek as vreemdeling en buitestaander gevoel ek is welkom. Die lede van hierdie gemeenskap sou kon uitreik na Rooms Katolieke gemeentes in ander gemeenskappe, van ander rasse en etniese groeperings. As besoekers hier kan welkom voel,

---

[61] Ek verwys hier graag terug na my studie Flynn, D.S., 2011, 'n Verkennend-beskrywende prakties-teologiese ondersoek na die waarde van "liturgiese" momente binne sport gemik op liturgiese inkulturasie.



© University of Pretoria

verdryf dit die onbekendheid. Van die lede van hierdie geloofsgemeenskap is bereid om my gemeente te besoek as ek hulle sou uitnooi. Ongelukkig moet ek in skaamte sê dat hulle nie goed ontvang sal word in my gemeente as ek hulle nooi en in Engels preek sodat hulle welkom kan voel nie, self al preek ek net gedeeltelik in Engels, soos wat hulle ook gedoen het nie. Hierdie gemeente het ŉ moment binne die liturgie ingebou waar vreemdelinge aktief verwelkom word. Dit kan ŉ staande moment binne alle liturgieë wees. Sodoende word besoekers en vreemdelinge geïdentifiseer en kan daar na die erediens na hulle uitgereik word. Hierdie gemeente het moeite gedoen om ons uit te nooi en iemand saam met ons te laat eet en drink na die erediens.[62] Dit was ŉ transkulturele belewenis waar gemeenskaplike identiteit in Christus belangriker was as taal en ras.

- **Lucas Moripe stadion** – in die lig van die positiwiteit wat Suid-Afrika beleef het tydens die 2010 Sokker Wêreldbeker was ek verras om so min wit mense by hierdie wedstryd te sien. In ŉ soektog na ondersteuners van sokker statistieke (wat ek nie kon opspoor nie) het ek ŉ stelling van Brad Morgan (2010:1) raakgelees waar hy sê dat een van die vinnigste manier om die ys te breek wanneer jy met ŉ Suid-Afrikaner op straat gesels is om iets te weet van plaaslike sokker. Hy gee dan ŉ kits kursus in sokker en ŉ kort oorsig oor plaaslike sokkerspanne. Dit is bitter jammer dat ons nie die golf in stand gehou het waarop ons gery het in 2010 nie, die *"soccer Fridays"* wat ons so goeie aanknopingspunt gegee het om as onbekendes gemaklik met mekaar op straat te kon gesels nie. Fisher (2013:1) wys daarop dat sport ŉ groot verenigende faktor in Suid-Afrika is en ditself ook al by tye bewys het. Dit is egter steeds by tye ŉ groot verdelende faktor. Dit spruit uit die feit dat die meeste wit mense rugby en krieket ondersteun en die meeste swart mense sokker. Ons maak nie genoeg gebruik van die geleenthede om byvoorbeeld as wit Suid-Afrikaners sokker wedstryde by te woon en as swart mense rugby wedstryde en die geleentheid te gebruik om onder hierdie gemoedelike omstandighede mekaar beter te leer ken nie. Fisher stel voor dat kinders op laerskool vlak meer blootstelling kry aan al

[62] Die moontlikhede wat tafelgemeenskap bied sal by *affiliasie* bespreek word



© University of Pretoria

die verskillende sportsoorte sodat die wit/swart skeiding stelselmatig kan verdwyn. Wit Afrikaanse kinders wat tradisioneel rugby en krieket speel kan so ook sokker leer ken en swart kinders wat tradisioneel sokker speel kan blootstelling kry aan rugby en krieket. Hierdie voorstel stem ooreen met die wyse waarop ons vertroue kan verbeter – deur by ons jeug te begin. Groter moeite kan gedoen word om byvoorbeeld wedstryd kaartjies te borg en dit beskikbaar te stel aan skole of jeugorganisasies en kerke sodat die jeug in groepverband saam sportwedstryde kan bywoon.

- **Ooskerk** – die meditatiewe dienste wat hier aangebied word op ŉ Sondagaand het groot potensiaal. Verskillende tale word binne die liturgie geïnkorporeer en leen dit daartoe om verskillende vreemdelinge bymekaar te bring, ook vreemdelinge vanuit Noord-Afrika wat Frans magtig is. Vertroue kan hier gebou word. As hier ŉ ernstige poging aangewend word om vriendskappe te smee met vreemdelinge is daar selfs die moontlikheid om saam te gaan rugby bywoon op Loftus Versfeld wat binne loopafstand van Ooskerk is. Dit sou selfs moontlik wees om saam te gaan sokker bywoon by die Lukas Moripe stadion. Op hierdie wyse kan die onbekendheid verdryf word en vertroue gebou word.

- **Loftus Versfeld** – soos reeds genoem is, het rugby ŉ groot wit ondersteuningsbasis. Daar is egter heelwat meer swart toeskouers op Loftus as wat daar wit toeskouers op Lucas Moripe is. Gereelde toeskouers hou daarvan om sover moontlik min of meer op dieselfde plekke kaartjies te koop. Dit bied die geleentheid om die mense wat naby jou sit te leer ken. Aktiewe uitreik na ondersteuners naby jou van ŉ ander rassegroep of etnisiteit kan waarde toevoeg tot jou rugby kyk. As julle dieselfde span ondersteun, het julle dieselfde doelwit en kan julle in solidariteit met mekaar verhouding bou en vertroue ontwikkel.

- **Kerk sonder mure** – aangesien hierdie aanbiddingsruimte so naby aan Supersport Park is, bied dit ŉ gulde geleentheid aan families en gesinne. Krieketliefhebbers kan aangemoedig word om saam te gaan krieket kyk. Moeite kan dan gedoen word om langs ŉ gesin van ŉ ander rassegroep



© University of Pretoria

sambreel op te slaan op die gras of in die familie-area. In hierdie nie-bedreigende atmosfeer kan daar oor grense beweeg word en kan individue mekaar beter leer ken. In hierdie kindervriendelike omgewing kan die kinders ook heerlik saamspeel.

- **Supersport Park** – buiten CRC is hierdie die ruimte wat dit die meeste daartoe leen om vertroue te bou aangesien hier in elk geval spontane interaksie en saamspeel tussen mense plaasvind.

- **CRC** – hierdie is 'n positiewe ruimte om vertroue te bou. Swart en wit aanbid saam en het die geleentheid om mekaar beter te leer ken. Dit kan egter ook hier gebeur, soos in menige gemeentes, dat mense net op 'n Sondag na die erediens toe kom en weer huis toe gaan, dat die *homecell* groepe binne kultuurverband bygewoon word en dat daar geen wit/swart interaksie met mekaar, buite die erediens, is nie. Soos met enige verandering moet daar bewustelike besluite geneem word. Hierdie ruimte bied egter die grootste potensiaal van al die ondersoekte ruimtes. Wit en swart kan hier saamwerk (gemeente aktiwiteite), saamspeel (veral die kinders) en saamgroei (groeigroepe en Bybelstudies). Hulle sou ook geleenthede kon skep waar sportliefhebbers saam na sportbyeenkomste gaan.

- **Silver Lakes Gholfbaan** – die meeste gholfspelers speel op 'n gereelde basis gholf. Dikwels egter met dieselfde maats. Veelrassige kollegas binne werksverband sou bewustelik na mekaar kon uitreik en saam gaan gholfspeel. Dit is 'n ontspanne ruimte waar mens positiewe interaksie met mekaar kan hê – veral natuurlik na die negende en agtiende putjies.

Suid-Afrika het 'n groot uitdaging ten opsigte van vertroue. In 2013 het die Gauteng City-Region Observatory (GCRO)[63] 'n meningsopname onder 25 000 mense in Gauteng gedoen. Die uitslae is in Augustus 2014 bekend gemaak en dit toon dat swart mense wat sê dat hulle nooit witmense sal vertrou nie gestyg het van 68% in 2009 na 73% in 2013. Witmense wat sê dat hulle nooit swartmense sal vertrou nie

[63] Dit is 'n vennootskap tussen die Universiteit van Johannesburg, die Universiteit van die Witwatersrand, die Gauteng regering en die SA Local Government Association



© University of Pretoria

het gestyg van 40% na 44%. Die artikel in *News 24*[64] wat hieroor berig sluit af met die woorde van prof. David Everatt wat die uitvoerende direkteur van GRCO is: "Racial attitudes is a mess in the country." Dit is 'n aanklag in 'n land waar so 'n groot persentasie mense hulself beskou as Christene. Dit is hier waar die waarde van hierdie studie uitgelig kan word. Al agt ruimtes bied die moontlikheid om vertroue te bou. Dit is 'n klein begin maar dit het die potensiaal om uit te brei. 'n Meningsopname binne 'n ruimte soos CRC en Supersport Park sal van waarde kan wees. Dit sou kon toon of bekendheid met mekaar oor rassegrense heen vertroue verbeter of nie.

## 8.3 SAMEWERKING

### 8.3.1 Omskrywing van die konsep

Diekmann & Lindenberg (2001:2) definieer samewerking as die optrede van 'n persoon wat 'n plan van aksie kies wat sal lei tot 'n kollektiewe rasionele uitkoms tesame met ander rolspelers wat ook kies om samewerkend op te tree. Netwerke speel 'n rol in samewerking omdat mense dikwels omgee wat ander mense van hulle dink en oor hulle sê. Hulle wys op die belangrike rol wat vertroue speel ten einde samewerking moontlik te maak (2001:8). Hercock (2009:loc.2973-2982) sê dat ten einde by samewerking uit te kom 'n basis van vertroue noodsaaklik is. Vertroue skep ruimte. Die hele proses van samewerking maak dit moontlik vir groter hoeveelhede mense en gemeenskappe om voordeel te trek uit die geskepte ruimte. Sodoende word die kollektiewe waarde uitgelig.

Individue is bereid om met mekaar saam te werk wanneer hierdie samewerking bydrae tot mekaar se welstand. Wat samewerking behels wissel van situasie tot situasie. Soms beteken dit om by te dra tot openbare welstand, ander kere kan dit wees om nie te veel van 'n gedeelde hulpbron te gebruik nie, soms is dit net om ander se welstand en gerief bo jou eie te stel (Van Lange *et al.* 2014:5). Diekmann & Lindenburg (2001:1) sê dat samewerking die resultaat is van gedeelde waardes en norms en dan gedrag wat voldoen aan hierdie waardes en norms. In 'n ideale wêreld

[64] http://www.news24.com/SouthAfrica/News/Blacks-whites-dont-trust-each-other-survey-20140814



© University of Pretoria

sou dit so kon wees maar dit is so dat mense binne dieselfde kultuur nie eers almal dieselfde waarde en norm struktuur aanvaar en daarvolgens leef nie.

Daar is soms ŉ baie fyn lyn tussen die voor- en nadele van samewerking. Van Lange *et al.* 2014:7) gee twee voorbeelde en hieruit blyk dit weereens dat samewerking en vertroue hand aan hand loop. Die eerste voorbeeld handel oor die verhouding wat daar tussen die VSA en die Sowjet-Unie was tydens die koue oorlog ten opsigte van ontwapening. Dit sou vir beide lande die beste wees as hulle albei tegelykertyd ontwapen. As net een van die partye ontwapen sou dit die ander land baie kwesbaar laat. Hierdie twee lande het vir baie lank gewapen gebly omdat hulle mekaar nie vertrou het nie. Nie een van die twee wou die kans vat om te ontwapen en te vertrou dat die ander een dit wel ook sal doen nie. Die tweede voorbeeld is wanneer twee atlete wat regverdig teen mekaar wil meeding nie opkikkers gebruik om hul prestasie te verbeter nie. As een atleet egter vermoed dat die ander een wel opkikkers gebruik, is dit waarskynlik beter om self ook opkikkers te gebruik ten einde onregverdige kompetisie te vermy. Van Lange *et al.* (2014:11) noem sulke situasie sosiale dilemmas. Dit is situasies waar dit vir individue aanloklik is om nie-samewerkend op te tree omdat dit vir die individu ŉ beter uitkoms (op die kort termyn) verseker. Dit is egter so dat as die meerderheid persone binne ŉ gemeenskap kies om nie-samewerkend op te tree dit op die lang termyn negatiewe gevolge vir almal inhou.

Drie praktiese voorbeelde in Suid-Afrika kan voorgehou word. Eerstens die versoek wat menige aande op die televisieskerm verskyn dat energie verbruik hoog is en dat almal asseblief toestelle moet afskakel. Hoeveel mense doen dit? Die oorgrote reaksie is waarskynlik dat iemand anders dit wel sal doen en daarom gaan ek nie nou moeite doen om op te staan en dit te doen nie. Watter verskil sal dit nie aan die land se energie verbruik maak as elke individu wel erns maak hiermee nie?

Die tweede voorbeeld is herwinning. Die ekologie benodig almal se samewerking. Tog werk nie almal saam om afval te herwin nie. In Suid-Afrika word 108 miljoen ton totale afval gegenereer. 55% hiervan is algemene afval wat huishoudelike afval insluit. Slegs 10% van alle afval word hersirkuleer. Ongeveer 9 miljoen ton se



© University of Pretoria

voedsel afval word jaarliks gegenereer. Dit terwyl Suid-Afrika nie oor behoorlike voedselsekuriteit beskik nie.[65]

Die derde voorbeeld spruit uit ‘n gesprek wat ek op 12 Februarie 2015 met Malwande Mdonga[66] gehad het. Hy doen diens as vrywilliger by die Traumasentrum by die Garsfontein Polisiestasie en ek het so met hom in kontak gekom. Hy is ‘n opgeleide predikant binne die Gereformeerde kerk maar is nog nie georden nie. Hy het meegehelp om ‘n Engelse multikulturele diens te vestig in die Afrikaanse gemeente waar hy werk. Hy werk ook onder buitelanders wat deurloop onder xenofobie en ons het ‘n goeie gesprek hieroor gehad en wat hy beleef as die oorsaak hiervan. Dit is egter nie nou ter sake nie. Wat wel ter sake is, is die gebrek aan samewerking wat hy ervaar. Alhoewel hy goeie werk doen en baie mense tot die gemeente toevoeg is daar wantroue en baie teenkanting teen sy gebruik van die fasiliteite van die gemeente.

Pieterse (2001:111-129) wys op die praktiese wyse waarop gemeenskapsprojekte, gemeenskapsontwikkeling en die kerk wat haar diakonale en koinoniale taak ernstig opneem, ‘n verskil binne plaaslike gemeenskappe in Suid-Afrika kan maak. Die kerk as gemeenskap behoort kerk vir andere te wees. God is ‘n God-vir-mense (Pieterse 2001:120). God is aan die werk in Suid-Afrika en die kerk is bevoorreg om hierin te kan deelneem. Alle mense se menswaardigheid moet egter ten alle tye in ag geneem word.

In hoofstuk sewe (7.5) is verwys na Axelrod (2006) wat die belangrikheid van tydsduur binne ŉ verhouding van samewerking uitlig. As daar ŉ langtermyn verbintenis tussen mense of binne ŉ gemeenskap bestaan sal hulle meer geneig wees tot samewerking as wanneer die duur van die verhouding kortstondig is. Dit is egter nie net die duur van die verhouding wat belangrik is nie, dit is ook die beskikbaarheid van tyd om wel saam te kan werk. Frazee (2003:loc.223) bespreek die behoefte om die verskillende verhoudings in ŉ mens se lewe te bestuur. Hy noem dit “making room for life.” Daar is ontsettend baie verskillende aktiwiteite en

---

[65] Hierdie statistieke is beskikbaar by www.urbanearth.co.za

[66] Hy het sy toestemming verleen dat ek sy naam mag noem en oor ons gesprek kan skryf



© University of Pretoria

verhoudings wat aanspraak maak op elke individu se tyd. In die moderne samelewing word baie tyd daagliks aan pendel bestee. Putnam (Frazee 2003:loc.263) het ŉ formule daargestel wat aantoon dat vir elke tien minute wat jy aan reistyd spandeer, verminder jy jou sosiale kapitaal (tyd wat jy aan verhoudings kan spandeer) met tien persent. Frazee toon aan dat hierdie berekeninge daarop dui dat daar gemeenskappe is wat nie net geen sosiale kapitaal aan die einde van die dag oorhet nie maar selfs in sosiale skuld ingaan. As sosiale wesens wat daagliks kwalitatiewe en kwantitatiewe interaksie met mense benodig om te oorleef, is gemeenskappe in die moeilikheid. Frazee wys verder daarop dat baie mense na die kerk toe draai om hul probleem van alleenheid en diskonneksie op te los. Dit is ook reg so omdat dit aansluit by die verwagtinge wat daar gekoester word van die kerk en van navolgers van Christus. Die verwagting van die kerk is dat sy en haar mense sal uitreik en ŉ funksionerende gemeenskap daar sal stel waar mense kan tuis voel, kan behoort, hul vrese en drome kan deel, saam in interaksie kan verkeer. Dit is iets anders as om net tussen mense te wees soos byvoorbeeld binne ŉ inkopiesentrum – sáám met mense maar met geen werklike interaksie nie.

### 8.3.2 Samewerking binne die agt ruimtes van hierdie studie

Vertroue en samewerking oorvleuel grootliks. Hier is niks wat ek tot die ruimtes wil byvoeg wat nie reeds tydens *vertroue* na vore gekom het nie.

### 8.3.3 Voorstel vir verbetering

Daar is gesien dat individue bereid is om met mekaar saam te werk wanneer hierdie samewerking bydrae tot mekaar se welstand. Samewerking in Suid-Afrika word egter bemoeilik vanweë die gebrek aan vertroue. Statistieke wat reeds aangehaal is toon dat 73% swart mense nooit wit mense sal vertrou nie en so ook sal 44% witmense nooit swart mense vertrou nie. Dit is skrikwekkende statistiek. President Zuma se uitlating op 9 Januarie 2015 tydens ŉ fondsinsameling geleentheid rondom die ANC se eenhonderd en derde verjaardag viering: “All the trouble began in 1652 when Jan



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van Riebeeck landed in the Cape”[67], dra nie daartoe by om wit en swart te versoen nie. Wit mense voel reeds nie meer altyd welkom in Suid-Afrika nie en so ‘n uitspraak bevestig dit. Dit is hulle president wat so uitlating maak. Swart mense wat wit mense nie vertrou nie hoor so uitspraak van hulle president en sien dit as bevestiging van wat hulle voel, naamlik dat hulle wit mense nie kan vertrou nie. Dit is witmense se aankoms in Suid-Afrika wat alle moeilikheid begin het…

Die Suid-Afrikaanse barometer vir rekonsiliasie in Suid-Afrika[68] toon dat daar ŉ groot afname in die begeerte by Suid-Afrikaners is om te verenig. In 2003 was die begeerte om te verenig 72.9% en in 2013 het dit verlaag na 55%. Op hierdie webtuiste word die volgende oor rekonsiliasie gesê: “Reconciliation requires that South Africans feel like they belong to a common national identity which is inclusive, rather than exclusionary, and in which they can trust one another”. As daar dan na die statistieke gekyk word besef mens dat ons mekaar nie vertrou nie en dat dit samewerking tot die uiterste bemoeilik.

Kerke in Suid-Afrika sal meer sigbaar te werk moet gaan om vertroue, samewerking en rekonsiliasie te verbeter. Hande sal gevat en geleenthede geskep moet word waar daar saam aanbid kan word sodat die onbekendheid met mekaar oor rasse grense heen verbreek kan word. ŉ Opvolg studie sou gedoen kan word om te ondersoek of waar rasse wel saam aanbid die statistieke ten opsigte van vertroue, samewerking en rekonsiliasie beter lyk. In hoofstuk sewe is daarop gewys dat by wedersydse samewerking dade ŉ belangriker rol speel as woorde. Daar kan dus nie net hieroor gepraat word nie. Iets daadwerkliks moet gedoen word.

Samewerking is makliker binne ŉ nie-bedreigende omgewing. Sport bied wonderlike geleenthede hiertoe. Indien daar oor rasse grense heen, in ŉ gemaklike omgewing ŉ gesamentlike doel navolg word – om dieselfde span aan te moedig en te ondersteun – kan daar nader aan mekaar beweeg en mekaar beter leer ken word. Om mekaar beter te leer ken is kommunikasie belangrik. Dawes (1980:186) bespreek die waarde wat kommunikasie bied tot beter samewerking. Hy lig veral aangesig-tot-aangesig

[67] http://www.publicnewshub.com/jan-van-riebeeck-statement-lands-zuma-hot-soup/
[68] http://reconciliationbarometer.org/2015/01/sarb2014-findings/



© University of Pretoria

kommunikasie uit. Daar is drie aspekte ten opsigte van kommunikasie wat van belang is te midde van sosiale dilemmas soos wat in Suid-Afrika beleef word. Ten eerste het dit die waarde dat die persone wat met mekaar in kommunikasie tree mekaar leer ken as mense ("*human beings*"). Tweedens bied dit die geleentheid om met mekaar te praat oor die dilemmas. Derdens bied dit die geleentheid vir mense om hulself te verbind daartoe om anders op te tree.

Ek het tydens ŉ *Self awareness* kursus wat ek in Julie 2013 bygewoon het iets beleef van die waarde van sodanige kommunikasie oor grense heen. Tydens die kursus was daar *buddy* sessies waar daar in klein groepies van drie persone elk verdeel is. Die groeplede het geroteer en tydens die duur van die kursus het almal mekaar op ŉ persoonlike vlak leer ken. Dit is werklik so dat aangesig-tot-aangesig kommunikasie met ŉ persoon van ŉ ander ras help om tot die begrip te kom dat almal ewe mens is met dieselfde uitdagings binne gesinsverband, familieverband, werksverband, gemeenskapsverband en so meer. So ŉ ervaring verruim ŉ mens. As dit egter net af en toe gebeur is ŉ mens geneig om die waarde wat dit bied te verloor. Dit mag een van die redes wees waarom die statistieke toon dat jonger mense makliker oor grense heen met mekaar oor die weg kom. Hulle gaan saam skool en is daagliks met mekaar in kontak. Ouer mense in Suid-Afrika beweeg moeiliker oor grense heen om van aangesig-tot-aangesig met mekaar in kontak te kom. ŉ Goeie voorbeeld hiervan is ŉ geleentheid waarvan Cas Wepener (2012:302) vertel waar sy dogtertjie tydens ŉ verjaardagpartytjie aan haar Ouma wat praat van ŉ swart dogtertjie vra: "Wat bedoel jy met ŉ swart dogtertjie, wat is ŉ swart dogtertjie?" Vir haar as jongmens is daar net dogtertjies en nie swart of wit nie.

Die Oostelike Sinode van die NG Kerk sê in haar Agenda van 2014 (NG Kerk 2014:53) dat ŉ goeie manier van samewerking binne ŉ dorp (of dan ŉ gemeenskap) is om ŉ netwerk vir hersirkulering te begin. In 8.3.1 hierbo is die statistieke getoon van die hoeveelheid afval wat in Suid-Afrika gegenereer word. In Pretoria is dit nie moeilik om papier te hersirkuleer nie. Ronnie[69] sakke is geredelik beskikbaar en word weekliks by huise opgelaai. Glas is egter ŉ ander saak. In die omgewing waar ek bly het die plaaslike laerskool vir ŉ paar jaar die hersirkulering van glas behartig. Hulle

[69] http://www.mpactrecycling.co.za/



© University of Pretoria

het egter opgehou daarmee en sedertdien sukkel ek om 'n werkbare oplossing te kry vir die glas binne ons huishouding. In ons onmiddellike omgewing is vyf kerke maar nie een van hulle het 'n glasherwinningshouer nie. Elke gemeente sou dit kon oorweeg om ten minste 'n papier en 'n glas herwinningshouer binne hul gemeente gronde te hê. 'n Soektog op die internet[70] toon dat daar wel gemeentes in Pretoria is wat glashouers het maar hulle is in die minderheid. Plekke van aanbidding word aangetoon as een van die ideale plekke om 'n glashouer te plaas.[71] Hierdie houers is gratis beskikbaar en daar is maatskappye wat dit gratis kom leeg maak. Een so houer kan 1800 bottels of 600kg berg. Die statistieke van hoeveel energie bespaar word met een so gevulde houer is indrukwekkend.[72] Daar kan op 'n gereelde basis maar net geluister word na die energie- en ekologiekrisis en daaroor gekla word of gemeentes kan eenvoudige stappe soos hierdie implementeer. 'n Projek soos hierdie bied die geleentheid aan 'n aanbiddingsruimte om waarde toe te voeg binne die plaaslike gemeenskap en so hande te vat met skole en ander ruimtes wat ook afval genereer maar wat nie noodwendig herwinningshouers het nie.

## 8.4 AFFILIASIE

### 8.4.1 Omskrywing van die konsep

Affiliasie kan beskryf word as die behoefte om saam met andere te wees en te behoort. Hierdie behoefte affekteer mense se kognitiewe vermoëns, emosies en optrede en kan negatiewe gevolge hê as dit kronies onvervuld bly (Gere & MacDonald 2010:110). Dit hou ook verband met dinge soos sosiale netwerke, sosiale insluiting, gelyke geleenthede, emosionele ondersteuning, rasse- en geslagsverdraagsaamheid.

Swann *et al.* (2012:441) wys daarop dat mense daagliks buitengewone dinge doen ter wille van hul sosiale groepe. Hulle waag hul lewens, blaas hulself op, skenk al hul geld en besittings. 'n Gevoel van eenheid met die groep ontstaan en identiteit fusie

---

[70] http://www.theglassrecyclingcompany.co.za/recycling-at-home-work-school/find-a-glass-bank/
[71] http://www.theglassrecyclingcompany.co.za/application-for-placement-of-glass-banks/
[72] http://www.theglassrecyclingcompany.co.za/energy-calculator/?page_id=1076



© University of Pretoria

vind plaas waar daar later nie meer ŉ onderskeid is tussen ŉ persoon se persoonlike identiteit en die identiteit van die groep nie. Die grens tussen die twee raak hoogs deurlaatbaar en die invloed daarvan is wederkerig. So ŉ persoon sal na hom/haarself kyk deur hul affiliasie met die groep – "my groepslidmaatskap is ŉ belangrike deel van wie ek is." Hy of sy sal egter ook na die groep kyk deur hul persoonlike self – "ek is ŉ belangrike deel van die groep." Hierdie sterk identifikasie met die groep sluit nou aan by die konsep van *uBuntu* wat in hoofstuk 7 (7.4) bespreek is. Ek is wie ek is deur ander. Persoonlike identiteit bly behoue terwyl die belange van die groep belangrik is. Mense voel bemagtig om in belang van die groep op te tree. Hulle is egter gewillig om die groep te verander as dit tot voordeel van almal sal wees. Hier is nie net ŉ slaafse, irrasionele navolging van die groep nie. Hierdie tipe affiliasie of fusie maak dit moontlik om oor grense heen te affilieer. ŉ Persoon kan sodoende deel wees van byvoorbeeld sy/haar plaaslike gemeente maar ook van Christene oor die land heen (Swann *et al.* 2012:451-452).

In die wegbeweeg van Modernisme waar die klem sterk op die individu was, raak netwerke, groepe en groepsidentiteit toenemend belangrik. Mense het ŉ behoefte aan sinvolle verhoudings en om in gemeenskap te wees met andere (Niemand 2007:19, 21, 31). Inherent het die mens ook ŉ diep behoefte om sy/haar lewe te wy aan iets wat groter is as die self, iets wat sin gee en wat help om te weet dat jou lewe betekenis het. Onderliggend aan al die selfliefde en selfsugtigheid van ons tyd is daar 'n diep menslike honger om deel te wees van ŉ groter geheel, om saam met andere iets betekenisvols te doen (Long 2001:19).

### 8.4.2 Affiliasie binne die agt ruimtes van hierdie studie

Affiliasie binne die vier aanbiddingsruimtes is gebaseer op die gemeenskaplike doel om onder andere God saam te aanbid. Affiliasie binne die vier sportruimtes is gebaseer op die gemeenskaplike doelwit om saam ŉ gemeenskaplike sportspan te ondersteun. Die affiliasie wat binne hierdie ruimtes ervaar en beleef word, gaan nie noodwendig buite hierdie ruimtes voort nie maar die moontlikheid word hier geskep



© University of Pretoria

dat dit tog wel kan voortgaan. Affiliasie tussen hierdie verskillende ruimtes heen is ook moontlik en kan verruimend vir die lede daarvan wees.

### 8.4.3 Voorstel vir verbetering

Swann *et al.* (2012:445) bring identiteit fusie in verband met ʼn sterk affiliasie tot ʼn persoon se land van herkoms. Dit kan geverbaliseer word deur stellings soos: “Ek is een met my land, ek het ʼn diep emosionele band met my land, my land is ek, ek sal enige iets vir my land doen, ek is sterk as gevolg van my land, ek maak my land sterk.” ʼn Sterk identiteitsgevoel met ons land was eens op ʼn tyd eie aan Afrikaner wees en het tot uitdrukking gekom in die vorige volkslied van Suid-Afrika. Een van die strofes van die Stem van Suid-Afrika het soos volg gelui: *Ons sal antwoord op jou roepstem, ons sal offer wat jy vra: Ons sal lewe, ons sal sterwe – ons vir jou, Suid-Afrika.*[73] Hierdie affiliasie was nie tot voordeel van almal in ons land nie en die idee is nie dat daar terug gekeer moet word tot apartheid nie. As iets van hierdie identiteitsgevoel met ons land egter weer kan herleef kan dit alle Suid-Afrikaners ʼn gemeenskaplike doelwit gee wat nagestreef kan word en kan dit so gesamentlike groepsidentiteit bevoordeel. Dit sou dan ook kon meehelp om van ‘n eksklusiewe na ‘n inklusiewe identiteitsgevoel te beweeg.

Suid-Afrika se nuwe volkslied word by elke sport byeenkoms gesing. Hoeveel mense weet regtig wat dit wat gesing word beteken? As daar moeite gedoen kan word om wel te weet wat dit beteken kan dit moontlik ʼn nuwe affiliasie gevoel tot ons land meebring. Kerke kan hierin ʼn rol speel deur moeite te doen om lidmate te leer wat die volkslied beteken. As die hele *Nkosi Sikelel’ iAfrika*, waarvan net ʼn gedeelte in die gesamentlik volkslied ingesluit is, vertaal word, is dit ʼn pragtige lied wat selfs as deel van ons liturgie gesing kan word. Ek hou graag twee weergawes voor:

---

[73] http://www.roepstem.net/stema.html



© University of Pretoria

**Tabel 7: Volkslied van Suid-Afrika**

| | |
|---|---|
| Nkosi Sikelel' iAfrika<br>Maluphakanyisw' uphando lwayo<br>Yiva imithandazo yethu<br>Nkosi sikelele<br>Thina lusapho lwayo<br><br>Yiza Moya (Yiza, Yiza)<br>Yiza Moya (Yiza, Yiza)<br>Yiza Moya oyingcwele<br><br>Nkosi sikelele<br>Thina lusapho lwayo<br>Morena boloka sechaba sa heso<br>O fedise dintwa le matswenyeho<br>Morena boloka sechaba sa heso<br>O fedise dintwa le matswenyeho<br>O se boloke (O se boloke)<br>O se boloke (O se boloke)<br>Sechaba sa Heso<br>Sechaba sa Afrika[74]<br><br>(saamgestel uit Xhosa, Sesotho en Zoeloe) | Seën ons Here God, seën Afrika,<br>Laat sy mag tot in die hemel reik,<br>Hoor ons as ons in gebede vra,<br>Seën ons in Afrika,<br>Kinders van Afrika.<br><br>Daal neer o Gees, Heilige Gees,<br>Daal neer o Gees, Heilige Gees,<br>Kom woon in ons,<br>Lei ons, O Heilige Gees.<br><br>Hou U hand o Heer oor Afrika,<br>Lei ons tot by eenheid en begrip,<br>Hoor ons as ons U om vrede vra,<br>Seën ons in Afrika,<br>Kinders van Afrika.<br><br>Seën ons Here God, seën Afrika,<br>Neem dan nou die boosheid van ons weg,<br>Maak ons van ons sonde ewig vry,<br>Seën ons in Afrika,<br>Kinders van Afrika.[75] |

Sport het dit al by meer as een geleentheid reggekry om tydelik aan die Suid-Afrikaanse bevolking 'n gemeenskaplike doelwit te gee. Hier kan gedink word aan die 1995 en 2007 Rugby Wêreldbeker en die 2010 Sokker wêreldbeker. Sport kan tot 'n groter mate benut word en samewerking tussen skole, kerke en ander organisasies is nodig. Hier kan verwys word na inisiatiewe soos Operasie Mobilisasie se SportsLink[76] wat oor denominasie grense heen met kerke saamwerk. Hulle poog om gemeenskappe binne Suid-Afrika met sport te bedien en daardeur liefde en hoop binne lewens en gemeenskappe te bring. Dit bied dan ook die moontlikheid om verandering teweeg te bring. *Ubabalo*[77]is 'n ander inisiatief wat deur middel van sport die uitdaging van vaderloosheid in Suid-Afrika aanspreek. 'n *Ubabalo* afrigter gebruik

---

74 http://www.roepstem.net/stema.html
75 http://www.endarkenment.com/kwanzaa/nkosi/versions.htm
76 http://omsouthafrica.org/sportslink
77 http://www.max7.org/resource.aspx?channel=ubabalo



© University of Pretoria

sport as ŉ mikrokosmos van die lewe om gesonde lewenswaardes vas te lê tydens gereelde sportsessies binne gemeenskappe.[78]

Dit wil lyk asof mense ŉ gemeenskaplikheid terug vind tydens sportbyeenkomste, as deel van sportspanne en van sport gemeenskappe. Hirsch (2009:49) sê: "We would do well to remember that people are motivated by their deepest pleasures, and if we can connect these to God, we will have established a vital bridge into the lives of those around us. Pleasure can be a great motivator for God." Dit verwys terug na die belangrike punt dat ons hele lewe aanbidding van God insluit. Deel van ons "aanbidding", ons gemeenskap van Christus wees, kan ook gebeur waar ons sport beoefen en waar ons toeskouers is by ŉ sportbyeenkoms. Ons kan ook dáár Sy liefde en omgee deel met diegene rondom ons, en ons is ook dáár liggaam van Christus – Sy arms, Sy mond, Sy hande, Sy voete. So word ons 'n brug, 'n getuienis dat God Hom wil bemoei met elke aspek van ons lewens.

In Julie 2014 nadat ek die *Rhodes Trail Run* gehardloop het en maande se oefen daaraan spandeer het, het ek na ŉ volgende oefen doelwit gesoek. Die oefen vir hierdie wedloop was baie individualisties en ek het behoefte gehad aan ŉ doelwit saam met ander. Ek het begin rondsoek en gesien dat ŉ mens aan die Momentum 94.7 fietswedren kon deel neem as deel van ŉ span en dat dit onder die vaandel van *ride for a purpose* gedoen word. Dit het my opgewonde gemaak en ek het besluit om ŉ liefdadigheidsorganisasie wat nog nie op die 94.7 se lys was nie te registreer. Dit is *Echo Jeugontwikkeling*, wat baie goeie werk oor rassegrense heen, in Pretoria, Centurion, Johannesburg en Kaapstad doen. Ek moes ten minste twintig fietsryers kry wat bereid was om saam te ry ten einde te kwalifiseer om die organisasie van my keuse te registreer. Hier kon ek in aksie sien hoe die behoefte om as deel van ŉ groep aan ŉ gesamentlike doelwit deel te neem manifesteer. Ons was op die ou einde nege en twintig ryers wat byeengekom het uit verskeie oorde – bure, gemeentelede, kennisse van kennisse ensovoorts. Die doel van ons ryery was om geld vir liefdadigheid in te samel en dan as groep natuurlik vir ons spesifieke organisasie. Hier kon mens duidelik sien hoe sommige lede die doelwit van die groep

---

[78] Vir meer inligting oor die waarde van hierdie sportprogramme cf. Flynn 2012



© University of Pretoria

baie ernstig opneem en hoe ander net deel is van die behoort aan ter wille van hul eie bevrediging. Ons het minder ingesamel as wat ek graag sou wou maar dit was tog aan die einde ŉ goeie bedrag geld wat ŉ verskil in die *Echo* gemeenskap kan maak. Hierdie spesifieke groepaffiliasie kan vorentoe weer benut word, weer vrug dra en selfs uitbrei. Sport bied toenemend geleentheid tot sulke inisiatiewe. Gemeentes kan die passie van individue benut om oor gemeentegrense binne gemeenskappe ŉ verskil te maak. Sport is ŉ baie nuttige hulpmiddel hiervoor.

Nie almal aanbid vandag meer op dieselfde wyse nie en in Suid-Afrika is daar meerdere stemme wat opgaan vir geloofsbeoefening buite die tradisionele manier van doen. Tog is dit opmerklik dat selfs binne hierdie alternatiewe denkgroepe daar steeds ŉ behoefte is aan gesamentlike aanbidding of dan net ruimte skep vir saamwees. Hier kan as voorbeelde dien drs. Abel Pienaar en Flip Schutte wat die Renaissance Spirituele Gemeenskap[79] begin het, prof. Julian Müller wat ons help om te besef dat ons moet en mag dink oor ons geloof en dat ons geloof ŉ lewe van besinning moet meebring wat veel meer is en verder gaan as georganiseerde godsdiens op ŉ Sondag (Müller 2014). ‘*Geloof anderkant Sondag*’, soos die titel van Müller se nuutste boek ook lui, beteken nie dat ons ons hoef los te maak van georganiseerde godsdiens nie, geloof behels net soveel meer as bloot Sondag aanbidding en aanbidding binne ŉ erkende aanbiddingsruimte. Dit is dan wat hierdie studie ook wil uitlig. Ons aanbid God ook binne sportruimtes want Hy is deel van ons hele menswees. Verskillende maniere van aanbid bied verskillende affiliasie geleenthede.

Sosiale netwerke word met groot sukses ingespan vir diegene wat verkies om via sosiale media te aanbid. Ekerk is ŉ voorbeeld hiervan.[80] Hulle bediening vind hoofsaaklik via die internet plaas maar Facebook en Twitter word ook suksesvol ingespan. Ekerk is ook betrokke by noodprojekte en ander bedienings. Nog ŉ voorbeeld is Echo Jeugontwikkeling[81] van Jaco Strydom. Hy het op ŉ punt gekom waar hy gesê het dat hy nie langer kans sien om net oor geloof te praat nie. Jesus het gedoen en as navolgers van Jesus moet geloof in dade sigbaar wees. Echo het

---

[79] http://www.renaissancegem.co.za/
[80] http://www.ekerk.org/
[81] http://www.echoyouth.co.za/



© University of Pretoria

verskeie huise in Pretoria, Johannesburg, Centurion en Kaapstad waar jongmense wat geen ander heenkome het nie ingeneem word en as ŉ gemeenskap oor rassegrense heen saam leef. Vir Echo is dit belangrik om nie vir jongmense in nood iets te gee nie maar wel iemand, ŉ persoon of persone wat vir hulle omgee. Die behoefte aan affiliasie, om te behoort word aangespreek. Vir hulle is saamleef maar veral saameet baie belangrik. Mense in die gemeenskap rondom die huise word weekliks uitgenooi om saam met die huisgemeenskap te kom eet sodat hulle mekaar kan leer ken en in mekaar se lewens kan deel.

Wepener (2010) sluit hierby aan as hy wys op die aardsheid en belangrikheid van saameet. In die voorwoord tot Wepener se boek *Aan tafel met Jesus* sê Coenie Burger: "Die evangelie van Jesus Christus was nooit bedoel om bloot geglo en vertel te word nie. As ons dit regtig glo, moet ons dit ook leef en doen. Die evangelie is bedoel vir die lewe" (Wepener 2010:ix). Aan tafel is ŉ goeie geleentheid om mekaar beter te leer ken en sosiale verhoudings te bou. Hierdie tafel kan die braaivleis vuur by Loftus Versfeld of Supersport Park wees waarheen ek my swart kollega en sy gesin nooi of die potjiekos geleentheid by die kerk waarheen ek my huishulp en haar gesin, saam met wie ek nog nooit geëet het nie, nooi. So kan eet ŉ nuwe manier van gesamentlike aanbidding word.

Die beweging *Fresh expressions*[82]poog om maniere te vind om kerkwees te neem na hulle wat nie na 'n kerk sal kom nie. Hier geld die beginsel dat ek na jou sal kom, daar waar jy gemaklik is en dan kan ons saam kerkwees. Ten opsigte van hierdie beginsel bied sport ruimtes weereens 'n gulde geleentheid. Daar is letterlik honderde mense wat nie noodwendig in 'n kerk kom nie maar wat week na week hul *aanbiddingsruimte*, die sportveld, betree. Net daar kan ons binne hulle *aanbiddingsruimte* sáám kerk wees, as ons net anders kan begin dink oor kerkwees.

Affiliasie is ŉ belangrike deel van menswees en een van die hoekstene van sosiale kohesie. Daar sal nou gekyk word na persoonlike welstand as ŉ verdere konsep binne die raamwerk van sosiale kohesie.

---

[82] http://www.growingthechurch.org.za/site/fresh-expressions.aspx



© University of Pretoria

## 8.5 PERSOONLIKE WELSTAND

### 8.5.1 Omskrywing van die konsep

Elke persoon het die behoefte om te word wat hy/sy inherent is en wat hy/sy in staat is om te wees, met ander woorde om jou volle potensiaal te bereik. Wat dit is wissel van persoon tot persoon. Dit kan wees om jouself te kan uitdruk in musiek, om jouself uit te druk as atleet, om die ideale pa of ma te wees. Die bereiking van jou potensiaal bring vervuldheid mee. Wat baie nou hierby aansluit is die mens se soeke na betekenis (Maslow 1943:loc.182-191, 221). Studs Terkel (Freedman 2005:ii) het die volgende opmerking gemaak: "Americans head off to their jobs each day as much for daily meaning as for daily bread".

Rath & Harter (2010:3-4) wys daarop dat welstand nie maar net daaroor gaan om gelukkig of ryk of suksesvol of gesond te wees nie. Mense koop maklik boeke of programme wat beloftes maak om jou te leer om geld te maak of om gewig te verloor of om jou verhoudings te verbeter. Mense sal dan vir 'n ruk hiertoe verbind wees maar dit is nie iets wat hou nie. Winston Churchill[83] het gesê: "Continuous effort – not strength or intelligence – is the key to unlocking our potential". Die rede hoekom mense nie aanhou nie is waarskynlik omdat hierdie boeke of programme net op een aspek van die lewe fokus. Ten einde algehele welstand te verseker moet 'n mens se lewe in balans wees. Gallup (Rath & Harter 2010:6-7) het 'n wêreldwyse studie in meer as eenhonderd en vyftig lande gedoen om te bepaal wat die vyf essensiële elemente is vir 'n lewe wat betekenisvol is. Gallup[84] het bevind dat dit die volgende elemente is:

- Loopbaan welstand – hier is dit belangrik om te hou van dit wat jy elke dag doen. As jy daagliks kan uitsien na dit wat jy moet doen bied loopbaan welstand die grootste potensiaal op 'n algehele gelukkige lewe.

[83] http://www.brainyquote.com/quotes/quotes/w/winstonchu385862.html
[84] http://www.wbfinder.com/home.aspx



© University of Pretoria

- Sosiale welstand – dit behels al die verhoudings wat deel van jou lewe uitmaak. Dit word beïnvloed deur nabye verhoudings en sosiale konneksies. Vir elke uur sosiale tyd wat ŉ persoon per dag bestee styg die moontlikheid om ŉ goeie dag te beleef en daal die moontlikheid om ŉ slegte dag te beleef.

- Finansiële welstand – algehele finansiële welstand is hier ter sprake en nie net inkomste nie. Daar is bevind dat geld wat spandeer word aan ervarings groter welstand teweegbring as geld wat spandeer word aan materiële aankope. Materiële dinge vervaag maar ervarings kan vir ewig herleef word.

- Fisiese welstand – dit gaan hier oor goeie gesondheid en genoeg energie om daagliks te doen wat jy moet doen. Gereelde oefening verhoog welstand en daaglikse energie vlakke.

- Gemeenskapswelstand – hier gaan dit oor die trots wat jy het ten opsigte van jou gemeenskap. Daar is bevind dat as jy as ŉ vrywilliger binne jou gemeenskap werk dit die gemeenskap bevoordeel maar ook bydra tot jou eie welstand. Dit verhoog die persoon wat gemeenskapswerk doen se leer en belangstellingsvlak op ŉ daaglikse basis.

Persoonlike welstand is universeel oor gelowe, kulture en nasionaliteite heen. Vir baie mense is hul spiritualiteit onderliggend aan al vyf hierdie areas en is geloof die basis van hul daaglikse doen en late. Andere het weer ŉ spesifieke missie wat hul daagliks inspireer en dryf. Dit kan iets wees soos om renosters of die omgewing te beskerm. Verskillende dinge motiveer verskillende mense (Rath & Harter 2010:7).

Persone wat selfgeaktualiseerd is, met ander woorde wat oor goeie persoonlike welstand beskik toon die volgende eienskappe:

- Selfaanvaarding en die aanvaarding van ander persone soos hulle is
- Hulle beskik oor ŉ rasionele siening ten opsigte van dinge wat gebeur
- Hulle tree probleem oplossend op



© University of Pretoria

- Hulle hoef nie te voldoen aan andere se verwagtinge nie. Hulle leef outentiek
- Hulle besef die waarde van privaatheid en tyd om alleen te wees
- Hulle het ŉ goeie sin vir humor en kan vir hulself lag. Hulle sal egter nie ander verkleineer deur hul humor nie
- Hulle is oop, onkonvensioneel en spontaan
- Die hele reis om ŉ doelwit te bereik is net so belangrik as die doelwit self

(Cherry 2014:1-3)

Die essensiële elemente vir ŉ betekenisvolle lewe en die eienskappe wat ŉ betekenisvolle lewe vertoon is handige riglyne in die soeke en strewe om daarby uit te kom.

### 8.5.2 Persoonlike welstand binne die agt ruimtes van hierdie studie

Persoonlike welstand kan nie spesifiek uitgelig word binne elkeen van hierdie ruimtes nie. Tog dra dit wat binne hierdie ruimtes plaasvind by tot die vyf essensiële elemente van persoonlike welstand.

### 8.5.3 Voorstel vir verbetering

Victor Frankl wat oor die mens se soeke na betekenis geskryf het, gebruik die woorde van Friedrich Nietzsche om te verduidelik wat ŉ sinvolle lewe behels: "Wie ŉ *waarom* besit waarvoor hy of sy kan lewe, kan byna elke *hoe* verwerk (Frankl 2007:viii). Volgens Frankl is die mens se grootste vryheid daarin gesetel dat jy altyd die voorreg het om in enige situasie self te besluit hoe jy daarop gaan reageer. Jy besluit ook self wat jou houding en jou ingesteldheid teenoor jou omstandighede gaan wees (2007:ix). Die mens se persoonlike welstand is dus grotendeels in jou eie hande. Tog is daar mense wat bloot net nie weet hóé nie en aan wie daar leiding gegee kan word. Dit is veral wanneer van jou mees basiese behoeftes nog nie aangespreek is nie of wanneer jy sukkel om bloot kop bo water te hou (vergelyk Maslow se hiërargie) dat dit bitter moeilik is om aan sin en selfaktualisering te dink.



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit bly egter steeds een van die mens se primêre motiewe en drange om die sin van die lewe en jou bestaan te ontdek. Frankl het dit in die slegste van slegte omstandighede in die konsentrasiekamp reggekry. Inherent is die mens bereid om te lewe en te sterwe ter wille van sy/haar waardes en ideale. Studies wat onder studente aan agt en veertig inrigtings gedoen is, het dit bevestig. Die hoofdoelstelling van 78% van hierdie studente is om doel en sin in die lewe te vind (Frankl 2007:127-128).

Waardes kan nooit op enige mens afgedwing word nie. Elke persoon moet self besluit oor sy/haar morele keuses en optrede. Wanneer mense bloot vanuit hul gewete optree is dit nie altyd geslaagd en bevredigend nie. Dit is ŉ ander saak wanneer hierdie keuses en optrede voortvloei vanuit liefde – liefde vir iemand of liefde vir God. Alle optrede en gedrag vloei voort vanuit liefde of vanuit vrees. Uit liefde poog mense om hul waardes te verwerklik. As die mens ŉ taak of ŉ doelwit het wat op hulle wag gee dit hulle ŉ rede om te leef. Dit bring ŉ gesonde spanning teweeg tussen dit wat jy alreeds bereik het en dit wat jy nog wil voltooi, dit wat jy reeds is en dit wat jy nog moet word (Frankl 2007:129, 132-133).

Binne geloofsgemeenskappe is die welstand van die individu belangrik. Individue met wie dit goed gaan kan positiewe bydraes binne hul gemeenskappe lewer. Die vyf essensiële elemente van ŉ betekenisvolle lewe kan al vyf binne gemeenteverband aangespreek word. Die prediking kan hierby aansluit, die liturgie kan hier rondom ingerig word, kursusse vir kleingroepe kan hier rondom uitgewerk of bestaande kursusse kan gebruik word. Voorbeelde van materiaal wat reeds in Suid-Afrika bekend is en gebruik word, is materiaal van Willow Creek gemeenskapskerk[85], Rick Warren se *Purpose driven* en 40 dae reekse[86] en materiaal van die NG Gemeente van Witrivier.[87] Laasgenoemde stel jaarliks reekse saam wat tydens die prediking en binne omgeegroepe gebruik word. Hierdie materiaal word gratis tot beskikking van ander kerke en gemeentes gestel.

---

[85] http://www.willowcreek.org/seeds
[86] http://www.saddlebackresources.com/pages/small-group
[87] http://ngwitrivier.co.za/databasis-van-omgeegroepmateriaal/



© University of Pretoria

Binne die Afrika Onafhanklike Kerke speel genesing ‘n baie belangrike rol. Tydens elke erediens word daar geleentheid geskep vir genesing deur middel van bepaalde rituele, die aanroep van die Heilige Gees en gebed. Hierdie genesing fokus op meer as net fisiese genesing. Dit het ook te make met die genesing van die mens in sy/haar totaliteit en dra so by tot die algehele welstand van die mens (Barnard, Cilliers en Wepener 2014:236-238)

Wat die individu se gemeenskapswelstand betref kan gemeentes help om geleenthede te skep waar daar met gemeenskapsprojekte hande geneem kan word en waar gemeentelede aktief betrek word om vrywillige werk binne die gemeenskap te doen. In Pretoria is daar byvoorbeeld by die polisiestasies van Sinoville[88] en Garsfontein[89] traumasentrums wat deur lede van die publiek ingerig is en wat deur opgeleide vrywilligers beman word. Wanneer traumatiese insidente by die polisie aangemeld word, word die mense verwys na die sentrum en ontvang hulle ondersteuning. Vanuit hierdie sentrums word daar ook hulp en ondersteuning aan lede van die polisie gebied. Gemeentes in die omgewing van hierdie polisiestasies kan gemeentelede aanmoedig om hierby betrokke te raak.

Mense kla oor die algemeen dat hulle so besig is en vir niks tyd het nie. Tog sou daar dalk eerder gesê kon word dat mense nie altyd hul tyd vul met sinvolle en betekenisvolle dinge nie. Frankl (2007:134) praat van ŉ eksistensiële vakuum wat in mense se lewens ontstaan. Daar is nie meer duidelike voorskrifte en riglyne ten opsigte van wat hulle behoort te doen nie. Mense is so half in ŉ dwaal en het dikwels die gevoel dat die lewe sinloos is. Hierdie vakuum manifesteer dikwels in verveeldheid. Volgens Frankl (2007:135) kan hierdie eksistensiële vakuum in verskeie verskynsels raakgesien word. Daar is die Sondagneurose waar mense op ŉ Sondag bietjie tot stilstand kom en dan ŉ gevoel van leegheid ervaar, daar is die verskynsel van alkoholisme en jeugmisdaad, asook die krisisse wat afgetredenes en bejaardes deurmaak. Louw (Frankl 2007:135-136), wat *Man’s search for meaning* vertaal en bygewerk het, gaan verder en koppel die toenemende sport- en ontspanningsmoraal ook aan hierdie eksistensiële vakuum. Mense poog om

[88] http://gpfsinoville.co.za/?page_id=47
[89] http://www.sunriseroad.org.za/SunRise-Trauma-Support/



© University of Pretoria

verveeldheid te oorbrug en om hul vrye tyd sinvol aan te wend en word sodoende meer spelende en kykende mense. Spelende mense kan selfs van sport ŉ beroep maak. Die prestasie-etiek van ons tyd en die drang om te wen maak van sport ŉ singewingsproses.

Die liggaam en liggaamlikheid speel ook ŉ belangrike rol. Sport en oefening moet meehelp om ŉ jeugdige voorkoms en maer lyf te verseker en so help sin gee aan die lewe. Die beheptheid met lyflikheid en die soeke om verveeldheid te oorbrug het kuisheid ingeruil vir die ontspanningsmoraal van seksuele opwinding. Seksualiteit is losgemaak van gebondenheid en verantwoordelikheid. Dit hou egter net totdat die verveling van gewoonte en roetine weer intree (Frankl 2007:136).

Volgens Louw (Frankl 2008:137) vind die sport-en-ontspanningsmoraal ook neerslag in die kykende mens. Die elektroniese kuberruimte skep ŉ virtuele werklikheid waarbinne oneindige moontlikhede tot singewing tot stand kom. Hierdie sin is kunsmatig en gesimuleerd en tog is dit ŉ eksistensiële realiteit en werklikheid in menigtes se lewe.

Dit is nie vreemd om gereeld binne ŉ erediens te hoor dat die prediker op een of ander manier aansluiting vind by sport of daarna verwys nie. ŉ Nuwe predikant in ons gemeente het tydens sy intreepreek die gemeente verdeel in sy vriende en vyande op grond van die rugbyspan wat hulle ondersteun. As ŉ mens sensitief raak hiervoor en jy luister fyn word daar gereeld na sport verwys binne die erediens. Naas die weer is dit waarskynlik die grootste aanknopingspunt wanneer mense sosiaal met mekaar verkeer. Omdat sport meehelp om sin aan die mens se bestaan te gee kan dit meer kreatief binne gemeentes gebruik word.

ŉ Ander aspek van persoonlike welstand waar gemeentes waarde kan toevoeg is ten opsigte van finansiële welstand. ŉ Artikel in die *City Press*[90] op 22 April 2014 toon dat Suid-Afrikaners 76% van hul inkomste bestee aan die terugbetaling van skuld. Dit laat baie min ruimte om sonder krediet te leef en om te spaar. ŉ Finansiële verslag

[90] http://www.citypress.co.za/business/south-africans-paying-76-income-debt-expert/



© University of Pretoria

van *FinScope South Africa* wat op 5 November 2013 vrygestel is[91] wys daarop dat vyf miljoen Suid-Afrikaners sukkel met te veel skuld. Mense verstaan nie altyd die basiese beginsels hoe om met geld te werk nie. Hierdie beginsels geld of jy ŉ klein inkomste of ŉ groot inkomste verdien. Finansiële beginsels kan binne die gemeente onderrig word en veral dan ook by die jeug vasgelê word. Hierna kan gemeentelede as vrywilligers dit weer verder onderrig binne gemeenskappe buite die gemeentegrense. Eenvoudige materiaal wat vir almal toeganklik is, kan gebruik word. Die boek van Bob Burg en John Mann kan hier as voorbeeld dien. Die Afrikaanse titel is *Die Weg-gewer* en die Engelse titel *The Go-giver*. ŉ Storie word vertel en deur middel hiervan word fundamentele finansiële beginsels oorgedra. ŉ Bekende finansiële markontleder in Suid-Afrika, Hein Kruger[92] beskou die beginsels en ingesteldheid wat in hierdie boek na vore kom as van soveel waarde dat dit ŉ land se ekonomie kan verander.

Persoonlike welstand behels verskeie aspekte. Navorsing het veral vyf elemente as essensieel uitgelig. Dit alles hou baie nou verband met die mens se soeke na sin en betekenis. Godsdiens was altyd die belangrikste plek waar mense na sin gaan soek het. Dit het verander en is steeds besig om te verander. Mense vind toenemend die sin vir hulle bestaan binne sosiale netwerke, sport en binne die kuberruimte. Godsdiens het steeds ŉ rol te speel omdat ons ŉ God ken wat ons kan help om sin aan die lewe te gee. Hierdie gedeelte kan afgesluit word met die treffende woorde van Louw (Frankl 2007:141): “Die gemeenskap van gelowiges (*koinonia*) moet gesien word as God se ondersteuningstelsel wat mense die moed gee om die lewe moedig te leef.”

## 8.6 VEILIGHEID

### 8.6.1 Omskrywing van die konsep

Dit is makliker om veiligheidsbehoeftes by kinders raak te sien as by volwassenes.

---

[91] http://www.moneyweb.co.za/moneyweb-economic-trends/five-million-south-africans-drowning-in-debt
[92] www.krugerinternasionaal.co.za



© University of Pretoria

Maslow (1943:loc.102-123) wys dit dan ook sodanig uit. Enige siekte of pyn laat ŉ kind onveilig voel. Hulle stabiele wêreld word ewe skielik onstabiel en hulle kan maklik as gevolg hiervan vrees, nagmerries en ŉ behoefte aan beskerming en gerusstelling ontwikkel. Kinders het behoefte aan ŉ voorspelbare, geordende wêreld en daarom is roetine baie belangrik. Wanneer daar orde, struktuur en roetine is bied dit aan die kind iets waarop hy/sy kan reken en laat dit hulle veilig voel. Enige harde geluide, bakleiery, skeiding, egskeiding, dood, woede, dreigemente, rowwe hantering ensovoorts laat paniek en angs by die kind ontstaan. Dit gaan veel dieper as fisiese pyn. Te veel nuwe, vreemde en onbeheerbare stimuli ontlok ook angs en spanning by kinders en dit sal veroorsaak dat hulle vasklou aan hul ouers of versorgers. Uit die bogenoemde kan daar dus afgelei word dat die gemiddelde kind oor die algemeen ŉ veilige, geordende, voorspelbare, georganiseerde wêreld waarop hy/sy kan reken, verkies. Binne hierdie wêreld gebeur daar nie onverwagte, onbeheerbare en ander gevaarlike dinge nie. Hy/sy kan op hul ouers reken om hulle te beskerm van gevaar.

Hierdie selfde behoeftes is nie duidelik waarneembaar by volwassenes nie. Tog is dit onderliggend teenwoordig. Dit is sigbaar in die verskynsel dat mense oor die algemeen meer gemaklik is met bekende dinge as onbekende dinge. Die mens se behoefte om te weet dat godsdiens of ŉ wêreld filosofie die heelal organiseer en in stand hou sluit hierby aan. Die wetenskap en filosofie se soeke om dinge te verstaan, te benoem en te orden spruit voort uit die veiligheidsbehoefte. Wanneer dinge binne die samelewing handuit ruk soos ten tye van oorlog, epidemies, natuurfratse, misdaad ensovoorts kom veiligheidsbehoeftes op die voorgrond en word hulpbronne aangewend om dit te bekamp en dinge weer na normaal en georden terug te bring (Maslow 1943:loc.133-143).

Volgens Christine Comaford (2013:39) is daar drie aspekte wat belangrik is vir elke mens om die lewe te kan hanteer en dit is veiligheid, behoort en om betekenis te hê. Hoe groter jou belewenis van veiligheid, beide geestelik en fisies, hoe groter sal jou vermoë wees om jouself aan andere te kan verbind en hoe groter sal jou gevoel wees dat jy behoort en dat jy ŉ verskil kan maak.



© University of Pretoria

May, Gilson & Harter (2004:15) omskryf emosionele veiligheid as die gevoel dat jy jouself kan wees en kan uitdruk sonder vrees vir negatiewe konsekwensies ten opsigte van jou selfbeeld, status of loopbaan. In ŉ veilige omgewing is mense bewus van die grense waarbinne aanvaarbare gedrag ter sprake is. ŉ Omgewing word as onveilig ervaar wanneer omstandighede dubbelsinnig, onvoorspelbaar en bedreigend is. Wanneer mense rondom jou, jou ondersteun en jy kan hulle vertrou skep dit gevoelens van veiligheid.

Clements (1990:6) definieer veiligheid as ŉ fundamentele sosiale proses wat daarop gemik is om relatiewe veilige sosiale, politiese en ekonomiese ruimtes/gemeenskappe daar te stel. Binne hierdie ruimtes of gemeenskappe is dit vir mense moontlik om eie aan hul kulture, taal en identiteit te leef sonder om direkte of indirekte geweld te vrees. Sulke veilige ruimtes het geïntegreerde verhoudings tot gevolg en dit behoort destruktiewe en bedreigende verhoudings te oorheers. Die veiligheid van individue, gemeenskappe en minderhede is belangrik vir nasionale sekuriteit en die stabiliteit van die staat op die kort en langtermyn. Dit word ongelukkig nie altyd erken en raakgesien deur die argitekte van nasionale sekuriteit nie. Daar word oor die algemeen verwag dat die staat verantwoordelikheid sal aanvaar vir die veiligheid van sy burgers. Die geskiedenis het getoon dat waar regerings hierdie "kontrak" verbreek en teenstrydig hierteenoor optree, korrup is, despoties en onderdrukkend optree, burgerlike bewegings na vore tree wat hierteen in opstand kom. Burgers kan egter ook die sekuriteit van die staat bedreig. Dit gebeur deur anargie, terrorisme en ondermyning. Grense kan sekuriteit verbeter maar daar is ŉ fyn lyn tussen eksklusiwiteit en uitsluiting en dit wat veiligheid verbeter (Clements 1990:9-12). Hier kan terug gegryp word na samewerking en vertroue wat opsigself veiligheid sal bevorder.

### 8.6.2 Veiligheid binne die agt ruimtes van hierdie studie

Binne die aanbiddingsruimtes is fisiese veiligheid slegs by CRC gehandhaaf. Tydens die opneem van die offergawes is die deure gesluit. Daar is aan die gemeente gekommunikeer dat dit ter wille van hul eie veiligheid is. By drie van die vier sport



© University of Pretoria

ruimtes is daar sekuriteitsondersoeke by die hekke gedoen en is ongewenste voorwerpe verwyder.

### 8.6.3 Voorstel vir verbetering

Die behoefte aan orde, struktuur, voorspelbaarheid en roetine wat aan die mens ŉ gevoel van veiligheid gee, beide fisies en emosioneel word vandag bedreig in Suid-Afrika. Clements se definisie van veiligheid lyk na ŉ utopiese ruimte wat nie deur almal beleef word nie. Ek was op 31 Januarie 2015 vir ŉ paar uur by ŉ gemeentelid wat blootgestel is aan ŉ gewapende roof in haar eie huis binne ŉ woonstelkompleks. Soveel van die dinge wat ŉ mense as jou goeie reg as ŉ landsburger beskou is oortree. Sy voel skuldig omdat sy veilig in haar eie huis gevoel het en dus nie so waaksaam was as wat sy behoort te gewees het nie. Sy voel skuldig oor dinge wat sy dalk anders kon gedoen het. Uit die bespreking hierbo is daar gesien dat haar gemeenskap en waar sy bly juis vir haar ŉ veilige ruimte moet wees waar sy nie geweld hoef te vrees nie. Haar veilige ruimte is betree maar sy is die een wat skuldig voel omdat sy wel gedink en geglo het dat dit ŉ veilige ruimte is. Tydens ons beradingsessie kon sy op ŉ punt kom waar sy sin kan maak uit dit wat gebeur het en soos onder persoonlike welstand bespreek, het dit vir haar verligting gebring. Sy kan weer beheer neem en sal kan aangaan met haar lewe.

Soos bespreek in punt 8.4.1 faal die regering sy landsburgers ten opsigte van fisiese veiligheid. Dit gebeur in alle gemeenskappe binne Suid-Afrika. Volgens die polisie is die rowers in bogenoemde geval mense wat op parool uit is. Die stelsels wat moet beskerm doen dit nie. Clements (1990:10) sluit hierby aan as hy verwys na Buzan se vier tipes sosiale bedreigings vanaf die staat teenoor landsburgers. Die eerste is fisiese bedreigings soos pyn, beserings en dood, die tweede is ekonomiese bedreigings soos die wegneem of vernietiging van eiendom, die ontneming van toegang tot werk of hulpbronne, die derde is bedreigings ten opsigte van regte soos basiese siviele vryhede en die vierde is bedreigings ten opsigte van posisie of status. Van hierdie bedreigings kan wetend of onwetend van die staat se kan af geskied. Dit is nodig om aangespreek te word en dat stemme hierteen opgaan. Die kerk was ŉ baie sterk stem in Suid-Afrika maar sy is nie meer so duidelik hoorbaar nie. Dit is nie



© University of Pretoria

net die veiligheid van hulle wat stemme het wat bedreig word nie. Die stemloses se veiligheid word ook bedreig. Die kerk sou goeddeurdagte pogings kon aanwend om die gewete van die staat te word. Die kerk is by magte om aan mense die veilige ruimte/gemeenskap te bied wat die staat behoort te doen maar nie doen nie.

Dit is egter nie net fisiese veiligheid wat belangrik is vir ŉ persoon se welstand nie maar ook emosionele veiligheid. May, Gilson & Harter (2004:6) wys daarop dat interpersoonlike verhoudings wat ondersteunend en gebaseer is op vertroue bydra tot emosionele veiligheid. Dit geld nie net op sosiale vlak nie maar ook tussen kollegas binne die werksomgewing. Kognitiewe vertroue wat gebaseer is op betroubaarheid sowel as affektiewe vertroue speel hier ŉ rol. Wanneer mense veilig voel verhoog dit hulle vermoë om met hul eie idees na vore te kom en om (positiewe) risiko's te neem. As hulle verder weet dat hulle behoort omdat daar goeie interpersoonlike verhoudings is en dat hulle waarde toevoeg, het hulle sin en betekenis. Dit skep spanspelers aan wie daar nie voortdurend rigting gegee hoef te word en wat gereeld goedkeuring soek voordat hulle ŉ taak aanpak en afhandel nie. Goeie leiers vra hul werknemers/volgelinge hoe hulle iets sou doen in plaas daarvan om vir hulle opdragte en/of antwoorde te gee. Hulle laat hul mense toe om dinge self uit te redeneer, by hul eie oplossings uit te kom en te besluit wat om te doen, al vat dit aanvanklik langer as wanneer die leiers opdragte/antwoorde op skinkborde sou uitdeel. Soos wat hulle egter leer om self te dink en meer (self)vertroue ontwikkel sal dit vinniger gaan. Deur dus eerder vrae te vra as om antwoorde te gee word ŉ omgewing van veiligheid, behoort (affiliasie) en betekenis (persoonlike welstand) geskep (Comaford 2013:53-54). Sodanige geskepte kohesiewe ruimte sal ook kan werk binne geloofsgemeenskappe en sportspanne.

Clements (1990:14) druk die volgende ideaal uit:

> We must activate a sense of belonging to the entire human community, of being citizens of the entire planet; and we must acquire a perspective from which to view the Earth and the entire human community as a whole... At this point in history, we need not only a symbol of peace but visionaries of peace--thinkers who can transform that symbol into an horizon of consciousness, a perspective, a vision, a wisdom that will help us deal with peace (and security) as a global issue.



© University of Pretoria

As daar in Suid-Afrika selfs net by ŉ veel kleiner ideaal uitgekom kan word naamlik die wete dat ons saam hier aan die suidpunt van Afrika aan die menslike gemeenskap behoort. Een waar ons mekaar kan vertrou, en behoort, waar ons almal besef dat ons betekenis en waarde en ŉ rol te speel het, dat ons die ruimte vir mekaar skep waar ons veilig kan wees, fisies en emosioneel en waar ons almal saamwerk om by werkbare oplossings uit te kom tot almal se voordeel. Geloofsgemeenskappe het ŉ groot rol te speel hierin. Dit is ŉ ruimte waar mense kan voel hulle behoort. Soos gesien is sport ruimtes ook veilige ruimtes waar mense tuis voel. Verdere studie kan gedoen word om hierdie ruimtes ten volle te benut ten einde mense te laat tuis kom in hierdie veilige ruimtes terwyl hulle nie altyd veilig voel binne die ander ruimtes waar hulle daagliks beweeg en leef nie.

## 8.7 SAMEVATTEND

In hierdie hoofstuk is gepoog om na aanleiding van die voorafgaande studie verbeterde praxis en aksies voor te stel. Dit stem ooreen met die pragmatiese taak van Osmer waar daar geantwoord moet word op die vraag: "Hoe kan ons reageer?"

ŉ Konseptuele raamwerk ten opsigte van sosiale kohesie is voorgestel. Die vyf komponente van hierdie model naamlik vertroue en samewerking, affiliasie, persoonlike welstand en veiligheid is elkeen afsonderlik bespreek. Binne elke konsep is daar praktiese voorstelle ten opsigte van verbeterde praxis aan die hand gedoen.

Vertroue is die gom wat die samelewing bymekaar hou. Statistieke toon dat wit en swart mense in Suid-Afrika mekaar nie vertroue nie. ŉ Daadwerklike poging sal aangewend moet word om dit te verbeter. Bekendheid met mekaar verbeter vertroue. Daar is aangetoon hoe sport en aanbidding hiermee kan help. Samewerking en vertroue loop hand aan hand. Vertroue skep ruimte. Binne hierdie ruimte kan mense met mekaar saamwerk tot voordeel van mekaar se welstand. As sosiale wesens het mense mekaar nodig. Samewerking vind makliker binne ŉ nie-bedreigende



© University of Pretoria

omgewing plaas. Ook hier het die kerk en sport 'n rol te speel en voorstelle is gemaak.

Affiliasie is die behoefte om saam met ander te wees en om te behoort. Mense sal buitengewone dinge doen ter wille van hul sosiale groepe. Mense voel bemagtig as hulle in belang van die groep kan optree. Mense wil hulself ook graag wy aan iets groter as hulself. Hierdie behoefte kan deur middel van sport aangespreek word. Dit is uitgelig dat mense gemotiveer word deur die dinge wat aan hulle die grootste genot bied. As dit gekoppel word aan God bou dit 'n brug wat lewens kan verander en verbeter. God word aanbid waar ons ook al gaan en wat ons ook al doen. Die kerk kan mense se passies benut en kanaliseer tot voordeel van almal.

Wat persoonlike welstand betref is daar gesien dat elke mens die behoefte het om sy/haar volle potensiaal te bereik. Algehele welstand kan net bereik word deur 'n lewe wat in balans is. Kerk en sport kan help om die mens se eksistensiële vakuum te vul en voorstelle is gemaak.

Veiligheid het te make met fisiese sowel as emosionele veiligheid. Die mens wil sy wêreld verstaan, orden en organiseer. Ten einde dit te kan doen het jy mense rondom jou nodig wat jou ondersteun. Jy wil behoort. Jy het ook nodig om sin en betekenis binne jou lewe te ervaar. Mense voel veilig wanneer hul behoort en hul lewe sin en betekenis het. Geloofsgemeenskappe en sport ruimtes is ruimtes waar mense kan tuis kom en veilig voel te midde van 'n onveilige wêreld.

Hierdie studie het 'n empiriese ondersoek gedoen binne agt liturgiese ruimtes waarvan vier aanbiddingsruimtes en vier sportruimtes was. Na die ontleding van die ingesamelde data het daar ses temas na vore gekom naamlik ruimtelikheid, liggaamlikheid, kultuur, rituele, tradisie en wêreldbeskouing/godsdiensbeskouing. Hierdie temas is aan die hand van teorieë vanuit verskillende wetenskappe bestudeer. Daar is ook teologies oor hierdie selfde temas gereflekteer. Die doelwit van hierdie studie was om vas te stel hoe daar binne die verskillende ruimtes ruimte gemaak word vir mekaar en om dan deur gebruik te maak van hierdie kennis by die konstruering van 'n model vir sosiale kohesie uit te kom.



© University of Pretoria

Die hele studie het gekulmineer in hierdie voorgestelde model. Aan die hand van die konsepte van hierdie model is daar voorstelle gemaak tot verbeterde praxis.



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 9

# FINALE RONDTE

My probleemstelling was die volgende: Wat gebeur binne die liturgiese ruimte van die agt geïdentifiseerde kerke en stadions ten opsigte van geloofsoortuigings, gedrag en behoort? Hoe word hier ruimte gemaak vir mekaar? My werkshipotese was dat die wyse waarop daar ruimte gemaak word vir mekaar, kan help om ‘n model vir sosiale kohesie te konstrueer.

My navorsing het gekulmineer in die vorige hoofstuk tot ŉ voorgestelde model vir sosiale kohesie en voorstelle vir verbeterde praxis. Hier dan net ŉ paar slot opmerkings.

Ek lees op 3 Maart 2015 die volgende plasing van prof. Kobus Kok[93] op Facebook:

> Dikwels is die Kerk kouer as die Agora...
>
> Na bykans 24 uur in transito tussen Afrika en Europa en drie kilometer se sleep van my koffer deur die winter reën, kom ek uiteindelik by die sentrum van ‘n bekende universiteitstad in die Laaglande aan. Soos die meeste Europese stede spog die stadsaal en die Kerk in die sentrum. Die eerste stilhouplek vir ‘n Teologiese pelgrim, is meestal die Kerk. Ek gaan die imposante katedraal binne, en merk dadelik die gewyde atmosfeer van die nagmaal op. Die Priester gaan sakraal met die sakramentbediening om. Dit is ‘n spesiale moment. Ek dank God vir die reis en die geleentheid en bid saam met die handjievol oumense wat die diens bywoon. Die man wat die afkondiginge doen, praat met ‘n imposante stem terwyl hy die komende maand se groot gebeure afkondig. Na die diens strompel en soek ek rond met my reuse tas, rooi oë en dag-oue-baard na die WC (Badkamer). Die man wat die afkondiginge gedoen het begin so stadig maar seker die tekens gee dat hy wil sluit. Ek vra of ek asb. net vinnig die WC mag ingaan. Hy kyk my so op en af. Ongeduldig sê hy: "No, we do not cater for such needs". Hy verwys my terug na die stasie. Die probleem is nou net dat die stasie vrek ver terug in die reën is – ‘n paar kilometer! Verder het ek nie ‘n sent Europese geld aan my nie en dit kos omtrent R7 net om by die WC (Badkamer) by die stasie in te gaan. Vir een of ander rede wou die

93 Professor in Nuwe Testamentiese Studies aan die Universiteit van Pretoria



© University of Pretoria

> bankteller nie my kaart lees nie. Ek het dus ‘n reuse probleem! Ek is ‘n vreemdeling in ‘n vreemde land en ek is letterlik pennieloos! Die kerkman se koudheid en ongasvryheid laat my weerloos in die ys-weer. Ek het so gehoop die "Kerk" sou minstens die hand uitreik. Buite gekom reën die ysdruppels my nat. Ek hef my oë op na die hemel en wonder waar my hulp vandaan gaan kom. Aan my regterkant gewaar ek ‘n Engel met ‘n camel-light of iets dergeliks in sy mond. Die kelner van die bar teen die Kerk vat ‘n smoke-break. Die bar/restaurant aangrensend aan die Kerk heet "Agora". In Jesus en Paulus se tyd was die Agora die mark – die "onheilige" ruimte in kontras met die "heilige" tempel. Ek vra die man of hy weet waar die naaste WC is. Die man is gasvry en vriendelik: "You are welcome to use our WC", sê hy en nooi my in voordat hy nog sy sigaret heeltemal klaar gerook het. In Leo die Kroegman se oë en menswees by die Agora het ek meer warmte en gasvryheid beleef as in die oë van die Kerkman. Vandag was die Agora my *safe space*, en nie die Kerk nie. Vanaand besef ek hoe belangrik dit is dat ons as Christene gasvry en warm moet wees. Dikwels is die Kerk kouer as die Agora!
>
> Ag Here, vergewe my waar ek koud was en waar ék die "Kerk" kouer as die "Agora" gemaak het.

Dit verwoord vir my die bekommernis waarmee ek hierdie studie begin het. Kerk versus Agora, waar Agora vir my die sportruimte is. In Suid-Afrika blyk mense gemakliker te wees binne die sportruimte as binne die kerk as daar gekyk word na die groot getalle wat weekliks optrek na die sportstadion teenoor die getalle kerkbywoners. Hoe word daar binne hierdie verskillende ruimtes ruimte gemaak vir mekaar? Hoe word die vreemdeling en buitestaander binne elkeen van hierdie ruimtes ontvang? Koud in die kerk en warm in die Agora of andersom? Of dit wel so is, kan net vasgestel word deur van hierdie ruimtes so anoniem as moontlik te besoek en dan as deelnemende waarnemer soveel moontlik empiries waar te neem en te beskryf.

Die kerk het nie so sleg gevaar as wat ek gedink het dit sou nie. By drie van die vier aanbiddingsruimtes is ons (ek en my man) vriendelik verwelkom en het ons regtig welkom gevoel. By die twee ruimtes waar daar iets te drinke was, het dit suksesvol meegehelp – by St. Anne’s na die tyd en by Kerk sonder mure voor die tyd. By St. Anne’s en CRC was daar ook tydens die diens helpers om te ondersteun soos en waar nodig. Ooskerk het geen verwelkoming gehad nie. Tog het mens nie onwelkom



© University of Pretoria

gevoel nie. Die stilte het mens op 'n manier verwelkomend omvou. Die uitnodiging dat almal kon deelneem aan die nagmaal het ook bygedra daartoe om ingesluit te voel.

By die sportruimtes was daar gemengde ervarings. By Lucas Moripe stadion het die aankondiger verby wie ons op die sypaadjie geloop het ons elke keer vriendelik gegroet. By die hekke het ons egter uiters onwelkom gevoel. Die koeldrankverkoper het weer meegehelp daaraan om ons welkom te laat voel in sy wêreld. By Loftus Versfeld was ons van begin tot einde welkom. Hier ervaar jy in oordrewe styl dat "as jy my span ondersteun is jy deel van my". Hulle wat die teenstaanders ondersteun is in groot getalle daar en maak hulleself welkom. Alles gebeur in 'n gemoedelike luim en al is jy hier deel van die "uit" groep is jy steeds welkom want jy ondersteun die saak – rugby. By Supersport Park was daar die onwelkome ontvangs by die parkeerterrein maar binne in die stadion was almal welkom. Op die gholfbaan was almal vriendelik maar ek het by tye baie "uit" gevoel.

In hierdie studie het die kerk dus goed gevaar en was die agora by tye "kouer" as die kerk. As ons egter 'n verskil in Suid-Afrika wil maak en ons sosiale kohesie verbeter wil hierdie studie voorstel dat die kerk en sport hande vat. Ons kan leer van mekaar se rituele en deel in mekaar se liturgieë. Daar is baie mense wat nooit in 'n kerk sal kom nie maar wat gereeld die agora besoek. Die aanklag teen die kerk is groot in Suid-Afrika met ongeveer 80% van die bevolking wat Christene is en die getalle wat steeds groei.

Praat is afdraande en doen is opdraande. Ons bly kies vir die afdraande maar sal iets móét doen om die opdraande te kies en verandering teweeg te bring. In 'n vorige studie het ek aanbeveel dat sportprogramme soos *Ubabalo* meer geredelik deur die kerk en skole geïmplementeer moet word. Huidiglik is daar 'n beweging van verskillende sportbedieninge wêreldwyd wat besig is om te werk aan 'n boek met die titel *Ready set go – one race: growing disciples in all nations for Christ in and through the world of sport.*[94]Die oogmerk is om hierdie materiaal aan kerke beskikbaar te stel ten einde hulle te help om beter te verstaan hoe sportbedieninge werk en hoe gemeentes hul eie sportbediening tot stand kan bring of kan aansluit by bestaande

[94] http://issuu.com/jorgepratas/docs/ready_set_go_big_book_-_for_awt2014



© University of Pretoria

bedieninge. Dit word in dertig verskillende tale vertaal. Die beplanning is om dit teen einde November 2015 gereed te hê.

As kerke inisiatiewe soos dié ondersteun kan daar begin word om die momentum wat sport verskaf te benut en mee te help dat Suid-Afrikaners mekaar begin vertrou en saamwerk of dan op hierdie manier saamspeel.

*Geloof anderkant Sondag* (cf. Müller 2014) is nodig. Slegs ŉ Sondag geloof dien ons nie. ŉ Holistiese spiritualiteit is nodig. Soos aangetoon is die Afrika godsbeskouing geïntegreerd maar dit dien ons ook nie in Suid-Afrika nie. Korrupsie, swak werksetiek ensovoorts toon nie geloof wat ŉ verskil maak in die alledaagse lewe nie. Dit is nodig om ŉ manier te vind om die entoesiasme wat aangetref word binne die sportruimte oor te dra na ons elke dag se geloof. Dit is tog ŉ groot deel van die 80% Christene wat optrek na die sportruimte. Van hierdie selfde tipe entoesiasme was wel te sien by CRC. Dit spoel egter nog nie genoegsaam oor na Maandag tot Saterdag nie. Daarvan getuig Suid-Afrika se statistieke, soos aangedui in hierdie studie.

Ek het op 9 Maart 2015 met ŉ persoon gesels wat deel is van ŉ ondersoekspan wat deur die Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit aangestel is om ondersoek in te stel na ekonomiese en sosiale kohesie verbetering binne Tshwane. Ek vra of hulle na die sosiale kohesie barometer gekyk het. Daar is waarskynlik heelwat fondse spandeer om hierdie navorsingstuk saam te stel. Hulle weet nie eers hiervan nie. Daar is hulpmiddels en navorsing reeds gedoen maar dit word nie benut nie. Intussen daal ons statistieke. Christen getalle styg maar dit maak nie ŉ sigbare impak op die land nie. Kan dit wees vanweë die Sondag geloof?

Praat en navorsing doen is afdraande. Hoe kan dit geïmplementeer word? Wat maak ons met die opdraande?

Verskeie voorstelle is binne hierdie studie gemaak. Daar kan voortgegaan word en steeds meer navorsing gedoen word en meer voorstelle gemaak word, veral ten opsigte van aanbidding wat buite die tradisionele ruimtes plaasvind. In Suid-Afrika



© University of Pretoria

raak dit egter toenemend belangrik dat voorstelle moet oorgaan in aksie en geïmplementeer moet word as ons verandering wil sien.

God het die mens so geskape dat jou hele lewe, insluitende sport en spel gebruik kan word om Hom te aanbid (Rom. 12:1 en 2). Sport is een van die maniere waarop die mens hom/haarself en God beter kan leer ken. Dit gee aan ons ŉ unieke geleentheid waar God ons kan vorm om meer soos Hy te wees (Rom. 12:1-8). Sport is ŉ universele taal wat mense motiveer en aan mekaar verbind.

Die kerk in Suid-Afrika is nog nie koud nie. Daar is dus hoop. As kerk en agora hande vat en die opdraande saam loop kán Suid-Afrika met tyd reflekteer dat ons ŉ land van gelowiges is.

Die bydrae wat hierdie studie wil maak is ŉ Ruimtelik-liturgiese teologie wat ons met ‘n nuwe doel die strate (gemeenskap) in neem. Dit is al in die geskiedenis reggekry wanneer daar met nuwe oë na konteks gekyk is en ek hou graag ten slotte twee voorbeelde voor.

Die eerste is Joseph Beuys se *Crucifixion*. Hy het tydens die Tweede Wêreldoorlog gewond in die hospital gelê en die vernietiging, chaos, dood en verval rondom hom dopgehou. Hy het gesien hoeveel mediese afval orals rondlê. Uit dit wat net negatief en sleg gelyk het, het hy ‘n kunswerk gemaak. Hy het gebruik gemaak van gebruikte naalde, bloed plasma houers, bebloede verbande, koerante, ensovoorts. Dit wat oënskynlik waardeloos was, het hy her-gebruik en ‘n nuwe doel gegee, soos wat die reddingswerk van Christus ook doen (Cilliers 2014:8). Dit is hoe die kunswerk daar uitsien:



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die tweede voorbeeld is ‘n potloodskets van die Tsjeggiese skilder, grafikus en skrywer Oskar Kokoschka. Die titel van hierdie werk is *Christ Helps Hungry Children*. Hy sien die honger, die koue, die onmenslikheid van die oorlog binne sy konteks (1945-46). Hy skets Christus wat solidêr is met hulle wat ly en swaarkry. Christus wat homself aanbied as brood, as lewende voedsel vir hierdie kinders (Wepener 2004:365-366). Hierdie skets lyk as volg:




© University of Pretoria

Uit dit wat op die oog af geen verband met mekaar het nie verrys kunswerke, beelde, simbole, rituele, handelinge wat ons liturgieë kan verryk. Dit moet net raakgesien word (die waarde van empiriese navorsing). Hierdie studie het gepoog om te wys dat deur op 'n nuwe manier na die liturgieë van aanbidding en sport te kyk en dit in verband met mekaar te bring iets kan oop breek vir ons konteks Suid-Afrika waar beide aanbidding en sport van groot belang is. Ruimtes wat vir ons bekend is en waar ons veilig voel. Ruimtes waar ons mekaar kan verdra en verduur en ruimte skep vir mekaar. As ons met nuwe oë na hierdie ruimtes kyk is hier oneindige moontlikhede in opgesluit…



© University of Pretoria

# BIBLIOGRAFIE

Abigail Johnson Alban Institute, 2004, *Reflecting with God: connecting faith and daily life in small groups,* viewed 19 May 2013, from http://md.glasgow.anglican.org/wp-content/uploads/2011/02/Pastoral-Cycle-resources.pdf.

Adjaye, J.K., 2002, 'Modes of knowing: intellectual and social dimensions of time in Africa', *KronoScope* 2(2), 199-224.

Aerts, D., Apostel, L. De Moor, B. (et al.), 2007, *World views: from fragmentation to integration*, viewed 24 September 2013, from http://www.vub.ac.be/CLEA/pub/books/worldviews.pdf

Alswang, J., 2003, *The South African Dictionary of Sport,* Spearhead, Claremont.

Altheide, D.L., 1987, 'Ethnographic content analysis', *Qualitative Sosiology* 10(1), 65-77.

Armstrong, K., 2010, *A case for God: what religion really means*, Vintage Books, London.

Axelrod, R., 2006, '*The evolution of cooperation*', rev. edn., Basic Books, New York.

Bain-Selbo, E., 2008a, 'Ecstasy, joy, and sorrow: the religious experience of Southern College football', *Journal of Religion and Popular Culture 20, 1-13.*

Bain-Selbo, E., 2008b, 'Sport as the "Opiate of the Masses": College Football in the American South', *Philosopy and religion* April, 1-15, viewed April 2011, from http://digitalcommons.wku.edu/phil_rel_fac_pub/1/.



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ball, P., 2012, '2011 and all that: the case for considering society as a complex system', paper presented at the Complexity Science and Social Science at the Interface to the Real World Conference, Chicheley Hall, Newport Pagnell, 24-25 September 2012.

Barnard, M. 2009. Ontdek die nagmaal in die gereformeerde erediens, in: *Ontdekkings in die erediens*, Wepener, C. & Van der Merwe, J. (reds), Lux Verbi, Wellington.

Barnard, M., Cilliers, J. & Wepener, C., 2014, *Worship in the network culture: liturgical ritual studies. Fields and methods, concepts and metaphors*, Peeters, Leuven.

Barnard, M., Klomp, M., et al., 2009, 'Dots on a blank sheet: procedures in ritual and liturgical research', *Jaarboek voor liturgieonderzoek* 25, 35-46.

Barnard, M. & Vos, C.J.A. 2001. ''n Besinning oor die liturgie, teorievorming, ondersoek en praktykvorming', *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 16(2), 17-32.

Bass, D.B., 2012, *Christianity after religion: the end of church and the birth of a new spiritual awakening*, Harper One, New York, NY.

Bell, C., 1997, *Ritual: perspectives and dimensions*, Oxford University Press, New York.

Bell, C., 1992, *Ritual theory, ritual practice*. Oxford University Press, New York.

Bell, R., 2005, *Velvet Elvis: repainting the Christian faith*, Zondervan, Grand Rapids, MI.

Berger, P.L., 1990, *The sacred canopy: elements of a sociological theory of religion*, Anchor, New York.



© University of Pretoria

Bierma, N., 2009, Keeping holy ground holy, *Christianity today* May 2009, 36-37.

Biko, S., 1978, *I write what I like,* Heinemann Educational Publishers, Oxford.

Birrell, S., 1981, 'Sport as ritual: interpretations from Durkheim to Goffman', *Social Forces* 60(2), 354-376.

'Blacks, whites don't trust each other – survey*',* News 24, 14 August 2014, viewed 22 January 2015 from http://www.news24.com/SouthAfrica/News/Blacks-whites-dont-trust-each-other-survey-20140814.

Blanchard, K. & Cheska, A.T., 1995, *The anthropology of sport: an introduction*, Bergin & Garvey Publishers, Westport.

Bokser, B.M., 1985, 'Approaching sacred space', *HTR* 78(3&4), 279-299.

Brevers, D., et al., 2011, 'Sport superstition: mediation of psychological tension on non-professional sportsmen's superstitious rituals', *Journal of Sport Behaviour* 34(1), 3-24.

Broodryk, J., 2008, *Understanding South Africa: the uBuntu way of living*, uBuntu School of Philosophy, Waterkloof.

Broodryk, J., 2006, uBuntu: African life coping skills, theory and practice, uBuntu School of Philosophy, Waterkloof.

Brueggemann, W., 1991, 'A gospel language of pain and possibility', *Horizons in Biblical theology* 13(1), 95-133.

Buitendag, J., 2005, 'Liturgie as fontein van die lewe: 'n oorsigartikel oor die kosmiese kartering van Gordon W Lathrop se boek, Holy ground: a liturgical cosmology', *HTS* 61(1&2), 65-79.



© University of Pretoria

Burg, B. & Mann, J.D., 2008, *Die Weg-gewer: 'n storie oor 'n kragtige sake-idee*, vertaal deur P. Kühne, Naledi, Tygervallei.

Burger, C., 2009, Ontdek die belang van die erediens, in: *Ontdekkings in die erediens*, Wepener, C. & Van der Merwe, J. (reds). Lux Verbi BM, Wellington.

Carlin, J., 2008, *Invictus: Playing the Enemy: Nelson Mandela and the Game That Made a Nation*, The Penguin Press, New York.

Chaplin, K., 2006, *The uBuntu spirit in African communities*, viewed 27 December 2014 from http://www.coe.int/t/dg4/cultureheritage/culture/Cities/Publication/BookCoE20-Chaplin.pdf

Cherry, K., 2014, *Characteristics of self-actualized people*, viewed 28 January 2015 from http://psychology.about.com/od/theoriesofpersonality/tp/self-actualized-characteristic.htm

Chidester, D., 2012, *Wild religion: tracking the sacred in South Africa*, University of California Press, London.

Chipkin, I., & Ngqulunga, B., 2008, 'Friends and family: social cohesion in South Africa', *Journal of Southern African Studies* 34(1), 61-76.

Cilliers, J., 2014, 'A royal waste of time? Perspectives on liturgy as space against waste', *Scriptura* 113(1), 1-11.

Cilliers, J., 2008, 'In die omtrek van die gees: 'n besinning oor die ruimtelikheid van liturgie', *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 23(2), 1-21.

Cilliers, J., 2007, *Formations and movements of Christian spirituality in urban African contexts*, viewed on 28 December 2014 by http://academic.sun.ac.za/tsv/Profiles/Profile_documents/Johan_Cilliers_AFRICAN_SPIRITUALITY.pdf.



© University of Pretoria

Clark, D.L.C., 2007, 'Viewing the liturgy: a space syntax study of changing visibility and accessibility in the development of the Byzantine church in Jordan', *World Archaeology* 39(1), 84-104.

Clements, K., 1990, *Towards a sociology of security*, viewed 31 January 2015 from http://www.colorado.edu/conflict/peace/example/90-4.htm

Comaford, C., 2013, *Smart tribes: how teams become brilliant together*, Penguin, New York.

Conradie, E., 2009, *Uitverkoop – In gesprek oor die verbruikerskultuur*, Lux Verbi BM, Wellington.

Cooke, B., 1966, 'Eucharist: Source of expression of community?', *Worship* 40(6), 339-348.

Coppes, J., 2008, 'Revisiting the invisible hiding place', *Architecture and Phenomenology*, Autumn, 23-38.

Covey, S., 2009, *How the best leaders build trust*, viewed 12 January 2015 from http://www.leadershipnow.com/CoveyOnTrust.html.

Curzer, H.J., 2012, 'Contemporary rituals and the Confucian tradition: a critical discussion', *Journal of Chinese Philosophy* 39(2), 290-309.

Davis, T., 2009, 'Designed space vs. social space: intention and appropriation in an American urban park', *Architecture – Technology – Culture* 3, 339-365.

Dawes, R.M., 1980, 'Social dilemmas', *Annual Review of Psychology* 31, 169-193.

De Klerk, B.J., 2001, 'Wisselwerking tussen liturgie en kultuur in die Suid-Afrikaanse konteks – enkele vertrekpunte', *Praktiese teologie in Suid-Afrika*, 16(2), 57-75.



© University of Pretoria

Diekmann, A. & Lindenberg, S., 2001, 'Sociological aspects of cooperation', in Smelser, N.J. & Baltes, P.B. (eds.), *International Encyclopedia of the Social and Behavioral Sciences*, Elsevier, Amsterdam, viewed 22 January 2015 from http://www.sciencedirect.com/science/article/pii/B0080430767018477.

Eliade, M., 1959, *The sacred and the profane: the nature of religion*, Transl. W.R. Trask, Harcourt, Brace & World, Inc., New York.

Ferlander, S., 2007, 'The importance of different forms of social capital for health', *Acta Sociologica*, 50(2), 115-128.

Fetterman, D.M., 2010, *Ethnography: step-by-step*, Sage publications, Inc., California.

Fischer, R., 2013, *Transformation in SA sport: it's all in the demographics*, viewed on 21 January 2015 from http://www.dailymaverick.co.za/opinionista/2013-01-21-transformation-in-sa-sport-its-all-in-the-demographics/#.VL_ne0eUcjI.

Flynn, D.S., 2012, 'Liturgiese kategese deur sport ontwikkelingsprogramme: ŉ prakties-teologiese evaluering', MTh verhandeling, Dept. Van Praktiese Teologie, Universiteit van Pretoria.

Flynn, D.S., 2011, ''n Verkennend-beskrywende prakties-teologiese ondersoek na die waarde van "liturgiese" momente binne sport gemik op liturgiese inkulturasie', MDiv skripsie, Dept. Van Praktiese Teologie, Universiteit van Pretoria.

Forster, D.A., 2010, 'A generous ontology: identity as a process of intersubjective discovery: an African theological contribution,' *HTS* 66(1):1-12.

Foucault, M., 1986, 'Of other spaces', *Diacritics*, 16, Spring, 22-27.



© University of Pretoria

Frankl, V., 2007, *Waarom lewe ek: hulde aan hoop*, vertaal deur D.J. Louw, Naledi, Tygervallei.

Frazee, R., 2003, *Making room for life: trading chaotic lifestyles for connected relationships*, Zondervan, Grand Rapids.

Freedman, M., 2005, *New face of work survey: documenting the desire for good work in the second half of life*, MetLife Foundation/Civic Ventures, San Francisco, viewed 28 January 2015 from http://www.encore.org/files/new_face_of_work%5B1%5D.pdf.

Frijhoff, W., 1998, *Heiligen, idolen, iconen*, SUN, Nijmegen.

Gere, J. & MacDonald, G., 2010, 'An update of the empirical case for the need to belong', *The Journal of Individual Psychology* 66(1), 93-115.

Gill, T., 2003, *Confessions Saint Augustine*, rev. updated edn., Bridge-Logos, Gainsville, FL.

Goonewardena, K., Kipfer, S., Milgram, R. & Schmid, C. (eds.), 2008, *Space, difference, everyday life: reading Henri Lefebvre*, Routledge, New York.

Grainger, R., 2009, *The drama of the rite: worship, liturgy and theatre performance*, Sussex Academic Press, Eastbourne.

Green, A., 2011, 'Lifelong learning, equality and social cohesion', *European Journal of Education* 46(2), 228-243.

Grimes, R.L., 2000, *Deeply into the bone: re-inventing rites of passage*, University of California Press, Berkeley.

Grimes, R.L., 2010a, *Beginnings in ritual studies*, Ritual Studies International, Waterloo, Canada.



© University of Pretoria

Grimes, R.L., 2010b, *Ritual criticism: case studies in its practice, essays on its theory*, Ritual Studies International, Waterloo, Canada.

Grün, A., *Een veilige schuilplaats: meer levensvreugde door rituele*, Lannoo, Tielt.

Harrison, S. & Dourish, P., 1996, 'Re-place-ing space: the roles of place and space in collaborative systems, *Proceedings of the 1996 ACM Conference on Computer Supported Cooperative Work,* Boston, Massachusetts, November 16-20, 1996, pp. 67-76.

Harrison, S. & Tatar, D., 2007, 'Places: people, events, loci – the relation of semantic frames in the construction of place', *Computer Supported Cooperative Work* 17, 97-133.

Hennes, E.P., Nam, H.H., Stern, C. & Jost, J.T., 2012, 'Not all ideologies are created equal: epistemic, existential, and relational needs predict system-justifying attitudes', *Social Cognition* 30(6), 669-688.

Hercock, R.G., 2009, *Cohesion: the making of society*, Lulu Press, Raleigh NC.

Heyns, L.M. & Pieterse, H.J.C., 1990, *Eerste treë in Praktiese Teologie*, Gnosis, Pretoria.

Hirsch, A., 2009, *The forgotten ways handbook: a practical guide for developing missional churches*, Brazos Press, Grand Rapids.

Holm, J. & Bowker, J. (eds.), 1994, *Sacred place*, Pinter Publishers, London.

Hosseinabadi, S., 2011, 'The fourth dimension in architecture: sacred geometry and symbolism', *The International Journal of the Image* 1(1), 157-167.



© University of Pretoria

Ih-ren, A.M., 2012, ‘Privileging Western thought: an examination of Joseph Ratzinger’s understanding of religious pluralism’, *Asia journal of theology* 26(2), 58-79.

Inge, J., 2003, *A Christian theology of place,* Ashgate, Surrey.

Jacobsen, E.O., 2003, *Sidewalks in the Kingdom: new urbanism and the Christian faith*, Brazos Press, Grand Rapids, MI.

Jenkins, P., 2011, *The next Christendom: the coming of global Christianity*, 3rd edn., Oxford University Press, New York.

Jenkins, P., 2007, *God’s continent: Christianity, Islam and Europe’s religious crisis*, Oxford University Press, New York.

Jenson, J., 2010, *Defining and measuring social cohesion*, Commonwealth Secretariat, London.

John Paul II., 2005, *The redemption of the body and sacramentality of marriage (Theology of the body),* viewed 6 October 2014 from http://www.catholicprimer.org/papal/theology_of_the_body.pdf.

Kawulich, B.B., 2005, ‘Participant observation as a data collection method’, *Forum: Qualitative Social Research* 6(2), 1-28.

Klomp, M., 2011, *The sound of worship: liturgical performance by Surinamese Lutherans and Ghanaian Methodists in Amsterdam*, Peeters, Leuven.

Kreger, J.W., 2013, *Thin times and thin places: life lessons from the Labyrinth*, Amazon Digital Services, Inc.

Kreider, A., 1999, *The change of conversion and origin of Christendom*, Trinity Press International, Harrisburg, PA.



© University of Pretoria

Kritzinger, J.J. & Niemand, S.J.J., 2007, 'Sinkretisme as missiologiese uitdaging', *Verbum et Ecclesia* 28(2), 488-508.

Kytö, M., 2011, ''We are the rebellious voice of the terraces, we are Çarşi': constructing a football supporter group through sound', *Soccer and Society* 12(1), 77-93.

Lathrop, G.W., 2009, *Holy ground: a liturgical cosmology*, Fortress Press, Minneapolis, MN.

Lathrop, G.W., 2006, *Holy people: a liturgical ecclesiology*, Fortress Press, Minneapolis, MN.

Lawrence, D.H., 1995, *Studies in classic American literature*, Atlantic Publishers, New Delhi.

Lawrence, L.J., 2009, *The word in place: reading the New Testament in contemporary contexts*, SPCK, London.

Lefebvre, H., 1991, *The production of space*, Blackwell Publishers, Oxford.

Lenhart, I., 2011, *Kairotopos: a reflection on Greek space/time concepts as design implications in Minecraft*, paper presented at the 5th International conference of the Digital Research Association (DIGRA): Think, Design, Play, January 2011, viewed 22 February 2014 from http://www.digra.org/wp-content/uploads/digital-library/11312.11045.pdf.

Lewicki, R.J. & Tomlinson, E.C., 2003, *Trust and trust building*, viewed 12 January 2015 from http://www.beyondintractability.org/essay/trust-building

Lewis, W., 2011, '"A civic tool of modern times": politics, mass society, and the stadion in twentieth-century France', *French Historical Studies* 34(1), 155-184.



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Liddell, H., 1996, *A lexicon: Abridged from Liddell and Scott's Greek-English lexicon*, Logos Research Systems, Inc., Oak Harbor, WA.

Long, T.G., 2001, *Beyond the worship wars: building vital and fruitful worship*. Washington DC: The Alban Institute, Washington DC.

Louw, D.J., 2008, 'Towards a praxis theology of affirmation: the atmospheric dimension of place and space in a practical theological ecclesiology', *Practical Theology in South Africa* 23(2), 103-123.

Louw, D.J., 1997, 'Ubuntu: an African assessment of the religious other', paper presented at the Annual Meeting of the American Academy of Religion, San Francisco, 22-25 November.

Low, S., 2014, 'Placemaking and embodied space', in: A. Sen & L. Silverman (eds.), *Making place: space and embodiment in the city*, loc. 485-865, Indiana University Press, Bloomington.

Low, S.M., 2003, 'Embodied spaces: anthropological theories of body, space, and culture', *Space and culture* 6(1), 9-18.

Loyal, S., 2003, *The sociology of Anthony Giddens*, Pluto Press, London.

Lukken, G., 1997, 'Liturgiewetenschappelijk onderzoek in culturele context: methodische verhelderingen en vragen', *Jaarboek voor liturgie-onderzoek* 13:135-148.

Lutheran World Federation, 1996, *Nairobi statement on Worship and Culture: contemporary challenges and opportunities,* viewed 7 March 2015 from http://download.elca.org/ELCA%20Resource%20Repository/LWF_Nairobi_Statement_1994.pdf



© University of Pretoria

MacClancy, J., 1996, Sport, identity and etnicity, in: J. MacClancy (ed.), *Sport, Identity and Etnicity,* pp. Berg, Oxford.

Mael, F.A. & Ashforth, B.E., 2001, 'Identification in work, war, sports, and religion: contrasting the benefits and risks', *Journal for the Theory of Social Behaviour* 31(2), 197-222.

Malinowski, B., 1977, *A scientific theory of culture and other essays*, University of North Carolina Press, Chapel Hill.

Maslow, A.H., 1943, *Hierarchy of needs: a theory of human motivation*, viewed 7 December 2014 from www.all-about-psychology.com.

Masoga, M. & Nel, P., 2014, 'Sacred space and the ritual of the anthill: Southern African reflections', in P. Post, P. Nel & W. van Beek (eds.), *Sacred spaces and contested identities: space and ritual dynamics in Europe and Africa*, Africa World Press, Trenton, N.J.

May, D.R., Gilson, R.L. & Harter, L.M., 2004, 'The psychological conditions of meaningfulness, safety and availability and the engagement of the human spirit at work, *Journal of Occupational and Organizational Psychology* 77, 11-37.

Mbiti, J.S., 1989, *African religions and philosophy*, 2nd ed., Heinemann Educational Publishers, Oxford.

McGowan, M., 2009, *Saving suburbia: from the garden to the city*, viewed 26 August 2014 from http://visionroom.com/wp-content/uploads/2013/07/2009.07. Suburbia-by-Mel-McGowan.pdf.

McGrath, A.E., 2007, *Christian theology: an introduction*, 4th ed., Blackwell, Malden, MA.



© University of Pretoria

McLaren, B.D., 2012, *Why did Jesus, Moses, the Buddha and Mohammed cross the road?*, Hodder & Stoughton, London.

Mudimbe, V.Y., 1985, 'African gnosis philosophy and the order of knowledge: an introduction', *African Studies Review* 28(2/3), 149-233.

Meeks, M.D., 2000, 'Trinity, community, and power', in Meeks, M.D. (ed.), *Trinity, community and power: mapping trajectories in Wesleyan theology*, pp. 15-32, Kingswood Books, Nashville, TN.

Meiring, B., 2010, 'Discourse patterns at social cohesion campaigns', *Language matters* 41(1), 41-57.

Mensch, J.R., 2009, *Embodiments: from the body to the body politic*, Northwestern University Press, Evanston.

Mitchell, N.D., 2008, 'Ritual matters', *Worship* 82(5), 446-456.

Moltmann, J, 2000, 'Perichoresis: an old magic word for a new Trinitarian theology', in Meeks, M.D. (ed.), *Trinity, community and power: mapping trajectories in Wesleyan theology*, pp. 111-125, Kingswood Books, Nashville, TN.

Morgan, B., 2010, *Football in South Africa*, viewed 21 Januarie 2015 from http://www.southafrica.info/about/sport/soccer.htm#.VL_grUeUcjI.

Müller, J., 2014, *Geloof anderkant Sondag: Christenskap met of sonder die kerk*, Tafelberg, Kaapstad.

Muonwe, M., 2014, *Dialectics of faith-culture integration: inculturation or syncretism*, XLibris.



© University of Pretoria

Najafi, M. & Shariff, M.K.B.M., 2011, 'The concept of place and sense of place in architectural studies', *World Academy of Science, Engineering and Technology* 80, 1100-1106.

Ndlovu-Gatsheni, S.J., 2011, 'The World Cup, vuvuzelas, flag-waving patriots and the burden of building South Africa', *Third World Quarterly* 32(2), 279-293.

Nel, M. & Thesnaar, C., 2006, 'Theologically informed and culturally relevant youth ministry', *Practical theology in Suid-Afrika* 21(2), 90-112.

Newbigin, L., 1982, *The Light has come: an exposition of the fourth Gospel*, Wm. B. Eerdmans Publishing Co., Grand Rapids.

NG Kerk Oostelike Sinode, 2014, *'Agenda vir die sestiende sinodesitting gehou by Pierre van Ryneveld 19 tot 21 Okober 2014*, STN Drukkers, Pretoria.

Niemandt, N. 2007. *Nuwe drome vir nuwe werklikhede: geloofsgemeenskappe in pas met 'n postmoderne wêreld*. Wellington: Lux Verbi.

O'Murchu, D., 1997, *Quantum theology*, Crossroad Publications, New York.

Osborne, R., 2008, 'Introduction: for tradition as an analytical category', *World Archaeology* 40(3), 281-294.

Osmer, R., 2008, '*Practical theology: an introduction',* WB Eerdmans, Grand Rapids, MI.

Pauw, C.M., 1996, 'Traditional African economies in conflict with western capitalism', Skrif en Kerk 17(2), 373-387.

Peckler, K.F., 2005, *Worship: a primer in Christian ritual*, The Liturgical Press, Collegeville, MN.



© University of Pretoria

Pieterse, H., 1994, 'The empirical approach in practical theology: a discussion with JA van der Ven', *Religion and Theology*, 1(1), 77-83.

Pieterse, H.J.C., 2011, 'Die noodsaak van die verrekening van metateoretiese aspekte rakende 'n hermeneutiese benadering tot die Praktiese Teologie', *In die Skriflig* 45(4), 719-737.

Pieterse, H.J.C., 2001, *Prediking in 'n konteks van armoede*, UNISA Uitgewers, Pretoria.

Post, P., 2010, *Voorbij het kerkgebouw: de speelruimte van een ander sacraal domein*, Uitgeverij Abdij van Berne, Heeswijk.

Post, P., & Molendijk, A.L. (eds.), 2010, *Holy ground: re-inventing ritual space in modern western culture*, Peeters, Leuven.

Rahner, K., 1979, 'Notes: towards a fundamental theological interpretation of Vatican II', *Theological studies* 40(4), 716-727.

Rämö, H., 1999, An Aristotelian human time-space manifold: from *chronochora* to *kairotopos*, *Time and Society* 8(2), 309-328.

Ratzinger, J.C., 2000, *The spirit of the liturgy*, transl. J. Saward, Ignatius Press, San Francisco.

Relph, E., 1976, *Place and placelessness,* Pion, London.

Richardson, M., 1982, 'Being-in-the-market versus being-in-the-plaza: material culture and the construction of social reality in Spanish America', *American Ethnologist* 9(2), 421-436.

Samples, K.R., 2007, *What in the world is a worldview?*, viewed 24 September 2013 from http://www.reasons.org/articles/what-in-the-world-is-a-worldview.



© University of Pretoria

Schuman, N., 1998, 'Getuigen', in: P. Oskamp & N. Schuman (reds.), *De weg van de liturgie: tradities, achtergronden, praktijk*, 2de druk, pp. 144-152, Zoetermeer: Uitgeverij Meinema.

Seligman, A.B., Weller, R.P., Puett, M.J. & Simon, B., 2008, *Ritual and its consequences: an essay on the limits of sincerity*, Oxford University Press, Oxford.

Sen, A., & Silverman, L. (eds.), 2014, *Making place: space and embodiment in the city*, Indiana University Press, Bloomington.

Sheehan, T., 2005, 'Dasein', in H.L. Dreyfus & M.A. Wrathall (eds.), *A companion to Heidegger*, pp. 193-213, Blackwell Publishing, Malden, MA.

Simmons, E.L., 2006, 'Quantum perichoresis: quantum field theory and the Trinity', *Theology and Science* 4(2), 137-150.

Smit, D., 2009, Ontdek die eie aard van die gereformeerde erediens, in: *Ontdekkings in die erediens*, Wepener, C. & Van der Merwe, J. (reds)., Lux Verbi, Wellington.

Smith, J.K.A., 2013, *Imagining the Kingdom: how worship works*, Baker Academic, Grand Rapids, MI.

Smith, J.K.A., 2009, *Desiring the Kingdom: worship, worldview and cultural formation*, Baker Academic, Grand rapids, MI.

Smith, J.Z., 1987, *To take place: toward a theory in ritual*, The University of Chicago Press, Chicago.

Snodgrass, A., 2004, 'Thinking through the gap: the space of Japanese architecture', *Architectural Theory Review* 9(2), 65-85.



© University of Pretoria

Soja, E.W., 2010, *Seeking spatial justice*, University of Minnesota Press, Minneapolis.

Soja, E.W., 1996, *Thirdspace: journeys to Los Angeles and other real-and-imagined places*, Blackwell, Oxford.

Stolle, D. & Harell, A., 2013, 'Social capital and ethno-racial diversity: learning to trust in an immigrant society', *Political studies* 61, 42-66.

Streib, H. & Hood, R.W., 2013, 'Modeling the religious field: religion, spirituality, mysticism, and related world views', *Implicit religion* 16(2), 137-155.

Struwig, J. *et al.*, 2013, *Towards a social cohesion barometer for South Africa: research paper*, HSRC, viewed 22 November 104 from http://www.hsrc.ac.za/en/research-outputs/view/6302.

Swann, W.B., Jetten, J., Gómez, A., Whitehouse, H. & Bastian, B., 2012, 'Membership gets personal: a theory of identity fusion', *Psychological Review* 119(3), 441-456.

Swinton, J. & Mowat, H., 2006, *Practical theology and qualitative research*, SCM Press, London.

Ter Haar, G., 2009, *How God became African: African spirituality and Western secular thought*, University of Pennsylvania Press, Philadelphia.

Tesfai, Y., 1995, 'Ecumenism, culture and syncretism', *International review of mission* 84(332/333), 7-16.

The Presidency, n.d., *Social cohesion and social justice in South Africa*, viewed 16 May 2013 from http://www.thepresidency.gov.za/docs/pcsa/social/part1.pdf.



© University of Pretoria

Thomas, D.R., 2006, 'A general inductive approach for analyzing qualitative evaluation data', *American Journal of Evaluation* 27, 237-246.

Torevell, D., 2000, *Losing the sacred: ritual, modernity and liturgical reform.* T&T Clark, Edinburgh.

Torrance, T.F., 1969, *Space, time and incarnation*, T&T Clark, Edinburgh.

Tuan, Y., 1977, *Space and place: the perspective of experience*, University of Minnesota Press, Minneapolis.

Vaikla-Poldma, T. (ed), 2013, *Meanings of designed spaces*, Fairchild Books, New York.

Van Beek, W.E.A., 2007, *De rite is rond. Betekenis en boodschap van het ongewone*, Universiteitsdrukkerij, Tilburg.

Van der Merwe, I.J., 2001, "*Hoe kan ons die lied van die Here sing in 'n vreemde land?" Oor die verband tussen liturgie en lewe*. Beskikbaar by: http://academic.sun.ac.za/buvton/Liturgie_files/Liturgie%20en%20lewe%20NGTT Besoek Junie 2011.

Van der Merwe, P.J., 1996, 'Kerk en kultuur – 'n godsdiens-teologiese perspektief', *HTS* 52(3), 671-692.

Van Lange, P.A.M., Balliet, D., Parks, C.D. & Van Vrugt, M., 2014, *Social dilemmas: the psychology of human cooperation*, Oxford University Press, New York.

Van Niekerk, A., 1996, *Anderkant die reënboog*, Tafelberg, Kaapstad.

Van Rensburg, R.J. & Da Costa, M-A., 2008a, 'Space as ritual: rethinking spacial strategies in the African city', *SAJAH* 23(3), 43-55.



© University of Pretoria

Van Rensburg, R.J. & Da Costa, M-A., 2008b, 'Space as ritual: contesting the fixed interpretation of space in the African city', *SAJAH*, 23(3), 30-42.

Viola, F., & Barna, G., 2008, *Pagan Christianity? Exploring the roots of our church practices*. Tyndale House, Carol Stream, IL.

Vos, C.J.A., 2005, 'Die krag van simbole en rites in die liturgie', *Acta Theologica* 25(1), 172-187.

Ward, P.R., Mamerow, D. & Meyer, S.B., 2014, 'Interpersonal trust across six Asia-Pacific countries: testing and extending the 'high trust society' and 'low trust society' theory', *PLoS ONE* 9(4):1-17.

*Webster's sports dictionary*, 1976, G & C Merriam Co. Publishers, Springfield, MA.

Wepener, C., 2012, 'Liminality: recent avatars of this notion in a South African context', *Scriptura* 110(2), 293-307.

Wepener, C., 2011, 'Nuwe tendense buite-om die erediens van die 21ste eeu. 'n Beskrywende liturgie-historiese en hedendaagse verkenning', *NGTT* 52(1&2), 257-271.

Wepener, C., 2010, *Aan tafel met Jesus: leer ken Christus se tafelmaniere in Lukas en Handelinge: preke, liturgiese voorstelle, geskiedenis, kuns, resepte*, Bybel-Media, Wellington.

Wepener, C., 2009a, *From fast to feast: a ritual-liturgical exploration of reconciliation in South African cultural contexts*, Peeters, Leuven.

Wepener, C., 2009b, 'Ontdek die draaipunte in die geskiedenis van die liturgie (aan die hand van die liturgiese viering van vergifnis en versoening)', in: *Ontdekkings in die erediens*, Wepener, C. & Van der Merwe, J. (reds), Lux Verbi, Wellington.



© University of Pretoria

Wepener, C., 2008, 'Liturgy on the edge of tradition', *Practical theology in South Africa* 23(2):313-335.

Wepener, C., 2005, 'Researching rituals: on the use of participatory action research in liturgical studies', *Praktiese Teologie in Suid-Afrika,* 20(1), 110-128.

Wepener, C. & Cilliers, J., 2004, 'In herinnering aan die kinders... wat aan honger en koue moet sterf: liturgie in 'n konteks van armoede', *NGTT* 45(2), 364-372.

Wepener, C. & Ter Haar, G., 2014, 'Sacred sites and spiritual power: one angel, two sites, many spirits', in P. Post, P. Nel & W. van Beek (eds.), *Sacred spaces and contested identities: space and ritual dynamics in Europe and Africa*, Africa World Press, Trenton, N.J.

Wepener, C. & Van der Merwe, J., 2009, 'Ontdek die kenmerke en waarde van simbole en rituele', in C. Wepener & J. van der Merwe (reds.), *Ontdekkings in die erediens*, pp. 195-214, Lux Verbi BM, Wellington.

Wepener, C. & Müller, B, 2013, 'Water rituals as a source of (Christian) life in an African Independent Church: to be healed and (re)connected', *NGTT* 54(1-2), 254-266.

Wessels, F. 2009. Ontdek die Joodse wortels in die erediens, in: *Ontdekkings in die erediens*, Wepener, C. & Van der Merwe, J. (reds). Wellington: Lux Verbi.

Wills, M.H., 2011, *Pressing into thin places: encouraging the heart toward God*, Brown Christian Press, Dallas, Texas.

Wilwerding, J., 2013, 'A history of aesthetics and the structuring of space', in T. Vaikla-Poldma (ed.), *Meanings of designed spaces*, Fairchild Books, New York.

*Wörterbuch der Sportwissenschaft*, 1987, Hofmann, Schorndorf.



© University of Pretoria

Wright, M.C. 2011, *Sacred space: creating space for God in a frantic world*, WinePress Publishing, Enumclaw, WA.

Yin, R.K., 2011, *Qualitative research from start to finish*, Guilford Publications, New York, NY.



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# ADDENDUM 1

**Foto 1: St. Anne's**



**Foto 2: St. Anne's**





© University of Pretoria

**Foto 3: Lucas Moripe Stadion**



**Foto 4: Lucas Moripe**






© University of Pretoria

**Foto 5: Lucas Moripe**



**Foto 6: Lucas Moripe**






© University of Pretoria

**Foto 7:** **Ooskerk**



**Foto 8:** **Ooskerk**





© University of Pretoria

**Foto 9: Loftus Versveld**



**Foto 10: Loftus Versveld**





© University of Pretoria

**Foto 11: Loftus Versveld**




**Foto 12: Loftus Versfeld**





© University of Pretoria

**Foto 13:** **Kerk sonder mure**




**Foto 14:** **Kerk sonder mure**





© University of Pretoria

**Foto 15:** **Supersport Park**



**Foto 16:** **Supersport Park**






© University of Pretoria

**Foto 17:** **CRC**




**Foto 18:** **CRC**





© University of Pretoria

Foto 19: CRC




Foto 20: Die nuwe CRC binne





© University of Pretoria

**Foto 21: Silver Lakes Gholfbaan**




**Foto 22: Silver Lakes Gholfbaan – Die belangrikste "putjie"**



**Foto 23: Silver Lakes Gholfbaan**



**Foto 24: Silver Lakes Gholfbaan**





© University of Pretoria

# ADDENDUM 2


Congratulations!
You have just met the
**World Record Hitch-hiker**
of the Guinness Book of Records:
**Stephan Schlei** from Germany.
Best wishes
Home Address: Sohlstättenstr. 26, D-40880 Ratingen
Tel.: 0 21 02 / 44 47 75



© University of Pretoria

# ADDENDUM 3

Please HELP us

Hello My NAME is THABiso Selepe I live in MAMElODi
EASt Ext 6 MASHA street ADDres 54716. I live with My
little Sister NEo Selepe she is 10 years old and ME 20
years old and Now we Just Ask same Donations
Because we Don't have PARENTS at Home WE Just need
HELP Because we A still going to School WE Just
Ask Same Donation For R10, Food, Clothers, SHoes,
and Stationery WE Just need help Because my Mother
SHe pass way Thing have to change at home. now
WE Just ask Same Donation For R10 please To GET
Something to EAt At Home please Just R10 please
IN THE NAME OF JESES

GOD BLESS you



© University of Pretoria